



MY REGTE!

JOU REGTE?

LEON WESSELS



LAPA Uitgewers
Pretoria
www.lapa.co.za

© Kopiereg 2006

© Kopiereg teks: Leon Wessels

© Kopiereg publikasie: LAPA Uitgewers

Bosmanstraat 380, Pretoria

Tel.: (012) 401 0700

E-pos: lapa@atkv.org.za

Geset in 11 op 14 pt Zapf Humanist

Versorg deur Hilda Carter, Setmate HC BK

Omslagontwerp deur Elbie Lerm

Illustrasies deur Frans Esterhuyse

Gedruk en gebind deur Paarl Print, Oosterlandstraat 22, Dal Josafat, Paarl

Eerste druk 2006

ISBN 0 7993 3640 8

Transkribering van programme op RSG en Radiokansel
met die vriendelike vergunning van RSG en Radiokansel.

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op
enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming
van die uitgewer nie.

BEDANKINGS



Onbewustelik, maar op unieke wyse, het twee van my leermeesters my voorberei om 'n boek oor my regte en dié van my medemens aan te durf. Johan van der Vyver, veel meer as 'n regsdosent, was die eerste mens wat my belangstelling in menseregte geprikkel het. Willem de Klerk, 'n mentor, het my in my studie van Interfakultêre Wysbegeerte iets van die samehang van oënskynlik teenstrydende begrippe geleer.

Marinus Wiechers, vir soveel jare 'n nasionale en internasionale ikoon in die publiekreg en bron van inspirasie vir talle regstudente, het moeite gedoen om ure lank om koffiekanne met my te gesels oor hoe ek hierdie taak moes aanpak en my gedagtes daarvoor help slyp. Dit was 'n onvergeetlike voorreg.

Lesedi Sojane, Christine Bronkhorst en Ria Adelaar – bibliotekaresses sonder weerga – doen hul professie eer aan: altyd vriendelik, hulpvaardig en opgewonde wanneer soektogte suksesvol voltooi word.

Anél du Plessis se knap redigering en algemene ondersteuning was onmisbaar. Haar navorsing en hulp om stukkies uit Engels in Afrikaans te vertaal was nommerpas en het my gehelp om by die tydskaal te hou.

Christo Swart en Leunis van Rooyen, baie spesiale gespreksgenote, het my die guns bewys deur die manuskrip te lees en uiters nuttige kommentaar te lewer.

Elbie Lerm se verrassend ondersteunende opmerkings en sketse was al wat nodig was om die boek klaar te skryf.

Frits Kok het van die eerste oomblik af in die meriete van die boek geglo en het die voltooiing daarvan as vanselfsprekend aanvaar. Johan Steenkamp van LAPA Uitgewers het my deurlopend aangemoedig om deur te byt.

My kollegas by die Menseregtekommissie vir die geleentheid om eers-tehands vertrouwd te raak met die land se menseregtevragestukke en vir die ruimte om oor moeilike sake debat te voer.



INHOUD



PROLOOG	9
INLEIDING	14
VERTREKPUNTE	
DIE REËLS	16
GRONDWETLIKE WAARDES	25
<i>Brandpunt</i> – 'n Radiokansel-program oor menseregte gelei deur ds. Jannie Pelser	31
MAAK DIE BOEKE TOE	36
MÝ REGTE!	46
WAGHOND OF BLAFHOND?	55
<i>Wat sê die prokureur?</i> – 'n RSG-program oor die Menseregtekommissie	57
JOU ÉN MY REGTE	62
Spesiale regte	62
MENSWAARDIGHEID	62
GELYKHEID	67
LEWE	91
<i>Rekenskap</i> – 'n RSG-program oor die regte van die slagoffers van misdaad	108
Vryheid van assosiasie; taal-, kultuur- en godsdienstrege	122
ASSOSIASIE	122
TAAL	129
KULTUUR	139

GODSDIENS	144
Politieke en burgerlike regte	150
SPRAAK	150
TOEGANG TOT INLIGTING	156
REGVERDIGE ADMINISTRATIEWE OPTREDE	162
PRIVAATHEID	169
BEWEGING	175
PROTES	180
POLITIEKE REGTE	186
Sosiaal-ekonomiese regte	192
 SLOT	 203
 EPILOOG	 205
 Handves van Regte	 208

PROLOOG



ONBEKEND IS ONBEMIND

Toe Hendrik Biebow bykans 300 jaar gelede uitgeroep het: “Ek ben een Afrikaander!” kon hy sekerlik nie voorsien het dat ons soveel jare later steeds sou vra wat dit dan beteken nie. Hermann Gilliomee sê dat geskiedskrywers steeds nie met sekerheid kan verklaar wat Biebow destyds bedoel het nie. Het hy bedoel dat hy ’n boorling van Afrika was of het hy geïmpliseer dat Afrikaners van Europese afkoms sekere regte gehad het wat die immigrantelandddros Johannes Starrenberg moes respekteer wanneer hy met hulle omgegaan het?¹ Hierdie vraag en die latere Afrikaner/Afrikaanse-debatte het my nooit werklik geïnteresseer nie. Ek is ’n Afrikaan uit die Afrikanerkamp – Johannes Wessel(s) het hom immers al in 1660 hier in Suid-Afrika tuisgemaak. Aan ou Europese bagasie het ek nooit swaar gedra nie, selfs nie noord van die Limpopo nie – apartheid was die albatros om die nek.

’n Besoek aan Belfast, Noord-Ierland, in 2003 het vergete gedagtes onverwags in my kop laat maal. By die lughawe in Belfast aangekom, het ek konferensiegangers probeer identifiseer. Diegene uit Afrika en Asië was maklik uitkenbaar. Toe my bagasie uiteindelik op die draaiband te voorskyn kom, het die ander konferensiegangers reeds in klein groepies vertrek en moes ek my pad alleen in ’n huurmotor na ons gesamentlike bestemming vind. Dit het my geensins gepla nie, want ons was tog almal vreemdelinge vir mekaar en bowendien het ek soos een van die plaaslike inwoners en nie soos ’n kollega of vriend uit Afrika gelyk nie.

Tydens hierdie week lange konferensie oor die werking van die wêreld se menseregtekommissies leer die konferensiegangers uit Noord- en Suid-Amerika, Oos- en Wes-Europa, Asië en Afrika mekaar goed ken. Tot my verbasing vra iemand daar of ek werklik van Suid-Afrika is. Ek het verdui-

1 Gilliomee Hermann, *The Afrikaners*, Tafelberg 23.

delik dat ek geen ander lojaliteit ken nie en dat my voorsate reeds eeue gelede in Afrika nes geskop het. 'n Ander wou weet hoeveel van die kommissaris in die Suid-Afrikaanse Kommissie wit was. Hierdie vraag het my onkant gevang. In die Kommissie het ons lank reeds geleer om mekaar *in die krop* en nie *voor die kop* te sien nie.

My CV vertel van rolle in die P.W. Botha- en F.W. de Klerk-administrasies, in vredes- en grondwetlike onderhandelings en nou in die bedrywighede van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie. In hierdie lig merk een konferensieganger terloops en jaloers op dat hulle nie in sy land so akkommoderend en vergewensgesind is nie. Hierdie stelling het lang informele gesprekke oor die Suid-Afrikaanse grondwetlike prosesse en die aktiwiteite van die Waarheids-en-versoeningskommissie tot gevolg gehad. Weliswaar interessante gesprekke, maar die tekortkomings van prosesse en die enorme hindernisse wat ons in ons land steeds moet oorkom, interesseer die mense uit die vreemde hoegenaamd nie. Iets wonderliks het aan die Suidpunt van Afrika gebeur wat hul verbeelding aangryp. Basta met die probleme.

Tydens my konferensievoordrag verduidelik ek hoe die Kommissie formele, legalistiese ondersoeke doen maar tog telkens die beste resultate bereik wanneer ons by wyse van informele gesprekvoering probleme oplos. Die Israelse deelnemer het hierop 'n versigtige gesprek aangeknoop: "Vertel my, gedagtig waarvandaan ek kom, het hierdie onderhandeling-en-dialoogverskynsel wat so eie aan julle Suid-Afrikaners is, 'n Christelike grondslag?" My vinnige reaksie: "Nee! Die mislukte onderhandelings tussen David Trimble en Gerry Adams op die voorblaai van die Ierse koerante is bewys hiervan. Die onderhandeling-en-dialoogverskynsel is 'n Afrikaverskynsel met spesiale Suid-Afrikaanse inhoud. Die idee van *indaba* (kom ons praat) was reeds eie aan Afrika lank voordat die oog-tot-oog grondwetlike onderhandelings in Suid-Afrika begin het." Ek is nie seker of my antwoord op daardie stadium vir die Israeli sin kon maak nie.

In Belfast sit die Afrikane dikwels bymekaar. Ons lag dieselfde – so kliphard uit ons maag in teenstelling met die Britte se *stiff upperlip*-glimlaggies. Saam in die vreemde glimlag ons oor dieselfde dinge soos die eindelose beriggewing oor die verleenthede van die Britse koningshuis. Tydens die konferensie praat ons dieselfde taal oor armoede en volwassene-ongeletterdheid in die platteland. Gesprekke oor velerlei sake volg. Die

konferensieganger van Malawi bedank my vir my opmerkings oor die Kommissie se sosio-ekonomiese verslae en hoe ons gereeld die progressiewe realisering van sosio-ekonomiese regte meet. “Want,” sê sy, “hierdie mense luister nie na my wanneer ek oor hierdie onderwerp praat nie.” My eerbiedwaardige vriend van Ghana vertel daarna hoe hy openlik in trane uitgebars het tydens ’n besoek aan Robbeneiland. Sy gemoed het nie alleen volgeskiet oor Nelson Mandela se nuttelose jare op die eiland nie, maar ook oor die talle Afrikane elders op die vasteland wat soortgelyke omstandighede nooit kon oorkom nie. Hierdie gesprek het my herinner aan ’n gesprek jare gelede in Midde-Afrika, waar my destydse gespreksgenoot opgemerk het: “Julle Afrikaners is besondere Afrikane; julle sluit Mandela op en laat hom vry, welwetende dat hy teen julle politiek gaan bedryf en dat dit tot julle verlies van mag gaan lei.” In teenstelling hiermee, merk my Ghanese vriend op dat dit vir hom een van die Suid-Afrikaanse wonders is dat Mandela, na soveel jare, gesond uit die tronk kon stap en staatshoof kon word.

Aan die einde van hierdie konferensie groet ons almal as vriende. Die Afrikane groet as kamerade met die opregte begeerte om weer te ontmoet in die wete dat ons veel meer as bloot dieselfde vasteland gemeen het. Ons weet dat ons ook ’n verlede en ’n toekoms deel. Om ’n Afrikaan te wees, beteken meer as om jou aan die natuurskoon van Afrika te verwonder. Jy moet jou ook kan identifiseer met die mense van die vasteland. Jy moet verstaan, of ten minste probeer verstaan, wat die uitdagings en struikelblokke is wat die vasteland in die gesig staar.

Die konferensieganger uit Nieu-Seeland het op ’n kol verwys na ’n deel van die Nieu-Seelandse bevolking as “mense van Europese afkoms”. Hierdie stelling stuit my teen die bors. Ons eie Suid-Afrikaanse geskiedenis met sy ingange en parkbankies vir *Europeans* en *Non-Europeans* haal slegte herinnerings op. In die lig van Europa se isolasiebeleid, maar veral die Nederlandse en Britse suurheid jeens Suid-Afrika, wou ek geen Europeër wees nie. Afrika was immers waar die toekoms sou lê.

Op Heathrow het ek meer Afrikaans gehoor as tydens my laaste besoek aan die sentrale sakegebied van Johannesburg. Tydens hierdie kort besoek aan Engeland het ek Afrikaners oraloor raakgeloop: in die *pubs*, op die treine en waar ook al. Met hul Afrikaanse aksente swem hulle soos visse in die water – die ou koloniale stramheid en apartheidstruikelblokke bestaan

nie meer nie. Hulle lyk nes die plaaslike mense. 'n Mens gun hulle die Britse avontuur en bowenal die voorreg om in Britse pond betaal te word. Die vraag is egter of ons ooit weer hul Afrikaans in die sentrale sakegebiede van ons stede en afgeleë plattelandse dorpieë in Suid-Afrika gaan hoor en of hul talente nie dalk vir altyd vir ons verlore is nie.

Na baie wroeging moet ek toegee dat ek iets van 'n Euro-Afrikaan in die Afrikanerkring is. Hierdie Euro-etiket voel egter soos verraad teenoor Afrika. Daardie dag in Belfast toe my makkers uit Afrika hul rûe vir my gedraai het omdat ek so plaaslik gelyk het, is die "Euro"-punt egter vir my gemaak. Maar dit was eers my latere interaksie met hulle wat bo enige twyfel getoon het dat velpigmentasie nie 'n onoorkomelike struikelblok hoef te wees indien jy Afrikaan wil wees nie. Dit is jou hartklop en die kleur van jou bloed wat tel. Om 'n Euro-Afrikaan in Suid-Afrika te wees maak dinge moeiliker, maar is nie 'n onoorkomelike probleem nie. Dit is hoogstens 'n vertrekpunt en nie 'n eindpunt nie – alhoewel ons as Euro-Afrikaners nog ver verwyder is van die pieke van ons potensiaal. Die feit dat ons so naby aan ons gepolariseerde verlede staan, is soms lastig. Tragiese insidente aan beide kante van die skeidslyn druk ons telkens terug. Die drang om die rug op die verlede te draai en net vorentoe te wil kyk, help nie. Daarom sal ons – tot tyd en wyl ons die ou waarheid bemeester, naamlik dat die verlede nooit verby is nie – teen 'n slakkegang bly voortbeweeg. Onvermoë om die verlede en die sensitiwiteite wat daaruit voortspuit in die gesig te staar, vertraag die nodige en ontspanne aanvaarding van diversiteit in ons samelewing.

My velkeur is nie onbelangrik nie. Op die vorms vir billike indiensneming wat jaarliks voltooi word, word gereeld aangedui wie wit, kleurling, Indiër of Afrikaan is. Dit gries my om op hierdie manier gedefinieer of geklassifiseer te word en om te sien hoe ons steeds voortploeter om mekaar met die rassekwas te onderskei.

My wortels is in Suid-Afrika en my gees word deur Afrika gevoed. Tot onlangs was Afrika vir my 'n geslote boek – ons vliegtuie kon nie eens oor Afrika vlieg nie. Nou jaag en jag mense met hul 4x4's oraloor in Afrika rond. Onbekende, "donker" Afrika, wat die "terroriste" gehuisves het, het verander; ons het verander en ék het ook verander.

Indien dit nie so was nie, sou my benoude visie voortspruitend uit my Afrikaanse Studentebondsjare (1972-1973), die vrolike Nasionale Party-agterbankjare – eers in die Provinsiale Raad van Transvaal (1974) en later in die Volksraad (1978) – onder die stoere leiding van Administrateur Sybrand van Niekerk en later Eerste Minister John Vorster my laat struikel het. Hierdie verlede ontken ek nie – dit is die pad waarlangs ek gekom het.

Ek is wat ek is – 'n Euro-Afrikaan met 'n Nasionale Party- en apartheidsverlede. Dit lyk nie asof daar baie van ons oor is nie, want almal maak nou daarop aanspraak dat hulle in hul diepste wese eintlik vryheidsvegters was – en dat hulle gewoon nie van al die gruwels en euwels geweet het nie. Tog wil ek, ongeag al hierdie bagasie, as volwaardige Suid-Afrikaner in harmonie met my omgewing leef. En dit is moontlik! Met hierdie gesindheid en met die wete van wie ek is en waar ek vandaan kom, kyk ek terug en ook vorentoe.

INLEIDING



*DIE REG OM MY VUIS TE SWAAI,
EINDIG WAAR JOU NEUS BEGIN.²*

Daar is die afgelope tien jaar baie oor menseregte geskryf. Die boeke is lywig. Die drie toonaangewende boeke is gemiddeld 720 bladsye lank, en is in Engels en in stywe regstaal geskryf. Die oogmerk met dié publikasie is om die terrein van menseregte vir die Afrikaanssprekende niejuris te ontsluit. Hierdie boek is nie bedoel om regsargumente in hofsale of lesing-lokale te versterk nie, maar eerder om inhoud te gee aan die talle koffiekant- en braaivleisvuurgesprekke.

Suid-Afrikaners wag nie om regte op te eis nie (**My regte!**) maar is traag om die regte van ander te respekteer (**Jou regte?**). 'n Menseregtebepdeling gaan om veel meer as my gunstelingregte. Dit het ook te doen met daardie regte wat op my van toepassing is, al hou ek nie daarvan nie. My veiligheid is belangrik, maar wat van 'n ander mens se reg op 'n billike verhoor en regverdige straf?

Baie Afrikaanssprekendes staan vyandig teenoor menseregte omdat die gevoel by hulle bestaan dat die realisering van menseregte hulle van mag ontnem. Bowenal beleef hulle 'n vyandige gesindheid teenoor hul taal- en kultuuregte. Hierdie gevoel van magteloosheid lei tot frustrasie en apatie. So 'n negatiewe houding kan slegs versag en in positiewe energie omskep word deur ingeligte deelname wanneer 'n mens op jou regte aandrang.

Die eerste gedeelte van hierdie boek, VERTREKPUNTE, verduidelik die bestaande opset met betrekking tot menseregte. In die tweede gedeelte, JOU ÉN MY REGTE, word spesifieke regte onder die loep geneem. Telkens word die kern van die reg uitgelig en op spesifieke en lewensgetroue situasies toegepas om aan te dui hoe die Konstitusionele Hof en die Menseregtekommissie (hierna die Kommissie) die reg in die praktyk hanteer.

2 Regter Oliver Wendell Holmes jr.

Menseregte debatte ontlok dikwels sterk emosies en word selde tot bevrediging van alle deelnemers besleg. So is dit ook met hierdie boek – dit is my en my gespreksgenote se soms individuele, en soms gesamentlike, vertolking van gebeure. Talle vrae bly egter oop vir beantwoording tydens sosiale en informele “hofsittings” en “parlementêre debatte”. Mag dít plaasvind in die gesindheid van die embleem van ons eie Konstitusionele Hof. Mense sit onder die beskutting van ’n boom en hou ’n *indaba* – hulle gee mekaar geleentheid om te praat. Hierdie beeld van geregtigheid kontrasteer met die een wat ons van Europa geërf het, naamlik van die geblinddoekte regsgodin, Justitia, wat onpartydig en vreesloos met die swaard van geregtigheid in haar hand verseker dat die skaalpanne, wat reg en onreg verteenwoordig, in ewewig bly.

Kom ons praat!

Leon Wessels
Krugersdorp-Mogalestad
8 Oktober 2005

VERTREKPUNTE

DIE REËLS



VAN 'N-OOG-VIR-'N-OOG-KONFLIK NA OOG-TOT-OOG-ONDERHANDELINGS

Die oorgang van 'n outokratiese orde, waarvolgens die meerderheid van 'n minderheidsgroep die meerderheid in die land regeer het, na 'n algehele demokrasie berus op 34 grondwetlike beginsels. Een van hierdie beginsels in die Grondwet bepaal die volgende:

Elkeen moet alle universeel aanvaarde fundamentele regte, vryhede en burgerlike vryhede geniet, waarvoor voorsiening gemaak moet word en wat beskerm moet word deur verskanste en beregbare bepalinge in die Grondwet, wat opgestel moet word na behoorlike inagneming van, onder andere, die fundamentele regte vervat in Hoofstuk 3 van hierdie Grondwet. [Eie beklemtoning.]

Die aanloop tot dié ooreenkoms was 'n steil en moeisame proses.

Die middel tagtigerjare van die vorige eeu is gekenmerk deur konflik en stryd, met verwyte wat heen en weer geslinger is oor wie nou eintlik vir die geweld verantwoordelik was.

Dit was die siening van die Suid-Afrikaanse regering en die Nasionale Party dat wetteloosheid en destabilisasie nie geduld sou word nie en dit is met optrede kragtens veiligheidswetgewing en noodregulasies teengestaan. Sekere organisasies en publikasies is verbied. Die vryheid van beweging en openbare optrede van talle individue is aangetas. Belangrike leiersfigure (Nelson Mandela en sy geesgenote) het lang vonnisse uitgedien terwyl ander (Thabo Mbeki en sy volgelinge) in ballingskap geleef het.

Bevrydingsbewegings het die gewapende stryd en ander vorme van protes geïntensifiseer. Massavergaderings, boikotte, volkshowe en halsnoerpraktyke was aan die orde van die dag in 'n poging om die land onregeerbaar te maak en die regeringskip te kelder.

Ten spyte hiervan berig prominente internasionale besoekers, wat gesprekke oor die ganse politieke spektrum gevoer het, dat hulle niemand kon vind wat die stryd tot die bittere einde wou voer nie. Dit is dan ook om daardie rede dat beide partye begin het om ernstig oor die beëindiging van die konflik te besin. Die *oog-vir-'n-oog-konflik* het sy tol begin eis ten spyte van die wye ondersteuning vir die bevrydingsbewegings in townships en die Suid-Afrikaanse regering se vermoë om sy teeninsurgensieaksies voort te sit. Die internasionale gemeenskap en talle ander belanghebbende individue en organisasies het op verskillende maniere druk uitgeoefen en aan rolspelers uitgewys dat 'n politieke skikking moontlik was. Die sogenaamde Frontliniestate in Suider-Afrika was in hierdie verband ook baie aktief – vrede en stabiliteit was immers ook in hul belang.

Agter die skerms het ondersoekende gesprekke met groot omsigtigheid begin plaasvind. Een van die ANC-voormanne sê dat hierdie weg gevolg is omdat hulle besef het dat dit nie haalbaar sou wees om Pretoria met *smoking guns* binne te storm en sodoende die bewind te probeer oorneem nie. Aan die ander kant van die konflik het internasionale isolasie, ekonomiese sanksies en politieke onstabiliteit begin knyp.

Vorbereidings vir *oog-tot-oog-onderhandelings* tussen mense met dieselfde kyk op sake het in alle erns begin. Die vraag oor hoe die geweld beëindig kon word alvorens grondwetlike onderhandelings begin, het sentraal gestaan. Te midde van al hierdie gewoel moes twee verdere aspekte opgelos word voordat daar van 'n algehele politieke skikking sprake kon wees. Daar moes besin word oor hoe grondwetlike sekerheid en stabiliteit in hierdie tydperk van grondwetlike ontwikkeling verseker kon word, en oor hoe die demokratiese aanspraak 'n werklikheid kon word sonder om die boot deur vrese en vooroordele te laat kantel.

In Augustus 1989 vergader 'n ad hoc-komitee van die Organisasie vir Afrika-eenheid (OAE) om die konflik in Suider-Afrika te beëindig. Die ANC en die PAC het ook hieraan deelgeneem. Die resultaat van die byeenkoms was die sogenaamde Harare-Deklasie waarin verskeie stappe voorgestel is om 'n klimaat te skep vir grondwetlike onderhandeling, onder andere

dat Suid-Afrika 'n verenigde demokratiese staat moes wees waarin “almal alle universeel erkende regte, vryhede en burgerlike vryhede” sou geniet. Die Harare-Deklarasie en F.W. de Klerk se ampsaanvaarding in September 1989 het die politieke landskap onomkeerbaar en vir altyd verander. Die een politieke dramatiese gebeurtenis na die ander is op die voorblaai van nasionale en internasionale koerante aangekondig.

Die idee van grondwetlike beginsels het ontstaan met die proses wat in Namibië gevolg is. In 1982 het die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies (VN) 'n stel grondwetlike beginsels gesirkuleer wat beskou is as 'n internasionaal gemagtigde raamwerk vir die verkiesing van 'n Constituent Assembly wat 'n grondwet vir die onafhanklike Namibië moes skryf. Namibië sou 'n unitêre staat wees met 'n grondwet wat 'n verklaring van fundamentele regte bevat. Hierdie grondwet sou die hoogste reg van die land wees wat slegs deur vooraf ooreengekome prosesse gewysig kan word.

In Suid-Afrika wou die ANC aanvanklik die grondwetlike beginsels tot so min as moontlik beperk en geensins by die besonderhede daarvan betrek word nie, aangesien dit volgens hulle op voortydige onderhandelings sou neerkom.

In Desember 1991 kom 19 groepe wat verteenwoordigend was van Suid-Afrikaanse politieke partye, organisasies en die regering in Kempton Park vir die Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika (Kodesa) byeen. Tydens hierdie samesprekings word 'n Deklarasie van Voorneme aanvaar waarin ses grondwetlike beginsels vermeld word. Hierdie ses beginsels sou later die kern vorm van die 34 beginsels waarop die finale Grondwet berus:

- ❖ Suid-Afrika sal een verenigde demokratiese, nierassige en nieseksistiese staat wees waarin die soewereine gesag oor die ganse gebied uitgeoefen word.
- ❖ Die Grondwet sal die hoogste reg van die land wees en 'n onafhanklike, nierassige en onpartydige regbank sal daarvoor waak.
- ❖ 'n Veelpartydemokrasie sal bestaan wat die reg behels om politieke partye te vorm en by politieke partye aan te sluit. Gereelde verkiesings sal plaasvind op die grondslag van universele stemreg en 'n gemeenskaplike verkiesingslys; en die basiese verkiesingsstelsel sal op proporsionele verteenwoordiging berus.

- ❖ Daar sal 'n skeiding van magte wees tussen die wetgewer en die uitvoerende gesag met toepaslike wigte en teenwigte.
- ❖ Die diversiteit van tale, kulture en godsdienste van die mense van Suid-Afrika sal erken word.
- ❖ Almal sal universele menseregte en burgerlike vryhede geniet, vryheid van godsdienst, spraak en vergadering ingesluit. Hierdie regte sal in 'n Handves van Regte verskans word.

Een van die Kodesa-werkgroepe het vroeg in 1992 begin om hierdie beginsels te formuleer en 'n metode voor te stel waarvolgens Suid-Afrika 'n nuwe demokratiese Grondwet sou verkry. Die proses het aanvanklik fluks gevorder maar tot die verbasing van baie waarnemers in duie gestort. Ten spyte van hierdie breekspul asook die tragedie op Boipatong waartydens talle mense gesterf het, die deelname van duisende mense aan mass aksie, en beskuldigings en eise wat heen en weer geslinger is, was baie mense steeds daarvan oortuig dat die Kodesa-partye na die onderhandelingsstafel sou terugkeer. Tydens 'n informele gesprek het die voorste vryheidsvegter, Chris Hani, vir my baie stof tot nadenke gegee toe hy gesê het: "'n Konstruktiewe gesindheid tot onderhandelings kan slegs gekweek word indien julle besef dat julle nooit die gees van bevryding in die townships gestuit het nie, en op ons beurt sal ons moet toegee dat ons nooit die rug van die Suid-Afrikaanse Veiligheidsmagte gebreek het nie."

Op 26 September 1992 is 'n ooreenkoms tussen die Suid-Afrikaanse regering en die ANC gesluit. Dit het die deur vir verdere onderhandelings geopen. Daar is onder andere besluit dat 'n demokraties verkose Grondwetlike Vergadering die grondwet sou skryf en dat hierdie vergadering slegs deur ooreengekome grondwetlike beginsels gebind sou word.

In 1993 het die veelpartyonderhandelingsproses wat die Kodesa-werksaamhede opgevolg het, 33 grondwetlike beginsels op die grondslag van gee en neem opgelewer. Hierdie fase is gekenmerk deur die besondere doelgerigtheid van die Suid-Afrikaanse regering en die ANC om die proses deur onderhandelings en algemene verkiesings te voltrek. Hierdie beginsels en houding het 'n belangrike rol gespeel om die oorgang van een grondwetlike bedeling na 'n ander te bewerkstellig. Dit het vastigheid gebied tydens die grondwetlike onderhandelings. Die rol van die Konstitusionele Hof om te sertifiseer dat die nuwe Grondwet versoenbaar was met die

grondwetlike beginsels, was 'n latere ontwikkeling wat addisionele self-vertroue vir hierdie berekende sprong verskaf het.

Die ANC het 'n kort oorgang voorsien. Die internasionale gemeenskap moes toesig hou oor die oorgangsproses wat bestuur sou word deur 'n benoemde liggaam wat kragtens dekreet besluite sou neem en uitvoer.

Die Suid-Afrikaanse regering wou egter nie toestem tot so 'n konstitusionele lugleegte onder internasionale toesig nie en het daarop aangedring dat 'n volledige grondwet te alle tye moes geld. Die aanvaarding van hierdie gedagte het die weg gebaan vir verdere oorgangsreëlins wat die eerste demokratiese verkiesing moontlik gemaak het.

NOVEMBER 1993

Die tussentydse Grondwet is in die vroeë oggendure van 18 November 1993 onderteken. Die onderhandelaars het die vorige paar jaar 'n moeilike pad gestap. Die intense skouerskuurdery het niemand ongedeerd gelaat nie.

Na die formele ondertekening het die mense wat soveel sakke sout saam opgeëet het, styf-styf rondgestaan en mekaar half skaam die hand gereik. Ons het nie mooi geweet hoe om die oomblik te hanteer nie – moes ons ons blydskap verberg en sou 'n streng Calvinistiese handdruk deug? Sommiges was openlik dikmond oor die kompromieë wat aangegaan is.

Hierdie dikmond stramheid het my teleurgestel. Onderhandelaars het mekaar die vorige paar jaar goed leer ken – lang nagte saam gewerk, met mekaar gestry en vir mekaar kwaad geword – maar moes die strydbyle telkens begrawe omdat die luukse van langdurige verskille eenvoudig nie beskostig kon word nie. Ons moes telkens weer terug na die onderhandelingsstafel op soek na konstruktiewe oplossings uit die vasvalposisies. Dit was wat ons opdraggewers en land van ons geëis het.

Wat ons hier bereik het, was 'n belangrike mylpaal wat ruimte vir 'n vreedsame skikking geskep het. Vir jongmense het dit die moontlikheid ingehou van 'n toekoms sonder geweld en die geleentheid om die wêreld sonder die apartheidsmuishond binne te vaar. Ruimte is nou geskep vir die eerste demokratiese verkiesing waaraan alle Suid-Afrikaners sou deelneem. Suid-Afrika sou voortaan 'n demokratiese regstaat wees.

Vir my was dit die einde van 'n era en niks sou hierna weer dieselfde wees nie. Ek het Albie Sachs – menseregteaktivis en tans gerespekteerde regter van die Konstitusionele Hof wat fisiek deur die stryd geskend is – spontaan en intens omhels.

Tim du Plessis, tans redakteur van die Sondagkoerant *Rapport*, sou later vertel dat Suid-Afrika in twee verdeel was – dié wat op Kempton Park was en dié wat nie daar was nie.

Dit was my seun Willem se sestiende verjaarsdag. 'n Spesiale verjaarsdagpartytjie is vir Cyril Ramaphosa aangelê wat ook daardie dag verjaar het.

Robert von Lucius van die *Frankfurter Allgemeine Zeitung* het op 20 November die gebeure vir sy Duitse lesers so beskryf:¹

Vyande van vroeër omhels mekaar teëinnig

Die verjaarsdagkoek arriveer vier ure laat. Die minister gee 'n toespraak waarin hy eer bring aan die Sekretaris-Generaal van die opposisiebeweging wat 'n skrale vier jaar gelede nog verban was maar wat die regering in Suid-Afrika binne 'n paar maande sal oorneem. Daarna begin huidige ministers en ministers van die toekoms plesierig dans tot die son opkom. Die platejoggie speel The long journey as die eerste snit vir die aand. Die Sekretaris-Generaal van die ANC, Cyril Ramaphosa, sê dat hy baie gelukkig is, want op sy verjaarsdag is 'n land gebore wat van daardie dag af aan op reis gaan na demokrasie en nasionale eenheid.

Na maande lange onderhandelings het die ANC en 19 ander politieke partye die interimgrondwet op Donderdag, kort na middernag, onderteken. Hierdie Grondwet sal vir vyf jaar geldig wees. Die leiers in die onderhandelings se voorkoms is egter tekenend van die energie wat in die onderhandelings ingegaan het. Tydens die nanagdans neem ook Roelf Meyer, Minister van Verdediging (sic) deel ... duidelik uitgeput.

Langs Meyer is Joe Modise, die grote kommandeur van die ANC se militêre eenheid, ook sy heupe aan die rondswaai, alhoewel hy maar 'n kort tydjie gelede beskou is as een van die aartsvyande van die staat.

1 Uit Duits vertaal deur prof. Frank Diedrich.

Nadat President De Klerk en sy nuut aangewese opvolger, Nelson Mandela, kort toesprake gelever het oor die belangrikheid vir Suid-Afrika van die dinge wat na aanleiding van die onderhandelings op hierdie aand saamgeval het en die saal om ongeveer vieruur die oggend verlaat, vind daar teësinne omhelsings plaas.

Leon Wessels, Minister van Arbeid, soos gewoonlik aan die voortou van versoening en rekonsiliasie met die politieke opponent, is die eerste om nader te staan aan een van die politici van die ANC. Hy word gevolg deur Meyer, Minister van Verdediging en Dawie de Villiers, Minister van Openbare Werke (sic). Die ANC-politikus, Albie Sachs, sê dat dit die eerste keer is dat sulke omhelsings plaasvind, en vir hom vergestalt dit samehorigheid en verligting, maar ook vertroue.

Die byna ongelooflike rypheid vir rekonsiliasie is die basis waarop die gereeld geloofde 'nuwe Suid-Afrika' tot stand kan kom. Die vraag ontstaan of die politieke figure van die ANC hul gemaklike/toeganklike houding met hulle sal saamneem na die Parlement waar hulle hul sekerlik na die verkiesings eerskomende April sal bevind. Slegs 'n paar maande gelede het blanke regsgesindes in pantservoertuie die Wêreldhandelsentrum in Kempton Park ingegaag en die delegasie met swaar ammunisie gedreig. Dit voel egter in die lig van die huidige asof dít jare gelede gebeur het.

Die aanvaarding van die Grondwet in Desember 1993 het sekere Afrikanergroepe verwilderd en verbitterd gelaat. In sekere geledere was debat nie beperk tot die vraag of hulle aan die verkiesing in April 1994 moes deelneem of dit moes ignoreer nie, maar eerder of hulle moes oorlog maak of nie.

Die groep wat Constand Viljoen en Pieter Mulder ondersteun het, was oortuig dat oorlog nie 'n opsie was nie. Hulle het besef dat die idee van 'n Afikanervolkstaat in die grondwetlike onderhandelings ná 27 April 1994 slegs verder gevoer sou kon word deur 'n beginsel toe te voeg wat vir Afikanerselfbeskikking voorsiening sou maak.

Na 'n reeks bilaterale en trilaterale onderhandelings tussen die genoemde groep Afrikaners, die Suid-Afrikaanse regering en die ANC is hierdie beginsel op die wetboek geplaas. So is die weg gebaan vir die Vryheidsfront om ook aan die verkiesing deel te neem. Dit was toe reeds duidelik dat die ooreengekome beginsels ernstig opgeneem sou word.

Die feit van 'n verkiesing op 27 April 1994 het 'n laaste, desperate rondte samesprekings tussen die Inkatha Vryheidsparty, die ANC en die Suid-Afrikaanse regering tot gevolg gehad. 'n Ooreenkoms is op 19 April 1994 met die Inkatha Vryheidsparty bereik wat daartoe gelei het dat die beginsel rakende provinsiale regering so gewysig is dat dit toe ook vir hierdie party moontlik gemaak is om aan die verkiesing deel te neem.

Die grondwetlike beginsels is oor 'n lang tyd in uiters wisselende en soms turbulente omstandighede ontwikkel. Regstreekse en moeilike onderhandelings is op verskillende plekke en met verskillende instellings gevoer. Die beginsels en proses was inklusief en is volkome deur alle politieke partye onderskryf en ondersteun. Niemand het die feit bevraagteken of betreur dat die Konstitusionele Hof gevra is om te sertifiseer dat die nuwe Grondwet versoenbaar moes wees met die ooreengekome beginsels nie. Hierdie sertifisering gebeur aan die einde van 1996. Op 10 Desember 1996 teken Nelson Mandela as staatshoof die nuwe Grondwet in Sharpeville. Die datum en die plek is nie toevallig nie – 10 Desember is immers Internasionale Menseregtedag; die skikking tussen Boer en Brit (wat talle Suid-Afrikaners uitgesluit het) is op hierdie dag in 1902 in Vereeniging onderteken, en in Sharpeville het een van Suid-Afrika se bekendste mense-regtetragedies op hierdie dag in 1960 afgespeel.

So het Suid-Afrika 'n nuwe grondwet en 'n menseregtebedeling gekry: 'n moderne grondwet met 'n buitengewoon omvattende Handves van Regte – die menseregtebeginsel het byvoorbeeld 27 regte opgelewer. Oor die interpretasie en toepassing van hierdie regte druk ons nou arm. Dit is veel beter as om mekaar met klippe en traangas te gooi.

Ten spyte van die tekortkomings beskou politieke kommentators die Grondwet steeds as die grootste gemene deler en saambindende faktor in ons land – na jare se onderhandeling waarvoor talle mense gesterf het.

Die Grondwet is die hoogste reg in die land en bind alle mense en alle instansies saam – die regering, die Parlement, die plaaslike dierebeskermingsvereniging, die bestuur van die ouetehuis en die kleuterskool. Vandag mag niemand buite die raamwerk van die Grondwet optree nie.

Tydens die onderhandelings in Kempton Park het die idee van Afrikanerselfbeskikking as 'n universele mensereg en gepaardgaande groepsregte kort-kort die kop uitgesteek. Diegene wat dit toe opgeëis het, het dit gedoen sonder enige belangstelling in enige van die ander bestaande universele

regte. Die passie en toewyding wat hieraan gewy is, het die indruk geskep dat geen ander reg bestaan het nie. Aan die ander kant van die mense-regtedebat is die entoesiasme vir sosio-ekonomiese regte en die gelykheidsbepaling in die Grondwet duidelik hoorbaar, so asof dít die enigste regte in die Grondwet is. Slagoffers van misdaad veroordeel die Handves van Regte asof die reg op lewe, waarvolgens die doodstraf as 'n vorm van straftoemeting verbied word, die enigste bepaling in die Grondwet is en asof die ellende van misdaad in Suid-Afrika sal wyk indien hierdie enkele artikel gewysig word.

Die antwoord lê opgesluit in die grondwetlike opdrag van die Kempton Parkse beginsel, naamlik dat die Grondwet gebou moes word op die hoeksteen dat “almal alle universeel erkende fundamentele regte, vryhede en burgerregte moet geniet”. Dit handel dus oor veel meer as 'n persoon en sy of haar gunstelingregte. Dit het dus ook te make met daardie regte wat *nie* altyd vir 'n mens gunstig is nie. Suid-Afrikaners is geneig om regte vinnig op te eis (*My regte!*) wanneer hulle die begunstigdes van sulke regte is, maar is traag wanneer dit kom by die plig om die regte van ander te respekteer (*Jou regte?*).

Mense se vooroordele dreig dikwels om sake te verongeluk omdat hul vooroordele swaarder weeg as hul lojaliteit teenoor die ooreengekome grondwetlike reëls. So werk ons steeds teen mekaar – die een groep kla dat regstellende aksie onbillik is en op straf neerkom; die ander groep sê dat die eiendomsregbepaling te beperkend is en dat hulle tot ewigdurende knegskap gevonniss word. Die grondwetlike reëls is nie bedoel om van persketyd tot ewigheid te geld nie, maar is daar om nou gerespekteer te word terwyl dit langs ordelike weë alleen gewysig kan word – vir sodanige debatte en parlementêre prosesse maak die Grondwet behoorlik voorsiening.

GRONDWETLIKE WAARDES



AS JY WATER DRINK, ONTHOU DIE BRON.¹

Die grondwetlike waardes is die bron waaruit ons menseregtebedeling voortspruit. Dit gee inhoud aan die 27 regte in die Grondwet, hou toesig wanneer hofdramas in die Konstitusionele Hof afspeel en gee rigting wanneer botsende regte gebalanseer word. So, byvoorbeeld, kan gevra word of jou bewegingsvryheid belangriker is as my veiligheid. Juis in sodanige vrae kom die moontlike beperkings van verskillende regte na vore en word hulle teen mekaar opgeweeg. Dit is belangrik om te besef dat die grondwetlike waardes 'n belangrike rol speel wanneer die beperking van 'n reg oorweeg word. Jy mag daarom redeneer dat jy kan sê wat jy wil omdat ons nou almal vryheid van spraak het. Maar ongelukkig is so 'n argument ongegrond – *alle* regte kan ingekort word en daarom kan jý sê wat jy wil, maar jy mag byvoorbeeld nooit daardeur my *waardigheid* aantas nie.

Die feit dat die Suid-Afrikaanse Grondwet in 'n stel waardes veranker is, is nie uniek nie. Teen die agtergrond van Duitsland se tragiese geskiedenis, meer bepaald die aanloop tot en gebeure tydens die Tweede Wêreldoorlog, is daar met die vredesonderhandelings ooreengekom dat die nuwe, naoorlogse grondwet duidelik sou bepaal dat Duitsland voortaan 'n federale republiek sou wees en dat menswaardigheid onaantasbaar sou wees. Alle regte in Duitsland moet daarom uitgelê en toegepas word in die konteks van dié grondliggende waarde, naamlik menswaardigheid.

Dit is lofwaardig dat 'n land se grondwetlike bedeling in 'n stel waardes gegiet is; maar hierdie waardes mag soms 'n onverwagse gedaante aanneem en verleentheid skep. Die magsvergrype van die Amerikaanse soldate in Irak was skokkend. Die foto's van Irakese gevangenes wat van hul klere en waardigheid gestroop is, het gewalg. President George W. Bush moes in die openbaar verskoning aanbied en het onderneem om diegene wat hulle aan die wandade skuldig gemaak het, voor die reg te daag. "Hulle ver-

1 Chinese spreekwoord.

teenwoordig nie die waardes van die Amerikaanse mense nie," het hy gesê. 'n Nadere blik op die Amerikaanse Grondwet toon dat geregtigheid, vrede, openbare welsyn en vryheid bestempel kan word as die grondliggende waardes waarna Bush verwys het. Die magsvergrypers in Irak het duidelik nie die bepalings van die Amerikaanse Grondwet ter harte geneem nie, ten spyte van die feit dat dit die basis vorm van 'n demokrasie wat reeds eeue oud is.

Die waardes wat in 'n grondwet vervat word, is die resultaat van 'n land se geskiedenis. Dit gee ook 'n aanduiding van die soort gemeenskap waarna die mense van die land streef. Suid-Afrika wil wegbeweeg van 'n geslote, onderdrukkende, rasgebaseerde oligargie na 'n oop, demokratiese samelewing wat in die waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid veranker is.²

Tydens die grondwetlike onderhandelings het iemand sinies gevra: "Indien jy my 'Meneer' noem, beteken dit dan dat jy my menswaardigheid respekteer?" Die onderhandelings is gekenmerk deur 'n aandrang op veel meer as bloot die beklemtoning van menswaardigheid. Daarom spel die Suid-Afrikaanse Grondwet vandag die tersaaklike waardes³ in besonderhede uit: Suid-Afrika is een, soewereine, demokratiese staat gegrond op menswaardigheid; die bereiking van gelykheid en die uitbou van menseregte en vryhede; nierassigheid en nieseksisme; die oppergesag van die Grondwet en die heerskappy van die reg asook 'n verteenwoordigende demokratiese regering wat ingestel is op openheid en verantwoordingspligtigheid.

Die feit dat hierdie waardes met groter meerderhede beskerm word, is aanduidend van hoe ernstig die grondwetskrywers hierdie aangeleentheid destyds reeds bestempel het. Die artikel⁴ kan slegs gewysig word indien 75% van die lede van die Nasionale Vergadering en ten minste ses provinsies die wysiging ondersteun.

Mense debatteeer vandag en vra wat die toonaangewende waarde is en of daar enigsins 'n toonaangewende waarde bestaan. Sommige mense

2 Chaskalson A. "Human dignity as foundational value of our constitutional order". *South African Journal on Human Rights*, Volume 16 Part 2 (2000) 199. (Hierna "Dignity").

3 William Faulkner, Amerikaanse skrywer (1897-1962).

4 Artikel 74.

voel dat menswaardigheid⁵ die deurslaggewende waarde is, terwyl ander weer van mening is dat gelykheid⁶ nie genoegsame erkenning kry nie en onnodig deur menswaardigheid verskraal word. Dit is egter belangrik om te onthou dat die grondliggende waarde nie gelykheid as sodanig is nie, maar “die bereiking van gelykheid”.⁷

Daar word aangevoer dat daar nie ’n hiërargie van waardes bestaan nie en dat enige moontlike spanning tussen die verskillende waardes deur die houe hanteer moet word wanneer ’n spesifieke saak oorweeg word.⁸ Aan elke waarde moet ’n behoorlike gewig toegeken word, terwyl gepoog moet word om die waardes in harmonie met mekaar uit te lê.⁹

Die Konstitusionele Hof het dit in verskillende uitsprake en deur verskillende regters baie duidelik gestel hoe belangrik die grondwetlike waardes geag word wanneer regspraak oorweeg word:

- ❖ Die Grondwet vereis dat die houe menseregte moet ontwikkel in terme van ’n stel waardes wat eie is aan oop, demokratiese samelewings.¹⁰
- ❖ Die waardes van alle sektore van die Suid-Afrikaanse samelewing moet in ag geneem word in die ontwikkeling van ons regspleging. Hierdie waardes mag egter nie teenstrydig wees met die waardes van die Grondwet nie.¹¹
- ❖ Die Grondwet moet geïnterpreteer word teen die agtergrond van die Suid-Afrikaanse verlede en die regspraak moet daarop gerig wees om ’n samelewing te bou op die waardes wat die oorgang tot stand gebring het.¹²

5 Goolam NMI. "Human dignity – our supreme constitutional value". *Potchefstroomse Electronic Law Journal* 2001. Volume 1.

6 Gutto S. *Equality and Non Discrimination in South Africa*. New Africa Books (2001) 128.

7 Chaskalson A. *Equality as a Founding Value of the South African Constitution*. 8ste Oliver Schreiner-gedenklesing, 22 Februarie 2001, (ongepubliseer). (Hierna "Equality")

8 Chaskalson, "Dignity".

9 Chaskalson, "Equality".

10 *S v Makwanyane*, 1995 (3) SA 391 (KH), (par 302).

11 *Ibid.*, (par 361 en par 383).

12 *Ibid.*, (par 322 en par 323).

Menswaardigheid en gelykheid bestaan ook as afsonderlike regte. Dit is belangrik om die onderskeid te verstaan – waardes gee inhoud aan die grondwetlike verwagtings en die regte is die instrumente wat gebruik word om daaraan gevolg te gee.¹³ Regte kan beperk word terwyl waardes nie soos regte ingekort kan word nie. Grondwetlike waardes speel egter 'n belangrike rol wanneer oorweeg word of 'n reg beperk kan word. Wanneer regte beperk word, geld 'n stel reëls en moet 'n sistematiese benadering gevolg word. Een van die standaarde wat moet geld, is dat die beperking van die reg "regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid".

Vryheid word in verskillende regte weerspieël. Dit beteken egter nie ongetemde vryheid nie. In 'n demokrasie moet die regmatige aansprake van alle lede van die samelewing asook die ander waardes in die Grondwet oorweeg word.¹⁴

Regsgeleerdes het beduidende rolle te speel, maar die taak om inhoud en gevolg te gee aan die grondwetlike waardes is te belangrik om dit net aan hierdie mense oor te laat. Dit is die rede waarom die Grondwet in allemans taal geskryf is en elke uitspraak van die Konstitusionele Hof vergesel word van 'n bondige, mediavriendelike verklaring.

Suid-Afrika streef na 'n waardegedrewe samelewing wat op vaste reëls gebou is. Hierdie reëls kan slegs toegepas word indien hulle trou is aan die grondwetlike waardes. Die uitdaging is nie beperk tot hofsale en regsprosesse nie, aangesien dit die ganse Suid-Afrikaanse werklikheid oorspan.

Waar staan die burgers in hierdie debat oor waardes? Tydens verkiesings word daar om mag gekompeteer en mense word na die Parlement gestuur om die waardes te beskerm en te bevorder. Die parlementêre wette en aksieprogramme moet in harmonie wees met die grondwetlike waardes en regte, anders kan die Konstitusionele Hof dit as ongrondwetlik verklaar. Die Hof het dit al dikwels gedoen.

Jan en Sannie Publiek moet die vrymoedigheid neem om hulle in alledaagse situasies op hierdie waardes te beroep. Die Grondwet is immers

13 Albertyn C. "Facing the challenge of transformation: difficulties in the development of an indigenous jurisprudence of equality". *South African Journal of Human Rights*, (1998) 14, 249

14 Chaskalson, "Dignity".

die hoogste reg van die land en enige regsvoorskrif of optrede wat hiermee bots, is ongeldig. Die verpligting geld ook wanneer die publiek aanspraak maak op diens van die openbare of private sektore en waar besluite in skoolbeheerliggame of kerkrade of enige ander forum geneem word – die waardes hou toesig! Dit beteken dat Piet en Petro Allemens hulle te eniger tyd op die waardes van die Grondwet kan beroep. Hierdie waardes is dus nie buite die bereik van die klerk, die huiswerker, die skolier, die misdadiger in die gevangenis of die soldaat in opleiding nie.

Deur die bril van waardes kyk ons na die werklikheid om ons – eiendomsreg, taal, godsdien, armoede, stemreg vir gevangenes en regspraak kry dan spesiale betekenis. Die probleem lê egter daarin dat die lense van ons brille nie eenders geslyp is nie en dat wat ons sien of wil hê dikwels verskillend is – die beklemtonings verskil. Die brillense is deur ons ervarings – deur wie ons is – geslyp. Die een verstaan nie waarom daar so op die apartheid van vroeër gehamer word nie. Die ander kan nie verstaan dat mense nie begryp dat apartheid wel uit die wetboek verwyder is, maar nie noodwendig uit mense se harte nie en dat die gevolge van apartheid en al die jare se *struggle* teen apartheid nog nie ongedaan gemaak is nie.

Hierdie uiteenlopende benaderings speel elke dag in Suid-Afrika af, selfs al gebruik ons dieselfde waardebril om na dieselfde grondwetlike regte en die Suid-Afrikaanse werklikheid te kyk:

- ❖ Van die boer se voorstoep af gee die bril van menswaardigheid, gelykheid en vryheid vir jou 'n ander perspektief op die plaashuis, die plaas en Suid-Afrika as die werker se blik op die plaashuis, die plaas en Suid-Afrika. Die een sê: "Dit is my huis, dit is my plaas wat van niemand gesteel is nie en ek het in hierdie land gewerk vir dit wat myne is." Die ander een sê: "My voorouers is op hierdie plaas begrawe en ek het nooit kans gekry om my geboortegrond te besit nie."
- ❖ Die staatsamptenaar wat nie Afrikaans magtig is nie, kyk hulpeloos na sy kliënt wat daarop aandrang om in Afrikaans bedien te word – nodeloos om te sê, hulle vind mekaar nie. Die een sê: "Verstaan hy dan nie dat ek hom nie verstaan nie? Ek praat baie tale, maar Afrikaans is nie my gunstelingtaal nie. Boonop wend hy nie eens 'n poging aan om my uit my verleentheid te help nie." Die ander sê: "Watter dom, moedswillige amptenaar is dit dié? Hy minag my taal!"

- ✧ Die regter en landdros kom na oorweging van die feite en toepaslike regsbeginnels tot 'n onpopulêre gevolgtrekking. Die beskuldigde kry borg al dan nie, of word skuldig of onskuldig bevind. Die een groep sê: "Die regbank is nie verteenwoordigend nie; die regsprosesse en regsreëls is onvanpas en dateer uit die koloniale era. Wanneer gaan ek iemand op die regbank sien wat soos ek lyk en my probleme verstaan?" Die ander sê: "Hier is nie meer reg en geregtigheid nie, die regbank is teen ons gelaai."

Ons dagblaai die onlangs melding gemaak van 'n grimmige kliënt van 'n handelsbank wat vyf giftige slange in die bank losgelaat het. Een van die slange het 'n veiligheidsbeampte op die hand gepik. Drie mense met verskillende agtergronde het soos volg hierop gereageer:

- ✧ Die slang kan bly wees dat hy nie die bankier gepik het nie, want anders sou hy dood gewees het!
- ✧ Ek sal die land nooit verlaat nie – waar anders sal jy só 'n voorbladberig kry? Suid-Afrika is die interessantste plek op aarde!
- ✧ Nou weet jy hoe kwaad die mense vir banke is!

Vir die een is dit lofwaardig as 'n bank sy kliënte se beleggings streng beskerm, terwyl dit vir die ander 'n toonbeeld van hardvogtige, kapitalistiese meerderwaardigheid is.

Die debat oor menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die uitbouing van menseregte en vryhede sal nooit vervelig wees nie, want dit is mense met alledaagse ervarings wat daaraan deelneem. Die dinamiek van ons diverse samelewing bring ook mee dat die debat nog vir dekades nie uitgeput sal raak nie. Die probleem is egter dat ons selde uit ons skuilings kruip om hierdie dinge met ander te bespreek, want dit is makliker om *van* mekaar as *met* mekaar te praat.

BRANDPUNT



'N RADIOKANSEL-PROGRAM OOR MENSEREGTE GELEI DEUR DS. JANNIE PELSER 29 APRIL 2005

DS. PELSER: Goeie môre. Suid-Afrika het 'n swak menseregterekord, altans so bevind die menseregte-indeks van die Amerikaanse Departement van Buitelandse Sake in 'n onlangse peiling. Bied die kruisgebeure enige uitkoms? Watter verskil kan die Kerk maak? Brandpunt doen vandag navraag en ons is telefonies in verbinding met dr. Allan Boesak – hy is leraar van die Verenigende Gereformeerde Kerk by Piketberg, met dr. Leon Wessels – hy is 'n Menseregtekommissaris, dr. Ben du Toit is verbonde aan die parlementêre lessenaar van die NG Kerk, en dr. John Childs – hy is 'n dosent by die George Whitfield College, en hy is veral betrokke by etiek en teologie en het ook agtergrond in politieke wetenskap.

PELSER: Thank you so much. Reverent Childs, perhaps we can start with you. What does the Bible say about human rights; what perspectives do we get from the Bible when we talk of human rights, please?

CHILDS: Ja, the way I would like to see human rights is to look at the big picture of the Bible, starting with creation, going to the Fall and redemption, and I would argue that human rights are founded in God's creation of man; he has made us in God's image, and we have a certain status and dignity and value before God. Then, because of the Fall of man into sin, man became a sinner and man has abused his fellow man and stolen his property and so on, and so ... what was implicit in the Creation – various rights – because of who we are, now become explicit when God gives the law to mankind. And so I would argue that the Decalogue is the Charter of Human Rights – not that human rights are not found elsewhere in the Scripture – but the Decalogue or the Ten Commandments are not put in the form of rights; they are put in the form of responsibilities or duties, but

duties and responsibilities are co-relative. So where it says thou shalt not murder, because man has a right to life and for his life not to be taken, and thou shalt not steal, because man has a right to his own property, then I would argue, bring in the gospel side. The gospel reaffirms what is implicit in the Creation and what is explicit in the law, and the gospel does something else – it creates what we call a human rights culture. It changes people. We are sinners, we abuse our fellow human beings, we do not love them as we should, and the gospel changes our hearts so that we love and respect our fellow man and are not self-centered at all, and the gospel empowers us to keep God's law and to love our neighbours as ourselves, and so that Christians coming together in the church are then able to demonstrate what it is to love one's fellow man and to be salt in life and in society. So that would be an overall biblical perspective and, of course, human rights will only be completely fulfilled in the new creation, when all sin and violence will be abolished.

DU TOIT: Ek het net gedink 'n mens moet dalk sê dat menseregte as 'n begrip 'n politieke soort van 'n begrip is. Ek dink nie dat 'n mens dit presies so sou kon terugkry in die Bybel soos wat dit in die humanistiese konsep bestaan nie; ek sou miskien eerder wou praat vanuit die Bybel van die menswaardigheid van mense. Dit kan dalk dieselfde klink, maar ek dink tog dat daar 'n ietsie anders in is, want die waardigheid van die mens word ook juis deur evangelie gegee deur die feit dat God mens geword het in Jesus Christus – die humanisering van God. En ek dink dat dit 'n baie sterk boodskap van die Bybel is dat ... mense weer hulle menswaardigheid teruggegee word. Ons sien dit in die optrede van Jesus as hy juis die mense wat op die rand van die samelewing lê en as't ware uitgestoot is, die mense wat jy om hom aantref ... 'n waardigheid teruggee wat deur die gemeenskap en die strukture van hulle ontnem word. En ek dink dat dit 'n baie, baie sterk evangeliese boodskap is, meer teologies daarna kyk as noodwendig 'n politieke begrip daarvan maak wat binne die humanisme dalk baie mense skrikkerig maak in die Kerk. So ek sou baie graag wou sê dat menswaardigheid 'n baie sterk teologiese begrip is.

BOESAK: Ek sou meer die Bybel sien as die boek waaruit ons leer hoedat God die waarde wat God self in die mens geplaas het, ophef en beskerm

en ... die feit dat ons beelddraers is van God – dat dit die menseregte begroot. Dan sou ek ook wou sê dat die Bybel ons leer dat God die een is wat opkom vir die reg van mense, vir die armes, byvoorbeeld, en die swakkes. Dit sien ons keer op keer in die Psalms, dat God sê Hy, God, is daarvan bewus dat mense se reg op menswaardigheid en op die vervulling van hul menslike potensiaal en alles wat daarmee gepaard gaan – ook in 'n materiële sin – aangetas word en soms ingrypend aangetas word, en dat God dan opkom vir daardie skending van menseregte en dat God teen die skender van die menseregte optree in daardie bepaalde geval.

PELSER: Dit is darem 'n pragtige vertrekpunt om te kan sê 'n mens het waarde omdat hy na die beeld en die gelykenis van God gemaak is, omdat God in die mens sê hier is 'n stuk van myself en dat dit met die grootste empatie en verantwoordelikheid hanteer moet word.

WESSELS: Wanneer jy na ons Grondwet kyk, is die essensie daarvan menswaardigheid. Jy kan baie dinge doen, jy kan regte opskort, maar die een ding wat jy nooit kan doen nie, is dit: Jy kan nooit en jy durf nooit iemand se menswaardigheid aantas nie. Anders gestel, jy moet jou naaste liefhê soos jouself, en wanneer jy aan iemand anders doen wat jy wil hê hy aan jou moet doen, dan sal jy geen probleem met enige van die 27 regte hê wat in ons Grondwet vervat is nie.

BOESAK: Die reg van die armes om as volwaardige mense in Suid-Afrika behandel te word en ... ons onvermoë om hierdie verskriklike situasie van armoede in Suid-Afrika aan te spreek, is vir my 'n direkte aantasting van die reg van mense; en soos wat ek netnou gesê het, vanuit die Bybel leer ons dat een van die eerste dinge wat ons oor God leer, is dat God die beskermmer van die regte van die arme is. So, dit is vir my die een ding.

Die ander dinge wat my bekommer, is die manier waarop Suid-Afrika, ons in Suid-Afrika, ons versondig teen die regte van vroue en teen die regte van kinders. Mishandeling van vroue en kinders is 'n gruwel wat ons in Suid-Afrika nie kan ontken nie. Ek bedoel, waar ter wêreld kry ons soveel gevalle van groot mans wat tweejarige dogtertjies of vierjarige dogtertjies verkrag en gruwelik slaan, ensovoorts?

WESSELS: Dit alles draai tog daarom dat jy die swakkeres in ons geledere in beskerming moet neem. Die owerheid moet dit doen en die sterkes moet dit doen. En as jy na ons samelewing gaan kyk, dan is dit inderwaarheid vroue, kinders en die armes. Nou, wanneer jy praat van die armes in ons geledere, dan is daar 'n verwronge beeld daarvan en daardie beeld bestaan omdat die sterkes, hetsy of dit ekonomies of vanuit mag is, nie weet hoe dit in daardie geledere gaan nie. Ons mense buig nie neer en probeer begrip ontwikkel van daardie ongelooflike predikament waarin die armes in ons land hulself bevind nie.

PELSER: Reverend Childs, who should address these matters? Whose responsibility is this?

CHILDS: I think it should be at all levels of society, but if you think of the role of the Church, we have our congregations, our people and we must preach the gospel which entails a certain way of living: that we love our neighbour as ourself, that we imitate our Lord Jesus Christ – and God has always had a concern for the poor, and the oppressed, the alien, the orphans, the widows – and we should demonstrate such a lifestyle to our people. I think one of the problems in our country is that under the old regime with apartheid we all became dehumanised to some extent; we did not value other races and now we are not valuing other people sufficiently. We become selfish and we are all out for our own wealth or our own power and the Church needs to radically change that. There is an individualism and a selfishness, and I think ethics is not really being practised in our churches sufficiently.

PELSER: Ek wil baie graag dat ons 'n slotopmerking van elkeen van u kry.

CHILDS: I just want to make two points. Jesus died to rescue us; God loved us so much and valued us so much that Christ gave up his life that we might have life and life in all its fullness, so that reaffirms the value of human beings. And the second thing I would like to say is that all through Christian history Christians have given up their rights, so that others can hear and receive the gospel; they have suffered and they have sacrificed, because the gospel is the greatest thing – it brings us life in relationship

with God and enables us to love one another. So, the gospel shows our values, but it also shows that we can give up our own rights to help others and serve and love others.

DU TOIT: Die Kerk het die roeping om die mens by die God van Genade uit te bring, en as ons by die God van Genade kom, dan gaan die integriteit daarvan blyk uit of ons mekaar dan as broers en susters en as familie van God aanvaar en ons menswaardigheid erken.

WESSELS: Vir my is daar slegs twee universele begrippe wat jou deur hierdie menseregte debatte kan dra, en dit is naamlik naasteliefde en geregtigheid. Wanneer die Christen die pad byster raak ten opsigte van hierdie twee begrippe, dan raak hy nie net die pad byster in die mate dat hy menseregte onsuksesvol kan toepas nie, maar ek is ook oortuig dat hy dan op 'n slingerpad is wat betref die uitlewing van sy Christelike godsdiens.

BOESAK: Ek wil net drie dinge sê ten slotte. Die menswording van God in Jesus is die mees intieme identifikasie met die mens. Maar dan tweedens, wat was daardie identifikasie, hoe word Jesus mens? Hy kom as die onaan-sienlike mens, as die een wat aan die kant geskuif word, en hy identifiseer hom ook met daardie mense wat aan die kant is, met die mees brose, die mees kwetsbare en die mees verwonde mense in die samelewing. En dan derdens, dit beteken dat as hy sy reg prysgee om God te bly en sy reg prysgee om die lyding aan die kruis te ontwyk, dan is dit juis die waarborg vir die reg van die mens om sy menswaardigheid te bly behou, want dit is wat Christus vir hom kon teruggee. En as die kerk dit verstaan, dan sal ons nie debatteer oor na watter soort regte en uit watter Westerse of Derde-wêreldse hoek ons kyk nie, maar sal ons kyk na die waarde wat die mens het in die oë van God en wat in Jesus vir ons duidelik word, en sal ons daarvolgens ons plig doen ten aansien van die regte van die mense.

PELSER: Broeders, baie, baie dankie vir u deelname. Totsiens.

EINDE VAN GESPREK

MAAK DIE BOEKE TOE



*DIE VERLEDE IS NOOIT DOOD NIE; DIT IS
OOK NOOIT VERBY NIE.¹*

Suid-Afrika se verlede wil ons maar net nie met rus laat nie.

Freek Robinson, bekende TV-persoonlikheid, vra indringend en uitdagend aan sy gas, die sagmoedige teoloog, prof. Piet Meiring: “Wat staan witmense te doen? Moet hulle heeldag en aldag op hulle knieë staan en om verskoning vra vir die ou dae, met die tjekboek byderhand?” Dit is miskien ’n geoorloofde vraag indien jy bespreking wil uitlok, maar is beslis ’n *oorvereenvoudiging*, gedagtig aan die komplekse verlede en moeitevolle skikkingsproses waardeur ons gekom het. Alhoewel ons die verlede wil bylê, kan daar nie ’n toekoms wees sonder begrip vir die verlede nie.

Die bondige antwoord op Robinson se dubbeldoorvraag is: “Nee.” Die tyd vir verskoning vra vir die verlede het gekom en gegaan. Die dik monde en fyn geformuleerde verskonings het nie altyd indruk gemaak nie en het dikwels te kort geskiet – dit staan nou opgeteken as verspeelde geleenthede. Om nou ’n rykmanstjekboek in te werp, is simplisties en sal nie die verlangde goeie gesindheid koop nie. Waarna ons landgenote gehunker het, was ’n erkenning dat apartheid ons land verskroei het, dat ons dit weet en dat ons as gelykwaardige vennote sáám ’n beter toekoms wil bou. Aalmoese, wat nie met goedgesindheid en in opregtheid aangebied word nie, sal in ’n bodemlose put val. Die goeie gesindheid van alle Suid-Afrikaners sal nou slegs verwerf kan word deur skouer aan skouer te werk, saam te speel en aan ’n gesamentlike toekoms te bou.

Kollektiewe, eerlike berou oor die verlede is nooit werklik aangebied nie, want “ons het nie van die euwels geweet nie en het die ou dae se dinge dan so goed bedoel”, verduidelik sommiges tussen ons. Indien die ou gruwels so kru in ons koerante en op ons TV-skerm oopgevelek was

1 William Faulkner, Amerikaanse skrywer (1897-1962).

soos die afstootlike menseregtevergrype van die Amerikaanse soldate in Irak, sou selfs die lojaalste Nasionale Party-ondersteuner, wat nie destyds berou wou uitspreek nie, geprotesteer het – ten minste sou die onoor-tuigende “ek-het-nie-geweet-nie” politieke verskoning nie aangebied kon word nie. Baie mense wóú nie weet nie.

Die Amerikaanse les is duidelik – dit maak nie saak hoe oud jou demokrasie of hoe diep gesetel jou menseregtekultuur is nie, mense-regtevergrype vind plaas sodra jy jou waaksaamheid verslap. Mag, des te meer onbeteuelde mag, laat mense se koppe in so ’n mate swel dat hulle perspektief en hul sin vir waardes verloor. Die talle sake in ons howe en voor die WVK het aangetoon dat menseregte vanweë konflik en die stryd om mag laag op die agenda geplaas word.

Kom ons erken maar padlangs dat ons nie ons land en sy mense geken het nie; ons het ook nie ons geskiedenis, voor en tydens apartheid, geken nie. Die Statebondsgroep, bestaande uit senior staatsmanne wat Suid-Afrika in 1985 besoek het, het bevind dat slegs 10% van alle wit Suid-Afrikaners op daardie stadium geweet het wat in townships aangaan. Geharde polisiemanne en soldate het in die jare van stryd opgemerk dat hulle self revolusionêre sou gewees het indien hulle in townships moes geleef het. Die ou-ou storie dat “ons” vir “hulle” ken, want “ons het as kinders saam gespeel en in plaasdamme gewem”, was bloot om die feit van “ons” onkunde oor “hulle” te misken.

Tien jaar in die nuwe demokrasie in bevind die Instituut vir Geregtigheid en Versoening dat 23% van Suid-Afrikaners byna nooit oor die kleurgrens sosialiseer nie en dat 46% nog nooit met iemand oor die kleurgrens gesosialiseer het nie. Min waag dit om die mense aan die anderkant van die kleurlyn beter te leer ken.²


Toe ek voormalige bannelinge en politieke gevangenes ontmoet het, was ek verbaas. Die prentjie in my kop en die werklikheid voor my het nie gestrook nie. Hulle was nie reuse nie, nog minder bombastiese orators – intendeel, hulle het hul standpunte meestal hoflik en beheersd gestel. Dit was my voorreg om sommige van die leierskorps op internasionale verhoë in aksie te sien en ek het weldra begryp waarom hulle met soveel

2 Instituut vir Geregtigheid en Versoening, www.ijr.org.za/barometer/nl2.1.pdf; Beeld, 6 Julie 2004.

agting in die buiteland begroet is. Internasionale leiers het gekom om na veglustige vryheidsvegters te luister. Die ouwêreldse hoflikheid en sjarme wat hulle teëgekom het, het hulle eenvoudig oorweldig. G'n wonder dat sommige tot die status van die aristokrasie verhef is nie.

Wie sou 20 jaar gelede voorspel het dat Nelson Mandela, toe in die tronk vir sabotasie en die verkondiging van geweld, die liefing van openbare figure onder Afrikaners sou word of dat Thabo Mbeki, destyds 'n banneling en gewelddenaar, deur die wêreldbekende *Time Magazine* as die belangrikste man in Afrika bestempel sou word?

Beduidende stemme in die internasionale gemeenskap het apartheid reeds in die middel tagtigerjare as 'n misdaad teen die mensdom verklaar. Die toepassing van apartheid en afsonderlike ontwikkeling het niemand onaangeraak gelaat nie. Talle Suid-Afrikaners van verskillende oortuigings het reeds verklaar wat die effek daarvan op hul lewens was. Hierdie verlede spook nog by ons – sommige wil nie daaraan herinner word nie; ander wil weer onbehoorlik daaruit munt slaan omdat hulle 'n *struggle*-verlede as vandag se geldige paspoort tot rykdom en mag beskou. Beide groepe lees dan die Grondwet, en spesifiek die gelykheidsbepalings, moedswillig en eenogig.



Die reste van kolonialisme en apartheid bestaan steeds. 'n Paar demokratiese verkiesings kan dit nie ongedaan maak nie. Dit gaan nie net om die dinge wat agter lê nie, maar ook om die waardes en regte wat ons nou deel van ons daaglikse bestaan wil maak. Hierdie nuwe waardes spruit uit ons verlede en vorm die basis vanwaar ons na die nuwe toekoms uitreik.

Die Nasionale Party-regering het in die ou dae 'n stram en onvriendelike verhouding met die oppergesag van die reg gehad. Regters kon hulle nie uitlaat oor die geldigheid van wetgewing nie. Die diskresie van die uitvoerende gesag, wat kragtens veiligheidswetgewing uitgeoefen is, kon nie in die howe getoets word nie. Die argument was dat regters verheue was bo die politiek. Indien hulle parlementêre en kabinetsbesluite omver kon werp, sou dít hulle vierkantig binne die politieke arena plaas.

Die inperking van individuele vryhede en die wye magte waaroor die uitvoerende gesag beskik het, was gegrond in die spreuk wat uit die Romeins-Hollandse Reg afkomstig was, naamlik dat die veiligheid van die staat die hoogste reg is. Daar was selde openhartige debat, binne of buite die Parlement, oor die veiligheidsomstandighede of magsvergrype in die land nadat die "veiligheid-van-die-staat"-leerstuk opgewerp is.

Dit word nou algemeen aanvaar dat hierdie benadering gelei het tot die misbruik van mag. Suid-Afrikaners is geskok en voel skaam oor al die gruwels wat voor die Waarheids-en-versoeningskommissie gelê is. Uit hierdie getuienis blyk dit dat ondersoekende regters doelbewus deur lede van die veiligheidsmagte mislei is. Geen wonder dat dieselfde gedoen is teenoor politici en ander leiersfigure wat traag was om indringende vrae te stel – ons wou nie weet nie.

Tydens onderhandelings moes die vraag beantwoord word: Hoe gaan Suid-Afrika sy verlede hanteer? Gaan ons daaroor praat of gaan ons dit probeer ignoreer en net vorentoe beur? Dit was duidelik dat 'n mens dit nie kon ignoreer nie, maar jy kon ook nie met 'n gesindheid van wraaklus daarmee omgaan nie.

In Mei 1990, tydens 'n lang en uiters aangename gesprek met Breyten Breytenbach in Frankryk, het sy opmerkings oor die verlede my verbaas: "Ons handel maar elkeen met die insig waaroor ons op 'n bepaalde tydstip oor gebeure beskik. Die een vraag wat Suid-Afrikaners nog sal moet beantwoord, is hoe ons met die verlede sal handel – sal ons daaroor praat of dit soos die Duitsers probeer doodswyg?"

Jare later, tydens besoeke aan verskillende lande, was dit vir my duidelik dat mense se versoeke om die verlede met rus te laat op dowe ore val. Mense wil weet wat gebeur het en die slagoffers wil hul stories vertel. Die geskiedenis kan nooit opgesluit word nie, al word die veiligheidslêers versnipper.

Toe die Epiloog tot die Oorgangsgrondwet in 'n laat stadium van die onderhandelings in 1993 aanvaar is, het baie 'n sug van verligting geslaak – verligting omdat die waarheid nou op 'n geordende wyse tot die oppervlak sou kom en nie met 'n gesindheid van vervolgsug nie. Die Epiloog het dit vir baie moontlik gemaak om die verkiesing in 1994 en die daaropvolgende oorhandiging van mag te ondersteun.

'n Land moet sy geskiedenis ken. Ons het mekaar verwond en die tyd het nou aangebreek om die ou verdeeldhede by te lê. Dit was die begin van die pad wat Suid-Afrika deur die verlede moes loop om die nuwe toekoms tegemoet te gaan.

Die opstellers van die Oorgangsgrondwet³ het besef dat die oorgang na 'n demokratiese orde slegs moontlik sou wees in 'n gees van verbintenis tot versoening en nasionale eenheid. Daar is ook besef dat sekere aspekte van die verlede nie reggestel kon word nie en dat dit soms noodsaaklik sou wees om net voort te stap. Dit is om hierdie rede dat die Epiloog in die oorgangswet onder die opskrif “Nasionale Eenheid en Versoening” deur onderhandelaars aanvaar is nadat die Nasionale Party-regering en die ANC eers 'n verstandhouding hieroor bereik het:

Hierdie Grondwet bou 'n geskiedkundige brug tussen die verlede en 'n diep verdeelde gemeenskap wat gekenmerk is deur tweespalt, konflik, ongekende lyding en ongeregtigheid, en 'n toekoms wat gevestig is op die erkenning van menseregte, demokrasie en vreedsame naasbestaan en ontwikkelingsgeleenthede vir alle Suid-Afrikaners, ongeag kleur, ras, klas, geloof of geslag.

Die strewe na nasionale eenheid, die welsyn van alle Suid-Afrikaanse burgers en vrede verg versoening tussen die mense van Suid-Afrika en sosiale herstrukturering van die gemeenskap.

Die aanvaarding van hierdie Grondwet lê die vaste fondament vir die mense van Suid-Afrika om die verdelings en twee-

3 Wet 200 van 1993.

spalt van die verlede, wat gelei het tot growwe skendings van menseregte, die verbreking van menslikheidsbeginsels tydens gewelddadige konflik en 'n nalatenskap van haat, vrees, skuld en wraak, te oorbrug. Die geleentheid is daar om dit nou reg te stel op die grondslag dat daar 'n behoefte bestaan aan begrip en nie wraaksug nie, 'n behoefte aan herstel en nie vergelding nie, 'n behoefte aan medemenslikheid⁴ en nie viktimisering nie.

Ten einde dié versoening en herstrukturering te bevorder, moet amnestie verleen word met betrekking tot dade, versuime en misdrywe wat met politieke oogmerke in verband staan en wat in die loop van die konflikte van die verlede begaan is. Te dien einde moet die Parlement kragtens hierdie Grondwet 'n wet aanneem wat 'n vaste afsnydatum bepaal, synde 'n datum na 8 Oktober 1990 en voor 6 Desember 1993, en waarin voorsiening gemaak word vir meganismes, maatstawwe en prosedures, met inbegrip van tribunale, indien nodig, deur middel waarvan sodanige amnestie behandel moet word te enige tyd nadat die wet aangeneem is. Met hierdie Grondwet, en die gepaardgaande verbintenisse, gaan ons, die mense van Suid-Afrika, 'n nuwe hoofstuk in ons land se geskiedenis tegemoet. [Eie beklemtoning.]

Dit het die weg gebaan vir die Parlement om die nodige wetgewing te aanvaar waarvolgens die Waarheids-en-versoeningskommissie tot stand gekom het. Die opdrag was om so 'n volledige prentjie as moontlik te skilder van die oorsake, aard en omvang van die growwe menseregteskendings wat plaasgevind het sedert die Sharpeville-insident op 21 Maart 1960, toe daar op betogers geskiet is en 69 mense tragies gesterf het.

Amnestie-aansoeke moes ook oorweeg word. So 'n aansoek sou slaag indien die aansoeker al die tersaaklike feite van die menseregteskending volledig openbaar het en die handeling 'n direkte politieke oogmerk gehad het. Die wet het 'n stel kriteria neergelê wat in die beoordeling van die aansoek oorweeg moes word, onder andere wat die verhouding was tussen

4 "Ubuntu" word in die Engelse teks gebruik.

die misdaad wat gepleeg is en die politieke oogmerk wat daardeur nagestreef is, asook die proporsionaliteit van die misdaad en die politieke oogmerk.

Verskyning voor die WVK was nie speletjies nie. Geraamtes wat uit die veiligheidskamers van die ou regering kon spring of moontlike verrassings waaroor die WVK beskik het, het tot die foltering bygedra. Trotse soldate en polisiebeamptes op hul knieë voor die WVK se Amnestiekomitee was nie 'n mooi gesig nie. Hul optrede kan ek nie verdedig nie, maar ek kan ook nie die mense veroordeel nie – ons was immers aan dieselfde kant van die stryd. Alhoewel elke besluit waaraan ek destyds deelgeneem het die toets van daglig sal deurstaan, sal dit besluit nie vandag die toets van grondwetlike ondersoek deurstaan nie.

Dit is hoe ver die Epiloog en die WVK ons kon neem. Nou moet ons verder. Dit was 'n versoeningsproses; weliswaar nie 'n volmaakte versoeningsproses nie, maar dit hét ons voorwaarts geneem.

Suid-Afrikaners aan beide kante van die stryd is krities – voormalige bewindhebbers, veral veiligheidsmagte, voel verneder. Dié wat aan die verkeerde kant van apartheid gestaan het, voel dat hulle niks uit die proses gekry het nie – hul versoeningsgesindheid het hulle niks in die sak gebring nie – gedagtig daaraan dat die proses van reparasie met stampe en stote voortstotter. Fynproewers, meestal mense wat nooit werklik aan die stryd deelgeneem het nie, het baie te sê oor die “slordige skikking”; hulle meen dat amnestie aan die menseregteskendens onregverdig was en nie die slagoffers van hierdie skendings behoorlik in ag geneem en vergoed het nie. Dit was slordig, want dit was 'n gee-en-neem-situasie wat die stryd en die onreg moes beëindig sodat daar vir almal nuwe ruimte geskep kon word.

In teenstelling met hierdie algemene onvergenoegdheid in Suid-Afrika, staan buitelandse waarnemers uit al die windrigtings verstom. Hul bewondering en nuuskierigheid oor die grondwetlike onderhandelings en die WVK-prosesse ken geen perke nie. Bekende Afrika-kenner, Abel Mazrui van Kenia, sê dat die feit dat hierdie skikkingsproses nou reeds 10 jaar staan, op sigself 'n wonderwerk is.

Daar was destyds in Suid-Afrika nie veel belangstelling om oor magsvergrype te praat nie – dit was makliker om anderpad te kyk. Deesdae is dit bykans onmoontlik om oor die ou dae se dinge te praat. Mense, veral jongmense, weet nie wat gebeur het nie en stel eintlik ook nie daarin

belang nie, want hulle voel die dinge nie aan hul lywe nie en is andersyds besig om loopbane te bou.

Vir my kom die wonderlikste opmerking oor die huidige tydsgewrig van die akteur Ian Roberts: “As ek so na my kinders kyk (15 en 11 jaar oud), dan sien ek hulle is bevry. En dit wys.” Oor die ou dae van diensplig sê hy: “Dit was woeste jare daardie. Toe ons uit die *army* kom, was ons almal lekker mal.”

Barney Pityana, eertydse dosent aan die Universiteit van Kaapstad en Voorsitter van die Kommissie, vertel hoe ’n student hom tydens een van sy lesings gepak het omdat hy dit durf waag het om apartheid erger voor te stel as wat dit was. Hy het vertel dat bewegingsvryheid nie ’n algemene reg was nie en dat swartmense nooit sonder hul “dompasse” kon beweeg nie en selfs met die dompas nie kon gaan waar en wanneer hulle wou nie. Barney was verplig om vir sy volgende lesing sy ou dompas saam te neem om die skeptiese student te oortuig.

David Kramer se musiekstuk *District Six* is by die gewese Randse Afrikaanse Universiteit opgevoer. Studente wou weet: “Van watter distrik word hier nou gepraat? Is dit naby 7de Laan?” Hulle was totaal onbewus van die hoogs emosionele verskuiwing van Distrik Ses en die bitterheid wat dit destyds tot gevolg gehad het.

Die waarheid is dat daar groot dele in ons land en segmente in ons samelewing is waarin mense steeds ver van mekaar verwyder is. Mense spring op en af in hul stoele wanneer iemand dit waag om te sê dat ons in twee wêrelde leef: “Julle beklemtoon die verlede en laat ons nie toe om vorentoe te beweeg nie.” In onlangse geselsprogramme oor twee radio-stasies was die reaksies oor menseregte ligjare van mekaar verwyder – om van “twee wêrelde” te praat, is om dit sagkens te stel.

- ❖ Die een groep is beswaard oor misdaad wat onder ’n menseregtebe-deling gedy; kinders wat landuit gaan omdat hulle nie werk kry nie as gevolg van regstellende aksie; eiendomsreg en taalregte wat niks anders is as geduldige woorde op papier nie.
- ❖ Die ander kant wil net praat oor armoede en die hoë vlakke van werkloosheid, en vra aggressief: “Wessels, weet jy waarvan jy praat? Was jy al ooit in een van ons woonbuurte? Hier kan nooit sprake van versoening wees indien die een deel moet voortgaan om so in ellende te leef nie”.

VERSOENING

Die helingsproses is lank en moeisaam en daar is gevaarlike krommings in die pad. Amy Biehl, die Amerikaanse student wat in die Kaap so gewelddadig om politieke redes vermoor is, se familie sê: “Jy soek afsluiting (*closure*) van die tragiese gebeurtenis en wil net vorentoe. Daar is egter nooit werklik afsluiting nie – jy moet ’n manier vind om met jou verlede saam te leef.”

Die hoogtepunt van die hele proses van bevryding en normalisering van Suid-Afrika se gepolariseerde verlede was vir my die verrigtings op Sondag 8 Mei 1994. Ek is deur die Kabinet aangesê om President F.W. de Klerk te verteenwoordig by ’n spesiale diens van danksegging wat deur die Christelike kerke in die ENB-stadion in Johannesburg gereël is.

Die meeste prominente kerkleiers was daar: aartsbiskop Desmond Tutu, dr. Stanley Mogoba, eerw. Peter Storey, eerw. Frank Chikane, biskop Trevor Huddleston, prof. Pieter Potgieter, dr. Beyers Naudé en nog baie ander. Mnr. Nelson Mandela, toe die aangewese president, het van Kaapstad gekom vir die diens. Hy moes dieselfde aand nog terug, want die volgende dag was die amptelike aanwysing van die President.

Die organiseerders van die byeenkoms het as deel van die verrigtings ’n seremonie om ’n houtkruis in die middel van die stadion gereël. Verteenwoordigers van die kerke het ’n verbintenis tot versoening voorgedra. Hierina het al die deelnemers mekaar ’n handdruk van vriendskap gegee.

’n Joernalis het my agterna vertel dat sy moeder wat hierdie tafereel op televisie gesien het, aangedaan was toe President Mandela en ek – verteenwoordigend van die strydende faksies – mekaar spontaan omhels het.

Vir my was die intensste belewenis toe Beyers Naudé, wat baie jare lank die uitgeworpene van die NG Kerk en die Afrikaanse gemeenskap was, my sonder voorbehoud of verwyd die hand van versoening gereik het.

Versoening beteken vir my *nie*

- ❖ ’n vaal eendersheid nie;
- ❖ dat daar nooit verskil van mening sal wees nie;
- ❖ ’n valse aanvaarding van ander standpunte nie; of
- ❖ ’n onopregte, neerbuigende houding nie.

- Versoening is 'n onderneming om
- ❖ mekaar se goeie trou te aanvaar;
 - ❖ verskille deur gesprek by te lê;
 - ❖ begrip te ontwikkel vir die ander kant van die argument;
 - ❖ gemeenskaplikhede voorop te stel en daarop voort te bou;
 - ❖ nooit kleinlike gevegte te loods nie; en
 - ❖ nie in die verlede vas te val nie, maar saam vorentoe te beur.

DIE BOEK IS OOP

Die lewe moet vorentoe geleef word, maar agtertoe verstaan word.⁵

Suid-Afrika het op 27 April 1994 'n regstaat geword met 'n volledige Handves van Regte. Slegs menseregteskendings wat ná hierdie datum gepleeg is, word deur die howe en die Kommissie ter tafel gebring. Die WVK het een hoofstuk van die Suid-Afrikaanse geskiedenis oopgemaak en vertolk en daarna finaal afgesluit. Die Suid-Afrikaanse Grondwet het 'n ander hoofstuk oopgemaak waarmee ons die toekoms ingaan. Mense met uiteenlopende agtergronde en politieke oortuigings versoek die Kommissie gereeld om beweerde menseregteskendings uit die ou dae te ondersoek. Hul verbasing dat die Kommissie nie hul sake kan hanteer nie en dat die WVK se taak afgehandel is, is groot. Nie almal wil dit aanvaar nie. Hulle voel nog oor baie dinge gegrief.

Ons beweeg egter vorentoe – saam met die verlede, sonder om daaroor te struikel of vir 'n beter verlede te veg. Ons hoef nie in die verlede te leef nie, maar ons kan ook nie daarsonder voortgaan nie – die verlede is deel van ons werklikheid.

5 Sören Kierkegaard.

MÝ REGTE



*MENSEREGTE IS NIE NET 'N STRYD VIR MÝ REGTE
NIE, MAAR OOK DIE REGTE VAN ALMAL WAT
SAAM MET MY LEEF.¹*

Mense eis dikwels hul regte op sonder om die spesifieke reg, soos dit in die Grondwet vervat is, te oorweeg. Na 'n lang relaas oor die redes vir hul griewe word die betoog gewoonlik afgesluit met die woorde: “So, wat kan jy vir my doen, want ek voel dat my menseregte aangetas word?”

Soms wentel 'n saak om die nalatige optrede van 'n dokter en hospitaalpersoneel – die verkeerde knie van die klaer is geopereer en die kraakbeen van 'n gesonde knie is verwyder; die advokaat het na bewering die persoon se geld gemors – hy het die verkeerde vrae gestel en ek het my saak verloor; die kerkraad wil nie na my kant van die saak luister nie of daar is twis in 'n verbrokkelende huwelik.

Die feit dat 'n spesifieke klagte nie direk onder die hoofstuk van menseregte tuisgebring kan word nie, beteken nie dat daar geen regsgronde bestaan om vir die betrokke klaer verligting te verkry nie:

- ❖ Die dokter het onmiddellik sy fout erken en die nodige skadevergoeding is sonder moeite uitbetaal.
- ❖ Die advokaat is aan sy professionele liggaam (die Balieraad) gerapporteer en die aangeleentheid is ondersoek.
- ❖ Algemene regstappe kan teen die kerkraad ingestel word om aan al die reëls van natuurlike geregtigheid te voldoen. Billike en korrekte administratiewe stappe is 'n mensereg.
- ❖ Twis in die huwelik hoort voor huweliksberaders of in die egskedingshof.

1 Fanie du Toit, Instituut vir Geregtigheid en Versoening.

Iemand skryf aan die Kommissie dat Kobus Wiese en Joost van der Westhuizen menseregteskenders is op hul program *Super Rugby* wat oor die betaalkanaal kykNET vertoon word – die manne respekteer nie vryheid van spraak nie, want mense wat in Engels praat, word kortgeknip, so ook almal wat transformasie wil bevorder. Trouens, Kobus en Joost is kwansuis teen transformasie gekant.

Die Grondwet maak voorsiening vir vryheid van spraak. Dit beteken egter nie dat almal met mekaar moet saamstem nie. Tydens gesprekke, hetsy as deel van geselsprogramme of om braaivleisvure, gaan dit rof wanneer oor rugby en transformasie gepraat word. kykNET is met private kapitaal vir die Afrikaanse kykerspubliek geskep. Daar rus byvoorbeeld geen grondwetlike plig op die aanbieders om met al hul kykers saam te stem of om al die amptelike tale te eerbiedig nie. kykNET en sy aanbieders is dus vry om gesprekke te stuur of aan te vuur en nie almal hoef daarmee eens te wees nie.

HOEKSTEEN²

Die Handves van Regte is die hoeksteen van demokrasie. Dit beskerm nie net my regte nie, maar die regte van al die ander mense in ons land.

Die staat, dit wil sê alle afdelings van regering – die belastinggaarder sowel as die verkeerskonstabel – moet al my regte respekteer, beskerm en bevorder. My werkgewer, bankier en mense met wie ek besigheid doen moet my regte in die oog hou wanneer hulle besluite neem wat my lewe raak, want die regte geld nie net tussen die staat en sy onderdane nie, maar ook tussen gewone burgers.

2 Artikel 7.



Regte mag toegepas word op individue soos Jan en Sannie Publiek, asook op regspersone, dit wil sê maatskappye en verenigings. Die aard van die reg en die aard van die plig wat deur die reg opgelê word, is belangrik – die nywerheid in jou dorp kan nie aanspraak maak op die reg op lewe of die reg op basiese onderwys nie, maar kan verplig word om besoedeling te stop aangesien almal op 'n skoon omgewing geregtig is.

Regspersone soos die nywerheid in jou dorp kan nou ook aanspraak maak op die regte in die Handves van Regte in daardie mate waarin die aard van die regte en die aard van die betrokke regspersoon dit regverdig of moontlik maak. Daar mag dus byvoorbeeld nie teen die nywerheid gediskrimineer word nie, of die stadsraad kan verplig word om 'n gevaarlike dreineringsstelsel wat die welsyn van nywerheidswerkers in gevaar stel, reg te maak.

Menseregte is primêr daarop ingestel om die mag van die staat in toom te hou. Jan en Sannie Publiek moes hul regte vroeër langs ander weë, naamlik deur die gemeenereg of privaatreë, beskerm. Die land se howe het nou 'n grondwetlike plig om die gemeenereg te ontwikkel deur ag te slaan op die Handves van Regte. In die ou dae is my vryheid van spraak aan bande gelê deur die gemeenregtelike reëls van laster – ek moes jou goeie naam respekteer. Daardie reëls word nou verryk en versterk deur die grondwetlike waardes en regte wat vryheid van spraak en menswaardigheid beheer.

AFDWINGING VAN REGTE

Die Grondwet wil dit vir ons almal so maklik as moontlik maak om ons regte op te eis en af te dwing. Dit is nie 'n vereiste dat jy 'n direkte belang in die aangeleentheid het nie. Jy kan in eie belang of namens iemand anders optree wat nie self in eie belang kan optree nie.

Jy kan ook namens 'n groep of 'n klas persone, of in die openbare belang optree. 'n Vereniging kan in belang van sy lede optree. Die net word hier wyd gegooi en strek verder as die persoon wat 'n direkte belang by die skending van die reg het. Mense wat onmagtig is – mense in verafgeleë gebiede, ongeletterdes, kinders en bejaardes – kan nou maklik bygestaan word. Ander kan namens hulle optree. Die idee is om so min moontlik struikelblokke in die pad te plaas van iemand wat sy of haar regte wil beskerm of afdwing.³

Jy kan 'n geskikte hof of instansie nader deur aan te voer dat daar inbreuk gemaak word op jou regte of dat daar 'n dreiging tot inbreukmaking

3 Grondwetlike Vergadering, Oktober 1995, 259.

bestaan. So 'n hof of instansie kan dan gepaste hulp verleen of verklaar wat die regsposisie is.

UITLEG⁴

Die Handves van Regte span die net so wyd as moontlik sodat eg Suid-Afrikaanse inhoud deur interpretasie en gebruik daaraan gegee kan word. Die sukses van ou demokratiese menseregtebedelings soos dié in Indië en Amerika word hieraan toegeskryf. Die regte word voortdurend geïnterpreteer en op alledaagse situasies van toepassing gemaak.

Die howe word aangemoedig om buite die landsgrense te kyk wanneer regte uitgelê word. Tydens argumente in ons howe word die werk van internasionale menseregtekonvensies en gepaste uitsprake in ander demokratiese lande van nader bekyk. Dit word so gedoen ten einde 'n weldeurdagte interpretasie te verseker wat op beproefde demokratiese en internasionale ervarings berus.

Die verpligting om ook die grondwetlike waardes in die spel te bring wanneer regte geïnterpreteer word, breek met die ou tradisie waarvolgens die interpreteerders van die landswette dikwels letterknegte was.⁵

BEPERKING⁶

Nie een van my regte is 'n onaantasbare reg wat nie beperk kan word nie. Ek het die reg op vryheid van beweging, maar hierdie reg word aan bande gelê wanneer ek met my 4x4 in 'n omgewingsensitiewe gebied wil rondjaag.

Streng voorskrifte geld egter wanneer regte beperk word.⁷

- ❖ Die beperking moet deur 'n algemeen geldende regsvoorskrif gereël word. Dit kom neer op 'n wet, regsreël of beleid wat vir almal geld.

4 Artikel 39.

5 Grondwetlike Vergadering, Oktober 1995.

6 Artikel 36.

7 *S v Bhulwana* 1996 (1) SA 388 (KH) par 18. [Die Hof plaas die doel, effek en belangrikheid van die beperking van die wetgewing aan die een kant van die weegskaal, en die aard en die effek wat die beperking deur die wetgewing veroorsaak aan die ander kant van die weegskaal. Hoe groter die impak op fundamentele regte, hoe meer oortuigend moet die gronde vir die regverdiging van die beperking wees.]

- ❖ Die beperking moet verder redelik en regverdigbaar wees.
- ❖ Alle tersaaklike faktore moet in ag geneem word, byvoorbeeld die aard van die reg, die belangrikheid van die doel van die beperking, die aard en omvang van die beperking, die verband tussen die beperking en die doel van die beperking asook 'n minder beperkende wyse om die doel te bereik.

Indien my reg so beperk sou word dat die reg in sy kern vernietig word, sal die beperking ongeldig wees. My vryheid van beweging kan beperk word deur die voorskrif dat my voertuig padwaardig moet wees om op openbare paaie te ry. Indien ek egter sonder redelike verduidelikings verbied sou word om my padwaardige motor hoegenaamd op openbare paaie te bestuur, word my reg in sy kern vernietig. So 'n beperking sal ongeldig wees.

OPSKORTING⁸

Tydens 'n nasionale krisis, byvoorbeeld wanneer geweld uitbars of tydens 'n natuurramp, kan 'n noodtoestand afgekondig word en my regte in geheel opgeskort word – 'n aandklokkeël word ingestel en niemand mag na sonder op straat wees nie. Onder sulke omstandighede word my regte nie net beperk nie, maar geheel en al van my weggeneem – vryheid van spraak kan byvoorbeeld geheel en al opgeskort word en openbare vergaderings of publikasies (radio of koerante) kan verbied word. Wanneer dit gebeur, moet streng voorwaardes egter geld.

In Suid-Afrika, met sy onaanvaarbaar hoë vlak van misdaad, pleit mense dikwels dat 'n noodtoestand afgekondig moet word om misdaad te bekamp. So 'n pleidooi kan alleen slaag wanneer onder andere aan die volgende standarde voldoen word:

- ❖ Tydens noodtoestande moet die voortbestaan van die nasie bedreig word – die feite moet toon dat die krisis wat die noodtoestand ontke-ten het, werklik of dreigend is, uitsonderlik van aard is en 'n uitwerking op die georganiseerde lewe van die staat het. Die funksionering van

8 Artikel 37.

'n grondwetlike orgaan, soos die Regbank of die Parlement, of die vloei van lewensbelangrike voorrade moet gestrem word en gewone maatreëls moet ontoereikend wees om die krisis te hanteer.

AFSTANDDOENING VAN REGTE

Kan ek van my regte afstand doen? Kan ek vrywillig verklaar dat ek nie belangstel om sekere van my regte op te eis of daardeur beskerm te word nie en onderneem om my nooit op my grondwetlike regte te beroep nie?

Kan 'n eerstejaarstudent onderneem om vrywillig aan 'n ontgroenings- of verwelkomingsprogram deel te neem en sodoende deur die senior burgers van die kampus karnuffel word sonder om vooraf presies te weet wat dit alles sou behels? Is dit moontlik vir 'n Springbokrugbyspeler om in te stem om hom aan die fisieke en geestelike uitdagings van 'n Kamp Staal-draad te onderwerp sonder dat sy grondwetlike regte in gedrang kom?

Die vraag of iemand deur ooreenkoms kan afstand doen van sy of haar fundamentele regte, is 'n onderwerp waaroor daar nie altyd eenstemmigheid is nie.⁹

Elke dag bevind ek my in situasies waarin van my verwag word om van sekere regte afstand te doen: deursoeking by lughawens (die reg op privaatheid); in die Hof vir Klein Eise waarin ek afstand doen van my reg op regsverteenvoordiging; tydens sekere administratiewe prosesse wanneer ek soms afstand doen van my reg tot appèl of van my reg dat redes aan my verstrek moet word indien die proses vir my ongunstig sou verloop.

Dit is moontlik om afstand te doen van sekere regte. Ook in hierdie geval geld streng voorwaardes:¹⁰

- ❖ Toestemming moet uitdruklik verleen word.
- ❖ Die persoon wat toestemming gee, moet die aard van sy toestemming verstaan, dit wil sê die persoon moet die aard en omvang van die reg waarvan afstand gedoen word en ook die gevolge daarvan verstaan.

9 De Waal J, Currie C en Erasmus G, *The Bill of Rights Handbook*, Juta (2001) (hierna De Waal) 42-44;

Hopkins K, "Constitutional rights and the question of waiver: how fundamental are fundamental rights?" SA Publikreg Vol. 16 (2001) 122.

10 *Mohamed and another v President of RSA* 2001(2) par. 62.

Om te bepaal of daar regmatig afstand gedoen is van 'n reg, moet die magsverhouding wat tussen die betrokke partye geld, in ag geneem word – die plaaswerker wat onderneem om nie aan die verkiesing deel te neem nie of om nie aan 'n vakbond te behoort nie, bevind hom in 'n baie swak posisie teenoor sy werkgewer wat dit van sy werknemers eis – indien daar nie aan sy “versoek” gehoor gegee word nie, volg moontlike afdanking en afsetting van die plaas.

Die eerstejaargestudent wat onder die druk van seniors en sy eweknieë “vrywillig” aan onsmaklike ontgroeningspraktyke deelneem, het nie noodwendig die aard en omvang van al sy regte oorweeg nie. Dít is in alle waarskynlikheid ook nie aan hom verduidelik nie, en nog minder is so 'n persoon ten volle bewus van al die gevolge van sy toestemming of die weiering daarvan.

Soms word 'n onderskeid getref tussen die sogenaamde persoonlike vryheidsregte (vryheid van spraak, die reg om te stem) en fundamentele regte (die reg op lewe en menswaardigheid) met die oog daarop dat ek afstand kan doen van my vryheidsregte maar nie van my fundamentele regte nie. Die verband tussen die twee moet egter oorweeg word. Sekere vryheidsregte kan byvoorbeeld wel 'n effek op my fundamentele regte hê en daardeur word hul belangrikheid verhoog. Onder bepaalde omstandighede mag ek egter vrywillig besluit om nie my reg tot vryheid van spraak uit te oefen nie of om te swyg, of om nie aan 'n verkiesing deel te neem nie.

Onder ander omstandighede mag die afstanddoeningsbesluit dalk gedwonge wees en neerkom op 'n aantasting van iemand se menswaardigheid – 'n senior bullebak dreig 'n eerstejaar indien hy aan die koshuisvader vertel waarom hy vol blou kolle is, of iemand verjaag my van die stembus tydens 'n algemene verkiesing. Die omstandighede waaronder ek van my regte afstand doen, is dus van deurslaggewende belang, al is dit nie 'n fundamentele reg wat direk in die gedrang is nie.

Ons howe het nog nie finaal oor hierdie onderwerp uitspraak gelewer nie.

In 'n sekere private skool is godsdiensoonderrig verpligtend. 'n Ouer wil nie hieraan gehoor gee nie en dring daarop aan dat haar kind nie aan die godsdiensoefening deelneem nie. Die hof beslis dat die ouer afstand

gedoen het van haar regte toe sy die kind ingeskryf het by die skool, wel-wetende wat die reëls, regulasies en praktyke van die betrokke skool is.¹¹

In 'n ander saak voor die Kaapse Hoë Hof het 'n Islamitiese vereniging aangevoer dat die Grondwet nie die afstanddoening van 'n fundamentele aspek van 'n mens se geloof goedkeur nie.¹² Die vereniging het grond gekoop en onderneem om nie klankversterkers te gebruik wanneer hulle hul lede tot gebed oproep nie. Die hof bevind dat die klankversterking vir die oproep tot gebed nie 'n fundamentele riglyn van die Islamitiese geloof is nie en dat die oorspronklike ooreenkoms daarom nie hul godsdienstige regte ondermyn het nie.

Die Kommissie het die SABC en e.tv onsuksesvol voor die Onafhanklike Uitsaai-owerheid gedaag omdat hulle 'n minderjarige kind se MIV/Vigs-status op televisie bekend gemaak het. Die argument wat aangevoer is, het gesentreer om die mening dat die minderjarige se privaatheid, menswaardigheid en beste belange nie oorweeg is nie. Die tribunaal het bevind dat, aangesien die ouers toestemming gegee het, hulle namens die kind afstand gedoen het van die kind se grondwetlike regte. Voorts is bevind dat selfs al is sekere van die kind se regte geskend, dit in ooreenstemming met die bepalinge van die beperkingsklousule geskied het en dat die optrede gevolglik redelik en regverdigbaar was.

Daar is dus nie 'n algemene reël aangaande die kontraktuele afstanddoening van 'n grondwetlike reg nie. Elke geval sal volgens meriete en die betrokke feite beoordeel moet word.

Feit is dat wanneer al die hindernisse oorweeg word wat oorbrug moet word ten einde afstanddoening van menseregte geldig te maak, die organiseerders van Kamp Staaldraad en sommige eerstejaardoopseremonies heel moontlik mag struikel en hulle in die proses aan menseregteskendings skuldig maak.

11 *Wittman v Deutscher Schülverein*, Pretoria 1998 (4) SA 423 (T).

12 *Garden Cities Inc Association v Northpine Islamic Society* 1999 (2) SA 268 (C).

WAGHOND OF BLAFHOND?



Ek weet hoe Breyton Paulse, kranige Springbokrugbyspeler gevoel het. Nadat hy amper 50 toetse vir die Springbokke gespeel het, is hy steeds as 'n kwotaspeler getel. Sy talent, vaardighede en ervaring is nie geag nie – wat saak gemaak het is dat die Bokspan sonder hom te wit was. Hierdie saak is nou hopelik bygelê met die algemene aanvaarding dat hy in die span is omdat hy kan rugby speel en selde, indien ooit, 'n slegte wedstryd speel.

Nadat ek “vyftig toetse” gespeel het – by wyse van nagraadse studie, buitelandse navorsing, internasionale konferensies, optredes in die Konstitusionele Hof – bel 'n groepie klaers vir Barney Pityana (op daardie stadium Voorsitter van die Kommissie) en eis dat hy my as aangestelde tussenganger in hul saak moet vervang met iemand anders wat soos hulle lyk en hulle sal verstaan. Ek was gebelg.

Barney se besliste antwoord het hul tjank afgetrap: “Alle kommissarisse word deur die Staatspresident, op aanbeveling van die Parlement, aangestel. Hulle lê 'n eed van getrouheid teenoor die Grondwet voor 'n regter van die Konstitusionele Hof af. Daar word van hulle verwag om te alle tye sonder guns of vrees toe te sien dat grondwetlike oogmerke gehandhaaf word. Jul versoek word van die hand gewys – Wessels is die tussenganger of julle is op jul eie.”

Die gemeenskap van Pimville betoog met plakgate: “We want Piet” – dit is nou baasspeurder Piet Byleveld. Die owerhede word versoek om die suksesvolle ondersoekbeampte in menige moordsaak, ook in die wyd gerapporteerde Leigh Matthews-saak, aan te stel om 'n saak in hul omgewing waarin twee tienermeisies vermoor is, te ondersoek.

Breyten Paulse en Piet Byleveld is 'n inspirasie vir my – dit is die kwaliteit van jou werk wat tel en nie hoe jy lyk nie. Dit is die enigste manier waarop jy in die Kommissie staande kan bly wanneer klaers en oortreders eers op mekaar en later op jou begin blaf wanneer hulle nie hul sin kry nie.

Klaers bestempel die Kommissie dikwels as blafhond sonder tande omdat die Kommissie anders as 'n hof nie bevele gee nie, maar slegs aanbevelings aan die oortreders van menseregteskendings maak.

Hierteenoor voel die *oortreders* effe anders, want hulle kan wel hof toe gesleep word indien die aanbevelings van die Kommissie nie gerespekteer word nie. Vir hulle is dit daarom 'n hond met blaf én byt. Die oortreders wat nog wil wonder of dit 'n blafhond of bythond is, verander vinnig hul deuntjie wanneer negatiewe publisiteit instroom en die eerste regsdokumente aan hulle beteken word. Dit is die rede waarom die Kommissie se aanbevelings selde geïgnoreer word.

Ingevolge die Grondwet word daar van die Kommissie verwag om¹

- ❖ respek vir menseregte te bevorder;
- ❖ die beskerming en ontwikkeling van menseregte te verseker; en
- ❖ die stand van menseregte te evalueer en monitor.

¹ Artikel 184(1).

WAT SÊ DIE PROKUREUR?



'N RSG-PROGRAM OOR DIE
MENSEREGTEKOMMISSIE
5 JANUARIE 2004

ANTHEA WARNER: Dit is die eerste uitsending van “Wat sê die prokureur?” vir 2004 en dit is my voorreg om vandag se program te behartig. Teen die middel van die maand is Niekie van den Berg en Igna Klynsmith weer terug as gereelde aanbieders van hierdie program.

Nou, met 'n nuwe jaar en 'n nuwe begin wat op ons wag, het ek dit goedgevind om vir Leon Wessels van die Menseregtekommissie te nooi om vanoggend met ons te gesels oor menseregte. Goeiemôre, Leon.

WESSELS: Hallo, Anthea.

WARNER: Dit is nege jaar sedert die ontstaan van die Menseregtekommissie. Kan jy dalk net agtergrond gee oor hoe hierdie liggaam tot stand gekom het?

WESSELS: Die Kommissie is 'n skepping van die Grondwet. Tien jaar gelede het 'n vergadering onder die toesig van die Verenigde Nasies in Parys, Frankryk, plaasgevind waartydens 'n reeks beginsels ontwikkel is wat as riglyne moes dien waarvolgens menseregtekommissies wêreldwyd behoort te funksioneer. Die instelling moet deur 'n wet – verkieslik 'n grondwet – tot stand gebring word; die lede van die kommissie moet verteenwoordigend wees van die bevolkingsamestelling van die land; en die kommissie moet onafhanklik wees, dit wil sê, losstaan van die regering van die dag, volgens eie oordeel onafhanklike besluite oor strategiese doelwitte kan neem en diskresie sonder vrees of guns kan uitoefen.

Die Suid-Afrikaanse onderhandelings in Kempton Park het plaasgevind terwyl hierdie internasionale debatte gevoer is. Die voorstanders van die

totstandkoming van so 'n kommissie in Suid-Afrika was deeglik bewus van die internasionale denkrigtings.

Daar is tans ongeveer 'n honderd sulke kommissies in die wêreld.

WARNER: In watter mate is die Grondwet van Suid-Afrika en dit wat julle doen by die Menseregtekommissie met mekaar vervleg?

WESSELS: Dit is baie diep met mekaar vervleg. Ons is soos 'n vis in 'n bak water; ons kan nie buite die bak water leef nie. Met ander woorde, ons het geen jurisdiksie om buite die raamwerk van die Grondwet te funksioneer nie.

WARNER: Wat sê die geskiedenis van die Menseregtekommissie, nege jaar later, van die sake waarby julle wel betrokke geraak het? Hoe suksesvol was julle om 'n invloed te hê en kan 'n mens sê die Menseregtekommissie in Suid-Afrika is 'n organisasie met tande?

WESSELS: Anthea, die beweging is, soos ek aangedui het, tien jaar oud en die vraag word nou internasionaal gestel: "Bestaan hierdie kommissies bloot of is hulle effektief?" Vir 18 maande het 'n groepie akademici van die Queens Universiteit in Belfast, Ierland, navorsing gedoen om te probeer vasstel hoe effektief hierdie kommissies is.

Die Suid-Afrikaanse Kommissie was een wat spesifieke aandag geniet het. In die breë is hulle bevinding dat die Suid-Afrikaanse Kommissie goed funksioneer, maar dat daar tekortkomings is. Ons erken ook in eie geledere dat ons te kort skiet.

Ons presteer nie na wense nie, ten spyte van die feit dat ons 'n reeks suksesse behaal het. Effektiewe funksionering bly altyd 'n uitdaging en volmaaktheid word selde bereik.

WARNER: Stamp julle baie koppe met die regering? Hoe groot is julle invloed op die regering, aangesien julle salarisse deur die regering betaal word?

WESSELS: Dit is 'n kritieke vraag. Ons doen verslag aan die Parlement. Ons doen nie verslag aan die regering nie. Wanneer ons jaarliks voor die

Parlement verskyn, is al die politieke partye teenwoordig; al die politieke partye hou ons dus verantwoordelik vir ons doen en late. Dit is 'n sessie wat in die openbaar geskied. Ons hoef dus nie aan die regering verslag te doen nie.

Jy moet egter ook verstaan dat daar dikwels dinge gebeur wat maak dat ons met die regering moet saamwerk. Vandag werk ons met die regering saam en môre kritiseer ons hulle. En hulle hou nie van kritiek nie; politici in die algemeen hou nie van kritiek nie. Daar is 'n gesonde distansie en 'n gesonde spanning tussen ons.

WARNER: As ek my as 'n gewone burger van Suid-Afrika op die Menseregtekommissie wil beroep om my saak verder te neem, waar begin die proses en watter proses word dan gevolg?

WESSELS: Wel, Anthea, dit is vandag blou Maandag in die nuwe jaar, so almal is stadig maar seker besig om hul dinge vir die jaar reg te kry.

Ek het vanoggend 'n oproep van iemand uit Maputo ontvang – 'n Suid-Afrikaner met probleme in Maputo. Die persoon het die telefoon opgetel, die Menseregtekommissie geskakel by 011 484 4300. So gaan dit elke dag. Mense tel die telefoon op, hulle bel of hulle stap by ons provinsiale kantore in.

WARNER: Word elke saak dieselfde behandel – klein en groot?

WESSELS: Elke saak word presies dieselfde behandel. 'n Persoon bel, stap in, kontak ons deur die webwerf, hoe dit ook al sy. Dan kyk 'n regsbeampte individueel daarna, of 'n groep, afhangende van die moeilikheidsgraad van die saak.

Sake word soms skriftelik deur briefwisseling opgelos. Soms moet die partye net bymekaar gebring word om te gesels en die misverstand op te klaar. Die probleem kan egter so wyd of diep loop dat 'n formele ondersoek geloods moet word. Die Kommissie kan ook in eie naam of namens iemand sake na die Hof neem.

WARNER: Wat kos dit die individu as hy hom op die Menseregtekommissie beroep?

WESSELS: Dit kos die individu niks nie, want ons is 'n staatsinstelling en funksioneer met belastingbetalers se geld.

WARNER: Wat van die burokrasie – draai die wiele maar stadig?

WESSELS: Daar is beslis amptenare wat hul plig doen. Ons loop ons ook vas teen amptenare wat in die woorde van Trevor Manuel net nie die gees van *batho pele* – die mense eerste – uitleef nie. Hul toewyding kan bevraagteken word.

WARNER: Misdaad is 'n probleem. 'n Ander kwessie is sekerlik rassisme in postapartheid-Suid-Afrika?

WESSELS: Wanneer ons oor menseregteskendings in die algemeen praat, word ons fokus altyd afgelei en ons aandag gevestig op die groot misdaadvraagstukke. Ons het opinies oor effektiewe dienslewering met betrekking tot die bekamping van misdaad en is besorg daaroor. Wanneer iemand se reg op eiendom of sy reg op lewe aangetas word, is dit 'n mensereg van so 'n individu wat geskend word.

Die tweede vraag wat jy geopper het, het betrekking op rassisme. Die probleem van rassisme lê daarin opgesluit dat mense die bestaan van rassisme ontken. Natuurlik ken ons nie rassisme vandag in die jaar 2004 soos wat ons dit voor die demokraties saamgestelde Grondwet geken het nie.

Die land is nie gestruktureer volgens rasse nie. Jy trou, woon, beweeg waar jy wil. Daar is nie 'n wet wat dit verbied nie. Daar is trouens 'n reg om te trou, te beweeg en te woon waar jy wil. Dit draai egter dikwels om hierdie diep, ek wil amper sê, ingeteelde rassisme in ons wat so subtiel is dat mense die bestaan daarvan ontken.

'n Praktiese voorbeeld is die een wat hom onlangs in die weermag afgespeel het. Mense word verbied om dambord te speel. Daar blyk geen kwaadwilligheid te wees nie. Die witmense speel skaak, die ander troepe speel dambord en daar is 'n verbod teen dambord. Jy mag nie dambord speel nie.

Nou voel hierdie jong soldate gegrief. Hoekom kan die wit soldate hul keuse van ontspanning, te wete skaak, beoefen terwyl die wat nie

geleer het om skaak te speel nie, maar wel vernuftige dambordspelers is en ander vingerspeletjies speel, verbied word om hul speletjies te speel? Ewe skielik sit jy met 'n rassesituasie en rassekonflik.

As die partye net rustig met mekaar sit en praat en verduidelik waarvandaan hulle kom en wat hul oogmerke is, kan die saak opgelos word en hoef die spanningsvlakke nie hoog opgejaag te word nie.

WARNER: Maar ons praat nou nie net hier van beskuldigings deur swartmense oor wit rassisme nie; dit is ook omgekeerd.

WESSELS: Wel, sulke klagtes ontvang ons ook. Daar is 'n gevoel onder sekere mense dat dit net witmense is wat hulself aan rassisme kan skuldig maak. Dit is inderdaad nie korrek nie. Jy kry vooroordele wat hom afspeel na beide kante toe.

WARNER: Leon, ons tyd is ongelukkig verstreke. Mooi bly en tot siens.

EINDE VAN GESPREK

JOU ÉN MY REGTE

SPESIALE REGTE

MENSWAARDIGHEID



KAMP STAALDRAAD EN KAALNAELERS

Jare gelede het Thomas Jefferson vertel dat sy mense van nature vry is en dat dit nie deur die guns van die plaaslike “magistraat”, oftewel die owerheid, geskied nie. Die grondwetlike onderhandelars het iets hiervan probeer vasvat deur te verklaar dat elke mens geregtig is op “ingebore” waardigheid.¹

Die belangrikste internasionale menseregtedokumente soos die Universele Deklarasie van Menseregte en die Afrika Handves van Regte erken en omskryf menswaardigheid as ’n onvervreembare en onaantasbare reg. Menswaardigheid word ook in verskillende grondwette as die sleutel tot die menseregtebedeling bestempel.

In die nuwe Suid-Afrikaanse demokrasie is die sentiment vroeg-vroeg uitgespreek dat die reg op lewe en menswaardigheid die belangrikste twee regte is. Dit vorm die basis vir ’n reeks persoonlikheidsregte en selfs ook ander regte. Mense is geregtig op respek en beskerming.²

Elke mens, ongeag sy of haar burgerskap of status, is geregtig op menswaardigheid. Menswaardigheid ken geen grense nie. Almal is daarop geregtig, bloot omdat hulle mense is. Asielsoekers en vreemdelinge in ons land is ook op menswaardige behandeling geregtig.

Al hierdie geleerde woorde het een oggend in die Vrystaat vir my spesiale betekenis gekry toe Jerry Nkeli, ’n lid van die Kommissie, kaalvoetkinders by ’n plaasskooltjie moes toespreek. Ek het gewonder hoe hy

1 Artikel 10 – “Elkeen het *ingebore* waardigheid en die reg dat daardie waardigheid gerespekteer en beskerm word”. [Eie beklemtoning.]

2 *S v Makwanyane* 1995 (3) SA 391(KH).

hulle aandag sou hou, want dit was my vermoede dat hulle eerder sou wou speel as om na hierdie omies uit die stad te luister – dit was egter 'n pligpleging wat hulle nie kon ontsnap nie.

My verbasing was groot dat hy hulle kon boei met 'n toespraak oor die reg op menswaardigheid:

“Onthou en moet asseblief nooit daaraan twyfel nie dat julle belangrik is. Die feit dat ons vanoggend hier is, bevestig dat julle en jul regte vir ons belangrik is. Julle is belangrik, want julle het 'ingebore' menswaardigheid – dit staan in die Grondwet geskryf. Die Grondwet is die hoogste wet in die land; almal staan onder hierdie wet – die Staatspresident, julle tradisionele leiers, julle ouers, die onderwysers, almal! Niemand durf julle ooit misbruik of mishandel nie – nie julle ouers nie, nie julle familie of julle vriende nie, nie hierdie onderwysers wat saam met ons op die verhoog sit nie (*die kinders giggel saggies*), nie die boer op wie se plaas die skool is nie, ook nie die boer op wie se plaas julle bly nie. Julle het 'n reg om geag te word. Julle het 'n plek onder die son. Wat meer is, ander moet dit respekteer.”

So gaan hy voort en vertel onder luide gelag dat lyfstraf ontoelaatbaar is, waarsku teen seksuele mishandeling en uitbuiting deur mense in gesags- en vertrouensposisies en lig almal in dat kinderarbeid onwettig is. Die kinders geniet dit gate uit, so asof hy met elke stelling die spyker op die kop slaan – tot groot ongemak van al die eerbiedwaardige onderwysers en gemeenskapsleiers op die verhoog wat kort-kort senuweeagtig rondskuif.

Menswaardigheid vind neerslag in baie vorme en kom ook kort-kort ter sprake wanneer ander regte oorweeg word – armoede, werkloosheid, taalregte, godsdienstrege en gelykheid. Bykans alle regte kan daarmee in verband gebring word. Menswaardigheid as 'n waarde moet telkens oorweeg word wanneer regte geïnterpreteer, gebalanseer of beperk word.

Menswaardigheid as 'n reg het al in die howe ter sprake gekom wanneer die doodstraf, lyfstraf, laster en metodes van kriminele ondersoek oorweeg is.

Menswaardigheid as 'n selfstandige reg is vatbaar vir beperking wat volgens die gewone reëls van beperking geskied. So kan die sakeman wat tronkstraf vir witboordjiemisdad uitdien, hom nie daarop beroep dat sy menswaardigheid aangetas word omdat hy nie toegelaat word om sy duur snyerspakke in die tronk te dra nie. Verder kla hy dat hy dit as vernederend beleef om die kleredrag van die gevangenis te dra wanneer vriende en

kollegas kom kuier. Die optrede van die owerheid is in hierdie omstandighede toelaatbaar omdat dit redelik en versoenbaar is met soortgelyke optredes in oop demokratiese samelewings. Hy mag egter nie uitgesonder word vir spesiale diskriminerende aandag bloot omdat hy 'n stewige bankbalans het nie.

Menswaardigheid kan geensins onder noodtoestande opgehef word nie. Geen krisis in 'n land kan dus so groot wees dat iemand se menswaardigheid van hom weggeneem of geheel en al geïgnoreer kan word nie. Tydens so 'n noodtoestand mag 'n persoon byvoorbeeld nie van sy klere gestroop word om te verseker dat hy nie uit aanhouding ontsnap nie.

In die ou dae toe niemand 'n grondwetlike reg tot "ingebore" menswaardigheid gehad het nie en die grondwetlike bedeling nie berus het op die grondwetlike waardes van onder andere menswaardigheid nie, kon jy kwistig name gee tydens ontgroeningseremonies. Jong mans is op die paradeground vertel hoe treurig hulle was – die drilinstrukteur kon sy gekruide woordeskat uitstal en daarmee wegkom. Kriminele en siviele stappe kon ingestel word, maar dié moeisame pad is selde betree. Sou dieselfde vandag gebeur, sou dit groot grondwetlike sake impliseer met talle openbare instellings wat toesig hou. Dit is dringender en nog meer verswarend wanneer die persoon aan die ontvangkant nie soos jy lyk nie.

Me. Nosimo Balindlela, Oos-Kaapse LUR en tans die Premier in daardie provinsie, dagvaar me Erika de Beyer in 'n siviele geding omdat sy Balindlela 'n bobbejaan genoem het. "Niemand het die reg om enige ander persoon se waardigheid op so 'n manier af te kraak nie. Ek kan dit nie daar laat nie," het Balindlela gesê. De Beyer is reeds in 'n landdroshof met R1 500 beboet vir *crimen injuria* en deur landdros Elmarie Potgieter gemaan om eerder in die toekoms te dink voordat sy praat.³

Tydens 'n heftige bespreking oor regstellende aksie en die feit dat vroue dikwels die binnebaan geniet wanneer dit kom by die vul van vakatures, merk Mongezi Guma, Voorsitter van die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe, ondeund op: "Dit is gelukkig nie 'n probleem waarmee die Springbokrugbyspan opgesaai sit nie." "Hoekom?" wil almal verbaas weet.

3 Rapport, 28 Maart 2004.

“Vrouens wil nie saam met die Springbokke oefen nie, want hulle oefen sonder klere.”

Die foto van die klompie Springbokke – verskrik, kaal en met sulke uitgewaste oë – wat sonder hul toestemming op die voorblaaie van ons koerante pryk, of die eerstejaarmansstudente wat kaal soos diere deur dronk seniors in die strate van die studentedorp aangejaag word, sal nooit die toets van “ingebore waardigheid” kan deurstaan nie.

Ondersteuners van hierdie soort aktiwiteite sukkel om dít te verstaan en begryp nie dat hul optrede nie deur die Grondwet beskerm sal word nie.

Die Konstitusionele Hof het uitgewys dat menswaardigheid sentraal staan in die debat oor die verbod op “onbillike diskriminasie” – dit beteken om mense op so ’n wyse verskillend te hanteer dat hul aanspraak op waardigheid nie aangetas word nie. Menswaardigheid en vryheid is ook ten nouste met mekaar vervleg – menswaardigheid het weinig betekenis sonder vryheid.⁴

Uitasem bel iemand wat aan die hoof staan van skoonheidsopleiding by ’n tegniese kollege die Kommissie: “Hier voor my deur staan ’n jong man wat daarop aandring dat ons hom oplei in skoonheidskunde. Ek het verduidelik dat dit nie moontlik is nie, want die instruksies is vroue, die studente is vroue en die kliënte is vroue. Hier was nog nooit ’n man nie; hier is nie plek vir ’n man nie.” “Nee,” sê die aspirantstudent, “julle is uit die oude doos – ons het nou ’n Grondwet wat bepaal dat julle nie teen my mag diskrimineer nie. Ek wil opgelei word in skoonheidskunde en wil in die filmbedryf werk. Hier gaan nog eendag ’n Suid-Afrikaanse Hollywood tot stand kom – ek wil deel wees daarvan. Julle moet my oplei. Ek gaan elke dag terugkom totdat julle instem om my op te lei.” “Wat staan my te doen?” pleit die benoude stem aan die ander kant. “Ons is net vroue hier, ons doen dinge hier wat net een vrou aan ’n ander kan doen sonder om ongemak te veroorsaak. Wat staan my te doen?”

Ek voer ruggespraak met Barney Pitso, Voorsitter van die Kommissie. Ons toets die omstandighede teen die grondwetlike bepalings. Kyk, dis-

4 Prinsloo v Van der Linde 1997 3 SA 1012 (KH); *President of the Republic of South Africa v Hugo* 1997 4 SA 1 (KH); *Ferreira v Levin* NO 1996 1 SA 984 (KH).

kriminasië is uit – hulle sal nie teen die voornemende student kan diskrimineer bloot omdat hy 'n man is nie – hulle sal hom dus so ver moontlik moet akkommodeer. Of sou 'n mens dalk kon argumenteer dat diskriminasië in hierdie geval redelik en billik is? Vroue se waardigheid moet egter ook gerespekteer word en waar hul waardigheid in gedrang kom, sal dit respekteer moet word. Die klasse of die praktiese oefeninge wat ongemak veroorsaak, sal gedupliseer moet word. Is dit egter haalbaar en billik om so iets te verwag? Ons besluit dat gelykheid en waardigheid opgeweeg moet word, maar dat die vroue se aanspraak op waardigheid die deurslag moet gee.

Menswaardigheid moet 'n eg Suid-Afrikaanse inhoud kry. *Ubuntu* (medemenslikheid – ek word mens deur ander mense) moet in die praktyk toegepas word. “Om volkome mens te wees, moet jy die menswaardigheid van ander erken. Begin by jouself en ontdek die goeie in ander. Moenie kla dat mense jou nie verstaan nie. Dit is jou plig om jouself verstaanbaar te maak. En as jy vervul en bemagtig is, sal jy geen tyd hê om ander af te kraak of terug te hou nie.”⁵

Menswaardigheid word nie verwerf nie en dit word nie aan jou toegeken nie. Jy is die draer daarvan. Nie so 'n maklike saak in sommige kulture nie, vertel my Zoeloesprekende gespreksgenoot my. In die Zoeloe-kultuur, soos in die Afrikanerkultuur, is dit moeilik, want eerbied en waardigheid moet verwerf word – jou ouderdom en jou status in die familie bepaal op hoeveel eerbied en waardigheid jy geregtig is. Dit mag so wees, antwoord ek, wat rangorde en plek in die gesagstruktuur betref, maar dit magtig jou geensins om iemand anders, ook nie jou minderes, sonder respek te behandel nie, want dan druis dit in teen die bepalings van die Grondwet en die gees van *ubuntu*.

5 Mark Matabane, skrywer van *Kaffir Boy*, soos aangehaal in *Rapport*, 30 Mei 2004.

GELYKHEID



EERSTE TUSSEN GELYKES, OF NET GELYK?

“Alles het verander; ek is niks in die land van my geboorte nie,” sê die onsuksesvolle werksoeker oor aanstellings op grond van regstellende aksie.

“Niks het verander nie; ek is steeds niks in die land van my geboorte nie,” sê die werklose wat, matrieksertifikaat ten spyt, nog nooit 'n formele werk gehad het nie.

RASSISME

Tydens 'n besoek aan Oos-Europa tref dit my dat jy nie dáár 'n kommunis raakloop nie – almal wil die ou-ou dae wegwens en niemand wil eienaarskap daarvoor aanvaar nie. My gespreksgenote vertel my hoe rassevooroordeel en kru rassisme tans daar uitslaan. In Suid-Afrika loop jy nie 'n rassis raak nie, terwyl mense wat die kommunistiese ideologie aanhang, volop is. Soos in Oos-Europa wil mense in Suid-Afrika die ou-ou dae wegwens en wil niemand eienaarskap daarvoor aanvaar nie. Onlangs vertel iemand tydens 'n radio-inbelprogram dat die regering van die dag die wette gemaak het en die burglary dit gedweë moes aanvaar. Dit is presies dieselfde argument wat in Oos-Europa ten opsigte van die kommunistiese bewindhebbers gevoer word. Hulle het die wette gemaak en óns moet volg.

Om nou in Suid-Afrika as 'n rassis gebrandmerk te word, is om melaats verklaar te word. Niemand wil die etiket dra nie. Niemand wil ook erken dat ons uit 'n rassistiese verlede kom nie. Dit gebeur ondanks die feit dat ons staatkundige bedeling daarop geskoei was en ons dit aan moedersknie ingekry het. “Nee,” word die verdediging gebou, “dit was nie 'n rassistiese beleid nie, maar eerder 'n volkerebeleid. Dít het rekening gehou met die etniese werklikhede van Afrika en die res van die wêreld. Voorts was dit

nie rassisme wat verkondig is nie, maar eintlik die liefde vir die eie en ons andersheid wat verkondig is.” Die ander kant van die kleurskeidslyn argumenteer weer so: “Dit is julle wat ons ras- en kleurbehep gemaak het, want dit was velkleur wat bepaal het of jy voorregte geniet het of dit ontsê is.”

Ek is nie dapper genoeg om my tot ’n nierassis te verklaar nie – so worstel ek daaglik met my eie vooroordele en afkere en betrap my dikwels dat my instinkte die oorhand kry.

Skemeraand in my voertuig by ’n verkeerslig hou ek voetgangers fyn dop wat nie soos ek lyk nie, maar ontspan wanneer ek my pigmentgenote sien. My skok was egter groot toe ’n kollega deur een van “my mense” in die parkeerarea van ’n spoggerige hotel in die Johannesburgse middestad vir ’n kort rukkie gekaap is en later sonder haar voertuig ’n noodoproep na kollegas en familie moes maak om haar by te staan.

Die eerste tree na groter rasseverdraagsaamheid en begrip vir mekaar is om te erken dat die kleurbewustheidseuwel steeds met ons is en om dan daarmee af te reken.

Dit geld natuurlik ook vir medelandsburgers wat ontken dat swartmense rassiste kan wees. Hulle voer aan dat rassisme in mag en begunstiging setel en dat hierdie elemente primêr by witmense gevind word – swartmense is eenvoudig nie vatbaar vir rassisme nie. Hoe dié fynvoetargument ook al gevoer word, loop ek dikwels mense aan die ander kant van die kleurdraad raak wat met velkleur behep is en glad nie daarin slaag om hul kleurvooroordele te verberg nie.

Die gesiene moeder kla dat die universiteit teen haar kind diskrimineer omdat die kind swart is. By verdere ondersoek merk die swart professor aan wie die taak opgelê is om die saak te hanteer, teenoor my op: “Ek het nooit gedink dat eksamenvraestelle deur die bril van menseregte gemerk moes word nie – ek wil dit reguit aan jou stel – dit is my indruk dat die student en haar groepie verskonings soek vir hul swak prestasies.” Dit beteken nie die einde van die debat nie en die stof gaan lê eers toe ’n bekende swaargewig in swart geledere opmerk: “Ek ken daardie professor (die wit professor waarom die twis gaan); hy is ’n moeilike man, maar allermens ’n rassis.”

RASSISME EN ONS HOWE

In en om ons howe steek dié ondier ook dikwels kop uit.

Iemand sterf tragies in 'n padwoedeongeluk. Die beskuldigde word 'n vonnis van 12 jaar opgelê met die reg tot appèl. Die omgekrapte familie sê: "Swartmense se lewe is niks werd nie. Reg tot appèl is toegestaan want die (wit) regter wil hê dat die (wit) beskuldigde met Kersfees by die huis moet wees."¹

Die regter se senioriteit, sy versigtige uitspraak na oorweging van die feite en regsbeginsels weeg ongelukkig niks – sy velkleur is anders as die van die slagoffer, daarom is die uitspraak verkeerd.

'n Bekende regsgeleerde, Thokwane Moloto, voer aan dat die saak teen hom rasgedrewe is – die klaer, die aanklaer en die landdros is almal wit. Hy dring daarop aan dat die landdros swart moet wees, so nie moet twee assessore aangestel word waarvan ten minste een 'n vrou moet wees en ten minste een 'n lid van die Vereniging vir Swart Regsgeleerdes. Hierdie versoek is nie deur die Departement van Justisie of die Kommissie ondersteun nie.

Die proefneming om in sekere strafsake soos moord, verkragting en onsedelike aanranding van leke-assessore gebruik te maak, is juis daarop ingestel om hierdie vooroordele uit die weg te ruim. Dit is vir mense wat nie aldag in die hof kom nie 'n traumatiese ervaring. Hulle wil iemand op die regbank sien wat hul omstandighede sal verstaan en simpatiek na hulle sal luister. Dit is volgens my dwaas om alleen, in hoogs emosionele sake, sonder assessore in die hof te sit en dan deur emosionele slagoffers of beskuldigdes van vooroordele beskuldig te word. Die oefenlopie om van leke-assessore gebruik te maak, verdien 'n billike kans.

LAG VIR ONSSELF

Die kwetsing van rassisme is nog só vars in ons geheue dat ons nog nie ryp is om vir onself te lag nie – elke saak is 'n oorlog. Ons is so behep met

1 *The Citizen*, 13 December 2003.

kleur, en kleur is immers 'n werklikheid – 'n reënboog (ook die reënboognasie) sonder kleur is immers ondenkbaar.

Iemand merk sarkasties op dat ons nou die politieke korrektheid en die kleur-ding te ver voer, aangesien kelners een van die dae nie meer sal kan vra of jy swart of wit koffie verlang nie, maar slegs toegelaat sal word om te vra of jy jou koffie met of sonder melk neem!

Ons sit en klets tydens 'n verposing in 'n vergadering van hooggeplaaste universiteitslui – met streng uitdrukkings hou die groot ooms wat jare gelede die plek met 'n ysterhand regeer het, vanuit die skilderye oor ons toesig. Ons praat oor hoe die wêreld waarin ons funksioneer, verander het en tog ook nog nie verander het nie. “As my grootouers nou hier ingestap kom, sal hulle jou nog baas noem,” merk iemand op. “Ek sal jou liever nie sê wat my grootouers jôu sal noem as hulle nou hier ingestap kom nie,” merk iemand anders onder groot gelag op.

'n Kollega vra laat op 'n koue aand op 'n plattelandse dorpie in die gastehuis waar hy tuisgaan of hy nie 'n koppie tee in sy kamer kan kry nie. Hierdie kamerbediening en versoek so laat in die aand is ongewoon. Toe die tee bedien word, is daar 'n vriendelike versoek: “Geniet die tee, maar moet asseblief nie die teestel vat nie, want dit is ons enigste.”

Die burgemeester en die polisiehoof van een van ons groot stede kry in die openbaar rusie. Die een beskuldig die ander van rassisme. Die partye dien klagte by die Kommissie in en vra ons om in te gryp. Dit is 'n saak wat slegs deur gesprekvoering bygelê kan word en hoort nie in die hof nie. Die partye word in die raadskantore byeengebring en die Leviete voorgelees – die Kommissie is onpartydig en is daar om toe te sien dat die Grondwet gerespekteer word. Nie een van die twee tree in die gees van die Grondwet op nie. As openbare figure stel hulle al twee 'n swak voorbeeld aan die publiek.

Na dié vermaning kom die onverwagse versoek: “Sal julle asseblief onttrek sodat ons alleen met mekaar kan gesels?” “Sekerlik,” antwoord ek, “ons sal in die gang wag.” My jong kollega, wat die saak aanvanklik alleen hanteer het, vra met groot oë: “Hoe kon jy die versoek toestaan? Hulle haat mekaar en dis moontlik dat hulle ons uit die pad wou kry sodat hulle kan baklei. Het jy gesien dat die polisieman gewapen is? Wat gaan gebeur as hy die burgemeester skiet?”

“Wel, as dit gebeur, sal ons weet dat die saak nie deur mediasie besleg kan word nie,” antwoord ek gemaak kalm.

Na wat soos ’n ewigheid voel, kom die twee uitgestap. Die suur, onge-naakbare gesigsuitdrukking is met groot glimlagte vervang. “Ons wil julle bedank dat julle ons gedwing het om met mekaar te praat. Dit was een groot misverstand. Julle kan maar huiswaarts keer, want die saak is opgelos.”

Tydens ’n boendoehofsitting in Mamelodi word die verdagtes gekapittel omdat hulle ’n TV-stel van die gemeenskap gesteel het. Die verrassende antwoord op die kwaai vraag: “Waar het julle die TV gesteel?” vang die voorsittende beamptes onkant. “In Waterkloof,” antwoord die verdagtes. “Wel, in daardie geval het hierdie hof geen jurisdiksie nie. Julle kan gaan.”

REGSTELLEDE AKSIE

Jare gelede, so in die middel tagtigerjare, toe verpligte militêre diensplig vir wit mans ’n alledaagse verskynsel was, nader ’n paar knape my. My seun, Willem, is deel van die deputasie. Die geselskappie was almal kinders van senior staatsamptenare en politici wat lojaal was teenoor die regering.

“Sê my, Oom, is dit waar dat jy nie *army* toe hoef te gaan as jy getroud is nie?” vra die segsman. Die vraag was verrassend in die lig van hul ouderdom – so min of meer 12 jaar. Ek praat hier en daar óm die punt en probeer agter die kap van die byl kom. Dit tref my soos ’n hou op die krop van die maag – hierdie seuns het geen vooruitsig van vrede nie en hulle is nie lus om hulle te laat stukkend skiet nie.

In Suid-Afrika het ons grootgeword met die idee dat daar altyd konflik sou wees en dat militêre diensplig dus altyd nodig sou wees. Die ideaal om ’n einde aan die konflik te bring, sodat slegs vrywillige diensplig moontlik sou wees, kon slegs ’n werklikheid word indien ’n politieke skikking bewerkstellig kon word – ’n regverdige bedeling waaraan almal kon deel hê. Die afvaardiging in die middel tagtigerjare het nie een nodig gehad om grensdiens te doen nie – hulle het nie grensoorloë en die geweld van oorlog soos hul voorgangers beleef nie.

Onlangs, 20 jaar later, kuier ek saam met ’n vriend – bekend en gerespekteerd in ons samelewing vir die positiewe en konstruktiewe rolle wat hy speel om die land te laat werk. Hy deel my mee dat sy 12-jarige

seun na aanleiding van internetkorrespondensie met sy nefie wat in Europa woon, asook verdere internetstudie oor lande met soortgelyke vraagstukke as die van ons, onlangs ontstellend opgemerk het dat daar nie vir hom plek in hierdie land was nie.

Dieselfde hou, op die krop van my maag, as 20 jaar gelede. Dit voel egter dié keer meer intens – ons het vrede in die land gemaak, maar jongmense, wat in die verlede kanonvoer sou gewees het, voel nie deel van hierdie vrede nie.

Hoe is dit moontlik? Wat het gebeur? Vroeër het almal – ouers, familie, skool, universiteit, kerk en regering – positief gehelp om 'n gevoel van patriotisme en lojaliteit teenoor militêre diensplig te ontwikkel. Dit was die prys wat betaal moes word om die kommunistiese wolf aan ons grense te stuit en die swart gevaar ('n meerderheidsregering) uit die magskussings te hou. Dit is nie die geval met regstellende aksie nie; ouers moedig hul kinders aan om kwalifikasies te verwerf en ander tale te bemeester. Bykans 59 000 Afrikaanssprekende leerlinge het vermoedelik tussen 1993 en 2003 na Engelsmedium en privaat skole oorgeloop – waarskynlik sodat hulle die land kan verlaat.

Hier en daar kommunikeer 'n regeringslid simpatiek om die vervreemding van regstellende aksie te versag. Dié uitsprake word nie altyd met entoesiasme ontvang nie, aangesien die werklikheid op voetsoolvlak knyp.

'n Kollega vra my wat die rede is vir die 12-jarige se swaarmoedigheid oor 'n toekoms in Suid-Afrika. Is dit persoonlike veiligheid? Is dit die lewenswyse van kinders in Europa, waar kinders saans veilig op straat kan rondloop? Is die feit van regstellende aksie werklik so 'n verskrikking?

Daar is baie min simpatiseerders vir regstellende aksie in die geledere van die mense wat aan die ontvangkant daarvan staan. Een van die min positiewe opmerkings stem 'n mens tot nadenke. 'n Wyse man vertel hoe sy familie deur regstellende aksie getref is: "Regstellende aksie moet nie die skuld kry vir my twee seuns se werkloosheid nie; dit is die prys wat ons nou betaal vir die leed wat apartheid mense aangedoen het. Apartheid was sonde. Die apartheidsstelsel het mense van al hul waardigheid gestroop. Ons prys is 'n geringe prys as jy dink wat hier kon gebeur het en wat ons alles gespaar is. Ons sal hierdie terugslae oorkom."

Dramas voortspruitend uit regstellende aksie speel hulle daaglik om ons af.

'n Vriend moes 'n arbitrasieproses hanteer omdat 'n stryery ontstaan het oor die aanstelling van 'n senior amptenaar in 'n stadsraad. Die kompetisie was tussen twee kandidate, een 'n Indiër en die ander een wit. Nadat hy die rassamestelling van die personeel in die organisasie bekyk het, het dit geblyk dat Indiërs en witmense die doelwitte van die organisasie oorskry het: beide groepe was reeds oorverteenvoordig in die organisasie. Die beginsels van regstellende aksie was dus nie van toepassing nie en die aanstelling moes op grond van die meriete van die kandidate geskied. Sy mening was dat jy nie anders kon redeneer nie, want regstellende aksie was nooit bedoel om witmense te straf nie, maar om die wanbalanse van die verlede reg te stel. Die wit kandidaat het die kompetisie gewen en is aangestel. Nodeloos om te sê, was die standpunt in sekere kringe onpopulêr.

Regstellende aksie het in Amerika ontstaan en verwys na 'n reeks programme wat daarop ingestel is om ongelykhede reg te stel wat uit diskriminerende praktyke voortspruit. In die breë neem dit twee vorme aan – beleid om die samestelling van die werksmag te verander en beleid om te verseker dat die regering, openbare komitees en opvoedkundige instellings meer verteenwoordigend daar uitsien.

Daar is egter fundamentele verskille tussen die situasies in Amerika en Suid-Afrika. Begunstigdes van regstellende aksie in Suid-Afrika is in die meerderheid. Dit veroorsaak debatte oor die gewig wat aan onbillikheid toegeken word en vrae oor hoe lank regstellende aksie dan sal moet voortduur ten einde ongelykheid uit die weg te ruim.

Regstellende aksie is soos slegte medisyne – 'n vorm van medikasie wat ons in Suid-Afrika moet gebruik as ons 'n vreedsame en voorspoedige toekoms tegemoet wil gaan. Dit is 'n buitengewone program om buitengewone omstandighede te probeer regstel. Die ander kant van die spektrum meen weer dat daar te veel klem op verteenwoordiging gelê word – meer klem behoort op ekonomiese groei en die opleiding van voorheen benadeeldes geplaas te word.²

Hoe meer ek na hierdie debatte luister, hoe meer besef ek dat die partye by mekaar verbypraat – hulle luister, maar hulle hoor nie, want die een party oortuig die ander selde: "Ons was benadeel en die saak moet

2 Salie Manie en Dirk Hermann in *Rapport*, 25 Julie 2004.

nou reggestel word” staan teenoor “Ons is mos nou almal gelyk, maar julle diskrimineer teen my omdat ek wit is.”

Daar is tóg mense aan die ontvangkant van regstellende aksie wat meen dat dit op ’n billike wyse toegepas word – dit moet nie absoluut rigied benader word nie en diegene wat nadelig deur regstellende aksie getref word, moet bygestaan word met opleiding en alternatiewe loopbaankeuses.³

Flip Buys van Solidariteit vertel van twee interessante ervarings. ’n Bank ken dertig beurse toe – almal aan kandidate wat deur regstellende aksie bevoordeel word. Dít laat ’n matrikulant met 11 onderskeidings gestrand. Die saak word reggestel nadat Nelson Mandela persoonlik ingryp. Wit polisiebeamptes, almal plofstofdeskundiges, word alle bevorderings ontsê omdat hulle wit is. Die aangeleentheid word met welslae voor die Arbeidshof gebring. Niemand het die nodige kundigheid om bevorder te word nie. Die huidige lede sal nou help om nuwe lede op te lei, veral mense wat nie voorheen hierdie poste kon beklee nie.

Te midde van al hierdie mistroostigheid oor regstellende aksie merk ek iets op – ’n nuwe klank wat ’n ander inslag aan toekomstige debatte gaan gee. Terwyl ek met ’n glimlag sit en luister, murmureer my jong swart manlike kollegas telkens wanneer hulle nie suksesvol is met ’n werksaansoek nie omdat ’n “regstellende aksie”, ’n vroulike kandidaat, aangestel is. Ambassadeurs wat met tuisverlof in Suid-Afrika is, vertel dat hulle nie altyd antwoorde het wanneer jongmense in die buiteland hulle oor hul lot voortspruitend uit regstellende aksie bekla nie. Ten spyte van die breedsprakige openbare uitlatings van sommige mense oor regstellende aksie, is daar aanduidings dat die tyd dalk aangebreek het vir meer rasonale, koelkop gesprekvoering oor dié onderwerp.

RASSEKLASSIFIKASIE

Soms gesel ons mekaar nog met die rassesweep. Tydens die skrapping van die Ontugwet en die Wet op Gemengde Huwelike het ek eerstehands verneem van die hartseer wat hierdie wette en die rasseklassifikasie van

3 Flip Buys tydens die “Equality Indaba” (hierna Indaba) georganiseer deur die Kommissie, 24 & 25 Junie 2004.

mense meegebring het. Ek het nooit kon dink dat mense 20 jaar later steeds só ongevoelig in hierdie debatte sou optree nie.

Is dit vandag nog nodig om mekaar soos in die ou dae te klassifiseer terwyl die Grondwet juis nierassigheid verkondig? Nuwe wetgewing verwys steeds na dieselfde ou kategorieë en verdelings wat die vorige bedeling gekenmerk het – Afrikaan, kleurling, Indiër en wit.

Voorstanders van die gedagte dat die ou klassifikasies moet verdwyn, blyk meestal aanhangers van *formele* gelykheid te wees – ons is almal gelyk en punt. Diegene wat verduidelik dat rasseklassifikasie sinvol is, is meestal aanhangers van *substantiewe* gelykheid – die verlede kan nie somer toegesmeer word nie, aangesien die kwetsing en die ou ongelykhede slegs reggestel kan word indien jy weet wie deur diskriminasie benadeel is en hoe hulle nou op die gelykheidsleer vorder.

Akademici voer aan dat rasseklassifikasie voorlopig ter sake sal bly, aangesien die verkondiging van kleurblindheid die miskenning van die sosiale werklikheid is. Daar word toegegee dat regstellende aksie bydra om rassebewustheid te bevorder, maar dít is minder gevaarlik as om dit te ignoreer.⁴

Die Adjunkminister van Justisie, Johny de Lange, sê dat om 'n nierassige samelewing te skep en terselfdertyd met die ongelykhede uit die ou dae weg te doen, moeilik is. Die ou ongelykhede kan slegs behandel word indien jy gebruik maak van die klassifikasies van die ou bedeling.⁵

Regter Kate O'Regan meen dat die klassifikasies egter met groot omsigtigheid hanteer moet word en slegs gebruik kan word as 'n meet- en koersinstrument om te bepaal of vordering gemaak word met die "bereiking van gelykheid" en of die pas versnel moet word om die verlede te ontken. MIV/Vigs kan as 'n voorbeeld dien. Dit is 'n aaklige siekte waaraan 'n slegte stigma kleef. Dit kan egter nie behandel word indien die bestaan daarvan ontken word nie. Daar moet eers vasgestel word wie die siekte onder lede het ten einde daardie mense te behandel.⁶

4 Dupper O, "In defence of affirmative action in South Africa", *The South African Law Journal* (Vol. 121 Part 1) 187.

5 Indaba.

6 Indaba.

Indien iemand my in die tagtigerjare sou vertel het dat lede van die inklusiewe, nierassige, United Democratic Front (UDF) 20 jaar later vir lief sou neem met rasbehepthed sou ek dit nie geglo het nie. Ras het nou volgens prof. Jakes Gerwel, op sy dag self 'n UDF-voorbok, 'n kommoditeit geword – die nuwe begunstigdes van rasseklassifikasie laat hulle dit welgeval en die voormalige begunstigdes rebelleer daarteen.

Die oogmerke wat O'Regan gestel het, klink geloofwaardig, maar is nie werklik oortuigend nie. Daar is sekerlik ander metodes om vordering op die transformasiekurwe te meet – almal weet watter skole fisies in duie stort, waar die treurige eksamenuitslae vandaan kom, waar daar geen ouer- of gemeenskapsdeelname in skole is nie. Waarom moet leerders met 'n rassekwas gekontamineer word om te bepaal hoe transformasie in die onderwys vorder?

DIVERSITEIT

Dit maak nie saak wat jou agtergrond is of waar jy vandaan kom nie – ons sukkel nog om mekaar te verstaan. Die swart polisiebeampte vertel aan die Kommissie hoe hy deur die wit boer verhinder is om 'n misdadiger op die boer se plaas te arresteer omdat die boer nie vreemde swartmense op sy plaas toelaat nie. Hierdie onoortuigende argument verwerp ek en wil van die polisiebeampte weet waarom hy nie sy identiteitsdokument getoon het nie. Indien die boer met sy hardnekkige houding volhard het, moes hy hom daar en dan gearresteer het en vir dwarsboming van die gereg aangekla het. “Ek het nooit daaraan gedink nie,” antwoord hy my.

Ek is nie beïndruk met dié argument nie en neem die saak met van my kollegas op. Dit is hoe rassisme werk, vertel hulle my. Tydens wit-swart-interaksie is witmense vol selfvertroue, eintlik meerderwaardig en tree swartmense onderdanig en minderwaardig op. Ek sluk swaar aan hierdie verduideliking, maar besluit om voortaan met arendsoë te kyk wat om my aangaan.

Tydens ons reise – by padkafees, in klein hotelletjies – hou ek die situasie fyn dop. Die behandeling is nie dieselfde nie. Ek kry meestal voorkeurbehandeling van my pigmentgenote terwyl die verhoudinge met ander dikwels effe stram is. Dikwels moet ek tussenbeide tree om te help en selfs

'n bietjie kalmte te bring om verleentheid te voorkom – 'n stemtoon en lyftaal verrai so baie.

Hierdie ding van meerderwaardigheid/minderwaardigheid en omgekeerde arrogansie bestaan indien jy goed kyk – dit is immers Suid-Afrika hierdie waar “baasskap” vir eeue in velkleur en nie in meriete gesetel het nie. Grysoppe het kinders as “baas” en “miesies” aangespreek bloot omdat hulle wit was. Vandag is dit veronderstel om 'n taboe te wees, maar ons sukkel nog om die gevolge van eeue se vooroordele uit te wis.

Mense skryf dikwels oor die diversiteit in ons land en gee advies.⁷

- ❖ Diversiteit is waarom dit in dié land draai.
- ❖ Dit is verstaanbaar dat ons is soos ons is. Ons is besig om ons rassitiese verlede te oorkom – om dit te ontken is om ons geskiedenis voor 1994 te ontken.
- ❖ Rassisme is veel meer as vooroordeel en houding. Dit is hoe ons onself verstaan en definieer.
- ❖ Rassisme is nie meer wat dit was nie – dit is baie meer subtiel.
- ❖ Oor hierdie dinge moet ons praat en ons moet ons optredes in oënskyn neem.

Hier is ondertone van frustrasie in ons land wat nie aldag verstaan word nie. Alvorens vinnige “ek-weet-alles”-uitsprake gemaak word, kan dit dalk sinvol wees om die ou wysheid toe te pas: “Alvorens jy iemand kritiseer, moet jy eers 'n ent in sy velskoene stap.” Niemand wil 'n tweedeklasburger in sy eie land wees nie en dit mag net loon om vas te stel waarom 'n ander persoon voel soos hy of sy voel. Indien jy aan die ander kant van die debat stelling inneem en bloot kyk hoe die wêreld van daar af lyk, moet jy dalk 'n bietjie van jou wysheid afskud en mag dit dalk vrugte afwerp wanneer jy 'n bietjie meer beskeie is oor jou standpunt.

- ❖ Hoekom sal 'n burokraat wit vroue na 'n polisiestasie verplaas ter wille van billike indiensnemingsplanne indien hulle geheel en al onmagtig is in die taal van daardie omgewing – nie Xhosa kan praat nie en nie die kultuur verstaan nie?

7 Fairlady, January 2004.

- ❖ Hoekom sal iemand parmantig aandring om in Afrikaans bedien te word indien die een wat moet help geen begrip van die taal het nie?
- ❖ In die ou dae was dit nogal iets om te sien hoe weermaggeneraals tyd verwyd het met ure lange kaartspel. Onlangs het sersant Mnwana hom vererg vir sy bevelvoerder, generaal-majoor Laubser, omdat skaak as 'n sportsoort in die weermag erken is maar nie dambord en *morebaraba* ('n inheemse spel wat met 12 klippies gespeel word) nie.

Om anders te wees is nie verkeerd nie. Om 'n ander mens op grond van fisieke verskille (soos kleur) te oordeel en veroordeel, is eintlik 'n aanklag teen jouself. Dít dui op 'n gebrek aan selfkennis. Mense moet wedersydse respek en begrip vir mekaar se kultuur en waardes toon. 'n Multikulturele situasie kan slegs ter sprake kom indien daar respek is vir mekaar se waardestelsels.⁸

DIE GRONDWET, WETGEWING, REGSGELEERDES EN REGSPRAAK

Dit is nie moontlik om reg te laat geskied aan die debat oor gelykheid sonder om die terrein van die regsgeleerdes te betree nie – die reg is wat die regters sê dit is. Die Konstitusionele Hof het immers die finale sê oor alle grondwetlike sake – hulle uitleg van die Grondwet gee die deurslag.

Die gelykeheidsbepaling oorspan ons ganse samelewing – werksoekers, besighede wat tender vir werk, sportmense, die effektiewe of oneffektiewe dienslewering van die staatsdiens – niemand ontsnap daaraan nie. Hierdie terrein kan dus nie net vir debatvoering tussen regsgeleerdes gereserveer word nie – almal behoort dit te betree.

DIE GRONDWET

Die belangrikheid van die gelykeheidsbepaling in die grondwetlike orde van die postapartheidsera was voor die hand liggend, want die ou sosiale en regsorde het op ongelykheid en diskriminasie berus.⁹ Swartmense kon

8 Me. Gail Wrogemann van GCW Konsultante in Johannesburg, soos aangehaal in *Rapport*, 30 Mei 2004.

9 De Waal J, Currie C en Erasmus G, *The Bill of Rights Handbook*, Juta (2001) (hierna De Waal) 199.

nie oral eiendom besit nie en kon ook nie beweeg of woon waar hulle wou nie. Senior poste is hierdie mense ontsê, toegang tot sekere skole en universiteite was nie moontlik nie, en vervoer, openbare parke, biblioteke en baie winkels was ook ontoeganklik. Die reste van hierdie stelsel is steeds sigbaar.¹⁰

Ons verlede is die rede waarom die reg tot gelykheid die eerste reg in die Grondwet is. Baie tierlantyntjies is in hierdie grondwetlike bepaling opgesluit. Die howe sukkel om betekenis en inhoud aan hierdie grondwetlike legkaart te gee, want ons ingewikkelde geskiedenis en ons steeds diep verdeelde samelewing word nie in 'n paar sinne in die Grondwet reggeskryf nie.

Dit is nie die gelykheidsbepaling van tradisionele regte nie, want daar word gestreef na die gelykheid wat die volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede insluit.¹¹

Die gelykheidsbepaling bring om verskillende redes vir baie mense geen vreugde nie. Vir sommiges maak dit die deur té groot oop om ons skeefgetrekte samelewing teen 'n té groot prys te probeer regtrek. Vir ander is die reëls wat uit die Grondwet spruit te beperkend en die gaping na 'n beter toekoms te nou – een oue rassediskriminasie moet volgens hulle op 'n meer dinamiese wyse reggestel word. Die regering was tot dusver baie slap in hul hantering hiervan en moet op 'n meer direkte manier ingryp om die saak reg te stel.¹²

Die regstelling van die ou ongelykhede deur die Grondwet word deur sommiges nie as 'n gelykheidsbepaling beskou nie, maar eerder as straf vir die optrede van die voorsate. Ander sien dit weer as 'n middel vir afrekening – om die verlede goed te maak.

Die artikel wat al die sensitiwiteit en woede in toom moet hou en terselfdertyd die toekoms moet oopsluit, is die bron van heelwat litigasie in ons howe. So sal dit vir die afsienbare toekoms wees, want die ou-ou dae se dinge word nie sommer net so ongedaan gemaak nie.

Wanneer gelykheid ter sprake kom, geskied dit altyd op 'n vergelykende manier. Hoe staan jy in verhouding tot 'n ander? So is daar *direkte diskriminasie*: lidmaatskap by 'n klub staan oop vir almal, behalwe vir mense

10 *Brink v Kitshoff* 1996 (4) SA (KH).

11 *Johny de Lange*, Indaba.

12 *Dali Mpohu*, Indaba.

met blou oë; of 'n bank weier om enige lenings aan vroue te gee terwyl mans dit sonder enige moeite kan bekom. *Indirekte diskriminasie* strek verder as dit en vind neerslag in die gevolge van 'n beleid. 'n Spesiale eenheid van die polisiediens wil nie eintlik vroue as lede hê nie, maar kan dit nie as 'n voorwaarde vir lidmaatskap stel nie. Lengte en gewig word nou eerder as voorvereiste gestel, terwyl dit duidelik is dat dié uitsonderlike vereistes nie maklik deur vroue bereik sal word nie.¹³

Die howe kan nie bloot *formele gelykheid* nastreef waarvolgens almal op presies dieselfde manier behandel moet word nie. Die grondwetlike waardes asook historiese en sosiale faktore moet oorweeg word wanneer die gelykheidsartikel uitgelê word. Daar word dus eerder na *substantiewe gelykheid* gestrewe.

Formele gelykheid sal bloot die bestaande ongelykhede bevestig en nie poog om die diskriminasie van die verlede ongedaan te maak nie. *Substantiewe gelykheid* is dus 'n poging om uit te reik na 'n toekoms met ware gelykheid vir die totale Suid-Afrikaanse gemeenskap.¹⁴

Mense gebruik tydens opleidingssessies die voorbeeld van die jakkals en die ooievaar wat melk uit 'n plat bak kan drink – dit is 'n gelyke geleentheid. Die jakkals gaan die melk drink en uiteindelik ook die ooievaar opeet. In hierdie geval kan dus nie sprake van 'n gelyke geleentheid wees nie.¹⁵

Die voorbeeld van twee atlete kom ook dikwels ter sprake – die een sonder spykerskoene, sonder afrigting en met 'n karige dieet het nie juis 'n kans teen die professionele atleet met sy duur toerusting, wetenskaplike dieet en internasionaal beproefde oefenprogramme nie. Eersgenoemde het spesiale hulp en bystand nodig.

Ons Grondwet erken dat die diskriminasie van die verlede nie reggestel sal word sonder dat positiewe aksie ingestel word nie. “Die effek van diskriminasie sal onbepaald voortduur tensy daar 'n verbintenis is om dit reg te stel.”¹⁶

13 Davis D, Cheadle H & Haysom N, *Fundamental Rights in the Constitution – Commentary and Cases*, Juta (1997) (hierna Davis) 53-57.

14 Devenish GE, *A Commentary on the South African Bill of Rights*, Butterworths (1999) (hierna Devenish) 37-38.

15 Thule Madonsela, Indaba.

16 *Bato Star Fishing (Pty) Ltd v Minister of Environmental Affairs and Tourism and others* 2004 (7) BCLR 687 (CC) par. 74.

Die gelykheidsbepaling kan slegs verstaan en behoorlik toegepas word indien die sosiohistoriese konteks waarin die Grondwet toepassing vind, in ag geneem word. Die interpretasie van die bepaling moet dus in Suid-Afrikaanse konteks geskied en sodoende 'n Suid-Afrikaanse inhoud kry. Ons geskiedenis en ons mense verskil van dié van ander lande.¹⁷ Regstoe-passing uit daardie lande moet dus met groot omsigtigheid hanteer word.

Dit is óók belangrik om te besef dat onbillike diskriminasie deur die Grondwet verbied word. Drie maatstawwe moet geld om te bepaal of diskriminasie onbillik is:¹⁸

- ❖ Wat is die aard van die groep wat deur diskriminasie benadeel word?
- ❖ Wat is die aard van die mag waarvolgens die diskriminasie toegepas word?
- ❖ Wat is die effek van die diskriminasie op die belange van die persone teen wie gediskrimineer word?

Anders gestel – hoe kwesbaarder 'n groep is, hoe meer word so 'n groep deur diskriminasie benadeel en hoe groter is die impak op die groep se belange. Dit is dus hoogs waarskynlik dat dié diskriminasie as onbillik beskou sal word.

GELYKHEIDSWETGEWING

Die Grondwet verskaf die breë regsraamwerk waarbinne gelykheid bereik moet word, maar dit is die Wet op die Bevordering van Gelykheid en die Voorkoming van Onbillike Diskriminasie¹⁹ wat die besonderhede van die grondwetlike ideaal verskaf.

So kan iemand verbied word om iets te doen of nie te doen nie – 'n restaurant mag voortaan nie op grond van ras teen iemand diskrimineer nie. Iemand kan ook versoek word om verskoning aan te teken as hy of sy iets diskriminerends gesê of gedoen het. Kragtens dié wet kan aanbevelings ook gemaak word aan 'n ander instansie. Gestel daar word teen jou diskrimineer deur 'n busdiens. Die hof kan 'n aanbeveling maak dat die bus-

17 Kate O'Regan, Indaba.

18 Ibid.

19 Wet 4 van 2000.

diens nie weer 'n handelslisensie kry tensy die diskriminasie opgehef word nie.

GELYKHEIDSHOWE

Die oogmerk met hierdie howe is om gelykheidsaangeleenthede vinnig en op 'n informele wyse te oorweeg. Om aan partye geleentheid te gun om die sake vinnig af te handel, kan dit ook na gepaste instellings verwys word met die oog op mediasie. Hierdie howe kan groot ongemak en ongeërf vir oortreders veroorsaak.

Die Gelykheidshof in Lephalale (voorheen Ellisras) het Andrew van der Westhuizen gelas om sy kollega Elliot Senwamadi R10 000 te betaal nadat Van der Westhuizen 'n e-pos by die werk omgestuur het waarin hy in uiters beledigende taal 'n afstootlike resep bekend gemaak het oor hoe om "swartmense te maak".²⁰

Die ontoeganklikheid van die howe vir gestremde regspraktisyns is deur Esthe Muller, 'n prokureur in 'n rolstoel, voor die Gelykheidshof in Germiston uitgedaag. Die Departement van Justisie en die Departement van Openbare Werke het onderneem om hierdie saak reg te stel.

Artikel 9(1)

Almal is gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg.

Die Konstitusionele Hof het vroeg-vroeg geleentheid gekry om inhoud aan hierdie bepaling te gee.²¹

Daar is beweer dat die staat diskrimineer, of 'n onderskeid tref, tussen persone wat in 'n brandbeheerde gebied woon en dié wat buite sulke gebiede woon. Persone wat buite 'n brandbeheerde gebied woon, dra 'n las aangesien vermoed word dat hulle nalatig was indien 'n brand in hul gebied ontstaan terwyl mense binne 'n brandbeheerde gebied nie so 'n las dra nie.

²⁰ *Weekly Mail & Guardian*, 6 May 2004.

²¹ *Prinsloo v Van der Linde* 1997 (3) SA 1012 (KH).

Die Hof beslis dat van die staat verwag word om onderskeidings rasioneel, en nie willekeurig nie, te tref. Daar moet telkens 'n geldige oogmerk wees wanneer die staat sulke maatreëls tref. Irrasionele differensiasie sal nie die grondwetlike toets slaag nie.

Wanneer bogenoemde beginsel in dié saak toegepas word, is dit duidelik dat daar 'n rasionele basis vir die onderskeid bestaan. Suid-Afrika is grotendeels 'n droë land. Dít het tot gevolg dat veldbrande voortdurend 'n bedreiging is. Die beheer en voorkoming van veldbrande is dus 'n regverdige regeringsoogmerk. Die vraag wat verder beantwoord moet word, is of daar 'n verband bestaan tussen hiërdie oogmerk en die las wat grondeienaars buite brandbeheerde gebiede moet dra.

In beheerde gebiede word verpligtings voorgeskryf om te verhinder dat brande versprei. Die regulasies wat hierdie verpligtings op grondeienaars plaas, geld nie vir eienaars buite die beheerde gebiede nie. Mense buite die beheerde gebiede moet gevolglik te alle tye waaksaam wees. So word daar 'n risiko geskep vir die grondeienaars buite die beheerde gebiede ten einde te verseker dat hulle altyd waaksaam sal wees en verantwoordelik gehou sal word indien hulle nalatig optree en brande van hulle grondgebied af laat versprei. Dit is duidelik dat daar wel 'n verband is tussen die oogmerk van die staat en die las wat dit op die grondeienaars plaas.²²

Differensiasie sal dus nie as onbillike diskriminasie beskou word nie indien dit rasioneel is en daar 'n verband bestaan tussen die differensiasie en die staat se oogmerk.

Artikel 9(2)

Gelykheid sluit die volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede in. Ten einde die bereiking van gelykheid te bevorder, kan wetgewende en ander maatreëls getref word wat ontwerp is vir die beskerming of ontwikkeling van persone, of kategorieë persone, wat deur onbillike diskriminasie benadeel is.

Die beginsel van substantiewe gelykheid word in hierdie subartikel bevestig. Gelykheid moet weerklink vind in al die regte wat in die Grondwet omskryf

22 Vgl. Devenish 41, 54 asook De Waal 208.

word.²³ Billike diskriminasie is toelaatbaar, maar onbillike diskriminasie is ontoelaatbaar.

Die deur na regstellende aksie word in die Grondwet geopen. Anders as in die meeste ander lande is regstellende aksie in Suid-Afrika in die Grondwet vervat. Regstellende aksie is dus nie in stryd met die gelykheidsbepaling in die Grondwet nie en kan nie as 'n uitsondering op gelykheid bestempel word nie, aangesien dit juis daarop ingestel is om "die bereiking van gelykheid te bevorder". Dit is ook nie soseer om die ongeregtighede van die verlede reg te stel nie, maar eerder om meer aanvaarbare sosiale patrone daar te stel. Dit is dus 'n instrument om voorheen benadeeldes in 'n demokratiese samelewing te betrek.²⁴

Mense uit voorheen benadeelde groepe word hierdeur die geleentheid gebied om hul volle potensiaal te verwesenlik. Benadeling hou hier verband met sosio-ekonomiese aspekte (geen toegang tot water, onderrig en gesondheidsdienste nie) sowel as polities-juridiese aspekte (aanhouding as gevolg van politieke uitsprake, onbillike verhoor).²⁵

STUDENTE

Die Universiteit van Natal se toelatingsbeleid tot die mediese skool is in die hof uitgedaag. Slegs veertig studente uit die Indiërgemeenskap word toegelaat. Swart Afrikane moet hierna voorkeur kry. Die hof bevind dat dit nie op onbillike diskriminasie neerkom nie.²⁶

Die uitspraak word gekritiseer en kritici meen dat die hof ten minste die volgende vrae moes oorweeg het:²⁷

- ❖ Hoe het die universiteit die getal 40 bepaal?
- ❖ Was die getal 40 'n riglyn of was dit 'n rigiede reël?
- ❖ Is die sosio-ekonomiese omstandighede van die studente in ag geneem?

²³ Davis 61.

²⁴ Dupper O, "In defence of affirmative action in South Africa", *The South African Law Journal* (Vol. 121 Part 1) 187.

²⁵ Devenish 45, 62.

²⁶ *Motala v University of Natal* 1995 (3) BCLR 374 (D).

²⁷ Govender soos aangehaal deur Devenish 64.

- ❖ Hoe lyk die demografiese beeld van die omgewing waarin die mediese skool geleë is?
- ❖ Het die breë gemeenskap by die besluit baat gevind?

STAATSPROKUREURS

Die Departement van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling²⁸ het op die oog af 'n beleid gevolg waardeur aansoeke van wit mans vir sekere geadverteerde poste nie in aanmerking geneem is nie. Die feitelike situasie was dat dit meestal wit mans was wat in hierdie departement gewerk het – vroue en swartmense kon aansoek doen vir gespesifiseerde poste.

Die hof het regstellende aksie in hierdie saak as 'n uitsondering op die reël beskou. Die beleid om slegs vroue en swartmense aan te stel is lukraak en oorhaastig saamgeflans.

Ook hierdie uitspraak word gekritiseer. Kritici is van mening dat die meeste programme vir regstellende aksie sal sneuwel indien dié benadering gevolg word.²⁹

PARLEMENTSLEDE

In 'n rigtinggewende saak het die Konstitusionele Hof onlangs sý stempel op die debat oor regstellende aksie geplaas.³⁰

Teen die einde van die eerste termyn van die demokratiese Parlement is 'n pensioenskema vir sy lede aanvaar. Die werkgewer se bydraes tot die skema was nie vir al sy lede dieselfde nie. Die verskil in die werkgewerbydraes was die rede vir die hofstryd – lede wat lid was van die vorige Parlement het bydraes van 10% gelewer en in die geval van nuwe lede, afhange van hul ouderdom, was hul bydraes tot 17%. Alle lede het 7,5% van hul salarisse tot die fonds bygedra.

Die hof bevestig dat die trefwydte van die gelykheidsbepaling in die Suid-Afrikaanse Grondwet bepaal word deur ons geskiedenis en die waar-

28 *Public Servants' Association of South Africa v Minister of Justice* 1997 (3) SA 975 (T).

29 Govender soos aangehaal deur Devenish 65.

30 *Minister of Finance v Van Heerden* 2004 (11) BCLR 1125 (CC).

des van die Grondwet. Dit strek dus verder as formele gelykheid. Die effek van diskriminasie mag onbepaald voortduur tensy daar 'n verbintenis is om dit te beëindig.

Om binne die trefkrag van artikel 9(2) te val, moet die maatreël die volgende drie hindernisse oorkom:

- ❖ Is die maatreël ingestel op persone of kategorieë van persone wat deur onbillike diskriminasie benadeel is?
- ❖ Is die maatreël daarop ingestel om sodanige mense of kategorieë van mense te beskerm of te bevorder?
- ❖ Bevorder die maatreël die bereiking van gelykheid?

Die Konstitusionele Hof was eenstemmig dat die saak verwerp moes word – die parlamentslede is nie van hul waardigheid of beursie gestroop nie. Hulle is ook nie gestraf omdat hulle deel was van die apartheidsbedeling nie; hulle is slegs uitgesluit van sekere voordele wat aan nuwe parlamentslede toegeken is wat meestal nie aan die vorige pensioenskema kon deelneem nie. Sommige regters ('n minderheid) was egter van mening dat die saak ingevolge artikel 9(3) en nie artikel 9(2) beslis moes word.

Artikel 9(3)

Die staat mag nie regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand diskrimineer op een of meer gronde nie, met inbegrip van ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte.

Ten einde substantiewe gelykheid te behaal, word daar uitdruklik voorsiening gemaak vir die verbod teen onbillike diskriminasie, hetsy direk of indirek.³¹ Die 17 grondredes wat uitdruklik vermeld word, is nie die enigste verbod teen diskriminasie nie, maar word só belangrik geag dat hulle direk vermeld word.

MIV/Vigs word nie as een van die 17 grondredes vermeld nie, maar is al bestempel as een van daardie diskriminerende praktyke wat mense se

31 Devenish 49.

waardigheid aantas en kwalifiseer om een van daardie gronde te wees wat in artikel 9(3) geïmpliseer word, want die samelewing reageer met vooroordeel jeens hierdie groep mense wat gestigmatiseer en gemarginaliseer word.

MUNISIPALE BELASTING

Iemand het beswaar gemaak omdat 'n plaaslike owerheid 'n vasgestelde tarief in die swart woongebiede van Kagiso en Munsieville gevorder het, terwyl die (meestal wit) inwoners van die naasliggende Krugersdorp verplig is om die hoër tariewe, wat gebaseer is op die gebruik van dienste gelewer, te betaal.

Die een kant het geargumenteer dat daar op grond van ras gediskrimineer is en die ander kant het aangevoer dat daar nie doelbewus op grond van ras gediskrimineer is nie, maar bloot vanweë praktiese gronde. Die hof het bevind dat daar wel indirek teen witmense gediskrimineer is, alhoewel dit nie die bedoeling was om teen witmense te diskrimineer nie. Die diskriminasie kon nie as onbillik bestempel word nie, want dit was tydelik van aard en is om praktiese redes in werking gestel. Dit is gedoen omdat daar ontoereikende meterfasiliteite was, asook vanweë die endemiese boikotte in die woongebiede.³²

Twee beleidsrigtings in die Pretoriase stadsraad is ook in die Konstitusionele Hof ondersoek.³³ In ou Pretoria is daar van belastingbetalers verwag om verbruikgebaseerde tariewe vir water en elektrisiteit wat deur die stadsraad voorsien is, te betaal. Die verbruik is deur meters gemeet wat in elke eiendom geplaas is. Hierteenoor het die inwoners van Atteridgeville en Mamelodi 'n vasgestelde tarief betaal, ongeag die hoeveelheid water en elektrisiteit wat mense verbruik het.

Die argument is aangevoer dat die inwoners van ou Pretoria die inwoners van Atteridgeville en Mamelodi subsidieer. Daar is verder aangevoer dat die stadsraad regstappe neem teen diegene in ou Pretoria wat in gebreke bly om hul belastingverpligtings teenoor die stadsraad na te kom, maar nie dieselfde doen met inwoners van Mamelodi en Atteridgeville nie.

32 *Beukes v Krugersdorp Transitional Council* 1996 3 SA 467 (W).

33 *Pretoria City Council v Walker* 1998 (2) SA 363 (KH).

Die meerderheid in die Konstitusionele Hof het bevind dat die raad op 'n indirekte wyse, op een van die gestipuleerde gronde, naamlik ras, gediskrimineer het deur van die inwoners van ou Pretoria te verwag om die inwoners van Atteridgeville en Mamelodi te subsidieer. Dít is egter nie bestempel as onbillike diskriminasie nie. Om tariewe te hef op grond van gebruik sou onwetenskaplik gewees het vanweë die feit dat daar nie meters in al die woongebiede was nie. Die klaers se waardigheid het ook nie in gedrang gekom nie.

Die selektiewe manier waarop die agterstallige tariewe ingevorder is, is egter as onbillik bestempel. Dit het niks te maak met mense se vermoë om te betaal of die finansiële omstandighede nie. In hierdie geval het die stadsraad dus nie daarin geslaag om aan te toon dat die diskriminasie nie onbillik was nie.

DISKRIMINASIE TEEN MANS?

Die Staatspresident het vonniskwytskelding verleen aan alle moeders wat op 11 Mei 1994 in die tronk was en kinders jonger as 12 jaar gehad het. 'n Vader met 'n kind jonger as 12 jaar was van mening dat daar teen hom gediskrimineer is.³⁴

Die meerderheid in die Konstitusionele Hof het geoordeel dat dit nie onbillike diskriminasie was nie. In Suid-Afrika is dit hoofsaaklik die taak van moeders om kinders groot te maak. Dit plaas 'n besondere verantwoordelikheid op hulle en kan bestempel word as een van die belangrikste redes waarom vroue hulle in 'n ongelyke situasie in ons samelewing bevind. Indien die besluit van die President omgekeerd was, naamlik dat hy kwyt-skelding aan mans en nie aan vroue gegee het nie, sou dit op onbillike diskriminasie neergekom het.

Die Staatspresident wou die kwesbare mense in ons samelewing – gestremdes, jongmense en moeders van jong kinders – begenadig. In die verlede is daar baie teen veral gestremdes en moeders met jong kinders gediskrimineer.

34 *President of the Republic v Hugo* 1997 (4) SA 1(KH).

Die diskriminasie het 'n groep, naamlik vaders, geraak teen wie daar nie voorheen gediskrimineer is nie. Daar kon nie geargumenteer word dat die Staatspresident se optrede vaders se waardigheid aangetas het nie.

Nie al die regters het saamgestem nie. Die een het geargumenteer dat die uitspraak 'n ou stereotipe bevestig, naamlik dat vaders nie kinders kan grootmaak nie en dat dit hul waardigheid en aanspraak op gelykheid aangetas het – dit was dus onbillik. Daardie regte kan egter beperk word en in die bepaalde omstandighede sou die Staatspresident se optrede toelaatbaar wees.

'n Ander regter was van mening dat die vrylating van moeders met jong kinders prysenswaardig was, maar dat dit die ou siening dat moeders vir die grootmaak van kinders verantwoordelik is, versterk. Hierdie beskouing is een van die redes waarom vroue hulle in so 'n ongelyke situasie in ons samelewing bevind. Die voordeel wat 'n paar vroue uit die Staatspresident se kwytskelding sou trek, weeg nie swaarder as die ondiens wat aan geslagsgelykheid gelever word nie. Die optrede was dus inherent onbillik.

Artikel 9(4)

Geen persoon mag regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand op een of meer van die gronde ingevolge artikel (3) diskrimineer nie. Nasionale wetgewing moet verorden word om onbillike diskriminasie te voorkom of te belet.

Dit is 'n interessante en verreikende artikel, aangesien duidelik gemaak word dat diskriminasie verder strek as bloot diskriminasie tussen owerheid en onderdaan; ook die burgery mag hom nie skuldig maak aan diskriminasie nie. Die 17 grondredes, asook ander soortgelyke grondredes verbied dus direkte en indirekte diskriminasie tussen owerheid en onderdaan, maar ook tussen gewone mense – dit geld dus ook horisontaal.³⁵

35 Davis 61.

Artikel 9(5)

Diskriminasie op een of meer van die gronde in subartikel (3) vermeld, is onbillik, tensy daar vasgestel word dat die diskriminasie billik is.

Hierdie bepaling verander die bewyslas wanneer beweer word dat daar op grond van die 17 kategorieë teen iemand gediskrimineer word. Dit beteken dat die persoon wat van die onbillike diskriminasie verwyte word, sal moet aantoon dat die diskriminasie eintlik billik is. Indien iemand 'n saak by die hof aanhangig maak op grond van een van die 17 grondredes, word vermoed dat die diskriminasie onbillik is.

Gestel dat minderjariges kla dat hulle in sekere openbare plekke nie toegelaat word om alkoholiese drank te gebruik nie en dat daar teen hulle gediskrimineer word op grond van hul ouderdom. Onbillike diskriminasie word nou vermoed. Die staat sal dan moet aanvoer dat die verbod nie onbillik is nie – iets wat hy sekerlik sonder moeite behoort te kan doen.

IETS OM AAN TE KOU

Kritiese stemme word dikwels gehoor: “Die Grondwet bevat mooi klinkende woorde oor rassisme en gelykheid, maar in die werklikheid beteken dit net mooi niks nie” of “Die Konstitusionele Hof het diskriminasie met sy uitsprake gewettig.”

Die grondwetlike ideaal is “die bereiking van gelykheid” en die Konstitusionele Hof streef na “substansiële gelykheid”. Dit dui daarop dat dinge effe meer kompleks is as die seepkiskommentaar.

Regsgeleerdes baljaar in al hierdie juridiese spitsvondighede. Dit gaan ons egter niks in die sak bring nie, want dit is gewone mense wat die gang van sake moet dikteer. Tot tyd en wyl Suid-Afrikaners, ongeag voorkoms of herkoms, die begeerte toon om mekaar te verstaan en om toekomsgerig met mekaar oor hierdie sake te praat, sal die pot die ketel bly verwyte – die een sal sê: “Julle is niks anders as 'n klomp ou rassiste nie” en die ander sal sê: “Julle is 'n klomp nuwe rassiste.”

LEWE¹



GEE HOM DIE LANGPAAL!

“Vang hulle en hang hulle,” basuin die verkiesingsplakkaat dit uit. ’n Jong man wat in 2004 vir die eerste keer kon stem, het pas nadat hy ’n nuwe toevoeging tot die misdaadstatistiek geword het, besluit dat hy vir dié party gaan stem want hulle som sy woede die beste op. Die feit dat dié party na die verkiesing geen verteenwoordiging in die Parlement het nie, toon aan dat dit, ten spyte van die publiek se misnoeë oor die misdaadsituasie in die land, nie die enigste vraagstuk was wat tydens die verkiesing aandag geniet het nie. Hoe dit ook al sy, weerspieël dit die publiek se onvergenoegdheid met die onaanvaarbare vlak van misdaad – veral geweldsmisdaad. Telkens wanneer die gemeenskap opruk om protes teen geweldsmisdade aan te teken, word vertoë gerig dat die “langpaal”, oftewel die doodstraf, weer ingestel moet word.

Dit is met moeite dat entoesiasme vir menseregte opgewek kan word tydens gesprekke, want die meeste gespreksgenote was al self slagoffers van misdaad of ken iemand wat al ’n slagoffer was.

Tydens een van die geleenthede waarby ek oor menseregte praat, staan ’n jong man op en sê: “Ek wed Oom om ’n bottel whiskey van Oom se keuse dat ons in eerskomende Sondag se koerant van ten minste twee nuwe geweldsmisdade gaan lees – een daarvan op ’n plaas. Wat help al hierdie menseregte as julle nie eens die belangrikste mensereg, naamlik die reg op lewe, kan waarborg nie? Hoe kon julle ooit toegelaat het dat die doodstraf weggeeneem word?”

So gaan dit by elke geleentheid – tydens gesprekke, konferensies of radiopraatjies.

1 Artikel 11 - “Elkeen het die reg op lewe.”

Hierdie woede onder die publiek het meegebring dat die aanvanklike getal ondersteuners vir die afskaffing van die doodstraf gekrimp het. Prominente kampvegters vir die afskaffing van die doodstraf het ook hul standpunt hieroor gewysig en pleit nou vir die herinstelling daarvan.

“Tot hier toe en nie verder nie,” het adv. Francis Bosman, gerespekteerde regsgeleerde en voormalige pleitbesorger vir die afskaffing van die doodstraf, onlangs geskryf. “Die boewe in ons gemeenskap verdien nie om as ‘mens’ te kwalifiseer nie ... Rehabilitasie in ons oorvol tronke is ‘n opiumdroom en baie van die bewaarders moet duidelik ook eers gerehabiliteer word.”²

Die belangrikste rede vir hierdie standpunt van Bosman en ander is die siening dat misdaad nie hokgeslaan sal word indien die doodstraf nie heringestel word nie en dat die publiek se persoonlike veiligheid daarsonder nie gewaarborg kan word nie. Dit is hul mening dat die doodstraf, as ‘n afskrikmiddel, al is wat die saak kan regstel.

Die standpunt van die regering en die meerderheidsparty in die Parlement kan óók nie weggewens word nie, naamlik dat die doodstraf nie in die bestaanstyd van die huidige parlement heringestel sal word nie. Om te agiteer dat die herinstelling van die doodstraf die misdaadvlaag sal stuit, wetende dat dit nie nóú onder hierdie regering gaan gebeur nie, is om teen die Suidoostewind te blaas. Ander metodes móét dus ook oorweeg word om die misdaadprobleem te oorkom.

ONDERHANDELINGS

Een oggend donsoordag, na die soveelste laatnag, kom die klein taakspannetjie uit die geledere van die onderhandelaars by Kempton Park flou-flou bymekaar om die skaakmatsituasie met betrekking tot die reg op lewe en die doodstraf finaal by te lê – so kan dit nie aangaan nie. Joe Slovo merk tam op: “Jare gelede, in Lusaka, het ons al die antwoorde gehad. Hier sit ons nou, moeg en uitgeput en weet nie hoe om vorentoe te beweeg nie.”

2 *Beeld*, 5 Augustus 2003.

Dit is duidelik dat nie een bes wil gee nie – die reg op lewe en die doodstraf is 'n veels te emosionele aangeleentheid en die ondersteuners aan beide kante sal nie 'n kompromie aanvaar nie. Kom ons skryf daarom die reg op lewe ongekwalifiseerd in die Grondwet en laat dit oop vir die Konstitusionele Hof om die reg te interpreteer. Só word die term “konstruktiewe tweeslagtigheid” gebore – almal kon daarom aanspraak maak op 'n oorwinning en die geveg word uitgestel tot 'n volgende dag en 'n ander forum. Aanhangers van die doodstraf kon sê “ons het nie toegegee nie – ons gaan ons saak in die Konstitusionele Hof stel. Ons het soveel vertroue in ons saak dat ons weet dat die Hof ons gelyk sal gee”. Aanhangers vir die afskaffing van die doodstraf kon dieselfde sê. Daar was destyds eenvoudig nie 'n ander manier om binne die gegewe tydskale uit hierdie emosionele vasvalposisie te kom nie.


KONSTITUSIONELE HOF

Die “volgende dag” hét aangebreek en die “ander forum” hét voor die doodstrafuitdaging te staan gekom. Die 11 regters in die Konstitusionele Hof was eenstemmig – daar is nie plek vir die doodstraf in die nuwe staatsorde nie. Elke regter het 'n afsonderlike uitspraak gegee en langs verskillende weë tot die gevolgtrekking gekom dat die doodstraf ongrondwetlik is.

Die staat moet die voorbeeld stel deur die reg op lewe en menswaardigheid te respekteer, ook die lewe en menswaardigheid van die misdadiger. Lewe en menswaardigheid neem 'n spesiale plek in die Handves van Regte in en kan bestempel word as die bron van alle ander persoonlikheidsregte. Lewe en menswaardigheid is ook in pas met die filosofiese grondslag van *ubuntu* waarvolgens 'n mens 'n ander persoon se lewe net so kosbaar as jou eie moet ag.³

Regters, ook voormalige hoofregter Arthur Chaskalson, spring egter nie in media-onderhoude die debat oor misdaad en die doodstraf vry nie en word gereeld daaroor uitgevra: “My mening is gegrond op regsbeginsels, nie politieke beleid nie. Maar hou in gedagte dat moordstatistiek, alhoewel

3 S v Makwanyane 1995 (3) SA 391 (KH).



steeds hoog, sedert 1995 konsekwent gedaal het. Ek het ook nog geen oortuigende studie gesien wat bewys dat die doodstraf 'n doeltreffende afskrikmiddel is teen moord nie. Maar daar's 'n klomp emosie by die debat betrokke. Mense soek die doodstraf dikwels uit 'n sin vir wraak. En dis 'n heel ander argument."⁴

Een van die jongste toevoegings tot die Konstitusionele Hof, regter Johann van der Westhuizen, moes al hieroor riemspring nog voordat hy sy plek na behore in die Hof kon inneem: "Baie mense gee maklik die Grondwet die skuld vir misdaad en sê dat dit die Grondwet is wat misdadigers te veel regte gee. Sulke aantygings is ongegrond en hou nie die werklikheid in gedagte nie. Om 'n strafregstelsel doeltreffend te laat funksioneer, moet daar tog 'n regverdige verhoor wees. Dit is vir niemand belangriker as vir die slagoffers en hul families nie. Hulle wil tog sien dat die regte mens tronk toe gestuur word om te verseker dat die moordenaar nie nog op

4 Rapport, 4 April 2004

straat loop nie. Die beginsels van 'n regverdige verhoor en die feit dat 'n beskuldigde sekere regte het, is niks nuuts in die nuwe Grondwet nie. Dit het ook voor 1994 in ons howe gegeld.”⁵

Die beskerming van lewe is 'n wye begrip met verreikende sosiale implikasies wat verder strek as die doodstraf. Dit is ook ter sake wanneer genadedood en aborsie oorweeg word.

Wanneer genadedood oorweeg word om die lewe van iemand wat terminaal siek is, te beëindig, sal die waardes met betrekking tot die beskerming van lewe en respek vir die waardigheid van die individu, sekerlik in die spel kom en opgeweeg moet word.⁶

Aborsie is net so 'n emosionele aangeleentheid en is nog nie ten volle besleg nie. Dit is 'n debat tussen vryheid van gewete en die reg op privaatheid aan die een kant en die reg op lewe aan die ander kant.⁷

ANDER OË

Maak nie saak waar jy deesdae in die wêreld beweeg nie, almal praat op die een of ander stadium met jou oor misdaad en geweld – so skaam-skaam, maar tog baie nuuskierig.

Paul Theroux,⁸ bekroonde skrywer van talle reisverhale, skryf in 'n boeiende boek van al sy interessante ervarings tydens sy uitgebreide reis van Kairo na Kaapstad in treine, busse en taxis. Natuurlik skryf hy ook oor die misdaad in Suid-Afrika.

Die bus waarin hy vanaf Harare ry, steek die grens skemeraand by Beitbrug oor. In Mussina klim 'n jong vrou van Lesotho op en na 'n paar hoflike opmerkings waarsku sy hom dat “Jo'burg” gevaarlik is. Tydens die nagrit staan hy verstom oor al die ligte – nêrens in Afrika het hy soveel ligte gesien nie. Met dagbreek kom hulle by die Johannesburgse stasie aan. Hy koop 'n oggendkoerant voordat hy verder koers kry. Die misdaadberigge-

5 *Rapport*, 18 Januarie 2004.

6 Davis D, Cheadle H & Haysom N, *Fundamental Rights in the Constitution – Commentary and Cases*, Juta (1997) 63.

7 Devenish GE, *A Commentary on the South African Bill of Rights*, Butterworths (1999) 104.

8 Paul Theroux, *Dark Star Safari*, Penguin Books (2003).

wing maak hom só benoud dat hy te bang is om die stasie te verlaat voordat dit heeltemal lig is. Die koerantstories oor moord en verkragting ruk hom. Toe die taxi hom later die oggend by sy hotel aflaai, is hy skoon verlig dat hy nog leef.

Sy kuier in Suid-Afrika verloop goed. Sy reis na Kaapstad, wildparke en die interessante gesprekke met Suid-Afikaners laat hom ontspaan. Hy is mateloos beïndruk met Suid-Afrika – vir hom is Suid-Afrika ’n plek waar omtrent alles werk, selfs die politieke stelsel. Net voor sy vertrek huiswaarts laat hy al sy Afrika-aandenkings, sy vliegtuigkaartjies en ander waardevolle artikels vir veilige bewaring in die hotel toesluit terwyl hy net ’n vinnige draai elders maak met slegs die nodigste besittings byderhand – oornagklere en sy manuskrip. Toe hy sy kosbare besittings later terugvra, het dit spoorloos verdwyn. Sy manuskrip was al wat hy van sy reis deur Afrika oorgehou het.

’n Groepie advokate ontspaan in die gemeenskaplike koffiekamer by die Advokatekamers en gesels oor dijies en datjies – sake waaraan hulle werk, hofdramas, en so meer. Die een vertel van ’n strafsak waarin hy gevra is om ’n groepie te verdedig wat daarvan verdink word dat hulle goedere in ’n groot kettingwinkel gesteel het. “Indien ek hierdie sak wen, sal ek weet dat die stelsel in duie gestort het – die staat se sak is eenvoudig te sterk gelaai met verdoemende bewysstukke.”

Enkele weke later sit dieselfde groepie weer om dieselfde koffietafels en ginnegaap. “Terloops, wat het van daardie diefstalsak van jou geword?” vra iemand. “Daar het niks van die sak gekom nie, want die bewysstukke het weggeraak. Die sak is teruggetrek,” is die verstommende antwoord.

Hierdie voorbeeld het niks met die Handves van Regte te doen nie, maar alles met slordige strafvervolging wat nie die polisie of die vervolgingsgesag tot eer strek nie.

Die gemeenskap van Swartruggens maak hulself onlangs hoorbaar omdat plaasmoordenaars vrygespreek is. Hulle eis dat die sak dringend hersien word. Hulle vra dat daar aandag gegee word aan die wyse waarop sekere polisiemanne hulle van hul taak gekwyd het en die gebrek aan toewyding aan die kant van die vervolgingsgesag. Regter J.B. Shongwe, die verhoorregter in die sak, kritiseer die polisie heftig vir hul “slordige” ondersoek: “Dit is hoog tyd dat die polisie ’n meer positiewe ingesteldheid teen-

oor hul werk ontwikkel en dat hulle die Handves van Regte en die Grondwet weer 'n slag ter harte neem.”⁹

Hoe dan gemaak met die misdadigers wat nie ander se regte en lewe respekteer nie? Hulle moet gevang, voor die howe gedaag en gestraf word – dit is die nugter antwoord. Hul waaghalsige en gewelddadige optredes spruit voort uit hul mening dat die kans gering is dat hulle gevang en suksesvol voor 'n hof gedaag en vervolgt sal word.

Tydens 'n konferensie oor misdaad waar ek en die Kommissaris van Polisie, Jackie Selebi, opgetree het, het ek iets van hierdie frustrasie beleef – hy kap dikwels vinnig terug, maar ek was nog nooit so in sy visier soos op daardie betrokke dag nie.

In die agterste gestoeltes het ek my beurt afgewag om te praat. Kommissaris Selebi praat net voor die middage. Hy gebruik die geleentheid om die polisie se Plan van Aksie bekend te stel. Hy noem dit 'n “klein oorlog teen misdaad”. Met sy sterk standpunte toor hy met die gehoor en ontlok dikwels entoesiastiese applous:

- ❖ Hy verwag nie van sy polisiebeamptes om die Universele Deklarasie van Menseregte te memoriseer nie.
- ❖ Wanneer gaan die land wette maak wat gepas is vir Afrika?
- ❖ Hierdie kampvegters vir menseregte bind die hande van sy polisiebeamptes!

'n Polisiegeneraal uit die vorige bedeling staan op en verklaar dat hy so entoesiasties is oor dít wat hy nou gehoor het, dat hy sommer lus het om weer by die polisiediens aan te sluit.

Tydens die etenspouse kom groet talle bekendes en ou geesgenote my met so 'n tikkie moedswilligheid: “Hy het jou darem lekker vasgevat”; “Sal graag wil hoor wat jy hiérop te sê gaan hê!”; “Ek is bly ek is nie jy nie wat op daardie toespraak moet antwoord nie. Hy het julle lekker gesê!” Om oor bekamping van misdaad en menseregte te praat, is duidelik nie 'n populêre onderwerp nie.

Die gehoor wag met beleefde skeptisisme om my kant van die saak

9 Rapport, 5 Julie 2004.

te hoor. Om die ys te breek, vertel ek hoe die wiele in die land gedraai het.

My pa was 'n polisieman, ék was 'n polisieman toe Selebi 'n mense-regteaktivis en vryheidsvegter was – nou al te spoggerig in sy blou polisie-uniform, dieselfde blou wat my pa en ek gedra het. My ervaring by die Kommissie het my voorberei om presies te verstaan hóé groot Selebi se prestasie was om as Suid-Afrika se Permanente Verteenwoordiger by die Verenigde Nasies in Genève te kon optree as Voorsitter van die VN se Kommissie vir Menseregte, en om voorts as een van die mees suksesvolle voorsitters van daardie Kommissie beskou te word. Gedurende Selebi se termyn by die VN het Suid-Afrika belangrike internasionale menseregtekonvensies onderteken. Dit is vandag my taak by die Kommissie om toe te sien dat Suid-Afrika sy internasionale verdragsverpligting eerbiedig – ook daardie verdrae wat direk op die polisie van toepassing is en in Selebi se tyd onderteken is. Nou wonder ek – wie van ons twee is die menseregteaktivis? Selebi sal sekerlik voortgaan om my te herinner aan my apartheidsverlede en ek sal voortgaan om hom te herinner aan sy suksesvolle jare as mense-regteaktivis en menseregte diplomaat. Ek is op my gemak in my nuwe rol en is van voorneme om die goeie werk wat Selebi begin het, voort te sit.

My toespraak het ander sentimente aangeroer as dié van Selebi. Die onmiddellike uitdaging en vraagstuk bly steeds: Hoe word misdaad bekamp sonder om afstand te doen van die ideaal om 'n kultuur van menseregte te bevorder?

Dit was nooit die bedoeling dat die bepaling van die Grondwet onherroeplik vasgelê word en dat geen debat daaroor geduld sou word nie. Die Grondwet maak voorsiening vir 'n jaarlikse hersieningsproses deur 'n gesamentlike parlementêre komitee.¹⁰ Langs hierdie weg word die deur geopen vir indringende debatvoering oor Grondwetlike aangeleenthede en vir beter begrip van die Grondwetlike bepalinge, en word daar ook ruimte geskep om op ordelike wyse 'n soepel Grondwet te ontwikkel wat sensitief is vir alledaagse vraagstukke.

Dit moet geskied sonder om afstand te doen van die onderliggende waardes waarop die Grondwet berus. Dit is dus van wesenlike belang dat

10 Artikel 45(1)(c)

begryp word wat die onderliggende, oftewel onverhandelbare waardes is. Die onverhandelbare waardes in die Grondwet is demokrasie, die idee van 'n regstaat, menswaardigheid en die gelykheid tussen mense. Die verhandelbare waardes in die Grondwet en regsbedeling is, gedagtig aan misdaadbekamping: flinker en deegliker regsprosesse, strenger strawwe, strenger en veiliger aanhouding van verdagtes en veroordeeldes, deegliker polisieondersoeke asook groter samewerking tussen die publiek en wets-toepassers. Die onverhandelbare en verhandelbare waardes durf nie in teenoorgestelde rigtings trek wanneer dit by die bekamping van misdaad kom nie.

Hierdie hersieningsproses of georganiseerde openbare debat moet benut word om te kyk watter aanpassings, indien enige, nodig is om die misdaadeuwel te oorkom. Die Parlement behoort hierdie proses te benut om rigting aan te dui. Regsprekers, wetstoepassers, die polisie, korrektiewe dienste, weermag, staatsaanklaers en menseregtepraktisyne moet in hierdie forum trompop met mekaar debatteer. Die Suid-Afrikaanse gemeenskap moet hieraan deelneem. Dit is die enigste manier waarop die vlak van debat oor misdaadbekamping verhef kan word. Die misdaadeuwel sal egter nie hokgeslaan word terwyl die skinderstorie in omloop is dat die Handves van Regte en menseregtepraktisyne struikelblokke in die bekamping van misdaad is nie. Die ervaring wêreldwyd het getoon dat die beskerming van menseregte nie altyd populêr is nie, maar dat die instandhouding van menseregte 'n voorvereiste is vir staatkundige en ekonomiese stabiliteit.

Indien toegegee word aan die oproep om populêre kitsoplossings soos boendoe-howe, uitspattige strawwe en buitensporige magte in die hande van ondersoekbeamptes, sal emosie oor verstand bly heers. Dit is die glybaan na die sentralisasie van mag en magsvergrepe.

MAPOGO A MATHAMAGA

Die benaming van die organisasie Mapogo a Mathamaga is afgelei van die spreekwoord in Noord-Sotho *Ge ole nkwe ke lepogo ka moka re mathamaga* wat beteken: "As jy 'n luiperd is, dan is ek 'n tier – ons is ewe sterk." Dit word ook soms vertaal om te beteken: "As jy (die kriminele oortreder) jouself soos 'n luiperd gedra, onthou dat jou slagoffer in 'n tier kan veran-

der.” Die organisasie is in Augustus 1996 gestig – oorspronklik om besigheidspersone en hul eiendom te beskerm.¹¹

Selebi het ook onlangs ’n aanval op witmense gedoen wat van hierdie vigilantegroep gebruik maak.¹² Hulle vertoon eienskappe van rassisme en onverdraagsaamheid – die onderliggende veronderstelling was dat misdaad deur swartmense gepleeg word, het hy gesê. Hy staan verstom oor hoeveel witmense hierdie groep ondersteun – insluitend sy eie buurman.

Die jare ná 1994 het my geleer om die fynskrif te lees telkens wanneer iemand die rassekaart speel, omdat dit soms geldig is. Rassisme laat my altyd ineenkrimp, want ek moet hard werk aan my eie rassevooroordele. Die rassekwas word egter dikwels gebruik deur mense wat te vinnig oor ingewikkelde feite wil trippel of wanneer hulle die ou-ou debatsfoefie toepas wanneer hul argumente opraak, naamlik om twyfel te saai.

Min twyfel bestaan dat daar ’n element van waarheid mag steek in Selebi se stellings – daar is baie witmense wat van Mapogo se diens gebruik maak wat wel rassisties ingestel is. Met net soveel oortuiging kan ook verklaar word dat Selebi nie die volle waarheid beet het nie – daar is baie witmense wat van Mapogo gebruik maak, maar nie noodwendig rassiste is nie.

Tydens die Kommissie se ondersoek na menseregtevergrepe op plase het die een polisie-afvaardiging na die ander tydens die provinsiale verhore getuig hoe hulle nie hul taak na hul eie sin bevredigend kon uitvoer nie vanweë die tekort aan personeel en voertuie. In sekere gebiede was hulle nie in staat om ’n 24-uur-diens te lewer nie en is polisiestasies soms snags gesluit.

Een boer vertel hoe sy stoetkoeie drie keer gesteel en op sy plaas geslag is sonder bevredigende ondersoeke deur die polisie. Hul reaksietyd was só stadig dat die polisie geen hond haaraf kon maak nie. Die verweer was telkens dat geen voertuie beskikbaar was om die ongeveer 20 km uit te ry na die plaas nie. Uit desperaatheid het die boer die polisie gevra wat hom dan te doen staan. Die polisiebeampte se advies was dat hy by Mapogo moes aansluit.

Hy het sy plaaswerkers geraadpleeg en hulle het hom ook aange-
moedig om by Mapogo aan te sluit. Voordat Mapogo kon opdaag, het ’n

11 Sien <http://www.mapogo.co.za>.

12 *Business Day*, 25 May 2004.

groepie werknemers sonder rede van sy plaas verdwyn. 'n Direkte uitvloeisel van die polisieadvies en die daaropvolgende gebeure was dat 17 boere in daardie onmiddellike omgewing hul op een dag by Mapogo aangesluit het.

Dit is onbekend of Selebi 'n gesprek met sy buurman gevoer het en of die buurman inderdaad 'n rassis is. In my kontrei is daar talle mense wat by Mapogo aangesluit het bloot omdat misdaadervarings en onveiligheid hulle met geen ander keuse gelaat het nie. Die rasse-etiket sal nie suksesvol om hul nekke gehang kan word nie.

Die ontstaan van 'n organisasie soos Mapogo is egter ontstellend, want die verantwoordelikheid vir 'n land se veiligheid kan nie geprivatiseer word nie. Met meer kleingewere in die hande van sekuriteitsmaatskappye as in die hande van die polisie en die weermag tesame is die situasie kommerwekkend. Hoekom sluit die publiek by hierdie maatskappye aan? Die antwoord blyk voor die hand liggend te wees – hulle is sigbaar en reageer op oproepe! Telkens wanneer Selebi 'n veiligheidsmaatskappy of ander vigilantegroep se kenteken sien, kan hy dit nie sonder meer as 'n gebaar van rassisme, of as vyandigheid teen die polisie en die staat vertolk nie. Dit is eerder 'n noodkreet van die publiek om beskerm en beveilig te word.

Gesprekke met waarnemers het onteenseglik aangetoon dat Mapogo hulle aan ernstige menseregtevergrepe skuldig maak. Mapogo en die misdaadsituasie in ons land is daarom 'n werklikheid wat nie bloot weggewens kan word nie. Dit is egter van kritieke belang dat hulle en ander vigilantegroepe nie bo nie, maar onder die wet staan. Hulle behoort daarom ook vir menseregtevergrepe vervolg te word.

Selebi sê voorts dat hy nog nooit gesien het dat Mapogo 'n witmens 'n loesing gee of straf nie. Hierdie organisasie is egter nie veronderstel om énië mens af te ransel of te straf nie. Hulle behoort self gevang en gestraf te word indien hulle enige mens, ongeag wie dit is, straf.

Landbouleiers het Selebi kwaai gekapittel ná sy aanval en daarop gewys dat vigilantegroepe selde suksesvol bestaan in lande waar wet en orde deur die staat gehandhaaf word. Hul finale antwoord is dat hierdie vigilantegroep nie hul eerste keuse is nie, maar gewoon hul enigste keuse.

Dit kan sekerlik nie kwaad doen om Selebi te herinner aan wat 'n regter van die Hoogste Hof van Appèl jare gelede al gesê het nie: “In Suid-

Afrika word ons vryheid drasties ingekort, ironies genoeg nie deur die staat soos in die dae van apartheid en deur ongebreidelde staatsoptrede nie, maar deur die onvermoë van die staatsagentskappe om op te tree om misdaad onder bedwang te bring.”¹³

NOODTOESTAND TEEN MISDAAD?

Politieke kommentators vra die regering om ’n noodtoestand af te kondig ten einde misdaad te bekamp. Hulle argumenteer asof fundamentele landsvraagstukke deur die afkondiging van ’n noodtoestand reggestel kan word. Dit is nie altyd duidelik of voorstanders van die verklaring van ’n noodtoestand heeltemal besef wat die Grondwetlike en internasionale vereistes is waaraan voldoen moet word nie. Dit is deesdae baie moeiliker as voorheen om ’n noodtoestand af te kondig.

Die pleitbesorgers vir ’n noodtoestand vir die bekamping van misdaad het uiters hoë hekkies om oor te klim. Dit is hoogs onwaarskynlik dat feite en noodmaatreëls nou opgestapel sal kan word om aan die vereistes¹⁴ vir die afkondiging van ’n noodtoestand te voldoen. Die antwoord vir die misdaadvraagstuk moet elders gevind word.

KOMMISSIE KRAP KOP

Ek merk teenoor kollegas op dat ek nie vertrou het in die amptelike misdaadstatistiek nie en dat hierdie geweldsmisdade die hele poging met betrekking tot die bevordering van menseregte beduiwel. Nee, kom die antwoord, dit gaan nou beslis beter. Daar was ’n tydperk in Soweto toe mense net aan jou voordeur geklop het en dan met ’n handgebaar beduie het dat jy jou motorsleutels aan hulle moes oorhandig. Ek word vertel dat dit gereeld gebeur het.

Hierdie misdaad en gepaardgaande geweldsverskynsel bekommer die Kommissie, want dit beduiwel die bevordering van menseregte. In ’n poging om sinvolle oplossings te vind, het die Kommissie ’n geslote byeenkoms

13 Edwin Cameron, *Sunday Times*, 8 Junie 1997

14 Vgl. My regte – opskorting van regte, supra.

gereël waarheen belangrike rolspelers genooi is om hul menings te opper. Die polisie, die vervolgingsgesag, korrektiewe dienste, belangrike nieregeringsorganisasies wat hulle op hierdie terrein toespits, asook Mapogo het deelgeneem.

Die oogmerk was om dialoog te prikkel en aan almal geleentheid te bied om onafhanklik van die amptelike standpunte vas te stel wat die grondwetlike en institusionele struikelblokke is, indien enige, wat meebring dat ons nie die misdaadmonster kan vasvat nie.

By hierdie belangrike byeenkoms is geen enkele voorstel gemaak dat 'n enkele aspek van die Grondwet gewysig moes word om misdaad te bekamp nie. Sinvolle praktiese voorstelle is wel gemaak. Dit was verder die eenparige standpunt van die deelnemers aan die byeenkoms dat rolspelers moes ophou om die vinger na die Grondwet, politici en mekaar te wys en dat mense moes begin om nuut en vars te dink oor hoe om misdaad hok te slaan.

AGTER TRALIES

*Wanneer jy mense tronk toe stuur, ontnem jy hulle van hul vryheid; jy is nie veronderstel om hulle van hul waardigheid te ontnem nie.*¹⁵

Wanneer misdadigers dan gevang en gestraf word vir hul misdade, wat gebeur in die 241 gevangnisse in ons land? Die opmerking word dikwels gehoor dat 'n Suid-Afrikaanse gevangenis niks anders as 'n vyfsterhotel is nie. Alles behalwe, sê regter Hannes Fagan van die Geregtelike Inspektoraat van Tronke in sy onlangse verslag aan die Parlement. Hierdie plekke het nou ontwikkel tot universiteite vir misdaad en mense word tans in die gevangenis van hul menslikheid ontnem.¹⁶

- ❖ 60% van die tronkbevolking is mans jonger as 30 jaar.
- ❖ Minstens 10 van die land se gevangnisse is 280% oorbevolk.
- ❖ 13 000 verhoorafwagtendes is daar bloot omdat hulle nie die borgtog kan bekostig nie. Een voorbeeld hiervan is van 'n man wat agter tralies

15 Anna Bossman, Menseregtekommissie, Ghana.

16 *The Citizen*, 6 July 2004 en Beeld, 7 Julie 2004.

sit omdat hy daarvan verdink word dat hy drie mango's gesteel het maar nie die borgtog van R500 kan betaal nie.

- ❖ Oorbevolkte gevangenis lei tot frustrasie, hou gesondheidsrisiko's in, bied onvoldoende oefening en strem die rehabilitasie van die gevangenes.

Fagan glo dat daar ernstig gedink moet word aan alternatiewe maniere van strafoplegging, aangesien tronkstraf beslis nie die enigste manier van straf is nie.

Christina Landman, teoloog van Unisa en gereelde rubriekskrywer in Afrikaanse dagblaaie, vertel dat Suid-Afrikaners so "misdaadvoos is dat ons tronke as ons redding sien".¹⁷ Op pakkende wyse vertel sy van haar ervarings toe sy as 'n vrywillige in tronke begin werk het:

- ❖ Daar is 38 beddens vir 80 mense.
- ❖ Daar is 60 vroue in een sel. Een toilet. Een stort. Geen warm water nie.
- ❖ Snags word die ligte nie aangesit nie, want daar drup water in die ligte.
- ❖ 'n Rot het aan die komberse en van die gevangenes geknaag. (In 'n ander artikel het iemand aan Stephanie Nieuwoudt vertel: "Die rotte laat katte skrik. Ons sit snags komberse onder die deure, maar dit word stukkend gevreet. Die rotte kom in, kruip oor ons en byt ons."¹⁸)

"Ek verstaan dat die gemeenskap vir dié mense kwaad is oor wat hulle aan die samelewing gedoen het. Maar het dit nie tyd geword dat ons kwaad word vir wat nou aan dié mense gedoen word nie?" vra Landman.

Volgens haar "beheer jy nie misdaad deur mense in die tronk te gooi nie. Jy voorkom misdaad deur die samelewing op te bou. Deur armoede en hopeloosheid teen te werk. Deur goeie verhoudings aan te moedig en waardes soos respek en verantwoordelikheid te help ontwikkel".¹⁹

Die siklus van armoede, ongeletterdheid, morele verval, misdaad en die neerdrukkende, oorvol tronke is 'n klad op ons samelewing. Niemand kan neutraal staan nie.

17 *Beeld*, 31 Januarie 2004.

18 *Beeld*, 29 Junie 2004.

19 *Beeld*, 16 Februarie 2004.

REGTE VAN SLAGOFFERS

Die Kommissie word dikwels verwyt dat die regte van slagoffers ten gunste van misdadigers afgeskeep word. Hierdie punt is hard en duidelik tuisgebring toe 'n beswaarde klaer my die volgende storie vertel:

“My vrou is vermoor, die verdagte is voor die hof gedaag, skuldig bevind en is tans besig om tronkstraf uit te dien. Die staat kon nie my vrou se reg op lewe beskerm nie, en niks word gedoen om my en my getraumatiseerde tienerseun by te staan nie. Ek betaal al ons mediese koste uit my eie sak en kan dit eenvoudig net nie meer bekostig nie. Indirek, as belastingbetaler, betaal ek ook die misdadiger se mediese koste, want ek verstaan hy het ook 'n mediese probleem voortspruitend uit die tragedie, maar hiervoor betaal die staat.”

Die Kommissie het 'n verslag oor die regte van misdadigers opgestel wat tot die beskikking van die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling gestel is. Dié departement, in samewerking met ander belanghebbendes, het 'n Handves van Regte vir Slagoffers gefinaliseer wat onder andere die volgende regte vir slagoffers bevat:

- ❖ Die reg om billik, met waardigheid en respek vir privaatheid, behandel te word.
- ❖ Die reg om inligting aan te bied en indien nodig aan verrigtinge deel te neem, hetsy tydens borgeansoeke, die verhoor, vonnisoplegging en tydens aansoeke vir parool.
- ❖ Die reg om inligting te ontvang van al die dienste en hulp wat die staat aanbied, soos fooie vir getuies en beskermingsprogramme. Die slagoffers is daarop geregtig dat hul regte as slagoffers en inligting met betrekking tot die saak aan hulle verstreken, indien nodig, aan hulle verduidelik word.
- ❖ Die reg op redelike beskerming teen die beskuldigde deur die hele vervolgingsproses asook om vry te wees van teistering en intimidasie.
- ❖ Slagoffers met spesiale behoeftes het 'n reg op bystand en behoort op 'n sensitiewe wyse hanteer te word.
- ❖ Slagoffers het die reg om aansoek te doen vir kompensasie vir die verlies of skade aan eiendom as gevolg van die misdaad wat teen hulle gepleeg is.

- ❖ Die reg op teruggawe van eiendom wat hulle wederregtelik ontnem is.

Hierdie Handves is sekerlik nie die finale antwoord nie, maar is beslis 'n paar stappe vorentoe.

Onlangse hofsake het die debat oor die regte van slagoffers geweldig beïnvloed met verreikende implikasies vir die staat. Nalatige optrede deur amptenare van die staat kan uitgewys word en hulle kan tot verantwoording geroep word.

Carmichele²⁰ is wreed aangerand deur Coetzee, wat 'n geskiedenis van geweld het. Ten tye van die aanval was Coetzee 'n verdagte in 'n verkrachtingsaak. Belanghebbendes het die polisie en die aanklaer onsuksesvol probeer oortuig dat Coetzee nie op borg of eie verantwoordelikheid vrygelaat moes word nie. Terwyl hy hiërdie vryheid geniet het, het hy Carmichele aangeval.

Die Minister van Veiligheid en Sekuriteit en die Minister van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling het in die Konstitusionele Hof op hul baadjie gekry omdat die polisie en aanklaers in beginsel tot verantwoording geroep kan word vir hierdie tipe nalatige optrede. Die Grondwet en Internasionale reg beskerm mense teen geslagsdiskriminasie en is daarop ingestel om die waardigheid, vryheid en veiligheid van vroue te beskerm. Dit is belangrik vir vroue om vry te wees van die bedreiging van seksuele geweld.

Me K is deur drie polisiebeamptes wat aan diens was, verkrag. Die Konstitusionele Hof²¹ het die staat se verduideliking dat die beamptes nie met polisiewerk besig was toe hulle haar verkrag het nie, verwerp omdat die staat te alle tye 'n plig het om die publiek teen misdaad te beskerm.

FRUSTRASIE

Die feit dat die misdadiger dikwels nie gevang en gestraf word nie, stuur af op 'n ernstige probleem. Telkens wanneer die polisie in die styl van die

20 *Carmichele v Minister of Safety and Security and Another* 2001 (10) BCLR 995 (KH).


21 *Ms K v Minister of Safety and Security* BCLR 2005 (9) 835 (CC).

Wilde Weste die botoon in 'n skietgeveg voer, of as die gemeenskap op rowers, moordenaars en verkragters jag maak, juig die publiek – dít noem hulle geprivatiseerde strafoplegging of geprivatiseerde doodstraf. Die afleiding kan gemaak word dat indien die gemeenskap nie deur die staat beveilig word nie, hulle dit eenvoudig self sal doen. Dít is 'n ernstige aangeleentheid wat die wese van 'n regstaat ondermyn en wat noodwendig tot verdere wetteloosheid lei. Dit is 'n bose sirkelgang wat meer geweld ontketen en uitloop op vergelding, wraak en weerwraak.

Die bevordering van menseregte beteken onder andere dat misdadigers deur effektiewe toepassing van die reg aan die pen moet ry vir hul misdade teen die gemeenskap. Elke misdaad is immers die miskenning van iemand anders se regte. Die aantasting van die gemeenskap se vryheid deur misdadigers kan nie ongestraf gelaat word nie. Die slagoffers van misdaad kan ook nie bloot as staatsgetuies behandel word en sonder bystand in hofgedinge betrek word nie.

Die regering moet voortdurend daaraan herinner word dat die plaaslike misdaadsituasie 'n ernstige klad op Suid-Afrika se prestasiekaart is. Die redeloosheid van die geweldsmisdade word nie deur gunstige statistieke versag nie.

REKENSKAP



'N RSG-PROGRAM OOR DIE REGTE VAN DIE SLOGOFFERS VAN MISDAAD 13 JUNIE 2003

MAGDALEEN KRUGER: Goeiemiddag en baie welkom by *Rekenkap*, ons Donderdagmiddagafspraak. Elf minute na drie. Ek is Magdaleen Kruger.

Die opdrag aan die opstellers van die Grondwet destyds by die onderhandelings in Kempton Park was dat die Grondwet gebou moes word op die hoeksteen dat almal universeel erkende fundamentele regte, vryhede en burgerregte moes geniet. Dit gaan dus oor veel meer as 'n persoon se individuele regte. Dit is 'n aanhaling uit dr. Leon Wessels, tans 'n Kommissaris van die Menseregtekommissie en destyds een van die onderhandelars van Kodesa, se intrede as ereprofessor in die Publiekreg by die Potchefstroomse Universiteit verlede jaar.

Intussen is die Grondwet onderhandel en bekragtig en is dit wat hierbo genoem is, vandag deel van die Grondwet. Elke landsburger, of jy nou een of ander tyd 'n misdadiger of 'n slagoffer was, kan die beskerming van die Grondwet en meer spesifiek die Handves van Regte opeis.

In die jongste tyd is daar onder meer as gevolg van die misdaadsituasie in die land sterk pleidooie dat daar gekyk moet word na die regte wat oortreders – of dan misdadigers – geniet in terme van die Grondwet. Die groot openbare klagte is dat die oortreder beter as die slagoffer behandel word. En selfs adjunkpresident Jacob Zuma het die wenkbroue nogal laat lig toe hy onlangs in Mitchells Plain sou gesê het dat dit 'n teenstrydigheid is dat misdadigers hulle op die Grondwet kan beroep, en dit nogal nadat hulle die regte van ander mense geskend het. Verder sou hy ook 'n stekie inkry na regslui, dit is nou prokureurs en advokate, as sou hulle deel wees van die probleem omdat hulle bereid is om misdadigers te verteenwoordig en los te praat in die Hof.

Vanmiddag gaan ek hoor wat my gaste van hierdie storie sê. Moet daar na die Grondwet gekyk word en getorring word aan die regte wat

daar is; die balans so 'n bietjie versteur word ... minder vir oortreders, meer vir slagoffers? Of lê die probleem buite die Grondwet?

En my gaste is advokaat Johan Engelbrecht, 'n senior advokaat van Pretoria. Goeiemiddag, Advokaat.

ENGELBRECHT: Goeiemiddag, Magdaleen. Goeiemiddag, luisteraars.

KRUGER: En dan ook dr. Leon Wessels.

WESSELS: Goeiedag.

KRUGER: Nou, die publiek hou nie van die Grondwet nie. Ek veralgemeen nou. Hulle sê die Grondwet beskerm die oortreder en nie die slagoffer nie. Gaan julle vir hulle luister en dit doen – van die regte wegvat van die oortreders?

WESSELS: Nee, ons gaan dit ongelukkig nie doen nie, Magdaleen, maar die feit dat mense kommer in hul hart dra vanweë die euwel van misdaad beteken nie dat daar nie dalk ander remedies is om die saak mee te hanteer nie. Maar wanneer 'n mens na die debat luister, dan besef jy dat die pad besig is om te virk.

Aan die een kant is daar diegene wat argumenteer dat die Grondwet die oppergesag van die reg verteenwoordig, dit wil sê dat daar 'n vaste stel regsreëls is wat hanteer moet word en waarvolgens ons moet leef. Oortredings van daardie regsreëls moet objektief deur voorsittende beamptes ondersoek en geweeg word. Dit is die pad wat ons moet loop. Binne die raamwerk van die Grondwet moet gehandel word en moet misdadigers gestraf word.

Die afdraaipad wat mense lok, word opgemerk wanneer ons na die optredes van vigilantegroepe kyk. Dit is 'n uiters gevaarlike pad. Dit lei tot openbare teregstellings, die amputering van liggaamsdele en losse uitsprake deur ons voorste mense. Dit is 'n pad wat die bekamping van misdaad bemoeilik.

KRUGER: Die Grondwet sê dat almal op die oomblik dieselfde regte het. Of jy nou 'n misdadiger is en of jy nou 'n slagoffer is.

So dit wat baie mense wil hê, naamlik dat daar so 'n bietjie getorring moet word en dat die balans 'n bietjie versteur word, dat so 'n bietjie meer regte vir die slagoffer en 'n bietjie minder vir die misdadiger gegee word, en dat dit ingeskryf moet word in die Grondwet is buite die kwessie. Dit kan nie gebeur nie. Of wat sê julle?

WESSELS: Nee. Die slagoffer het inderdaad ook bepaalde regte. Ons het al 'n werkwinkel gehou oor die regte van die slagoffer en die resultaat daarvan is ter beskikking gestel van die Departement van Justisie wat besig is om dit te finaliseer. Dit is belangrike dinge. Die slagoffer is veel meer as net 'n getuie in die hofproses en hy of sy moet ook met respek behandel word, moet oor die verloop van die hofsake ingelig word en word ook aan trauma blootgestel. Daardie hele proses vra inderdaad vir aandag.

Jy moet na die slagoffer se belange kyk en jy moet ook na die regte kyk van die persoon wat die wet verbreek het. Jy moet in daardie konteks die balans vind. Ek gee 'n voorbeeld. Gister was daar op die voorblad van 'n Kaapse koerant 'n opskrif – 20 keer was daar 'n hofsitting maar daar was nie 'n enkele verhoor nie. Met ander woorde, die getuie, die slagoffer, moes in alle waarskynlikheid dikwels na die hof toe kom. Die regter het daardie saak van die rol geskrap op die basis dat die vervolgingsgesag 'n sertifikaat moes uitreik om te bevestig dat hulle gereed was om met die hofsak voort te gaan alvorens hy dit weer op sy rol sou neem. Nou, al daardie dinge dra by tot wat ek nou wil noem die geskinder jeens die Grondwet. Dit is gewoon swak administrasie aan die kant van ons regspleging om 'n hofsak 20 keer uit te stel en dan nog nie eens gereed te wees nie.

KRUGER: Dit is nie die Grondwet se skuld nie?

WESSELS: Dit het niks met die Grondwet te doen nie; dit het alles met swak administrasie te doen.

KRUGER: Nog iets oor regte, dan wil ek graag vir advokaat Engelbrecht 'n vraag vra. Die hiërargie van regte – ek dink jy gebruik die woorde ook, dr. Wessels, in daardie stuk waarna verwys word – is dit nie moontlik nie? Dat

'n mens 'n hiërargie van regte het wat jy in die Grondwet inskryf. Die een meer ... bietjie minder ... en so, sou dit nie wettig kon wees nie?

WESSELS: Kyk, die Grondwet is in 'n stel waardes gegiet en daaruit spruit die regte soos dit in die Grondwet vervat is. Maar dikwels moet die regte opgeweeg en gebalanseer word. Regte kan ingekort word, dit wil sê hulle kan minder gemaak word, afgeskaal word, maar dit moet altyd geskied in balans met ander regte en die waardes van die Grondwet.

KRUGER: Kan die regsproses daardie regte afskaal of moet dit in die Grondwet wees? Voordat die reg, advokaat Engelbrecht-hulle, dit kan doen?

WESSELS: Wat byvoorbeeld kan gebeur, is dat die owerheid – die Departement van Justisie, die polisie, die vervolgingsgesag, wie ook al – kan aandui dat 'n sekere reg afgeskaal moet word. Dit kan dan by wyse van gewone wetgewing gedoen word. Dit geskied nog steeds binne die raamwerk van die Grondwet.

KRUGER: Maar die Konstitusionele Hof moet daardie nuwe wet toelaat.

WESSELS: Dit is heeltemal korrek. Dit is die veiligheidsmeganisme wat bestaan sodat daar nie willekeurig opgetree word nie.

KRUGER: Goed, advokaat Engelbrecht, kom ons kom by die regsproses en die mense. Die mense, die publiek – en ek veralgemeen nou – beskuldig die Grondwet, die regte wat daar vir mense gegee word, en sê dat oortreders meer regte het as slagoffers. Stem u saam dat dit in die regsproses so is?

ENGELBRECHT: Magdaleen, met groot respek, ek kan nie met daardie stelling saamstem nie. Uit die Handves van Regte, met enkele uitsonderings, word geen nuwe regsbeginsels – in soverre dit 'n strafsak aangaan – neergelê nie. Dit wat die Handves van Regte sê, is al jare gelede in ons appèlhof vasgelê. Net nie onder dieselfde naam van 'n billike verhoor of reg op privaatheid nie, maar dit is klaar vasgelê. En wat die Handves van Regte –

en meer bepaald artikel 35 – in werklikheid gedoen het, is maar net om die bestaande reg te kodifiseer.

KRUGER: So, julle is tevrede? Kyk, jy kan nou nie namens die professie praat nie, maar waar jy daarmee te doen het as advokaat, jy is tevrede dat die oortreder en die slagoffer heel goed daar uitkom? Dit is die mense wat nie die omstandighede ken nie, wat die kritiek lewer? Jy dink nie dat die Grondwet te veel regte aan die oortreder gee nie?

ENGELBRECHT: Nee, met respek, Magdaleen, ek dink die Grondwet, en veral artikel 35, is 'n ewewigtige bepaling wat gevolg gee aan eeue oue beginsels wat in Engeland geld, wat in Amerika geld, wat in Kanada geld. Dit het net daardie regte gekodifiseer wat reeds bestaan het.

Die oortreder het nie meer regte as wat die slagoffer het nie. En ons moet baie versigtig wees om nie die proses, met ander woorde die Handves van Regte, die skuld te gee nie. Hoe word 'n saak ondersoek? Hoe word die saak in die hof voorgedra? Met ander woorde, was daar 'n deeglike ondersoek?

KRUGER: Julle sê dit is nie die Grondwet nie. Daar is genoeg regte vir alle mense. Ek het 'n paar ander mense net so getoets wat ook in die regsberoep is ... of daar prokureurs en advokate sou wees wat ja sê. Hulle sê ook nee.

Nou, as julle dan nou sê daar is nie 'n probleem met die regte balans, die regteverdeling nie, hoekom is dit so dat die publiek, die oorgrote meerderheid van die publiek – ek wil amper sê 98% – die vinger wys na die Grondwet en sê daar is meer regte vir oortreders. Waar kom daardie persepsie dan vandaan?

ENGELBRECHT: Dan moet ons, om hierdie gesprek sinvol te voer, eers besin oor watter deel van die publiek, met ander woorde watter deel van die gemeenskap hierdie persepsie het? Praat ons van die oningeligte persoon wat nie volledig kennis dra van die feite van 'n besondere saak nie, maar wat hier en daar 'n berigjie in die pers lees of oor die nuus hoor, dat dit en dat gebeur het; of praat ons van daardie ingeligte persoon wat terdeë bewus is van al die feite van die saak? Iemand wat ingesit het toe die regter 'n uitspraak gelewer het?

WESSELS: Ek dink ons moet die erkenning maak dat misdaadvlakke in ons land sulke hoë proporsies aangeneem het dat mense emosioneel hierop reageer.

Daar is nou 'n debat gevoer oor of die statistiek oor misdaad beskikbaar gestel moet word al dan nie. Ek hoef my nie vir die doeleindes van my argument te verlaat op daardie debat of die afwesigheid van daardie statistiek nie.

Ek kyk gewoon na my kollegas en ek kyk na my vriendekring en daar is nie 'n enkele een wat nie 'n direkte of indirekte storie oor misdaad kan vertel nie. Hierdie aspek beduiwel hierdie hele debat oor die balansering van die misdadiger aan die een kant en die slagoffer se regte aan die ander kant. Dit maak die debat erg emosioneel en dit beduiwel dan alles.

KRUGER: So, mense wat miskien direk of indirek te doen gehad het met iemand wat 'n slagoffer was, sal dalk emosioneel anders reageer as iemand wat nog nie daarmee te doen gehad het nie.

Advokaat, jy wou nog iets gesê het van dat die mense nie ingelig is nie, maar die grootste deel van die publiek sal nooit tot op daardie vlak ingelig wees nie, kan nie by die hof wees en elke uitspraak bestudeer nie, het nie regsagtergrond nie. Wat nou?

ENGELBRECHT: Ja, Magdaleen, maar kan jy dan kritiseer as jy nie weet nie? En ons moet nie veralgemeen en 'n opinie uitspreek oor die algemeen nie, maar ons moet na besondere sake kyk. Kan ek die Grondwet blameer vir die uitslag van 'n saak as ek nie weet wat daar aangegaan het nie? As ek nie van die feite kennis dra nie?

KRUGER: Moet daar dan nie miskien van die regslui verwag word om meer te kommunikeer oor hoekom daar 'n sekere uitspraak is nie? Kan so iets gebeur?

ENGELBRECHT: Ek weet van baie regters en landdroste wat, wanneer hulle 'n uitspraak gee en hulle dit in Afrikaans of in Engels doen terwyl die gemeenskap wat daarin belangstel, 'n ander taal spreek, dan maak daardie regter of landdros seker dat sy volledige uitspraak oorgetolk word in die taal wat die slagoffer en die gemeenskap verstaan.

WESSELS: Dit is van belang dat, wanneer 'n regter 'n uitspraak gee en dit nie voldoen aan die verwagtings van die betrokke gemeenskap wat om wraak roep nie, dan moet die uitspraak so verduidelik word dat die slagoffer en daardie spesifieke gemeenskap verstaan waarom hy tot die bepaalde gevolgtrekkings gekom het.

KRUGER: Is dit nodig dat die slagoffer en familielede teenwoordig moet wees as daar uitspraak gelewer word?

WESSELS: Hulle moet die beredenering hoor en dit verstaan. Dit is die pad wat ons moet stap; ons moet vonnisse oplê vir mense wat misdade gepleeg het. Die gemeenskap moet verstaan waarom sommige mense kwyt-geskeld word en soms vonnisse opgelê word wat nie aan hul verwagtings voldoen nie.

KRUGER: Dit is die eerste keer dat daar op hierdie hoë vlak, deur adjunk-president Jacob Zuma, kritiek uitgespreek word. Nou-ja, Jacob Zuma het sommer vir julle, advokaat Engelbrecht, gesê julle moet nie die skelms verteenwoordig nie – dit is nou sommer my eie woorde, maar hy het gesê, jy weet, as jy iemand wat skuldig is, probeer lospraat ... daardie storie. Wat is jul reaksie daarop? Is dit nie ook 'n bietjie van 'n oorreaksie van hulle kant af nie?

ENGELBRECHT: Magdaleen, ek weet nie wat my kollegas se reaksie daarop is nie, maar laat ek dit sommer nou duidelik stel. As dit is wat die adjunk-president gesê het, en as dit is wat hy bedoel dat 'n misdadiger nie geregtig is op regsverteenwoordiging nie, laat ek sommer die mite nou doodmaak: Geen advokaat of prokureur praat 'n beskuldigde los nie. Dit is nonsens. Wat hy wel doen, is om die saak op die instruksies wat hy van sy kliënt gekry het, te voer en om die saak op die kliënt se weergawe te baklei. Maar geen advokaat of geen prokureur kan feite koop nie.

KRUGER: So, as die advokaat of die prokureur seker is en die aangeklaagde persoon erken skuld, wat maak jy dan? As dit 'n ernstige misdaad is, gaan jy die persoon dan probeer loskry?

ENGELBRECHT: Dan is jy nog geregtig om die sterkte van die staat se saak deur kruisondervraging te toets sonder om 'n wanvoorstelling aan die hof te maak asof die beskuldigde nie die misdaad gepleeg het nie. Maar jy is nog steeds geregtig om, as die saak om identiteit draai, daardie aspek te toets.

KRUGER: Dit is wat iemand ook vir my gesê het toe ek met hulle gepraat het: Jy moet net nie lieg nie.

ENGELBRECHT: Korrek.

KRUGER: Jy moet nie namens jou kliënt lieg nie.

ENGELBRECHT: Ja, daarom bevraagteken ek Zuma se opmerking en ek sal graag met hom in 'n debat wil tree hieroor – as dit is wat hy bedoel – want dan het hy sekerlik nie gaan kyk na die Amerikaanse reg, die Engelse reg en ook nie na die Kanadese reg nie. En ek verwag nie so 'n opmerking van 'n persoon in sy posisie nie.

KRUGER: Soos politici maak, het hy nou al begin terugkap en een of ander tyd sou die media hom seker verkeerd aangehaal het. Ek wil net noem dat daar ook al kritiek op die media gelewer is omdat die media nie behoorlik inligting oor 'n hofuitspraak aan die publiek deurgee nie.

En daar is bitter min goeie hofverslaggewers wat daardie konteks handhaaf. Ek dink Philip de Bruin is aangehaal in 'n artikel as een van die min wat dit doen. Maar ons gaan nou-nou verder gesels. Ek wil net sê ons het so pas verneem dat die Reserwebank sy uitleenkoers, die repokoers, met een en 'n half persentasiepunte verlaag het tot 12%. Die banke sal na verwagting hul uitleenkoerse binnekort dienooreenkomstig verlaag wat verligting sal bring vir mense met huisverbande en ander lenings. Nou-ja, besluit maar self of dit vir jou goeie of slegte nuus is – aan watter kant van die lyn jy is. Ek weet nie of dit vir julle goeie of slegte nuus is nie.

WESSELS: Ek dink daardie goeie nuus maak nog nie die bontpraterij van adjunkpresident Zuma ongedaan nie.

KRUGER: Dr. Wessels, u reaksie dan op wat ek van Zuma gesê het.

WESSELS: Ek het daardie toespraak, soos gerapporteer, baie fyn gelees. Daar steek elemente van waarheid in. In die mate kan 'n mens die woede van die publiek verstaan wanneer misdadigers hul regte opeis wanneer dit hulle pas. Maar wat ons nie kan toelaat nie, is dat 'n ongedefinieerde, ongefokusde debat plaasvind soos adjunkpresident Zuma dit aanhangig gemaak het. 'n Paar dae nadat hy die eerste gewraakte stellings gemaak het, het hy gesê dat sy kritiek nie op die Grondwet gemik is nie, maar teen die misdadigers. Nou, dit is al 'n belangrike verduideliking.

KRUGER: Wat doen ons daaraan?

WESSELS: Dit is die probleem wat aangepak moet word. Dit het te make met ander aspekte ten opsigte van die Grondwet. En daarvan kan ons nie wegstap nie. Nou, niemand maak 'n aanval op spesifieke bepalings in die Grondwet nie. Dit is losse praatjies oor borg ... oor die feit dat misdadigers geregtig is op regsverteenwoordiging ... oor die strawwe wat misdadigers opgelê word. My houding hieroor is dat dit te los en te vaag is, dat dit nie werklik op 'n goeie stel feite gegrond is nie.

En ek dink wanneer ons dus na die bekamping van misdaad kyk, moet ons na die wye prentjie kyk. Die stellings wat regter Chaskalson onlangs gemaak het, is 'n juweel. Hy sê daar is 'n ketting van aktiwiteite in die strafregpleging en die bekamping van misdaad. Die hele stelsel is so sterk soos die swakste skakel daarin. Dit begin by die ondersoek van die saak en dit eindig die dag wanneer die regter of voorsittende beampte uitspraak gee. En tussenin is daar 'n lang ketting wat ons moet oorweeg.

KRUGER: Nou, advokaat Engelbrecht, ek dink dat dit is waaroor jy sterk voel. Ons het nou vasgestel dat die probleem nie by die Grondwet lê nie. Waar lê dit dan? Lê dit by daardie prosesse?

ENGELBRECHT: Voor ek daardie vraag beantwoord, kan ek net een voorbeeld noem? Daar is nou 'n aanval op die borgbepalings. Ek sê vir julle, die borgbepalings soos dit nou in artikel 60 vervat is, is meer drakonies as wat dit was voor die Handves van Regte in werking getree het. Dit is vir sekere misdade nou bykans onmoontlik om borg te kry. Nou dink ek veral

aan bylae 6-misdrywe. Hierdie ernstige misdrywe van gewapende roof, ensovoorts.

KRUGER: Verkragting en aanranding.

ENGELBRECHT: 'n Groep kom saam om 'n moord te pleeg of groepverkragting en so aan – dit is nou moeiliker. Ons moet begin en kyk waar die probleem lê.

KRUGER: Waar lê dit?

ENGELBRECHT: Ek wil dit nie as 'n algemene reël stel nie, maar die probleem lê onder andere by ons polisiemag. By ons ondersoekbeamptes wat bes moontlik te veel dossiere dra en dan nie behoorlike aandag aan die ondersoek van 'n saak kan gee nie. Dan moet ons dit 'n stap verder vat.

KRUGER: Dit is nou te sê as die misdadiger of die verdagte gevang word. Hy moet nou eers gevang word, en ek dink dit is wat die publiek ook sê. Hulle word nie gevang nie.

ENGELBRECHT: Ek dink onopgeloste misdade is in die minderheid.

KRUGER: Is dit?

ENGELBRECHT: In die meeste gevalle word die misdadiger gearresteer. Ek het nie statistieke nie, maar uit ondervinding kan ek dit sê.

WESSELS: Ek wil net die punt maak dat wat nou van belang is, is die slagoffer. Wanneer die slagoffer die saak rapporteer, moet jy vra hoe die omgewing lyk waarin hy hierdie saak moet rapporteer. Is die ontvangs by die polisiestasie vriendelik? Dit is 'n persoon in nood. Word die persoon behoorlik bygestaan? Word sy verklaring op 'n simpatieke wyse afgeneem? Daar is bewyse dat dames wat die slagoffers van verkragting en seksuele misdade was, dan 'n tweede trauma ervaar vanweë die manier waarop hul saak hanteer word. So, daar is inderdaad gegronde redes vir die simpatieke hantering van die slagoffer. 'n Mens kan nie veralgemeen nie; en

ek dink dit is wat regter Chaskalson ook gesê het en dit is waar die ketting begin. Is die ondersoek van die saak behoorlik gedoen?

ENGELBRECHT: Ja, maar dit lê nie by die Grondwet nie.

WESSELS: Presies.

ENGELBRECHT: Die Grondwet beskerm die slagoffer, maar nou gaan ons verder. Nou kom die saak in die hof. Behalwe, in die hoër howe kom die saak normaalweg aan die orde op die eerste dag wanneer dit geplaas is. Maar in die streekhof, in die laer howe, kom dit nie die eerste dag aan die orde nie. Nou moet die getuie, sê, 70 kilometer ver hof toe kom. Hy sit die hele dag daar; vanmiddag om vieruur word die saak uitgestel na 'n volgende dag toe. Hy werk. Sy werkgewer begin nou al wenkbroue lig, want dit is nou al die derde en die vierde keer – en ek het statistieke om dit te staaf. Ons kan na enige landdroskantoor toe gaan en 'n saak trek en dan sal ons sien hoeveel keer 'n saak verdaag word. Nou verloor die slagoffer belangstelling. Hy kom nie hof toe nie. Jy kan hom nie blameer nie. So, ons moet begin by die begin.

KRUGER: Die slagoffer is dan baie keer net so skuldig?

ENGELBRECHT: Korrek. Of die slagoffer verdwyn. Sonder dat hy sy naam en adres laat by die polisiestasie waar hy die klag ingedien het. Nou, hoe spoor jy hom op?

KRUGER: Of hy trek terug?

ENGELBRECHT: Dan moet hulle maar die saak terugtrek. Maar, jy weet, ek dink nie daar word mooi onderskei tussen al hierdie gevalle wat ek nou uitgelig het nie.

KRUGER: So wie moet dan nou daardie probleme oplos? Kyk, julle is nou in die hof. Julle kry met hierdie frustrasies te doen. Wie moet dit vir julle oplos? Die politici of die staatsamptenare? Of moet die Menseregtekommissie ingryp, of wat moet gedoen word?

ENGELBRECHT: Die politici kan nie daardie aspek oplos nie. Ek dink ons moet teruggaan na die tekenbord toe. Die polisie moet behoorlik opgelei word. Daar moet behoorlik voorsiening gemaak word vir voldoende polisiemanne om te polisieer en te ondersoek.

En dan moet ons opleiding verskaf aan die staatsaanklaers en die staatsadvokate. Daar is egter ook baie goeie en ervare staatsaanklaers en staatsadvokate vir wie ek baie respek het.

KRUGER: Goed, ek wil hê dat ons luister na wat dr. Irma Labuschagne, forensiese kriminoloog van Pretoria, oor die storie sê. Kan daar 'n bietjie meer klem op die slagoffer gelê word, ensovoorts? Maar kom ons hoor wat sê dr. Labuschagne.

LABUSCHAGNE: Dit was nog altyd 'n baie groot wens van ons almal wat in daardie veld werk, dat daar wel meer aandag aan die slagoffer gegee word as wat tot nou toe gedoen is. Dit is 'n baie, baie belangrike aspek en dit kan nie buite rekening gelaat word nie.

KRUGER: Sou jy sê dat die oortreder op die oomblik in Suid-Afrika in 'n beter posisie as die slagoffer is as 'n mens kyk na die Grondwet en die regsprosesse, ensovoorts?

LABUSCHAGNE: Ek wil dit nie noodwendig sê nie. Ek dink elkeen moet afsonderlik bekyk word en ons moet nie eintlik vergelyk nie. Wat ek wel sê, is dat daar byvoorbeeld dinge is soos slagoffervergoeding. Jy weet, ek wil nie appels met pere hier vergelyk nie.

Ek wil meer sien dat die slagoffer 'n beter bedeling kry. Nie noodwendig ten koste van, of so iets nie, maar ons is nog baie ver agter ander lande wat byvoorbeeld restitusie of vergoedingsboetes betref.

Boetes gaan baie maklik na die staat en die slagoffer sit maar hoog en droog, en dit is 'n aspek wat baie aandag moet kry. Verder, waar die slagoffer ernstige leed aangedoen is, behoort die slagoffer se leedkant ook in die hof gehoor te word, sodat die persoon wat uiteindelik moet vonnis, 'n beter prentjie het van watter leed ter sprake is.

KRUGER: So, as ek jou dan reg verstaan, as ons nou kyk na die publiek – soos ’n mens nou lees en dinge hoor – en selfs regsmanse wat sê dat die oortreder minder regte moet kry. Skuif jy eerder die klem en sê jy dat daar eerder meer regte of hulp aan die slagoffer gegee moet word?

LABUSCHAGNE: Ja.

KRUGER: Sonder om weg te neem van die oortreder?

LABUSCHAGNE: Kyk, ek bedoel nou glad nie hy moet nou in watter toegedraai word nie. Maar ek dink hulle moet soort van gelyk aangehoor word. Sy kant en die slagoffer se kant is ewe belangrik.

KRUGER: Jy het nou genoem dat die mense ook moet kennis dra of meer kennis moet dra van die slagoffer se leed?

LABUSCHAGNE: Ja.

KRUGER: Dat ’n mens meer doen om ’n beter bedeling vir die slagoffer te gee – wat sou die uiteinde daarvan wees?

LABUSCHAGNE: Ja, om die straf meer konstruktief te maak. Ek is baie sterk ten gunste van die idee van slagoffervergoeding. As jy iemand besteel, kan jy net sowel maar die res van jou lewe werk en die slagoffer self terugbetaal. ’n Bevel vir korrektiewe toesig as die oortreder geskik sou wees om binne die gemeenskap gestraf te word. Dikwels moet hulle maar tronk toe gaan. Maar as daar ’n moontlikheid bestaan dat die persoon binne die gemeenskap bly werk, in huisarres sit maar dat deel van wat hy verdien direk teruggaan aan die slagoffer – ek hou baie van so ’n straf.

KRUGER: Sou ’n mens byvoorbeeld die stelsel kon verbeter as ’n mens sê die slagoffer moet ’n groter sê hê in die straf wat dan in die regsproses uitgedeel word aan die oortreder. Of is dit ’n riskante ding?

LABUSCHAGNE: Ek dink dit is ’n bietjie riskant, want ’n slagoffer kan ongehooflik subjektief wees. Ek dink nie dat wat die straf betref, jy vir ’n slagoffer moet vra watter straf hy sou verkies nie. Maar ek dink die slagoffer het die

reg om gehoor te word. Die voorsittende beampte kan dan 'n beter besluit neem oor watter straf om uit te deel.

KRUGER: Kom ons sluit met 'n voorbeeld af. Jy het die geval van John Theboes genoem toe ek vooraf met jou gereël het vir hierdie gesprek. Deel net vir ons jou gedagtes daaroor mee.

LABUSCHAGNE: Gestel daar was nie in ons land 'n baie regverdige en 'n baie versigtige regsisteem nie, kon 'n mens hier gesien het hoe 'n onskuldige mens eenvoudig aan 'n misdaad skuldig bevind word waarmee hy niks te doene gehad het nie.

KRUGER: Jy kan miskien net gou-gou die agtergrond gee. Dit is die persoon wat oorspronklik deur Boniswa, die moordenaar van Marike de Klerk, betrek is by die moord. Hy is van die Kaap, John Theboes, maar hy was heel onskuldig?

LABUSCHAGNE: Hy was onskuldig en met die genade het ons 'n versigtige en regverdige stelsel wat dit so bepaal het. Maar ons moet altyd besef dat as dit nie 'n regverdige, 'n versigtige en 'n uitstekende sisteem is nie, elkeen van ons maklik 'n slagoffer kan word in die sin van beskuldig te word vir iets en dan kan ons nie aangehoor word nie.

KRUGER: Dit dan dr. Irma Labuschagne, 'n forensiese kriminoloog wat baie met slagoffers werk.

ENGELBRECHT: By vonnisoplegging – ek ondersteun haar daar. Ek dink ons moet meer innoverende vonnisse of vonnisopsies tot beskikking van die regter of landdros plaas sodat daar gekyk kan word na die oortreder, die oortreding en die belange van die gemeenskap en dat die doelwitte van straftoemeting dan opgeweeg word. Binne daardie raamwerk moet ons vonnisopsies tot sy beskikking stel wat die slagoffer in gepaste gevalle kan vergoed. Maar dit kom eers na skuldigbevinding ter sprake.

KRUGER: Baie dankie vir jul deelname.

EINDE VAN GESPREK

VRYHEID VAN ASSOSIASIE; TAAL-, KULTUUR- EN GODSDIENSREGTE



ASSOSIASIE
EK LOS JOU UIT EN JY LOS MY UIT!

Tydens 'n radio-onderhoud oor gelykheid en vrywillige assosiasie vra John Robbie, bekende radiopersoonlikheid van die geselsradiostasie 702, my of sy kollega Jenny Crwys-Williams by die Vrymesselaarsbeweging kan aansluit. Jenny vra hom glo voortdurend baie nuuskierig uit oor dié beweging. Dit verskaf John klaarblyklik groot plesier wanneer hy haar meedeel dat hy die geheime van die organisasie nooit met haar, as buitestander en vrou, sal deel nie.

Aan hierdie vraag, het ek, ten spyte van die feit dat die Kommissie 'n ondersoek oor gelykheid en vrywillige organisasies gedoen het, nooit gedink nie. Ek krap rond en weet dus nie klinkklaar wat die antwoord sal wees nie.

Indien Jenny van oordeel is dat daar teen haar as vrou gediskrimineer word, is dit met die eerste oogopslag grondwetlik gesproke ontoelaatbaar – die Grondwet identifiseer 17 grondslae waarvolgens jy nie teen enigiemand mag diskrimineer nie. Geslag is een so 'n beginsel.¹

Die volgende stap sal wees om die Vrymesselaarsbeweging in te lig aangaande die aantyging teen hulle en hulle dan die geleentheid te bied om te verduidelik waarom die diskriminasie nie as onbillik bestempel moet word nie.

Volgens die Wet ter bevordering van Gelykheid en die Uitskakeling

1 Artikel 9 van die Grondwet.

van Onbillike Diskriminasie is daar 'n reeks faktore wat oorweeg moet word wanneer so 'n saak beslis word:²

- ❖ Wat is die konteks waarin die diskriminasie afspeel?
- ❖ Word die klaer se waardigheid aangetas?
- ❖ Wat is die effek van die diskriminasie op die klaer?
- ❖ Wat is die posisie van die klaer in die samelewing? Word die klaer of die groep waaraan die klaer behoort aan sulke benadeling blootgestel?
- ❖ Wat is die aard en omvang van die diskriminasie?
- ❖ Is die diskriminasie sistemies van aard?
- ❖ Dien die diskriminasie 'n legitieme doel?
- ❖ Dien die diskriminasie sy doel?
- ❖ Is daar minder beperkende maatreëls waarmee die doel bereik kan word?
- ❖ Het die respondent/ondervraagde stappe gedoen wat in die omstandighede redelik is om (1) die probleem van verontregting aan te pak of om (2) diversiteit te akkommodeer?
- ❖ Differensieer die diskriminasie op 'n redelike en regverdigbare wyse en aan die hand van objektiewe kriteria tussen mense?

Jare gelede het vroue in die staat Minnesota in Amerika gegrief gevoel omdat hulle uitgesluit is van die Jaycees-beweging – slegs mans tussen die ouderdom van 18 en 35 kon lid van die organisasie wees. Vroue het deelgeneem aan die verskillende aktiwiteite van die organisasie, maar kon nooit volle lidmaatskap met stemreg geniet nie.

Die oogmerk van die organisasie is om 'n gesindheid van Amerikanisme te bevorder en om 'n geleentheid te skep vir persoonlike ontwikkeling en intelligente deelname aan gemeenskapsaktiwiteite op plaaslike en nasionale vlak.

Na groot gestoei voor verskillende howe het die Amerikaanse Hoë Hof beslis dat die toelating van vroue, met stemreg, geensins sou afbreuk doen aan die organisasie se oogmerke nie. Die uitsluiting van vroue was 'n aantasting van hul waardigheid en het die organisasie die geleentheid tot

2 Artikel 14 van Wet 4 van 2000.

groter deelname en die aanhoor van ander perspektiewe oor sake van nasionale belang ontnem.

Niks sou die Jaycees egter verhinder om mense wat ander ideologieë en filosofieë aanhang, van hul organisasie uit te sluit nie.

In een van die tipiese, tradisionele Britse klubs, waar mans bymekaar kom om sigare te rook, te skinder en oor sport, politiek en die aandebeurs te praat, het 'n lid my baie selfvoldaan vertel dat Margaret Thatcher, toe Eerste Minister van Brittanje, by die klub kon kom kuier. Sy sou egter nie lid kon word nie. Baie van hierdie tradisies het met verloop van tyd stil-stil in die slag gebly.

Dit is sekerlik steeds moontlik om 'n eksklusiewe mannebeweging op die been te bring. Die Walliese mannekoor sal hier die toets slaag – die oogmerk om die diep bas- en tenoorstemme van mans in koorsang te organiseer, is sekerlik nie grondwetlik aanvegbaar nie.

Hierdie sake kan egter nie lukraak behandel word nie. Hulle kan nóg minder in 'n grondwetlike bedeling aan die rustige verloop van tyd oorgelaat word. Mense wil weet waar hulle staan. Die Grondwet, tersaaklike wetgewing en hofuitsprake moet vertolk en verteer word sodat die ou gebruike teen vaste riglyne gemeet en gepas kan word. Sonder hierdie riglyne sal niemand vrywillig verstellings maak nie.

Wanneer die staat aan vrywillige organisasies vat wat op die grondslag van geloof, taal, kultuur, geslag of ras bedryf word, raak mense warm om die boordjie. Vryheid van assosiasie is deesdae meer kompleks as die ou dae se beskouings – dit wat ek vir myself opeis, gun ek ook aan ander. So, los my uit, want ek wil tussen my eie mense wees en ek gun jou die ruimte om tussen jou mense te beweeg.

Met hierdie houding, sonder om die grondwetlike oorwegings in ag te neem, sal niemand deesdae ver kom nie.

Een van die hoeksteenbeginsels waarop ooreengekom is tydens die grondwetlike onderhandelings lui soos volg:

- ❖ Kollektiewe selfbeskikkingsregte om organe van die burgerlike samelewing te vorm en in stand te hou, sal op die grondslag van *geen diskriminasie* en vrye assosiasie erken en beskerm word. [Eie beklemtoning.]

Hierdie beginsel het sonder enige weerstand tydens die onderhande-

lings en die daaropvolgende sertifiseringsproses in die Grondwet neerslag gevind.³

Vryheid van assosiasie beteken dus:

- ❖ As 'n algemene reël sal individue teen staats- en private inmenging beskerm word wanneer hulle ooreenkomstig die beginsel van vrye assosiasie instellings op die been bring. Dit beteken egter nie dat iemand 'n reg het om by enige organisasie aan te sluit nie.
- ❖ 'n Organisasie beskik ook oor 'n groot mate van selfstandigheid om interne sake soos besluitneming, lidmaatskapsbeleid en bestuursaan-geleenthede te reël sonder die inmenging van buitelanders.
- ❖ Daar is ook ruimte om nie te assosieer nie – jy kan nie iemand dwing om sekere oortuigings te onderskryf nie.

'n Vrywillige organisasie is 'n instrument wat mense kan gebruik wanneer hulle wil saamstaan om gemeenskaplike oogmerke te bereik. Van die bekendste vrywillige organisasies is vakbonde en politieke partye. As 'n groep maak hulle groter indruk op die werkgewers en die kieserskorps as individue.

Hierdie organisasies bestaan nie in 'n lugleegte nie, want hulle vind hul plek naas ander individue en organisasies in die samelewing.

Velerlei vrywillige organisasies het met godsdiens te make. Godsdiens is 'n baie intieme en persoonlike saak – mense glo waaraan hulle glo en die staat behoort nie daarby in te meng nie. Die Grondwet waarborg ook vryheid van godsdiens, maar die staat kan eenvoudig nie met gevoude arms sit wanneer mense vanuit 'n kerk haatspraak verkondig, mense en menslike fetusse in die naam van godsdiensvryheid offer of kinders verbied om skool te gaan nie. Selfs vryheid van godsdiens, soos dit in kerke as vrywillige organisasies beoefen word, het dus grense.

Die groot vraag is: Waar trek jy hierdie grense?

Vrywillige organisasies is die lewensbloed van enige gesonde demokrasie. Goed georganiseerde godsdienstige bewegings, kultuurgroepe, vakbonde, ekonomiese groeperings en politieke partye is belangrike rolspelers en lewer groot bydraes tot openbare debatte en die bevordering van hul lede se belange.

3 Vgl. artikel 18, 30 en 31.

Die oogmerk van so 'n organisasie en die aktiwiteite waarmee gepoog word om hul oogmerke te bereik, is egter van deurslaggewende belang.

'n Misdaadsindikaat sal nooit aanspraak kan maak op grondwetlike beskerming nie. Die argument dat hulle 'n reg het om as vrywillige organisasie te funksioneer, kan nooit grondwetlike beskerming geniet nie, want hul oogmerk is nie regmatig nie. Hulle kan maar verduidelik dat hulle volgens die Robin Hood-beginsel funksioneer, dat hulle nie vir winsbejag misdaad pleeg nie en dat hulle die "vrugte" van hul arbeid slegs met die armes deel. Sulke verduidelikings sal tevergeefs wees.

Die organisasie wat argumentshalwe tot stand gebring word om Zoeloliteratuur en digkuns te bestudeer, het met die eerste blik lofwaardige oogmerke wat grondwetlike beskerming behoort te geniet. Hulle besluit egter dat die sanger Johny Clegg, wat ook al die "wit Zoeloe" genoem is vanweë sy kennis van die Zoeloetaal en -kultuur, nie toegelaat kan word as lid van die organisasie nie. Hulle reël hul interne sake en lidmaatskap egter op so 'n wyse dat hulle, in die woorde van die Konstitusionele Hof, taal en kultuur as 'n skild gebruik om grondwetlike oogmerke af te weer en menseregte te ondermyn.⁴

'n Geslote klub aanvaar 'n bespreking van 'n groepie joernaliste om die dag by 'n vakansieoord deur te bring. Daar word rustig onder die bome gebräai. Later versit die groepie na die swembad waar almal vrolik in die water baljaar. Onverwags dring die bestuurder van die oord daarop aan dat een van die groep, die enigste swartmens, uit die water moet klim.

"Hoekom?" is die verbaasde vraag. "Jy mag nie hier swem nie. Dit is die reëls van die oord." "Jy het ons nie hiervan vertel toe jy ons bespreking aanvaar het nie, ook nie toe julle vanoggend by ons aankoms ons geld aanvaar het nie," antwoord een. "Jammer, dit is die reëls van die klub en ek kan dit nie wysig nie. Dis 'n vrywillige organisasie hierdie en ons besluit self oor ons lidmaatskap en interne reëls."

"In daardie geval verkas ons almal en gaan julle op die koop toe aan die MRK rapporteer."

Hierdie drama het hom afgespeel voordat die gelykheidshowe tot stand gekom het.

4 *Christian Education of South Africa v Minister of Education* 2000 (4) SA 757 (CC).

'n Ander vrywillige organisasie het in soortgelyke omstandighede bedroë daarvan afgekom ná die instelling van die gelykheidshowe en moes R10 000 boetegeld opdok.

Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) word deur individue van die Moslemgeloof van diskriminasie beskuldig omdat hulle nie lede van die ATKV kan word nie en sodoende nooit vir afslag by die ATKV se oorde kan kwalifiseer nie. Hul argument is dat hulle gereeld by die Goudinivakansieoord kuier en dus lid van die oord wil word, maar nie hul weg oopsien om die oogmerke van die ATKV, naamlik die bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur op 'n Christelike grondslag, te onderskryf nie.

Die ATKV se verweer is dat hulle nie in hul lidmaatskapsbeleid op grond van kleur teen enigiemand diskrimineer nie. Enigiemand kan sonder kwalifikasie of voorbehoud gebruik maak van hul oorde of deelneem aan hul projekte. Lidmaatskap word egter gereserveer vir mense wat hul oogmerke en grondslag onderskryf, want dit is hul lede wat hul beleid bepaal en rigting aan hul aktiwiteite gee. Indien hulle 'n beleid van oop lidmaatskap aanvaar, sal hulle hul grondslag afwater sodat dit niksseggend sal wees en selfs met die nodige ondersteuning van andersdenkendes gewysig kan word.

Die afslag wat lede by die oorde kry, word gesubsidieer deur die maandelikse lidmaatskapsfooi wat die lede betaal en die wins wat die oorde maak, word gebruik vir die bedryf van die projekte wat ingestel is om die oogmerke van die ATKV te bevorder.

Ten spyte van volgehoue emosionele weerstand sal die benadering van die ATKV die grondwetlike en wetlike toets in alle waarskynlikheid voor die gelykheidshowe slaag.

Die Joodse gemeenskap besit 'n ouetehuis in Kaapstad. Lidmaatskap van hierdie ouetehuis is beperk tot lede van die Joodse gemeenskap. Dit word so gedoen omdat die kos volgens Joodse geloof voorberei moet word en die eetgerei op 'n bepaalde manier hanteer moet word. Indien mense van ander geloofsoortuigings toegelaat word, sal dit die manier van aanbidding in die tehuis moeilik of selfs onmoontlik maak. Hierdie organisasie ontvang geen staatsubsidie nie. Die oogmerke en aktiwiteite sal sekerlik alle grondwetlike en wetlike hindernisse oorkom.

Suid-Afrika se verlede, wat op uitsluiting en eksklusiwiteit berus het, maak dinge vandag ingewikkeld. Dit dra ongetwyfeld by tot die agterdog

en vooroordele waarmee ons samelewing vandag opgesaai sit – ook wanneer dit kom by die eksklusiwiteit van vrywillige organisasies en die redes daarvoor, hoe goed gemotiveerd dit ook al is.

Telkens wanneer maatreëls berekend getref word om mense uit te sluit, voel iemand diep gekwets.

Met die aanvang van die driekamerparlement was daar drie eetsale vir die lede van die drie kamers – geen oor-en-weer-gekuier sou in hierdie eetsale toegelaat word nie. Dít is met gedetermineerde verset teengestaan. Ná lang beraadslagings is die reëling geskrap sonder enige noemenswaardige verandering in die kuier- en eetpatrone by die eetsale. Parlementslede het selde buite hul bekende en intieme groeperings gekuier. In die nuwe Parlement en tydens die onderhandelings was dit ook so.

Ek kan aan geen rede dink waarom die publiek anders sal optree as parlementslede en grondwetlike onderhandelaars nie. Mense met dieselfde agtergrond, kultuur en taal kloek graag saam.

TAAL



“KOM ONS OEFEN ONS TONGE LOS, SODAT ONS DEUR ONS PRAGTIGE, ROU, RITMIESE TALE DIE WONDE VAN DIE VERLEDE KAN HELP GENEES.”¹

Die uurglas is besig om uit te loop vir die onderhandelaars, want die Mei 1996-sperdatum vir die voltooiing van die Grondwet is om die draai. Die taalklousule is steeds ’n struikelblok. Laataand sit ’n taakspannetjie koppe bymekaar op soek na ’n oplossing.

Die een wil nukkerig van die ander weet: “Wat is die probleem?”

Engels kan nie grondwetlike erkenning kry as die enigste amptelike taal nie. Erkenning van die ander tale met Engels as die taal van rekord – in die howe en in amptelike dokumente en korrespondensie – sal ook nie deug nie. Daar moet ruimte wees vir Afrikaans.

“Ons is moeg vir hierdie taalstryd wat julle Afrikaners teen Engels voer in die naam van veeltaligheid. Die feit van die saak is dat die ander tale altyd geminag word. Die bevordering van ander tale is ’n skyn waaraan julle net lippediens lewer – dit gaan altyd net om Afrikaans. Ons stel nie daarin belang om betrokke te raak by die byltjies wat julle nog met die Engelse te slyp het nie. Afrikaans is ’n belangrike taal, maar julle moet verstaan: Net soos julle nie wil toegee dat Engels ’n spesiale plek in die Grondwet kry nie, net so seker kan ons nie toestem dat daar spesiale ruimte vir Afrikaans geskep word nie.”

Kom ons skep ruimte vir Afrikaans en die ander inheemse tale – Engels is ’n wêreldtaal, dít is die grootste gemene deler tussen ons en sal sonder spesiale hulp staande bly.

Die opgewondenheid oor die nuwe status van die inheemse tale en die spesiale plek vir veral die kleinere tale kan nie verberg word nie. Een van die deelnemers verklaar opgewonde: “Om te dink my taal kry nou grondwetlike erkenning en staan daar langs Engels en Afrikaans!”

1 Matthews Phosa, *Deur die Oog van ’n Naald*, Tafelberg, 10.

Die taalklousule sien soos volg daar uit:²

- ❖ Daar is 11 amptelike tale wat by verre die grootste gedeelte, diep in die 90%, van die bevolking sal akkommodeer.
- ❖ Daar word nou 'n plig op die staat geplaas om die gebruik van inheemse tale te bevorder.
- ❖ Alle amptelike tale geniet gelykheid van aansien.
- ❖ Munisipaliteite moet let op die taalvoorkeur van hul inwoners wanneer hulle 'n plaaslike beleid ontwikkel. Dit is dus moontlik om 'n ander beleid as hul provinsiale regering of hul naburige munisipaliteit te hê. Hulle behoort ook bedag te wees op die breë taalkonstruksie van die taalklousule.³
- ❖ Deur wetgewing moet nasionale en provinsiale regerings hul gebruik van amptelike tale reël.

Agt jaar ná die voltooiing van die grondwetlike onderhandelingsproses lewer Naledi Pandor, tans Minister van Onderwys maar destyds in haar hoedanigheid as Voorsitter van die Nasionale Raad van Provinsies, tydens die eerste konferensie oor veeltaligheid in die Parlement 'n toespraak wat entoesiasies deur parlamentslede ontvang is. Dit was asof sy die notule van die destydse bilaterale gesprek as basis vir haar toespraak gebruik het:⁴

- ❖ Die bevordering van veeltaligheid het niks te doen met die stand van Afrikaans in die Suid-Afrikaanse gemeenskap nie.
- ❖ Enige betoog vir 'n buitengewone status vir Afrikaans of enige ander taal sal moeilik in 'n demokratiese Suid-Afrika geregverdig kan word.
- ❖ Die ondergrawing of verontagsaming van enige taal, Afrikaans inkluis, sal nie geregverdig kan word nie.
- ❖ Een van die populêre mites in die Suid-Afrikaanse taaldebat is dat veeltaligheid grootliks om 'n tweetalige paradigma – Afrikaans teen Engels – wentel.
- ❖ Engels en Afrikaans is al langer as 'n eeu slaags en in dié tyd het albei swart inheemse tale tot minderwaardigheid vertrap.

2 Artikel 6.

3 Strydom HA & Pretorius JL, *Journal for Juridical Science* (hierna Strydom & Pretorius), (1999), 24.

4 *Beeld*, 24 Februarie 2004.

Die taalstryd in Suid-Afrika sal nie sommer bygelê word nie, want taal is iets wat mense aan die hart gryp. Die feit dat mense dieselfde taal (Afrikaans) praat, beteken egter nie dat hul harte ewe warm vir mekaar klop nie.

Annie Olivier van *Beeld* vra na afloop van die Afrikaanse Taalberaad:⁵ “Hoe rig ons ons op die toekoms van Afrikaans as ons skynbaar nog nie eens begin het om oor haar verlede te praat nie? Wit Afrikaanssprekendes sal hulself moet begin afvra in wie se belang dit werklik is om ‘van die verlede te vergeet’. Dit kan sekerlik nie in Afrikaanssprekendes se belang wees dat een deel van haar taalgemeenskap die ander probeer stilmaak oor ‘n kwessie wat hulle na aan die hart lê en onlosmaaklik deel is van hul verstaan van die taal nie? Wit Afrikaanssprekendes kan nie namens bruin en swart besluit die gesprek is afgehandel as hulle nog nooit eens vir hul taalgenote gevra het wat hulle presies op die hart het nie.”

Tydens ‘n seminaar van die Kommissie vertel ‘n deelnemer die volgende storie:⁶

“Ek het Afrikaans op skool geleer, maar kan dit nie praat nie vanweë my vooroordele jeens die taal. Ek het dit altyd gesien as die taal van die onderdrukker. Vandag voel ek onmagtig omdat ek nie Afrikaans kan praat nie. Ek wens ek kan die taal praat. Wanneer Afrikaners hierdie lawaai oor Afrikaans maak, het ons die persepsie dat julle steeds in hierdie dominerende posisie wil bly. Miskien is dit net ‘n persepsie, maar julle sal dit moet aanroer. Die vraag is, wat doen julle daarvoor? Julle het die bronne en julle behoort iets te doen om mense soos ek, wat nou positief ingestel is, te help om die taal te bemeester.”

Taal word agt keer in die Grondwet vermeld:⁷

- ❖ Artikel 6 – Die status van tale word uiteengesit.
- ❖ Artikel 9(3) – Jy mag nie op grond van taal teen iemand diskrimineer nie.

5 *Beeld*, 3 September 2004.

6 “Equality, Culture and Religion”. Seminaar georganiseer deur die Kommissie, 10 Desember 2003.

7 Venter F, “The protection of cultural, linguistic and religious rights: the framework provided by the Constitution of the Republic of South Africa, 1996.” Ongepubliseerde toespraak gelewer op 9 Mei 1998 tydens ‘n konferensie georganiseer deur die Nasionale Menseregterust en die Konrad Adenauer Stigting.

- ✧ Artikel 29(2) – Reg op onderwys in 'n amptelike taal van keuse waar dit “redelikerwys doenlik is”.
- ✧ Artikel 30 – Elkeen het die reg om die taal van eie keuse te gebruik ... niemand wat hierdie reg uitoefen, mag dit doen op 'n wyse wat met enige bepaling van die Handves van Regte onbestaanbaar is nie.
- ✧ Artikel 31(1) – Lede van 'n taalgemeenskap mag nie die reg ontsê word om hul taal te gebruik en taalverenigings te vorm nie.
- ✧ Artikel 35(3)(k) – 'n Beskuldigde het die reg om in 'n taal verhoor te word wat so 'n persoon verstaan of, indien dit nie doenlik is nie, dat die verrigtinge in daardie taal getolk word.
- ✧ Artikel 35(4) – 'n Gearresterde, iemand in aanhouding of 'n beskuldigde is daarop geregtig om inligting te ontvang in die taal wat die persoon verstaan.
- ✧ Artikel 235 – Erkenning word verleen aan taal- en kultuurgemeenskappe.

Fyn formulerings en spesifieke uiteensettings in 'n grondwet maak dit 'n statiese dokument. Die ideaal is egter dat dit 'n lewende dokument moet wees – mense moet die grondwet gebruik en almal in gesagsposisies moet dit respekteer. Mense moet die wil hê om gevolg en betekenis te gee aan die grondwetlike bepalings. Op die oomblik wil dit egter voorkom asof dit nie ten opsigte van die taalklousules geld nie. Baie sien die taalklousules nie as 'n dringende prioriteit nie.

Die uitdagings met betrekking tot armoede, werkskepping, behuising, integrasie van die staatstrukture en die staatsdiens, en die vestiging van provinsiale en plaaslike regerings waarmee die regering opgesaai sit, het meegebring dat daar nie spesiale aandag aan taalvoorskrifte gegee is nie. Die verlore plek van Afrikaans en Afrikaners se besorgdheid oor taalgebruik weeg net nie so swaar as die ander vraagstukke waarmee die owerheid tans worstel nie.

Die feit dat daar slegs 'n taalbeleid maar nog nie 'n taalwet is nie, toon aan dat dit nie die primêre fokus van die regering is nie. Tydens die

eerste demokratiese parlement (1994-1999) is 789 stukke rasgebaseerde wetgewing geskrap.⁸ Dít alleen vertel waar die regering se sentimente in dáárdie parlement gelê het.

Die Kabinet het reeds 'n konseptaalwet aanvaar, maar dít moet nog deur die Parlement geloods word. Volgens hierdie wet sal alle staatsdepartemente verplig wees om minstens ses tale, waaronder Afrikaans, Engels, Venda, Tsonga, 'n Ngunitaal en 'n Sothotaal te gebruik.

In die afwesigheid van 'n taalwet het praktiese oorwegings dikwels meegebring dat die grondwetlike oogmerke ondermyn word. Dit is dus geen wonder dat munisipaliteite die grondwetlike voorskrifte afskeep en op ou taalpatrone terugval nie⁹, of dat staatsdepartemente van die grootste sondaars is wat die ander tien amptelike tale in die Grondwet ignoreer om vir “praktiese redes” net Engels as amptelike voertaal te gebruik.¹⁰

Afrikaners kan nie taalregte namens ander taalgebruikers opeis nie – hulle moet dit self doen. Dit is iets wat hulle huiwerig doen, gedagtig aan die stryd wat soveel mense voer om net eers vars water en skuiling te bekom. Vir talle is die amptelike erkenning van hul taal in staatsdokumente glad nie so belangrik soos water uit 'n kraan of 'n spoeltoilet nie.

Afrikaanssprekendes is die luidrugtigste wanneer dit by taalregte kom. In die boekjaar 2000-2001 was slegs 11% van die klagtes wat die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad ontvang het ten behoeve van die Afrikatale. Tydens 'n ondersoek het dit geblyk dat slegs 50% van die deelnemers van mening was dat die regering meer aan die ontwikkeling van voorheen benadeelde tale moes bestee. Die ander 50% was van mening dat die staat fondse beskikbaar moes stel vir werkskepping en behuising. Dit blyk dus dat taalontwikkeling gekoppel moet word aan breë ontwikkelingsplanne, omdat dit anders 'n luukse is wat nie bekostig kan word in omstandighede waarin armoede, karige behuising en gebrekkige onderwys heers nie.¹¹

Daar is aanduidings dat die noodsaaklikheid van veeltalige kommunikasie deur die staat en in amptelike forums tog besig is om stelselmatig

8 Judith February, “Human Rights Review: First Decade of Democratic Governance”. Konferensie georganiseer deur die Kommissie, 10-11 Junie 2004.

9 Strydom & Pretorius.

10 *Beeld*, 4 Mei 2004.

11 Cynthia Marivate, “Human Rights Review: First Decade of Democratic Governance”. Konferensie georganiseer deur die Kommissie, 10-11 Junie 2004.

te verander, al is dit met stampe en stote. Suid-Afrika volg dus nie die voorbeeld van Afrikastate wat net ná onafhanklikheid 'n beleid van eentaligheid – gewoonlik die beleid van die koloniale moondheid – aangegryp het om nasionale eenheid en nasionale integrasie te bevorder nie.¹²

Die Minister van Sosiale Ontwikkeling, dr. Zola Skweyiya, voer op 1 Desember 2003 (Internasionale Vigsdag), op Radio 702 'n onderhoud met die bekende radio- en TV-persoonlikheid, Tim Modise. Hy verwys na die onkunde van ons mense oor MIV/Vigs en maak die volgende stelling wat verreikende gevolge vir veeltaligheid kan inhou: “Ons eie mense verstaan ons nie wanneer ons met hulle oor die dinge praat nie, want ons praat in 'n taal (Engels) wat hulle nie verstaan nie.” Dit is asof hy verstaan wat ander al te sê gehad het, naamlik dat “'n veeltalige land met 'n eentalige regering nie 'n demokrasie genoem kan word nie”.¹³

Een van Suid-Afrika se regters-president, Mandla Hlope, het iets hiervan beet gehad toe hy onlangs gesê het dat daar geen sprake van gelyke behandeling in ons howe kan wees indien al 11 ons amptelike tale nie ingespan word nie. Die gebruik van sommige tale in die hof tot nadeel van ander is “ongrondwetlik en verwerplik”. Aspirerende regters behoort aangemoedig te word om ten minste een van die plaaslike tale te bemeester in die afdelings waarin hulle as regters diens wil doen.¹⁴

Diep in die Noord-Kaap vertel 'n boer van sy uitsluitlik Afrikaansspreekende plaasmense. “Baie van hulle was nog nooit in ons stede nie; hulle het dus geen verwysingsraamwerk van die wye wêreld waarin ons leef of die wêreld van ons President nie – hulle sien hom op TV, hulle weet wie hy is, maar hulle verstaan hom nie wanneer hy direk met hulle op TV praat nie.” Volgens hom verstaan die plaaslike politici die verleentheid en probeer toenemend om in die taal van die plaaslike gemeenskap met hulle te praat.

Op die vlak van plaaslike regering praat raadslede meestal in Engels tydens raadsvergaderings, want vertalingsdienste is na bewering onbekostigbaar. In die wandelgange begin mense brom, want om 'n effektiewe raadslid te wees, moet jy nou Engels magtig wees: “Wat van die gemeen-

12 Strydom & Pretorius.

13 Gerrit Brand van die Meertaligheidsaksiegroep, *Rapport*, 25 Mei 2004.

14 *Beeld*, 13 April 2004.

skapsleier in die pondokkie wat nie so vlot in Engels is nie?" vra een van die voormanne agter toe deure, maar maak nie 'n openbare geveg daarvan nie, want dan praat hy saam met die Afrikaanse taaldrywers en in daardie kamp wil hy nie wees nie.

Op 25 Mei 2004 (Afrikadag) bespreek tradisionele leiers tydens 'n konferensie wat deur die Nasionale Huis vir Tradisionele Leiers georganiseer is, die probleme van ongemagtigde inisiasies wat soms die tragiese dood van jong mans tot gevolg het. Hierdie onderwerp is vir hulle van wesenlike belang, want die inisiasies lê aan die wortel van die Afrikakultuur.

Hierdie lewensbelangrike debatte vind alles in Engels plaas – soms sukkel van die sprekers om die Rooitaal te gooi en dan word die toespraak in 'n Afrikataal voortgesit. Hierdie tafereel speel hom af te midde van ernstige aantygings dat kolonialisme en voortgesette dominasie van die Westerse kultuur meegebring het dat die Afrikatale en -kulture hulself steeds in 'n minderwaardige situasie bevind.

Die vraag oor waarom daar nie van vertalingsdienste, desnoods gelyktydige vertaling gebruik gemaak word nie, ontlok verleë reaksie: "Ons het nie daaraan gedink nie, maar die saak sal reggestel moet word."

TAAL IS VERDELEND

'n Prokureur, bekend vir sy knap artikels in Engels in regstydskrifte, bel na die Kommissie en moet 'n boodskap laat. Die entoesiastiese maar onervare sekretaresse wat nie Afrikaans magtig is nie, is apologeties oor haar gebrekkige verslag: "I am sorry. He is speaking Afrikaans, so I can't hear (*sic*) what he says." Onwillekeurig ontstaan die vraag: Het die kordate taalhandhawer 'n bres vir Afrikaans geslaan of het hy 'n potensieële vriend vir Afrikaans verloor?

Ek luister na 'n openbare stryery in Afrikaans; die persoon agter die toonbank van die kitskoseetplek se Afrikaans is treurig. Die kliënt is kwaad: "Jy moet Afrikaans leer want ons bly nie in Engeland nie!" Ongemaklik verleë glimlag die een aan die anderkant van die toonbank. Wens ek het geweet wat sy dink.

Die Xhosasprekende klerk in 'n munisipale kantoor in die Suid-Kaapse dorp het egter tydens 'n openbare geleentheid vertel hoe sý kop werk: "Hoe werk julle Afrikaners se koppe? Die Afrikaanse kliënt dring daarop

aan om in Afrikaans bedien te word. Hy hoor ek sukkel, maar doen niks om my te help nie.”

Aan die ander kant van die weegskaal staan ’n mens verstom oor die arrogansie van ’n munisipale amptenaar in Johannesburg wat geweier het om ’n tjek wat ’n inwoner in Afrikaans aangebied het, te aanvaar – die tjek moes in Engels uitgemaak wees. Nodeloos om te sê dat die Raad hom vinnig betig het en gewillig was om die tjek in Afrikaans te aanvaar.

TAAL IS SAAMBINDEND

Ek is telkens met verwondering vervul wanneer mense met los geoeffende tong die taalgrense oorsteek. Sulke mense koop telkens ongekenende welwillendheid.

Louise Eksteen, bevelvoerder van die speurtak in Kagiso aan die Wes-Rand, is die enigste witmens en vrou daar, maar maak ’n sukses van haar loopbaan. Dít doen sy, danksy haar kennis van Tswana, Zoeloe, Xhosa, en Noord- en Suid-Sotho. Sy verklaar uitbundig: “Kagiso is vir my ’n lekker plek om in te werk, want dit gee my nuwe waardering vir mense, juis omdat hulle sulke groot waardering het vir wat jy vir hulle doen.”¹⁵

Haar verhaal staan in skerp kontras met die polisiebeampte wat by die Kommissie kom kla omdat sy gedwonge ’n verplasing na een van die afgeleë Oos-Kaapse townships moes opneem – sy moes die verplasing aanvaar of bedank. Sy wou in die polisiediens bly en versit toe na die nuwe werksplek met rampspoedige gevolge vir haar gesondheid – die taal- en kultuurverskille is ’n struikelblok en jaag haar stresvlakke nadelig op. Sy is nie in staat om die gemeenskap behoorlik tot diens te wees nie.

Hoekom bemagtig die owerheid nie sulke mense deur hulle byvoorbeeld op kort taalkursusse te stuur nie? Wanneer diplomate na die buiteland uitgeplaas word, word moeite vir hulle gedoen en begin hulle om die taal van hul bestemming nog voor hul vertrek aan te leer.

’n Xhosa- en Engelssprekende polisiebeampte in Noord- of Wes-Kaap is sekerlik net so onmagtig daar as ’n Afrikaans- en Engelssprekende in afgeleë dele van die Oos-Kaap of KwaZulu-Natal. Die hardnekkigheid om

¹⁵ *Beeld*, 12 Junie 2004.

sonder taalbemagtiging met sulke verplasinge te volhard, ten spyte van plaaslike taal- en kultuursensitiwiteit, het sekerlik 'n effek op dienslewering.

Tydens 'n Kommissieondersoek vertel een van die Tswanasprekende polisiebeamptes hoe hy in Tswana in die voorvalleboek geskryf het. Sy wit kollegas kon dit nie verstaan nie en hy is voor 'n dissiplinêre verhoor gedaag. Die rede vir sy optrede? Hy wou hê dat die Kommissaris van Polisie moes kennis neem van sy frustrasie omdat daar in sy omgewing geen transformasie ten opsigte van ras of taal plaasgevind het nie. Die Grondwet maak voorsiening vir die gebruik van Tswana, maar amptelike registers en verklaringe is steeds net in Engels en Afrikaans voltooi ten behoeve van sy wit kollegas wat die Tswanataal nie kon verstaan nie.

PAN-SUID-AFRIKAANSE TAALRAAD (Pansat)

Die doel van dié raad is om veeltaligheid in Suid-Afrika te bevorder deur omstandighede te skep vir die ontwikkeling en gelyke gebruik van al die amptelike tale, om respek vir al die tale te ontwikkel en die gebruik daarvan aan te moedig.

Pansat kan op eie inisiatief of by ontvangs van 'n geskrewe klagte 'n ondersoek doen in verband met 'n beweerde skending van enige taalreg, taalbeleid of taalpraktyk. Enige persoon, liggaam of staatsinstelling kan per *subpoena* gedagvaar word om tydens so 'n ondersoek getuie af te lê.

Die Pretoriase Hooggeregshof het bevind dat die Vergoedingskommissaris, wat deel van die Departement van Arbeid is, die taalbepalings van die Grondwet (artikel 6(3)(a)) en die Pansat-wet (Wet 59 van 1995) oortree het deur 'n besluit te aanvaar dat Engels die Vergoedingskommissaris se enigste taal van kommunikasie sou wees. Pansat het hierdie beslissing van die hof as 'n belangrike baken in die ontwikkeling van die taalregte in Suid-Afrika bestempel. Die hofbevel is voorafgegaan deur lang onderhandelings waarin Pansat onsuksesvol was om die Vergoedingskommissaris te oortuig om 'n veeltalige beleid te aanvaar.

SLOT

Tydens 'n ondersoek na menseregtevergrepe teen die Khomani San-gemeenskap laat die gemeenskap my Afrikaanse tone krul van plesier. Ek vra

Oupa Dawid Kruiper daar op die sandduine van die Kalahari in watter taal ons met mekaar moet praat. “Engels, ou vriend, is soos ’n .22-jaggeweer. Baie vinnig. Dit kom by hierdie oor in en gaan by daardie oor uit.”

Ons het die gesprek laat vloei en my agbare kollega wat nie Afrikaans magtig is nie, het genoegsame oordeel aan die dag gelê om nie op onmiddellike vertaling aan te dring nie. Die Kommissie se verslag oor menseregteskendings teen die Khomani San het later in Afrikaans en Engels verskyn. Die hartseer is egter dat dit nie in Kruiper se moedertaal verskyn het nie, want sý taal is besig om te kwyn, en daar is slegs enkelinge wat dit nog kan praat. ’n Handjievol mense veg vir die oorlewing van die taal.

Daar is ’n plek vir groot toesprake in konferensiesale en spitsvondige regsargumente in hofsale, maar die toekoms van veeltaligheid sal nie dáár beslis word nie. Veeltaligheid moet in ons parke en pleine geleef word. ’n Bietjie omgee vir ’n ánder mens se taal wen verbasend baie veld vir jóú taal.

KULTUUR



*JY KAN LIEF WEES VIR WIE EN WAT JY IS,
SONDER OM TE HAAT WIE EN WAT JY NIE IS NIE.¹*

Om te wees wie en wat jy is, die kultuur van jou keuse te geniet, saam met kultuurgenote te kuier en om kulturele geleenthede of feeste te organiseer, is jou grondwetlike reg.² Die bekende kwalifikasie, naamlik solank dit nie met ander bepalings van die Grondwet bots nie, laat die hare van kultuurdrywers, hier en elders in die wêreld, egter altyd orent staan.

My kulturele regte beteken dan mos net mooi niks nie, want dit word ondergeskik gestel aan die “transformasie”-agenda van die regering, of argumenteer ander weer, hierdie Grondwet bevat te veel Westerse waardes wat niks met ons Afrikane te doen het nie.

’n Man kan glad nie verstaan hoekom hy daarvan verdink word dat hy iets verkeerd gedoen het toe die Kommissie hom voor die hof sleep vir verkragting nie. Hy het ’n 14-jarige meisie ge-*twala*, dit wil sê, met haar ouers se medewerking ontvoer om met hom te trou. Sy is dikwels deur haar vermeende eggenoot aangerand en verkrag. Sy is later na haar ouers teruggestuur om haar maniere te leer. Die ouers het haar die nodige “behandeling” gegee en haar toe teruggestuur na haar man toe. Toe sy steeds geen belangstelling in sy seksuele aansprake toon nie, het hy haar na ’n spirituele leier gestuur wat haar na ’n dokter geneem het wat op sy beurt ’n klag by die Kommissie ingedien het.

Die latere skuldigbevinding aan statutêre verkragting het ’n groot opskudding in die gemeenskap veroorsaak, want die gebruik is vir geslagte lank reeds deel van hul kultuur. Die Kommissie moes bontstaan en ’n spesiale poging aanwend om te verduidelik dat die Grondwet nou die

1 Kofi Annan, Sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies.

2 Artikel 30, 31.

hoogste reg in die land is en baie dinge sedert die aanvaarding van die Grondwet verander het, ook die *twala*-gebruik.

Die kelner haal die argwaan van sy werkgewer op die hals omdat hy weier om die *isipandla*, 'n stuk beesvel met hare en al wat om sy gewrig gespan is, te verwyder. Die *isipandla* is deel van sy kulturele tradisie en beskerm hom.

Terwyl die Kommissie die saak oorweeg, maak 'n paar van ons 'n draai by die Konstitusionele Hof. Was ons verbasing groot toe ons almal, nou baie bewus van die *isipandla*, opgewonde teenoor mekaar opmerk dat een van die eerbiedwaardige regters self die draer van 'n *isipandla* is. Dié van ons wat nie vertrou is met die gebruik nie, besef toe dat hierdie nie 'n stukkie randeierkultuur is nie, maar dat dit in sekere gemeenskappe baie diep gesetel is.

Aangevuur deur hierdie ervaring, vra ons die werkgewer wat nou eintlik die probleem is? "Kyk, hierdie rou ding stink terwyl dit besig is om so aan die man se arm droog te word. Buitendien, dit is besig om hare te verloor. Besoekers aan my restaurant sal nie tevrede wees met die toedrag van sake nie en buitendien druis dit in teen gesondheidsregulasies. Ek het niks teen swartmense nie, maar hy moet die beesvel verwyder of die pad vat."

Gedagtig daaraan dat regeringsmense en regters die *isipandla* as deel van hul kulturele tradisie dra, moet hy sy posisie heroorweeg en die man dalk elders ontplooi totdat die *isipandla* droog geword het en nie meer hare verloor nie. Dikmond aanvaar die werkgewer die voorstel.

Is menseregte in Afrika geskoei op 'n Westerse lees?

Suid-Afrika en Afrika is nie die enigste plekke waar mense glo dat hul situasie uniek is en dat internasionale menseregte, soos dit in die geskrifte van internasionale menseregtekonvensies vervat word, nie net voor die voet op tuisgebied oorgeplant kan word nie.

Tydens 'n internasionale konferensie in China waaraan menseregte-praktisyns afkomstig van die vyf vastelande deelgeneem het, is die tema "Universaliteit van Menseregte en Kulturele diversiteit" snuif getrap. Hierdie debatte het 'n mens sterk herinner aan die grondwetlike onderhandelings in Suid-Afrika. Mense neig na die bekende en daarom word dit wat uit 'n ander oord gepropageer word, nie sommer aanvaar nie.

Op eie bodem, en dikwels tot my verbasing, luister ek na argumente wat die Afrikanisering van die grondwetlike regte propageer. Hierdie apologete is in harmonie met sommige argumente waarna ek in China moes luister. Sommige Afrikaners en tradisionele leiers bevorder ook hierdie argumente in Suid-Afrika.

Tydens 'n ondersoek na ontgroeningspraktyke aan akademiese instellings en die daaropvolgende ondersoek na kulturele inisiasies waartydens talle jong mans jaarliks sterf, het beide Afrikaners en tradisionele leiers geargumenteer dat hul kultuur en kulturele regte nie verstaan word nie. Die Kommissie het bevind dat ongewenste ontgroeningspraktyke teen die gees van die grondwetlike bepalings oor menswaardigheid, gelykheid en vryheid indruis en dat baie vrae met betrekking tot kulturele inisiasies steeds nie beantwoord is nie.

Talle sake soos die posisie van die vrou tydens *lobola*-onderhandelings en *twala* wat in die Oos-Kaap beoefen word, is voorbeelde van onaanvaarbare kulturele tradisies wat nie grondwetlike toetsing sal slaag nie.

Die Grondwet verwerp die dominasie van een persoon oor 'n ander en gun jou die vryheid om jou eie besluite te neem of om namens jouself op te tree. Tradisionalistes bied sterk weerstand hierteen.

Dit laat die vraag ontstaan: Is kultuurbeoefenaars die eerste tussen gelykes of net gelyk? Anders gestel, betoon ons lippediens aan grondwetlike bepalings oor gelykheid wanneer dit in ons guns werk maar verset ons ons daarteen wanneer dit teen ons werk? Word die Grondwet gerespekteer wanneer ons ons eie regte opeis, maar vergeet ons gerieflikheidshalwe van die bepalings van die Grondwet wanneer die regte van ander daardeur gerespekteer moet word? Daar is vir jou ruimte om jou kultuur te beoefen, maar dit is belangrik dat ander se waardigheid, vryheid en gelykheid beskerm moet word – dit sluit die broses onder ons in – vroue, kinders en bejaardes.

Ek is onlangs met die argument gekonfronteer dat ek die Grondwet propageer asof dit evangelie is, maar dat ek nie die *African family* en *African traditions* verstaan nie. Daarvolgens is die hoof van die gesin die man en kan slegs hy namens die vrou en kinders wat onder sy toesig staan, praat.

Die grondwetlike bepaling is duidelik – jy mag jou godsdiens en kultuur beoefen, maar dit moet in harmonie geskied met die Grondwet. Kultuur

moet binne die grondwetlike raamwerk beoefen word. Diegene wat respek vir die Grondwet bevorder, moet kulturele praktyke met groot omsigtigheid en wysheid interpreteer en toepas.

Die vraagstukke oor kultuur en die Grondwet is nie so helder of eenvoudig as wat die kulturele praktisyns voorgee nie. Die wêreld het verander en so ook die Suid-Afrikaanse samelewing. Kultuur ontwikkel voortdurend en reageer op interne en eksterne invloede. Gemeenskappe ontgroei en verwerp gedragspatrone. Dít is die rede waarom vroue nou die reg het om te stem in Switserland, iets wat 30 jaar gelede ondenkbaar was, en die rede waarom vroue nie meer met hoede na Afrikaanse kerke toe gaan nie. Vroue staan deesdae aan die hoof van huishoudings, is suksesvolle broodwinners, versorg kinders en neem belangrike besluite namens diegene in hul sorg. Die Afrikatradisie dat die vrou nie saam met mans aan openbare debatte mag deelneem nie, is deur die tyd ingehaal en verbyge-loop.

Ooreenkomstig gewoontes en tradisies het die Bafokeng-stamhof 'n vrou se eis dat sy haar ouers se eiendom moes erf en nie 'n manlike familielid nie, in hierdie geval haar neef, verwerp. Sy was nooit getroud nie en het die tradisionele familiewoning jare lank versorg. Die Kommissie het samesprekings gevoer met die Koninklike Bafokeng-owerheid wat die besluit van die stamhof herroep het. Daar is só besluit omdat sy die enigste erfgenaam was en sy het nou die volste reg gehad om haar neef, wat intussen sy intrek in die familiewoning geneem het, uit die huis te sit.

Laat ons nie die waarskuwingswoorde van 'n voormalige Senegalese president, Leopold Sedar Senghor, aan die opstellers van die African Charter of Human and Peoples' Rights vergeet nie. Hy het die opstellers van die dokument aangemoedig "not to draft a charter of the right of 'the African man' but to capture African values and also uphold universal principles".

Sy advies is stewig ingebed in ons Grondwet waarvolgens kulturele praktyke geniet kan word, maar almal se waardigheid en aanspraak op gelykheid gerespekteer moet word.

Hierdie onderwerp is nog nie in Suid-Afrika, Afrika en elders in die wêreld klaar bespreek nie. Elke saak moet op eie meriete hanteer word. Menswaardigheid moet 'n spesiale betekenis kry in hierdie tydsgewrig waar-

in ons leef, gedagtig daaraan dat geleerdes³ reeds oortuigend geargumenteer het dat “there may be conceptions of human dignity that are distinctly African” – en nie ’n ontdekking van Europa en Amerika is nie.

Die balansering van kulturele praktyk en ander grondwetlike waardes is ingewikkeld, want kulturele praktyke setel diep in mense se gemoed. Dít kan egter nooit as verskoning gebruik word om grondwetlike waardes te ondermyn nie.

3 Thandabantu Nhlapo, “The African customary law of marriage and the rights conundrum” in *Beyond Rights Talk and Culture Talk*, Mahmood Mamdani (ed.). David Phillip Publishers (2000) 136.

GODSDIENS



CHRISTOKRASIE OF DEMOKRASIE?

Dr. Isak Burger, bekende kerkleier van die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika, skryf 'n ope brief aan Arthur Chaskalson, toe nog die hoofregter van Suid-Afrika. Hierin vestig hy die aandag op die feit dat volgens amptelike statistieke die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaners Christene is en dat hiêrdie meerderheid nie met die howe se siening oor gay huwelike saamstem nie.

Die Konstitusionele Hof se uitsprake oor die doodstraf, gay huwelike of parlementêre wetgewing oor aborsie kom dikwels onder skoot uit Christengeledere, omdat dit nie die meerderheid (die Christengemeenskap) se siening verteenwoordig nie. Die argument dat Christene in die meerderheid is en dat parlementêre wetgewing, regeringsbesluite en hofsake Christelike geloofsoortuigings moet volg, word dikwels gehoor.

Hierdie benadering is natuurlik nie nuut nie.

In 1984 het 'n parlementêr gekose komitee die sogenaamde kwetswette, die Ontugwet en die Wet op Gemengde Huwelike, ondersoek. Die opdrag was om te kyk na die noodsaak en moontlikheid om hierdie wette te wysig sonder om afbreuk te doen aan die grondliggende oogmerke met die verordening van die wette.

Die standpunt van die NG Kerk se afvaardiging onder leiding van ds. Kobus Potgieter was dat die wette nie verbeter kon word nie, maar dat dit behoue moes bly. Party lede van die afvaardiging het nie gekom om die saak te beredeneer nie, maar om die komiteeledere te intimideer. So is die komitee grootdoenerig meegedeel dat die afvaardiging 'n groot kerk verteenwoordig met 1 222 gemeentes, 1 700 predikante en sowat 1,5 miljoen doop- en belydende lidmate.

Dit is hoe dit destyds was – die politici sou nie maklik optree indien die Kerk nie daarmee eens was nie.

My eerste blootstelling aan ander godsdienste, Islam en Judaïsme, was 'n vreemde ervaring. Met die aanvang van die formele onderhandelings

te Kempton Park is besluit dat geen godsdiens die botoon sou voer nie en dat geestelike leiers verteenwoordigend van die hoofstroomgodsdienste almal die geleentheid sou kry om aan die openingseremonie deel te neem. Hierdie seremonie kon om praktiese redes nie elke dag herhaal word nie – allermens wanneer daar in verskillende komitees gewerk word. Met die aanvang van die verrigtings is daar geleentheid geskep vir stilgebed en meditasie. Elkeen kon dan die dag se werksaamhede volgens sy eie geloofsoortuiging begin. Dit is steeds die gebruik in die Parlement.

By een van die formele geleenthede waartydens geestelike leiers van verskillende gelowe opgetree het, val dit my op dat Chris Hani die verrigtings eerbiedig maar baie geamuseerd dophou. Ek was nuuskierig en wou van hom weet hoe sy kop werk, wetende dat hy al in die openbaar verklaar het dat hy 'n ateïs was. "Kyk, ek het 'n reg om nie te glo nie. Deur hierdie reg vir myself op te eis, skep ek die ruimte vir jou en ander om te glo waaraan julle glo. Julle kan dus jul geloofsoortuigings ten volle uitleef, maar julle moet my die ruimte gun om nie te glo nie."

Daar bestaan vryheid van geloof, maar ook wat bekend staan as vryheid van godsdiens, dit wil sê, moet nie jou godsdiens in my keel afdruk nie.¹

Suid-Afrika is nou 'n demokrasie waar die meerderheid in die Parlement regeer met die Grondwet as verwysingsraamwerk. Die uitvoerende gesag en howe kan ook nie buite die raamwerk van die Grondwet beweeg nie. Die Grondwet waarborg jou godsdiensvryheid sodat jy toegelaat sal word om die godsdiens van jou keuse te beoefen en ook die geleentheid gegun word om jou geloofsgenote deur vrywillige assosiasie te organiseer.²

Indien Christene in die meerderheid is, volg die vraag: Waarom geniet hul oortuigings nie voorrang nie? Dit is immers hoe 'n demokrasie werk! Niks verhinder Christene om stemming te maak vir hul standpunte nie of om seker te maak dat hul lidmate as parlamentslede verkies word en so doende te verseker dat parlementêre besluite die standpunte van die Christelike gemeenskap verteenwoordig nie.

1 De Waal J, Currie C en Erasmus G, *The Bill of Rights Handbook*, Juta (2001) 289.

2 Artikel 15, 18 en 31.

Feit is egter dat Christene nie 'n homogene groep is nie en deur verskillende politieke partye verteenwoordig word. Hulle dink eenvoudig nie eenders oor gay huwelike, die doodstraf of aborsiewetgewing nie.

Suid-Afrika is nou 'n *sekulêre staat*, dit wil sê, alle godsdienste word gerespekteer en geen voorkeur word aan enige godsdienste gegee nie.

In 'n Christokrasie of teokrasie van enige ander aard, soos Judaïsme of Islamisme, moet die parlamentswette, regeringsbesluite en hofuitsprake in pas wees met die vertolking wat die staatskerk aan 'n saak gee.

Alhoewel die NG Kerk nooit amptelik die staatskerk van die dag was nie, het dit baie naby daaraan gekom. Dié kerk het in die verlede 'n baie spesiale plek in die volkshouding ingeneem, soos blyk uit die optrede van die NG Kerk se afvaardiging destyds voor die parlementêre komitee.

In die nuwe sosiaal-politieke omgewing is daar duidelike rolle wat deur die Christelike gemeenskap vervul kan word: voorleggings aan die Parlement, beïnvloeding van geloofsgenote in al die politieke partye in die Parlement en om ook as vriend van die hof (*amicus curiae*) aan hofverrigtings deel te neem. Openbare deelname aan parlementêre en hofprosesse is deesdae 'n algemene verskynsel.

Dit is teleurstellend dat kerkleiers, soos weerspieël deur Burger se ope brief, amper argumenteer soos die populiste in die dampkring van die ANC. Húl standpunt is dat die howe die siening van die meerderheid op elke punt moet weergee – die regsprekende gesag moet getransformeer word om dit in ooreenstemming te bring met die aspirasies van die massa. Hulle voer verder aan dat sommige op die regbank hulself nie as verantwoordbaar teenoor die massa sien nie.

Regters maak nie landswette nie en hul uitsprake word nie teen die wense van die meerderheid of die massa geweeg nie. Hulle interpreteer die wette van die Parlement en pas dit dan toe op die alledaagse lewensituasies waarmee hulle in hofsake gekonfronteer word.

Die Konstitusionele Hof sê godsdienstvryheid is:

- ❖ The right to entertain such religious beliefs as a person chooses, the right to declare such beliefs openly and without fear of hindrance or reprisal, and the right to manifest religious belief by worship and practice or by teaching and dissemination.³

3 S v Lawrence 1997 (4) SA 1176 (CC).

Godsdiensvryheid as 'n grondwetlike reg beteken dus die reg om 'n godsdiens volgens oortuiging te kies, dit openlik te verklaar en te beoefen. Dít beteken natuurlik nie die einde van die debat nie, want hierdie reg moet dikwels met ander regte gebalanseer word wanneer regte met mekaar bots of wanneer dié reg moontlik beperk moet word.

Godsdiensvryheid kan nie as 'n skild gebruik word om grondwetlik aanvegbare praktyke te vertroetel nie.⁴ So sal die verkondiging van haat of die beoefening van marteling of slawerny – al word dit in die naam van godsdienstige oortuigings gedoen – geen grondwetlike beskerming geniet nie.

'n Onverwagte oproep en 'n ewe onverwagte vraag kom uit die platteland: “Wat is die Kommissie se houding jeens pastore wat teen homoseksuele mans preek?”

“Wel, indien hulle dit in hul kerkverband en op sterkte van hul godsdienstige oortuigings doen, naamlik deur godsdiensvryheid uit te oefen, is dit in orde.”

Toe breek die damwal: “Kan hulle dus maar van ons sê wat hulle wil?”

“Nee, hulle kan julle byvoorbeeld nie beledig nie en hulle kan nie 'n veldtog teen julle voer en sodoende teen julle diskrimineer nie. Hulle kan verkondig wat hul godsdienstige beskouing van homoseksuele mans is, selfs indien dit afkeurend is, maar hulle mag nie 'n veldtog teen julle loods en julle byvoorbeeld uitsluit van sekere openbare ampte, fasiliteite of funksies nie.”

In hierdie geval was die veldtog teen die gay mans dat hulle nie die plaaslike fliëks kon besoek nie.

Die Grondwet kan nie aan kerke voorskryf wat hulle moet glo en ook nie wie hulle as predikante moet aanvaar nie – gays in die NG Kerk, vroulike dominees in die Gereformeerde Kerk, vroulike priesters in die Katolieke kerk of slegs mans as Joodse rabbi's. Hulle kan hul sake dus intern volgens geloofsoortuiging reël. Indien hulle die openbare terrein betree deur ouetehuise of kerkskole volgens hul geloofsoortuiging met belastingbetalersgeld te wil bedryf, sal die bepalings van die Grondwet intree, naamlik dat jy nie

4 Artikel 31.

teen mense mag diskrimineer nie. Hierdie aktiwiteite sal dan sonder die belastingbetaler se geld gefinansier moet word indien hulle die voorskrifte van die Grondwet wil vryspring.

'n Sewejarige seun word toegang tot vier skole geweier omdat sy ouers se geloofsoortuigings nie vir die skole aanvaarbaar is nie en met die beskouing van die meerderheidsiening in daardie skole bots. Nadat die Kommissie en ook die Minister van Onderwys tot die stryd toegetree het, is die seun in 'n skool van die ouers se keuse geplaas.

Mevrou Tumane, 'n weduwee, woon in 'n plattelandse gebied wat deur 'n tradisionele owerheid bestuur word. Die owerheid vereis dat sy haar na haar man se dood aan sekere tradisionele gebruike onderwerp. Dit druis in teen haar godsdienstige oortuigings. Toe sy haar nie aan die gebruike onderwerp nie, word sy onder huisarres geplaas. Haar vryheid van beweging, geloof en assosiasie is aangetas. Na 'n lang stryd, eers voor die houe en later deur taai skikkingsonderhandelings tussen die partye, gee die tradisionele owerheid skiet en word die beperkings wat hulle haar opgelê het, opgehef.

Studente van die Sewendedag-Adventistekerk wil nie eksamen of toetse op Saterdag skryf nie – dit druis in teen hul geloofsoortuigings. Universiteite is bereid om spesiale reëlins te tref – die studente sal onmiddellik kwalifiseer vir 'n aanvullende eksamen of toets. Die studente skop vas – hulle meen daar word teen hul godsdienstige oortuigings gediskrimineer, want ander studente kry twee geleenthede om die eksamen te slaag – die eerste geleentheid en dan 'n aanvullende eksamen, terwyl hulle dan slegs die een geleentheid kry met die aanvullende eksamen. Die gevoel is dat die reëlins prakties, redelik en regverdigbaar is en dat die Universiteit sy bes doen om die studente te akkommodeer en geensins die bedoeling het om op onbillike wyse teen hulle te diskrimineer nie.

In Engeland het ene Stephen Copsey sy werk verloor omdat hy nie sy weg oop gesien het om op Sondag te werk nie. Sy werkgewer het na raadpleging met die vakbonde besluit om die werkskifte oor sewe dae te versprei aangesien hulle nie in die verhoogde aanvraag na hul produk kon voorsien nie. Copsey wou nie by die meerderheidsbesluit van die werkmag inval nie en het ook geweier om alternatiewe werk wat hom aangebied is, te aanvaar. Sy standpunt was dat Engeland 'n Christelike land en die monarg die hoof van die Kerk van Engeland is, en hy het daarom verwag dat sý

siening van die Sondag eerbiedig moes word. Die arbeidstribunaal het Copsey nie gelyk gegee nie, want volgens hulle is die korrekte prosedures deur die werkgewer gevolg. Buitendien, dit het Copsey ook vrygestaan om te bedank.

Op die vasteland van Europa kook die debatte oor godsdiensvryheid. Frankryk het pas wetgewing aanvaar wat leerders verbied om godsdienslike simbole op skoolterreine te vertoon, ongeag of dit 'n Christelike kruis, 'n Moslemuitrusting of 'n Joodse pet is.

In Nieu-Seeland het 'n hof onlangs 'n Moslemvrou verplig om haar tradisionele gesigsbedekking te verwyder toe sy in 'n bedrogsaak getuienis moes aflê. Die hof het beslis dat sy haar gesig aan die regter, die regspraktisyns en vroulike personeel in die hof vertoon, maar nie aan die publiek nie, want die regspan vir die verdediging wou haar optrede dophou wanneer sy getuienis aflê. Alhoewel die hof van mening was dat dit steeds 'n billike verhoor sou wees indien sy haar getuienis met haar tradisionele gesigsbedekking op sou lewer, was dit die hof se mening dat die verdediging 'n regmatige verwagting gehad het om aan 'n normale regsproses onderwerp te word.

Dit is duidelik dat respek vir ander nie beteken dat jy afstand moet doen van jou oortuigings of dit nie kan bevorder nie. Met betrekking tot godsdiensvryheid lê daar nog baie slaggate in die pad wat slegs deur koelkoppe opgelos kan word. Dit sal veral so wees wanneer groepe hul op die grondslag van vrywillige assosiasie organiseer en wanneer vroeë oor diskriminasie teen 'n spesifieke godsdienslike gebruik ter sprake kom.

Daar kan nooit van mense verwag word om nie te glo wat hulle glo nie, maar dit wat hulle glo, kan ook nie toegelaat word om 'n atmosfeer vir konflik te skep nie.

POLITIEKE EN BURGERLIKE REGTE



SPRAAK¹

*THE ONLY WAY TO MAKE SURE PEOPLE YOU AGREE
WITH CAN SPEAK IS TO SUPPORT THE RIGHTS OF
PEOPLE YOU DON'T AGREE WITH.²*

In 'n era toe kinders gesien en nie gehoor moes word nie was vryheid van spraak die slagoffer. Daardie geslag is verder onderwerp aan militêre diensplig, waar jy banger was vir die korporaasie as die generaal, want sy woord was wet en terugpraat is nie geduld nie.

Die jare voor 1994 was nie net in die volle sin van die woord ondemokraties nie, maar een van die kosbaarhede van enige demokrasie, naamlik vryheid van spraak, was dikwels die slagoffer. Gesag in die ouerhuis, skool of universiteit is selde deur debatvoering uitgedaag. Die kuns om nuuskierig ondersoekende vrae te stel, is nooit werklik aangeleer en beheers nie, want dit is makliker om afvalliges te ekskommunikeer as om met hulle debat te voer.

Vandag is dit egter moontlik om jou sê te sê en te vra: "Sê wie?"

Tydens 'n uitsending van *Met Raad en Daad*, 'n geselsprogram op Radiosondergrense, wil Lynette Francis van my weet wat die verskil tussen vryheid van spraak en haatspraak is.³

WESSELS: Die definisie van vryheid van spraak is redelik maklik. Dit is naamlik om aan individue die reg te gee om standpunt in te neem en dit te propageer, hetsy deur die media, of deur wetenskaplike of akademiese

1 Artikel 16.

2 Eleanor Holmes Norton.

3 Maart 2005.

publikasies, en so meer. Die grondbeginsel is dus: Sê jou sê, praat soos jy wil, praat soveel jy kan en propageer jou standpunt.

Vryheid van spraak vergestalt die idee van 'n oop samelewing waar mense met mekaar debatteer wanneer hulle oor sake verskil. Suid-Afrika het 'n geskiedenis en teen daardie agtergrond kan jy jou reg op vryheid van spraak uitoefen; maar daar is 'n paar dinge wat jy nie kan doen nie. Jy kan byvoorbeeld nie oorlog propageer nie. Sodra jy oorlog propageer, voer jy vryheid van spraak te ver. Jy kan ook nie geweld aanblaas of aanstig nie, want wanneer jy dit doen, voer jy vryheid van spraak te wyd. Net so kan jy ook nie haat verkondig wat op ras, etnisiteit, geslag of godsdiens gebaseer is nie, om net enkele voorbeelde te noem.

Dus, sê jou sê, maar moet nie haat propageer nie. Haatspraak wat mense leed aandoen of mense aanhits om leed te veroorsaak, is onaanvaarbaar. Aanvanklik het die Kommissie gesê jy moet hierdie aanhitsing om leed te veroorsaak eng interpreteer as fisiese geweld of fisieke leed. Dit was die bevinding nadat "Kill the farmer, kill the boer" by 'n openbare geleentheid gedreunsing is. Die Vryheidsfront was ontevrede met dié benadering en het appèl aangeteken. 'n Ander paneel van die Kommissie het die saak ondersoek en bevind dat jy nie net na "leed veroorsaak" in die fisieke konteks moet kyk nie, maar dit ook in die breër konteks moet sien, naamlik as geestelike leed. Wat die slagspreuk "Kill the farmer, kill the boer" betref, moet jy aanvaar dat jy Afrikaners op 'n knop gaan jaag wanneer jy dit sing. Jy laat hulle voel dat hulle nie deel van die samelewing is nie. Dit is waarom hierdie slagspreuk nou deur die Kommissie as haatspraak bestempel word.

FRANCIS: Ons is 'n baie jong demokrasie en baie van ons is nog nie rêrig gewoond aan hierdie nuwe regte nie. Nou skielik word daar vir jou gesê dat jy jou sê kan sê, solank jy nie só affronteer dat dit aan haatspraak grens nie. Nou, as jy nog nooit sekere magte of regte gehad het nie en jy nie weet waar die grense is nie, dan gaan 'n mens mos partykeer begin krap-krap-krap, skuif-skuif-skuif.

WESSELS: Dit is waar. Dit is hoe dit gaan met 'n Grondwet en die regte wat daarin vervat is – jy moet inhoud daaraan gee. In hierdie opsig is die Indiese Grondwet interessant. Een van die redes dat daárdie Grondwet

oorleef, veral die aspekte wat oor godsdienstvryheid handel, is die feit dat die opstellers van die Grondwet die konteks van die land se geskiedenis in gedagte gehou het. Namate hulle voortgaan en verder met mekaar stoei, gee hulle inhoud daaraan.

Een van die rigtinggewende uitsprake van ons Konstitusionele Hof⁴ bepaal dat vryheid van spraak een van die belangrikste boublokke van enige demokrasie is. Soos alle regte het ook hierdie reg grense. Regte moet gebalanseer word en jy kan dus nie sê dat vryheid van spraak die belangrikste reg is wat die botoon bo ander regte moet voer nie. Dit kan nooit belangriker wees as die grondwetlike waardes van menswaardigheid en die aspirasies van gelykheid en vryheid nie.

Plaas die Grondwet vir die oomblik opsy en dink terug aan die jare voor 1994. Jy kon sê wat jy wou, maar jy kon nie my goeie naam of karakter aantast nie. Indien jy dit gedoen het, kon ek jou voor die siviele hof daag. Vryheid van spraak het toe al grense geken – weliswaar ander grense as dié wat ons vandag ken. Daardie grense leef voort. Dit is daarom steeds vir my moontlik om jou vir byvoorbeeld laster voor die siviele hof te daag.

In ons huidige grondwetlike bedeling het ons die 27 regte, waarvan vryheid van spraak een is, netjies beskryf. Wat is ons oogmerk met hierdie 27 regte? Ons wil 'n samelewing vorm waarin mense mekaar respekteer, mekaar se waardigheid erken, mekaar op gelyke voet hanteer en ook mekaar se aspirasies tot vryheid in gedagte hou.

Hierdie waardes kom in die spel wanneer regte met mekaar bots en jy die regte moet balanseer.

FRANCIS: Laat ons genoeg ruimte toe om van mekaar te verskil?

WESSELS: Ons samelewing is dikwels goed daarmee om te toi-toi of om regte op te eis, maar ons is nie altyd goed daarmee om ander se regte te respekteer nie. Ons is goed om mekaar te vertel, maar ons is nie goed om met mekaar te debatteer nie. Ons is nog nie goeie luisteraars nie.

Vryheid van spraak beteken dus nie bandelose of onverantwoordelike spraak nie. Dit gebeur dikwels dat woorde geuiter word wat duidelik onaan-

4 *S v Mamabola (e-tv)*, Business Day and the Freedom of Expression Institute Intervening) 2001 (5) BCLR 449 (CC).

vaarbare spreektaal is, maar dit kwalifiseer nie as haatspraak nie. Die druppel vir iets om as haatspraak te kwalifiseer, is hoog. Alhoewel 'n uitspraak of kreet dalk nie as haatspraak kwalifiseer nie, mag dit die taal wees wat nie bevorderlik is vir goeie verhoudinge in die land nie. Die term wat die Kommissie hiervoor gemunt het, is "onaanvaarbare taal of optrede".

'n Bekende motorvervaardiger plaas 'n advertensie in verskeie tydskrifte. Die advertensie vertoon 'n vrou wat kaalbors staan met haar borste wat sywaarts geswaai is. Dit is oënskynlik veroorsaak deur die spoed van die motor wat by haar verbygejaag het. Die Kommissie het 'n klagte by die Owerheid vir Reklamestandaarde gelê wat dadelik 'n verbod op die advertensie geplaas het, aangesien vroue se reg op waardigheid hier swaarder geweeë het as die motorvervaardiger se reg tot vryheid van spraak.

Mnr. H.N. Jansen van Rensburg besluit om met die Wêreldkriekettoernooi 'n wedstryd in Durban by te woon. Hy neem die ou landsvlag saam en begin dit tydens die wedstryd waai. A nee a, sê die organiseerders, hier is nie plek vir dié vlag nie. Ons het met die borge ooreengekom, en dit is so op die kaartjie aangebring, dat slegs sekere vlae en simbole vertoon sal word, want ons wil maksimumblootstelling aan ons borge gee. Die Kommissie bevind dat niks die klaer verhinder het om die vlag voor die stadion te waai nie, maar dat hy, toe hy die kaartjie gekoop het, hom daartoe verbind het om die voorwaardes wat gestel is, te gehoorsaam. Hy het dus vrywillig afstand gedoen van sy reg tot vryheid van spraak. Die organiseerders se beperking was redelik en regverdigbaar.

Dikwels ontstaan 'n woordetwis waarin die woorde onvanpas is – vryheid van spraak beteken immers nie bandeloosheid nie. Dié reg moet met verantwoordelikheid uitgeoefen word en daarom kan jy nie altyd sê wat jy wil op die manier waarop jy wil en waar jy wil nie.


In 'n ooglopende politieke twis verkla generaal Bantu Holomisa van die United Democratic Movement (UDM) vir mnr. Ngconde Balfour, die destydse Minister van Sport en Ontspanning, by die Kommissie omdat laasgenoemde op 'n vergadering van die Verenigde Krieketraad gesê het dat hy eerder na die swart krieketspelers Paul Adams en Makhaya Ntini kyk as na die wit spelers Mark Boucher en Jacques Kallis. Holomisa meen Balfour het hom skuldig gemaak aan haatspraak.

Indien die woorde wat aan Balfour toegedig is, korrek is, sal dit nie as haatspraak kwalifiseer nie, maar is wel heeltemal onvanpas. Sonder om 'n

demper op openbare debat te plaas, waarsku die Kommissie dat openbare figure hulle daarvan moet weerhou om sulke onsensitiewe opmerkings te maak.

Uit 'n ondersoek blyk dit dat die meeste Suid-Afrikaners glad nie vir lief neem met die afbrekende rassitiese manier van debatvoering nie.⁵ So het 74% van volwasse Suid-Afrika verklaar dat "Kill the farmer, kill the boer" haatspraak is. Hierdie mening is gehuldig deur 68% van die swartmense, 86% van die witmense, 63% van die kleurlinge en 83% van die Indiërbevolking.

Een van die toonaangewende resultate is dat 75% van die mense wat ondervra is, gemeen het dat mense wat hulle aan hierdie afbrekende gedrag skuldig maak, 'n boete of selfs tronkstraf opgelê moet word.



5 *The Star*, 1 December 2004.

Telkens wanneer rassisme ter sprake kom, styg die bloeddruk en wil mense daarvan 'n geveg maak. Toe die Kommissie klagtes teen sekere koerante ontvang en daarna besluit om 'n ondersoek oor rassisme in die media te loods, skree almal oor taal- en kleurgrense heen blou moord. Snydende, bitsige opmerkings volg – dit is die einde van vryheid van spraak. Dit is dan ondenkbaar om aan die koerante te vat en hulle van rasse-vooroordeel te beskuldig.

Na voltooiing van hierdie ondersoek het die media se bollemakiesie-reaksie groot binnepret veroorsaak.

Die Burger se segsman het die Kommissie gelukgewens met die verslag en meegedeel dat al die aanbevelings aanvaar word. Hierdie aanbevelings het onder andere behels dat joernaliste groter blootstelling moet kry aan die kulturele diversiteit van ons samelewing en dat voornemende joernaliste opgelei moet word in die werking van die Grondwet en die menseregte-bedeling in die land.

Die redakteur van *Business Day* en een van die grootste kritici van die ondersoek het vyf jaar daarna die volgende geskryf:

With hindsight, it was a beneficial process. Editors, particularly white ones, were forced to pay attention to aspects of their work which, while apparently bland on the surface, could be hurtful to black colleagues and a black market. While many were defensive and sometimes combative in testimony to the commission, the fact is that real lessons were learnt on all sides of the media education – journalists, readers and advertisers.

Vryheid van spraak beteken nie dat jy met alles wat jy hoor of lees moet saamstem nie. Ook nie dat jy die uitsprake waarmee jy nie saamstem moet ignoreer of probeer snoer nie. Jy kan jou sê sê, maar jy moet onthou dat jou opinie nie die enigste een in omloop is nie en dat die ander persoon ook 'n grondwetlike reg het op sy standpunt.

TOEGANG TOT INLIGTING¹



*KAN 'N POLITIKUS OORLEEF INDIEN HY NIE SY
BELOFTES GESTAND DOEN NIE?²*

Hedendaagse nuusberigte van mense wat protesteer en klipgooi, net soos in die jare voor 1994, betrap baie mense onkant. Een van die redes vir hierdie betogings is die feit dat mense nie weet wat aangaan nie – hulle wil gewoon verstaan wat gebeur en waarom. Mense soek na antwoorde. So wil hulle weet wat van die beloftes van 'n beter lewe geword het; waar die plaaslike regering nou met sy *delivery programme* staan.

Tydens een van my kollegas se besoek aan Indië wil die mense daar tot vervelens toe van hom weet waarom die mense in Suid-Afrika die reg tot protes gebruik om inligting te bekom en nie die reg tot inligting nie. Toe die Kommissie 'n voorlegging aan senior amptenare in die Oos-Kaap doen, vertel my kollega die storie. Hy deel die amptenare verder mee dat hy vir die mense (dié wat so ongelukkig raak en vir wie ons op televisie sien) gaan vertel hoe om die reg op inligting in die toekoms tot hul voordeel te gebruik.

Die geskokte amptenare se reaksie was dat hy dit nie durf doen nie, want hy sou hom dan skuldig maak aan die opsweping van emosies. Sy koel antwoord was bloot: “Nee, ek gaan hulle nie opsweep nie, ek gaan hulle van menseregte leer. Julle amptenare is die mense wat jul huis in orde moet kry.”

Tydens 'n internasionale konferensie in Meksiko waar die reg op inligting onder die loep geplaas is, kry ek die geleentheid om met die afvaardiging van Indië skouer te skuur en hulle oor hul beskouings van die reg uit te vra.

“Kyk, hierdie reg tot inligting is 'n *people's right*. Die mense wil weet hoe die staat die belastingbetaler se geld bestee. Dit is hulle geld en dit is

1 Artikel 32.

2 Indiese wysheid.

hulle aanspraak op ontwikkeling. Hulle wil verder weet wat die amptenare met die politici se beloftes maak. Want 'n politikus wat nie sy beloftes nakom nie, kan nie oorleef nie. Dus, ons stel die vrae aan die burokrasie en gaan toets dit dan op grondvlak by die mense. Ontstellende dinge gebeur. Die regering belowe dat hulle vyf damme in 'n bepaalde gebied sal bou. Korrupte amptenare bou net vier en steek die geld vir die vyfde dam in hul sakke. Die vergryp word eers jare later ontdek wanneer die mense nie die kloutjie by die oor kan kry nie."

In antwoord op 'n vraag aan die Inligtingskommissaris van Quebec, Kanada, oor wat die mense sal doen indien die reg op inligting van hulle weggeneem sou word, is die verrassende antwoord: "Die mense sal rebel-leer. Hulle ken die reg en omdat hulle nuuskierig is, sal hulle erg verontrief voel indien hulle nie vrae kan stel nie en nie weet wat in regeringsgeledere gebeur nie."

Toe 'n onlangse korrupsieskandaal in Kanada uitbreek en een van die hooffigure in die drama ontken dat hy ooit van die korrupsie geweet het, of aan die korrupte gebeure deel gehad het, het iemand, deur gebruik te maak van die reg op inligting, die tafelplan vir 'n sekere ete aangevra. Volgens die plan was die persoon wel teenwoordig en dus deel van die korrupsiekomplot wat tydens die gewraakte ete beplan is.

Niemand wat aan die onderhandelings by Kempton Park deelgeneem het toe die beginsel ten opsigte van vryheid van inligting aanvaar is, het verwag dat die vestiging van 'n inligtingsbedeling so lank sou neem nie. Hierdie beginsel voorsien vryheid tot inligting sodat oop en verantwoordbare administrasie op alle vlakke van regering kan plaasvind. Dit is 'n direkte gevolg van die geslote samelewing wat ons in die jare voor 1994 geken het.

'n Mens glimlag as jy nou terugdink aan al die "belangrikheid" wat gepaard gegaan het met dié geheimhouding. Wanneer sprekers tydens geslote inligtingsessies vasbrand om antwoorde te verstrek, is daar gewoonlik 'n betoog gelewer om die "leiers te vertrou omdat die inligting nie met die publiek gedeel kan word nie".

Tydens die sertifiseringsproses het die Konstitusionele Hof nie die reg tot inligting as 'n fundamentele reg beskou nie, maar slegs as 'n reg wat belangrik is om goeie regering te verseker.

Hierdie argument vind nie oral byval nie. Die wêreld het baie verander sedert 1948 toe die Universele Deklarasie van Menseregte aanvaar is. Die tegnologie en inligtingsontploffing – meer telefoonaansluitings is in Afrika suid van die Sahara gelewer in die paar jaar van die 21ste eeu as in die hele 20ste eeu – veroorsaak dat mense nou met ander oë na die reg op inligting kyk. Hierdie reg het intussen beslis 'n fundamentele reg geword.

Die idéé van oop en verantwoordbare regering was van die begin af in die Grondwet ingebed, maar daar moes gewag word tot 15 Februarie 2002 en die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, wat gevolg gee aan die reg, voordat dit ten volle geïmplementeer kon word.³ Die voltrekking van hierdie reg was 'n lang en moeisame proses. Die ingewikkelde aard van die reg en die wetgewing kan as geldige rede vir die vertraging aangevoer word.

Die ouwêreldse verskynsel dat regerings en amptenare nie graag inligting met die publiek deel nie, het gou kom neskop na 1994. In 1993, toe die grondwetlike beginsel aanvaar is, was die ANC die opposisie en wou soveel inligting as moontlik bekom – hulle was die aansoekers om inligting. Na 1994 het hulle egter die verskaffers van inligting geword en was nie meer so gretig om inligting met almal te deel nie. Dit gebeur oor die hele wêreld: Wanneer jy in opposisie is, wil jy so veel as moontlik weet, maar wanneer jy in die regerende posisie is, wil jy so min as moontlik inligting met ander deel.

Kenners het onlangs aangedui dat Amerika die afgelope jaar aan 3 miljoen versoeke om inligting gehoor gegee het – die hoogste in die land se geskiedenis – maar terselfdertyd 14 miljoen nuwe geheime geskep het.

In Suid-Afrika word die reg tot inligting deur die Wet op die Bevordering van Inligting gereël. Die verwagting is dat dié Wet die grondwetlike waardes van openheid, deursigtigheid en goeie regering sal bevorder. Verder moet dit mense in staat stel om ingelig aan die politieke debat te kan deelneem.

Die reg tot inligting strek veel verder as die tradisionele betekenis wat aan die reg gekoppel is gedurende die tydperk van konflik en stryd. Nie alleen moet die atmosfeer van geslotenheid en geheimhouding, eie aan

3 Wet 2 van 2000.

die apartheidsstaat, bygelê word nie, maar sal die reg ook 'n effek hê op die private sektor. Inligting in die hande van werkgewers, kredietburo's, versekeringsmaatskappye, banke en finansiële instellings het geweldige invloed op die lewe van mense. Die staat mag ook inligting van die private sektor bekom indien daardie inligting vir die beskerming van die regte van die publiek benodig word.

In Kanada het 'n gemeenskap waardevolle inligting aangaande hul veiligheid en tradisionele visvangregte van private en openbare instellings bekom toe 'n dam in die rivier wat deur hul gebied vloei sonder enige raadpleging gebou is.

Jakkie Cilliers van die opleidingskollege by die Department van Justisie het onlangs geargumenteer dat 'n student wat onsuksesvol was in sy aansoek aan die Hooggeregshof om 'n afskrif van sy gemerkte eksamenverslag te bekom, dit suksesvol kon verkry het deur bloot dié wet te gebruik.

Die Kommissie moet verslag doen aan die Nasionale Vergadering en aanbevelings doen oor die werking van die wetgewing.⁴ Dit is 'n groot uitdaging om die Suid-Afrikaanse samelewing te laat verander van 'n kultuur van geheimhouding en burokrasie na een van deursigtigheid en verantwoordbaarheid.

Die vooroordeel teen responsiewe en oop regering is nie beperk tot die amptenare van die vorige bedeling soos sommige kwaadwilliges beweer nie. Die vyandige optrede wat die Kommissie en nieregeringsorganisasies op die lyf loop wanneer hulle die reg tot inligting bevorder, verbaas 'n mens. Toe die Kommissie die reg in die Vrystaat aan amptenare verduidelik, deel een ons vertroulik tydens die teepouse mee: "Alles werk goed hier in die Vrystaat. Julle moet ons net met rus laat en terug gaan na Johannesburg. Ons biblioteke werk goed. Mense kan dáár al die inligting kry waarna hulle soek."

Die onrus wat in Vrystaatse dorpe oor plaaslike bestuur uitgebars het, dien as sprekende voorbeeld dat die mense nie die inligting waarna hulle gesoek het, in die biblioteke gekry het nie – indien daar hoegenaamd biblioteke in die betrokke townships was.

4 Artikel 84.

Dit is belangrik dat die burglary ingelig word aangaande hul reg tot inligting en dat dié wetgewing in hul guns kan werk. Die opmerking wat skeidsregters so dikwels tydens rugbywedstryde maak, geld beslis ook ten opsigte van hierdie reg: "Use it or loose it!"

Deur slim van hierdie reg gebruik te maak, kan die publiek net sulke indringende vrae aan die burokrasie stel as wat parlamentslede aan ministers in die Parlement stel. Om inligting te bekom, is om 'n stukkie regeringsmag te verkry, want jy kan daardie inligting gebruik om besluite te beïnvloed en ingelig deel te neem aan openbare debatte wat jou raak.

Bevindings van die Wêreldbank behoort vir Suid-Afrika as 'n aansporing te dien. Lede van hierdie organisasie het probeer vasstel wat die verband tussen deursigtigheid en goeie regering is en het die kollig op 104 lande laat val. Waar goeie regering en menseregte gerespekteer is, was daar min korrupsie, indien enige, met sterk ekonomiese groei en welvarende inwoners. Die omgekeerde was ook waar. Op hiërdie prestasiekaart het Noord-Korea die swakste gevaar en Swede die beste.

In Swede, met sy eeu oue tradisie van die parlementêre ombudsman wat help om wanadministrasie te bekamp, vertel Richard Calland van die Open Society Advice Centre (ODAC) hoe hy en 'n kollega in 'n oogwenk insae in korrespondensie tussen die staatshoofde van Swede en Suid-Afrika kon kry. Dit was moontlik omdat die verantwoordelike amptenaar van wie hulle die inligting versoek het, dadelik ingesien het dat die inligting skadeloos was en toe 'n uiters flinke proses in werking gestel het om die dokumente te laat herklassifiseer om dit vir hulle toeganklik te maak.

Dit staan egter in skrilte kontras met ervarings van ander in Suid-Afrika en mense elders in die wêreld.

'n Navorser het onlangs vir drie jaar gesukkel – en ná hy R18 000 armer was – om 'n dokument wat nie as "geheim" geklassifiseer was nie van die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO) te bekom.

Die regering en Suid-Afrikaanse amptenare moet verstaan dat oop administrasie tot hul voordeel kan werk.

Na die tragedie van 11 September 2001 in New York en die daaropvolgende ondersoeke, vertel kenners dat inligting wat van een van die medewerkers in die aanval bekom is, daarop dui dat die aanval beslis uitgestel, indien nie afgestel sou gewees het nie, indien sekere inligting waaroor die sekurokrate in Amerika beskik het, voor die tyd openbaar

gemaak is. Vir 'n land waarin die oudste geklassifiseerde dokument een is wat die beweging van Amerikaanse troepe in 1917 nog onlangs as "geheim" gemerk het, is dit sekerlik te veel gevra. Dit bewys net dat die geneigdheid om staatsinligting in kluipe te bewaar, al is dit hoe nutteloos, nie maklik omgekeer word nie.

Suid-Afrika moet lig loop of ons gaan dieselfde pad stap en in die moeras van geheimhouding terugval. Hoe meer geheime jy het, hoe meer slotte, grendels en soldate het jy nodig om daardie geheime te bewaar.

REGVERDIGE ADMINISTRATIEWE OPTREDE¹



Hierdie reg verskaf my baie plesier, want dit behels onder andere dat jy na die ander party móét luister (*audi alterem partem*) voordat jy 'n besluit neem wanneer daardie persoon se belange op die spel is. Dit is verbasend hoe 'n nuwe prentjie ontvou wanneer dít gedoen word.

Klaers nader die Kommissie met groot selfvertroue en wil dan hê dat besluite daar en dan in hul guns geneem word, sonder om die persoon teen wie die aantygings gemaak word die geleentheid te gee om daarop te antwoord.

'n Belangrike politikus maak bewerings van wangedrag teen senior polisiebeamptes. Dit is ernstig en hul optrede is op die oog af (*prima facie*) onaanvaarbaar. Die politikus is teësin om die ander party ruimte te gun om hul kant van die saak te stel. Toe die manne by 'n interne dissiplinêre verhoor met die hulp van regsverteenvoordiging opdraf en lastige vrae aan die politikus stel wat toe onder eed moet getuig, begin 'n ander prentjie ontvou. Die politikus raadpleeg die Kommissie telefonies. Hoe dan nou? Sy was immers die klaer in die saak en die proses is nou besig om haar die skurk in die verhaal te maak. Die Kommissie se antwoord is eenvoudig: "Jammer, Suster. Jou aantygings moet die toets van daglig kan deurstaan en een manier om dit te doen, is om jou weergawe deur kruisondervraging te laat toets en ook na die ander kant van die verhaal te luister."

Na afloop van die verhoor is dit duidelik dat nie een van die twee kante onbevlek uit die getwis tree nie.

Leerders bel anoniem en kla oor onbehoorlike ondervraging en dissiplinêre praktyke by 'n skool nadat 'n leerder selfmoord gepleeg het. Dit word opgevolg met 'n oproep van die oorledene se vader.

Die skool is aanvanklik nie te gewillig om hul weergawe met die Kommissie te deel nie: "Met julle praat ons net in die hof." Die Kommissie

¹ Artikel 33.

antwoord: “Indien julle ’n regstryd hiervan wil maak is, sal ons julle graag in die hof te woord staan.”

Die Kommissie oortuig die vervolgingsgesag dat ons nie met die gebruikelike nadoodse ondersoek, wat moet vasstel of iemand krimineel verantwoordelik gehou kan word vir die dood van die leerder, sal inmeng nie, maar bloot wil vasstel of daar menseregteoortredings in die spel is.

Gewapen met die vervolgingsgesag se goedkeuring en ’n ligte demonstrasie van mag toe ons al die pyle in ons regsoker vir die regsverteenwoordigers van die skool wys, besluit hulle om die aftog te blaas en met ons saam te werk aan die ondersoek.

Dit blyk dat die oorlede leerder saam met ander leerders drank op die skoolterrein gebruik het. Na indringende ondervragings by verskillende geleenthede en deur verskillende onderwysers, is hy aan ’n “dissiplinêre verhoor” onderwerp wat eintlik niks anders as ’n inkwisisie was nie. In die teenwoordigheid van ses onderwysers is hy sonder enige bystand aan verdere ondervraging onderwerp. Daar was geen werklike poging om vas te stel wat sy weergawe van gebeure was nie, maar eerder om ’n skuld-erkenning uit hom uit te “wurg”. Geen notule is van die verrigtings gehou nie, maar iemand het dae later iets daaroor aangeteken.

Sonder behoorlike verduideliking is hy later meegedeel dat hy uit die skool geskors is. Die skool het toegegee dat daar ’n misverstand kon wees aangaande hul bedoeling met die skorsing – dat hy toegelaat sou word om sy akademiese jaar te voltooi, maar nie om die volgende jaar na die skool terug te keer nie.

Die skoolhoof het besef dat hierdie misverstand ingetree het, maar sy verteenwoordiger wat die “sagter” toedrag van sake aan die leerder sou oordra, kon hom nie in die koshuis opspoor nie. Dit blyk dat geen daadwerklike poging aangewend is om hom op te spoor nie. Die saak sou toe ontstaan tot die volgende dag. Die seun het daardie nag selfmoord gepleeg.

Die skoolhoof het toegegee dat die ondersoek – die manier van ondervraging – en strafoplegging nie by wyse van ’n billike proses plaasgevind het nie.

Elke oogmerk van die reg op “regverdige administratiewe optrede” is tydens hierdie proses ondermyn.

Die oogmerk van administratiefreg is om staatsgesag te reguleer en te verseker dat die persoon wat die mag uitoefen dit op ’n regmatige en

redelike wyse en volgens 'n billike proses doen. Hierdie grondbeginsels word in die Grondwet en tersaaklike wetgewing gereël.²

Regverdige administratiewe optrede wentel dus om die beheer van staatsmag ten einde te verseker dat die staatsdiens in diens van die publiek staan.

Aan die een kant het die burgery die reg tot regverdige administratiewe optrede en is elkeen wie se regte deur administratiewe optrede geraak word, onder andere geregtig op skriftelike redes vir dié besluit. So word die deur nou geopen vir nadere ondersoek en die staatsadministrasie gedwing om sy besluite te verdedig.

Selfs wanneer aansoek gedoen word om 'n maatskaplike pensioen, kan aangedring word op die redes indien dit geweier word. Dit is 'n geleentheid wat die publiek moet benut. Deur dít te doen, help mense mee om aan 'n kultuur van administratiewe verantwoordelikheid te bou.

Die howe het al aangedui dat die weiering om redes te verstrek 'n persoon se reg tot regmatige en billike administratiewe optrede ondermyn.³

Aan die ander kant het die staatsadministrasie 'n grondwetlike plig om, onder andere, die volgende waardes en beginsels na te streef:⁴

- ❖ 'n Hoë standaard van beroepsetiket moet gehandhaaf word.
- ❖ Hulpbronne moet ekonomies en doeltreffend aangewend word.
- ❖ Dienste moet sonder vooroordeel gelewer word.
- ❖ Die publiek moet aangemoedig word om aan beleidsvorming deel te neem.
- ❖ Openbare administrasie moet verantwoordingspligtig wees.
- ❖ Deursigtigheid moet bevorder word deur die publiek van tydige, toeganklike en korrekte inligting te voorsien.

Die beheer van staatsgesag deur die howe het voorheen op geregtelike hersiening berus. Die beginsels wat die onderbou gevorm het vir geregtelike

2 Artikel 33 en Die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, Wet 3 van 2000.

3 *Transnet Ltd v Goodman Brothers* 2001 (1) SA 853 (SCA).

4 Artikel 195.

hersiening – dat die staat te goeder trou moes optree en dat die besluitnemingsproses regmatig moes wees – was in die gemener eg ingebed.

Dit vind nou neerslag in die Grondwet wat daarop ingestel is om die staatsadministrasie en die reg wat dit beheers, verbruikersvriendelik te maak.

Skoolmakers en skoolmeesters

Ek vertel die storie van die selfmoordtragedie by die skool vir een van my ou skoolmakers toe ons mekaar tussen die rakke by die plaaslike supermark raakloop. Een van ons ou skoolmeesters wat altyd vinnig was om die rottang in te lê, selfs wanneer ons in die koshuis slegs in ons slaapklere kattekwaad aangevang het, sluit onverwags by ons aan.

My kameraad uit die ou dae sê, nou baie dapperder as destyds maar tog nog met respek: “Toe, Meneer, erken nou dat julle nie vandag sou kon skoolhou nie. Julle het destyds nie geweet hoe om ons sonder daardie rottang te hanteer nie. Julle het ook niks van hiërdie ingewikkelde regsprosesse geweet nie.”

Vir die eerste keer sien ek my ou skoolmeester effe verleë toe hy skaam-skaam die argument toegee.

Ter verdediging van daardie geslag skoolmeesters kan ek met vrymoedigheid erken dat ek nooit ’n pak slae onverdiend ontvang het nie en ook nie voordat ek geleentheid gehad het om my kant van die saak te stel nie. Die geleentheid om na die ander kant van die saak te luister (*audi alteram partem*) is my nooit ontnem nie; my reg om ook my kant te stel, is altyd gerespekteer. Ongelukkig was dit net nie altyd moontlik om daardie streepsuikerontmoetings vry te spring nie.

Die gebrek aan ’n behoorlike besluitnemingsproses om lyfstraf toe te dien al dan nie, die soms uiters gewelddadige toediening daarvan, die misbruik van mag asook die onwaardigheid wat aan die optrede van die toediener van lyfstraf sowel as die ontvanger daarvan gekoppel is, is die redes vir die huidige verbod op lyfstraf in skole.⁵

5 Devenish GE, *A Commentary on the South African Bill of Rights*, Butterworths (1999) 89; *Christian Education of South Africa v Minister of Education* 2000 (4) SA 757 (CC).

Dienswillige dienaars

“Ons moet geen geduld hê met staatsamptenare wat hulself as pennelekkers beskou of wat die Staat besteel om hulself te verryk nie. Ook nie met burokrate wat dink hulle hoef hulle nie aan *Batho pele* te steur nie, en daarom laat by die werk aankom, so min as moontlik werk en so vroeg as moontlik huis toe gaan.”

Thabo Mbeki⁶

’n Senior amptenaar uit Swede vertel ’n interessante storie tydens ’n besoek aan Suid-Afrika. Die plig op die amptenary om die publiek behulpsaam te wees, word in ’n uiters ernstige lig beskou. Indien ’n amptenaar besluit om gedurende die naweek vinnig by sy kantoor in te loer en ’n lid van die publiek die betrokke amptenaar in sy kantoor sien, is die amptenaar verplig om die deur oop te sluit en daardie persoon te woord te staan. Die argument dat die amptenaar ná werktyd op kantoor is, nie aan diens is nie en dus geen plig het om die publiek by te staan nie, sal nie opgaan nie.

Soortgelyke stories van dienswillige amptenare word ook in Suid-Afrika vertel.

Die oudamptenaar, nog jonk van gees en jare en suksesvol in die private sektor nadat hy onder die wiele van die transformasietrein beland het, vertel van sy nuwe lewe. “Ek was ’n gebore staatsamptenaar. My pa was ’n staatsamptenaar. Ek is geleer dat dit my taak is om diens te lewer. My grootste aanpassing in die private sektor was om fooie te skryf. In die staatsdiens was ons vreugde dienslewering, nou is dit winsbejag – ek hou nie daarvan nie en weet nie hoe om fooie te skryf en geld in te vorder nie. Kan jy help dat ek terugkom in die staatsdiens? Ek wil my jarelange ervaring in die staatsdiens met nuweling deel.”

Sy versoek het ongelukkig nie ver gevorder nie.

Stories soos hierdie kry ’n mens oral – sommige het ’n gelukkige verloop gehad en die betrokkenes het met stewige bankbalanse geëindig, terwyl ander steeds gelukkig in die staatsdiens is. Daar is ongelukkig ook

6 Parlementsopening, 6 Februarie 2005.

baie wat vasgevang is in die staatsdiens en nie die geleentheid kry om hul rolle as “dienswillige dienaars” behoorlik na hul talente en ervaring te speel nie.

’n Besonder tragiese verhaal waarna ek onlangs geluister het, het gehandel oor ’n amptenaar wat ’n pakket aanvaar het. Met sy pakketgeld het hy ’n plasie gekoop. Nadat hy suksesvol begin boer het, het hy velkanker opgedoen en moes op mediese advies uit die son bly – hy kon nie meer boer nie en was nou sonder ’n inkomste. Hy sit die plaas in die mark, maar word meegedeel dat hy dit nie kan verkoop nie, aangesien ’n grondeis teen die grond geregistreer is. Sonder inkomste is hy gestrand en doen dus aansoek om ’n staatspensioen. Sy aansoek word afgekeur omdat hy te welaf is – hy is dan die eienaar van ’n plaas.

Dit is die harde werklikhede in Suid-Afrika vandag waarvoor die nuwe leierskorps nie altyd antwoorde het nie. Die debatte is geensins afgehandel nie. Die oplossings is ook nie voor die hand liggend nie, want ’n staatsdiens moet lyk soos die mense wat hy bedien. Hierbenewens gee baie toe dat die “dienswillige dienaars” nie altyd oor die nodige ervaring beskik om die leiding in noodsaaklike dienslewering te neem nie.

Batho pele en Rona pele

Daar bestaan geen twyfel dat daar ook uiters bekwame en vlytige staatsamptenare in diens is nie. Hulle kwalifiseer beslis nie vir die negatiewe etiket wat die President om die nek van sommige staatsamptenare hang nie. Hulle is sprekende voorbeelde van die lofwaardige beginsels van *Batho pele* – die mense eerste.

Die treurige toestand van die Universiteit van Umtata stel almal teleur wat dit ’n paar jaar gelede besoek het. Ek vra een van my jong kollegas wat daar studeer het, wat dan gebeur het dat dit nou so lyk. “Dit is ’n gevolg van Bantu Holomisa se diktatuur in die Transkei en *Rona pele* – óns eerste.”

Ek verstaan nie. “Kyk, toe Holomisa met sy generaals hier regeer het, het hy andersdenkendes in die grond getrap. Hy het geen opposisie geduld nie. Met die koms van demokrasie het mense gesê dit is nou óns tyd, nou kyk ons na óns belange. Dit was die begin van stakings, uitspattige looneise, wetteloosheid en vernielsugtigheid.”

Die dubbeldoorskade, eers deur 'n militêre diktatuur en toe deur ongedissiplineerde optrede nadat die vryheid van demokrasie verkry is, word nie oornag reggestel nie.

So swaai die pendulum van regverdige administratiewe optrede tussen die ou Transkei en die ou Suid-Afrika enersyds en die nuwe Suid-Afrika andersyds van die een uiterste na die ander voordat balans en nugterheid kan intree.

PRIVAATHEID¹



LOS MY UIT!

Volgens 'n ou Engelse spreekwoord is 'n man se huis sy kasteel. Daar is hý die koning. Anders gestel – in my huis is ék baas en die koning moet my hier uitlos.

'n Gholfspeler van Nelspruit sou vir Langenhoven, toe hy *Sonde met die bure* geskryf het, 'n paar stories kon vertel het. Soos gholfspelers maar maak, slaan hulle nie altyd die bal reguit nie. Dié gholfspeler se bal het in een van die tuine beland wat aan die gholfbaan grens. Tot groot ergernis van die huisvrou het die man haar tuin betree op soek na sy bal. Sy het tevergeefs op hom gekree dat dit haar tuin is en dat hy daaruit moes wegbly. Nadat hy sy bal opgetel het, het hy begin om rustig verder te speel. Sy het hom daarna met haar bakkie gevolg en met eiers bestook.

Privaatheid in my huis en op my eiendom is 'n ernstige saak.

Die mense van *7de Laan*, met hul onwettige mampoerstokery, het uitgevind dat jy nie altyd op jou eiendom kan maak wat jy wil nie. Ook jou reg tot privaatheid, jou “los-my-uit”-reg het grense. Nie alleen moet jou optrede wettig wees nie, maar ander se regte, soos hul veiligheid, is ook in die spel.

Mense hunker na privaatheid. Dit wentel onder andere om die keuse van individue om te bepaal of hulle ander in hul private ruimte wil toelaat. Privaatheid is dus ten nouste verbind aan die mens se aanspraak op menswaardigheid.

Inmenging deur die staat en ander mense word nie sommer geduld nie.

Die howe het al beslis dat die publikasie van iemand se foto sonder die persoon se toestemming vir advertensiedoeleindes ontoelaatbaar is, en dat die dokter nie by magte is om 'n derde party oor iemand se MIV-status in te lig nie.

1 Artikel 14.

Wanneer die verhoudings en optrede van mense in die openbare lewe geraak word, krimp die reg tot privaatheid aansienlik.²

Hoe groter die veiligheids- en gesondheidsrisiko van 'n besigheid, hoe minder sal so 'n onderneming aanspraak kan maak op privaatheid wanneer gesondheidsinspekteurs onaangekondigde besoeke bring.

ABORSIE

In Amerika se Hoogste Hof is beslis dat wetgewing in Texas wat die meeste vorme van aborsie verbied – slegs aborsie om die lewe van die moeder te red, word toegelaat – te ver strek en met die reg op privaatheid inmeng.³

Hierdie debat oor aborsie – die vervlegting van vryheid van gewete en privaatheid aan die een kant en die potensiële reg van die fetus op lewe aan die ander kant – is nog nie in Suid-Afrika afgehandel nie.

In die meeste liberale demokrasieë word aborsie as 'n redelike en regverdigbare opsie vir vroue bestempel. In die meeste Derdewêreldlande kom dit aan op 'n konflik tussen die kwaliteit van lewe van die bevolking as 'n geheel en die potensiële lewe van die ongebore fetus.⁴

MEDIA

Tot watter mate behoort die media toegelaat te word om stories oor openbare figure te publiseer alvorens dit teen hul reg op privaatheid indruis? Valse stories kan op laster neerkom. Die waarheid, al is dit hoe lastig en kwetsend, is egter 'n ander saak – die amptenaar wat hoog oor sy openbare rekord van dienslewering en sy onkreukbare integriteit opgee, is in die openbare domein. Sy doen en late, ook in sy private hoedanigheid, is nuuswaardig en vatbaar vir openbare mediaondersoek.

Private mense geniet egter groter beskerming.

2 *Bernstein v Bester* NO 1996 (2) SA 752 (CC).

3 *Roe v Wade* 410 US 113 (1973).

4 Devenish GE, *A Commentary on the South African Bill of Rights*, Butterworths (1999) 144.

VINGERAFDRUKKE

'n Man kla dat sy reg op privaatheid en ook 'n reeks ander regte aangetas word omdat hy sy vingerafdrukke moet laat neem ten einde 'n paspoort te bekom. Die beperkings wat die gebruik om sy vingerafdrukke te laat neem op sy regte plaas, is onredelik en kan nie in 'n oop en demokratiese samelewing geregverdig word nie.

Die neem van vingerafdrukke behels die intieme betreding deur die staat van die private sfeer van 'n persoon, naamlik sy liggaamlike integriteit. Elke mens is geregtig op privaatheid in sy persoonlike sfeer.

Hy argumenteer verder dat daar geen rasonale verband bestaan tussen die neem van die vingerafdrukke en die oogmerk om die veiligheid van die paspoort te verseker nie. Daar is ook geen empiriese bewyse dat die praktyk om vingerafdrukke te neem, mense sal verhinder om die stelsel te misbruik nie.

Die beampptes van die Departement van Binnelandse Sake het verduidelik dat dit hul plig is om die integriteit van die Suid-Afrikaanse paspoort te beskerm. Terselfdertyd moet hulle verseker dat die Suid-Afrikaanse paspoort wêreldwyd aanvaar word.

Ná sorgvuldige oorweging van al die faktore betreffende die beperking van regte, onder andere die aard van die beperking en die oogmerk met die beperking, is die Kommissie oortuig dat die beperking op die klaer se regte 'n redelike en noodsaaklike beperking is. Daar word egter toegegee dat die neem van vingerafdrukke indring in die private sfeer van 'n persoon en sy liggaam.

Daar vind dus inderdaad 'n skending van die persoon se privaatheid plaas. Vingerafdrukke word egter so dikwels sonder enige noemenswaardige ongemak geneem dat dit eintlik 'n alledaagse gebeurtenis is. Dit sal onmoontlik wees om paspoortbeheer toe te pas sonder om van vingerafdrukke gebruik te maak.

STUDENTE

'n Sekere tersiêre inrigting vereis dat studente wat medies verwante kursusse volg, medies ondersoek moet word om hul MIV-status vas te stel. Die dokter van 'n student wat positief getoets is, wil by die Kommissie weet of

die student se reg op privaatheid ondergeskik gestel mag word aan die inrigting se reg om te weet wat die student se MIV-status is.

Die Kommissie gee toe dat dit belangrik mag wees om studente te toets, ook in belang van hul medestudente, om vas te stel wat hul MIV-status is.

Daar is egter vasgestel dat daar by die betrokke instelling geen beleid bestaan vir die toetsing van studente nie – dit word net lukraak gedoen.

Die instelling het saamgestem dat 'n omvattende beleid opgestel moet word waarin die belang van die instelling en studente (die openbare belang) asook die regte van die studente (privaatheid en geen diskriminasie) uitgespik en gespekter sal word.

Hierdie saak het afgespeel in 'n tydperk toe daar 'n groot mate van onsekerheid bestaan het oor wat gedoen kan word en wat nie gedoen mag word nie. Deesdae is die beskouing dat geen toetsing geduld sal word nie. Geen regverdiging kan daarvoor gevind word nie. Algemene voorsorgmaatreëls moet deurlopend ten behoewe van almal getref word. Dit maak toetsing ontoelaatbaar.

HUISWERKERS

'n Werkgewer eis dat haar huiswerker 'n mediese ondersoek ondergaan alvorens sy 'n vaste aanstelling kry.⁵ Die mediese ondersoek toon dat sy MIV-positief is en Hepatitis B onder lede het. Dieselfde dag beëindig die werkgewer haar diens skriftelik en gee haar 'n skeidingspakket van R600 omdat sy 'n gesondheidsrisiko vir haar kinders inhou.

Die werkgewer word voor die arbeidshof gedaag omdat die Wet op Billike Indiensneming streng voorwaardes stel vir MIV-toetsing – slegs wanneer 'n persoon se fisieke toestand hom of haar verhoed om te voldoen aan die essensiële vereistes wat die werk stel, sal dit toelaatbaar wees.

Die werkgewer argumenteer dat sy gemoedsrus wil hê dat haar kinders veilig versorg sal word terwyl sy haar beroep beoefen. Met iemand wat MIV-positief is en Hepatitis B het, sal dit volgens haar onmoontlik wees.

Deskundige getuienis het dit egter in hofdokumente gestel dat die oordrag van MIV in die werksomgewing irrelevant is. Daar is algemeen

5 *Mail & Guardian* 25 June – 1 July 2004.

aanvaarde praktyke om mense teen infeksie te beskerm, byvoorbeeld deur handskoene te dra en om stukkende plekke op die vel te bedek.

Deskundiges het verder aangevoer dat MIV en Hepatitis B grootliks deur seksuele aktiwiteite oorgedra word.

Die werkgewer het met die gedingvoering die aftog geblaas en die hele aangeleentheid buite die hof in die huiswerker se guns geskik.

Die huiswerker se reg op privaatheid is in hiërdie omstandighede só belangrik geag dat die wet die publiserings van haar naam in die media verbied het.

MISDAAD

Wanneer die Skerpioene, in die styl van 'n Hollywood-rolprent oor hoë heinings spring en by deure inbars, kan hulle dit slegs ooreenkomstig die bepalings van die reg doen nadat die openbare belang en die regte van die publiek – ook die reg op privaatheid – verreken is.

Hoëprofielsake soos die vervolging van Jacob Zuma en Shabir Shaik laat 'n mens wonder hoe privaat jy werklik agter jou faksmasjien of rekenaar is, of wanneer jy in jou motor of in jou eie kantoor oor jou selfoon praat.

Dit is belangrik om te onthou dat dit jou reg is om met rus gelaat te word, mits jy aan sekere wetlike voorskrifte voldoen.

Ondersoeke van huise en besigheidspersone asook die beslaglegging op goedere moet ooreenkomstig wetgewing en binne duidelik afgebakende grense geskied. Dit is belangrik dat die magtiging vir deursoeking en beslaglegging duidelik omskryf word. Dwingende publieke oogmerke moet bestaan anders sal dit nie geduld word nie en 'n onafhanklike tribunaal moet so 'n magtiging gee.⁶

'n Verdagte in 'n saak sit met 'n koeël in sy been. Hierdie koeël word benodig as 'n bewysstuk in die saak. Die verdagte het baie klagtes en stories, want hierdie koeël kan dalk sy doppie laat klap. Die hof het al sy jeremiades, ook sy reg op privaatheid, geïgnoreer en beveel dat die koeël

6 De Waal J, Currie C en Erasmus G, *The Bill of Rights Handbook*, Juta (2001) 270.

verwyder word.⁷ Die openbare belang en sy reg op privaatheid is opgeweeg en laasgenoemde het aan die kortste ent getrek.

DIE SLAAPKAMER

Wie in wie se slaapkamer vertoef, is vandag nie meer so belangrik soos in die dae toe die polisie op mense se spore geloop het indien hulle oor die kleurgrens geloer het nie.

Die “los-my-uit”-reg strek soms verder as die slaapkamer. Mense wil nie net in die slaapkamer uitdrukking gee aan hul gevoelens nie. Seksuele oriëntasie is ’n private aangeleentheid wat veel verder strek as die slaapkamer. Mense wil ook ruimte hê om in die openbaar uitdrukking te gee aan hul private lewenskeuses. Die miskenning hiervan is ’n aantasting van hul menswaardigheid.⁸

Privaatheid, ook in die slaapkamer, kan egter beperk word. Die besit van pornografiese materiaal mag miskien my saak wees, maar die besit en duplisering van kinderpornografie of kru, gewelddadige seks mag dalk so skadelik wees dat ’n verbod teen die besit en/of duplisering daarvan geoorloof sal wees.⁹ Die openbare belang, ten spyte van die individuele reg op privaatheid, sal hiër die botoon voer.

7 Cape Times, 27 February 2002.

8 Vgl. Edwin Cameron soos aangehaal deur De Waal 272.

9 National Coalition for Gay and Lesbian Equality v Minister of Justice 1999 (1) SA 6 (CC).

BEWEGING¹

“Dis *blerrie outrageous*. Wie de hel dink die *priscillas* [polisie] is hulle om vir ons te vertel wat om te doen. Dit is suiwer *jealously* omdat ons so *fabulous* lyk, ek sê jou! Ek dink die *queens* moet opstaan en wys hulle kan hul man staan!”

So het ’n omgekrapte fopdosser gereageer toe die Johannesburgse Metro-polisie gedreig het om hulle te arresteer indien hulle in hul uitrustings sou deelneem aan die jaarlikse gay-en-lesbiër-optog. Die polisie het hulle op die Wet op Byeenkomste beroep en geëis dat deelnemers hulle nie mag vermom of hul identiteit deur vermomming mag verberg nie.

Redelikheid het tydens daaropvolgende onderhandelings, waartydens die Burgemeester van Johannesburg, die LUR vir Veiligheid en die Kommissie ondersteuning vir die optog gegee het, geseëvier en die optog is toegelaat.

In die ou dae het streng reëls gegeld – mense kon nie vryelik kom en gaan nie.

Diegene wat die sweet en kameraadskap van die Comrades-marathon ken, weet wat dit beteken om deur iemand ondersteun te word wanneer jou bene in rubber verander.

In die beginjare van hierdie uitdagende 90 kilometer-ultramarathon het slegs ’n handjievol mense aan hierdie “prettraf” van Durban na Pietermaritzburg deelgeneem. Met die eindpunt nog etlike kilometer ver, verloor een van die agterosse stoom. ’n Vreemdeling wat nie aan die wedloop deelneem nie, kom van agter aangedraf: “Waar kom al die mense vandaan en waarheen is hulle op pad?” vra hy. Die twee gesels en skuifeldraf so saam-saam terwyl die deelnemer sy spreekwoordelike tweede asem kry. Hy vra die vreemdeling om saam met hom tot in Pietermaritzburg te draf aangesien hy hom graag ’n beloning wil gee uit dankbaarheid vir die paar

1 Artikel 21.

kilometer se saamdraf en die feit dat hy hom so ondersteun het. Die antwoord dra die stempel van daardie tyd: "Jammer, dit kan ek nie doen nie, want my 'pas' laat my nie toe om in Pietermaritzburg te kom nie. Hulle gaan my vang."



Deesdae kan jy jou maklik vasloop indien jy mense links en regs wil gebied of voorskryf waar hulle mag en nie mag beweeg nie.

Die grasperk voor die Over-de-Voor-manskoshuis op die Potchefstroomse kampus van die Noordwes-Universiteit is van toeka af heilige grond. Nie-inwoners wat oor die grasperk durf loop, word gevang en gestraf deur hulle byvoorbeeld onder 'n koue stort te druk.

Die nuwe menseregtebedeling bring mee dat koshuiskonings wat hul grondgebied met 'n ysterhand regeer, die knie sal moet buig wanneer iemand anders hulle met die Grondwet aandurf.

Toe vier fris manne me. Louise Postma, 'n bibliotekaris van die Universiteit "dwing" om van "Overs" se gras te stap, was dít die laaste strooi. Op openbare terrein mag jy na goeddunke en vryelik beweeg – buitendien, vroue word met respek en waardigheid behandel. Die ou "Overs"-tradisie kon gevolglik nie die toets van die tyd deurstaan nie – die manne het in die openbaar verskoning gevra.

Twee boemelaars se reg om 'n inkomste te verdien en hul vryheid van beweging het onlangs in die Kaapstadse Hooggeregshof swaarder gegaan as die maatskappy Victoria & Alfred Waterfront (Edms.) Bpk. en die V&A Waterfront se reg op eiendom.

Die mans het hulle oor 'n lang tydperk skuldig gemaak aan swak gedrag deur onder andere amptenare van die Waterfront te intimideer, het beledigend geraak wanneer hulle versoek is om die terrein te verlaat en het mense se rus verstoort wanneer hulle by restaurante gebedel het.

Die hof het 'n verbod op die bedelaars geplaas om besoekers en sakeondernemings onregmatig skade aan te doen. Wanneer hulle versoek word om restaurante en persele te verlaat, moet hulle gevolglik daaraan gehoor gee. Die hof het egter nie sy weg oopgesien om die boemelaars heeltemal te verbied om by die Waterfront te bedel nie. Die bevel het hulle dus nie verbied om hul daaglikse brood te verdien nie.

Ongeag hoe jy jou in die menseregte-debatte draai, ontglip die euwel van misdaad jou nie. Vryheid van beweging kom ook langs hierdie weg in die kollig.

Mnr. Nick Karvellas van die Open City Forum kla by die Kommissie dat valbome in residensiële gebiede "die indruk skep dat mense nie welkom is nie. Misdaad word gebruik as 'n verskoning om eksklusiewe veiligheidsdorpe te skep ten einde die waarde van eiendom te laat styg en mense uit te sluit".

Mnr. Alan Chenik, eienaar van 'n veiligheidsmaatskappy en inwoner van 'n veiligheidsbuurt in Edenvale aan die Oos-Rand, stem nie saam nie. In dié buurt was daar in die afgelope twee en 'n half jaar net twee motorkapings in teenstelling met 'n gemiddeld van 17 kapings per maand vóór die versperrings.

Die Kommissie debatteer en verskil onder mekaar. Daar word toe besluit om al die belanghebbendes uit te nooi na 'n openbare debat waartydens almal die geleentheid sou hê om hul saak te stel sodat 'n ingeligte besluit geneem kon word. Vir twee dae lank kry dertig kundiges die geleentheid om hul saak te stel en die gemoedere loop hoog.

Aan die een kant heers die gevoel dat die staat inwoners nie beskerm nie en hulle daarom hulself moet beskerm. Aan die ander kant blyk dit dat swartmense makliker by hierdie valhekke voorgekeer en getreiter word as witmense. Dit is nie reg dat openbare paaie somer net so vir die publiek gesluit kan word nie.

Sonder om uitsluitel oor die onderwerp te bied, wend die Kommissie 'n poging aan om rigting aan hierdie debat te gee:

- ❖ Dit is moontlik om valbome en padafsluitings ooreenkomstig die raamwerk van munisipale verordenings op te rig. Daar is egter aansienlike bewyse dat daar nie altyd aan hierdie voorwaardes voldoen word nie. In Johannesburg alleen was daar in Julie 2003 altesaam 1 127 onwettige valhekke.
- ❖ Die gebruik van valhekke het die potensiaal om verskeie regte te skend. Terwyl hierdie skendings in die meeste gevalle strydig met die betrokke plaaslike owerheid se beleid was, is daar baie min bewyse dat regsverligting of remedies gebied is aan diegene wie se regte geskend is.
- ❖ Inwoners moet hul gemeenskappe in samewerking met die owerheid beveilig. Meer hulpbronne vir polisiëring, groter polisie teenwoordigheid en -sigbaarheid, doeltreffende gemeenskapspolisieforums en vinnige reaksie deur die polisie kán 'n verskil maak.

Die dompas, wat voorheen swartmense se bewegingsvryheid gereël het, was so 'n haatlike dokument dat die ouer geslag wat daaronder gebuk gegaan het, enigiets wat daarna lyk nou met mag en mening verwerp en aanspraak maak op hul onverdunde reg tot vryheid van beweging.

Jonger mense weet nie wat of hoe dit was nie en wil vorentoe. Hulle wil kom en gaan soos en waar hulle wil.

Wanneer staatsamptenare of verteenwoordigers van politieke partye plase byvoorbeeld sonder voorafkennisgewing besoek en toegang geweier word, word hulle warm onder die boordjie – hul bewegingsvryheid word

aangetas. Hulle verstaan nie altyd dat ook hierdie reg beperking kan ken nie. Dit is eenvoudig nie moontlik om ongetemde toegang tot plase en wonings aan vreemdelinge te bied nie. Amptenare of verteenwoordigers wat plase en huise wil besoek, sal eenvoudig moet begryp dat redelike en nediskriminerende maatreëls wat toegang beheer, regmatig ingestel kan word.

Stedeling verstaan nie aldag wat die veiligheidsituasie in landelike gebiede is nie. Een skemeraand sit my kollega Tom Manthata en ek, “toegesluit” agter geëlektrifiseerde heinings met reuse blaffende honde wat toesig hou, by ’n boer op sy plaas en kuier.

Vir ons het ’n landbouleier se opmerking tóé sin gemaak: “Ons wil die misdadigers agter tralies hê en nie die boer agter tralies op sy eie plaas nie.” ’n Boer se heining en die beperking wat dit op ander se beweging van vryheid plaas, het eenvoudig ’n noodsaaklikheid geword en kan verdedig word – selfs al veroorsaak dit ’n beperking op sommige mense se bewegingsvryheid.

PROTES¹

Demokrasie in Suid-Afrika is voorafgegaan deur stryd – massavergaderings en betogings tydens die jare van politieke verset teen 'n nieverteenwoordigende regering was aan die orde van die dag. Die oogmerk was om die land onregeerbaar te maak en die aandag van die wêreld op Suid-Afrika te vestig.

Die foto's van 'n sterwende Hector Peterson tydens die opstand van die kinders in 1976 het oor die wêreld heen geflits. Dit was die begin van 'n nuwe era van verset. Die Nasionale Party-regering sou daardie tragedie, soos die een in Sharpeville tydens massaverset teen paswette in die sestigjare, nooit te bowe kom nie.

Die wit parlementêre politiek het ook die mobilisering van mense en massavergaderings geken – dit het nie altyd vreedsaam verloop nie. Meningsverskille oor die deelname aan die Eerste en Tweede Wêreldoorlog, die mynwerkerstaking in die 1920's en die stappe om demokrasie uit te brei met die totstandkoming van die driekamerparlement was dikwels baie onstuimig.


Tydens die onderhandelings met die oog op die vestiging van 'n volwaardige demokrasie het die publiek verskillend gereageer – party het hulle tot massaoptrede gewend wanneer die onderhandelings vasval en volgens hulle te stadig verloop. Ander het weerstand gebied teen die spoed van die onderhandelings.

Twee protesgeleenthede verdien spesiale vermelding.

In 1989, na afloop van die verkiesing vir die driekamerparlement en met die bewindsaanvaarding van F.W. de Klerk as President van Suid-Afrika, het daar 'n ongekende determinasie geheers om te sorg dat Suid-Afrika 'n volkome verteenwoordigende regering kry. Om hierdie vasberadenheid te demonstreer, is een van die grootste protesoptogte wat Kaapstad ooit geken het, georganiseer.

1 Artikel 17.

In die aanloop tot hierdie optog het De Klerk dit duidelik gemaak dat die organiseerders van daardie mars teen 'n oop deur stoot, aangesien sý deur oop was vir gesprekvoering met die oog op grondwetlike onderhandelings. Dit het die ergste venyn uit die optog gehaal.



Vertroulike gesprekke tussen verteenwoordigers van De Klerk en die organiseerders van die optog het uitgeloop op die verstandhouding dat duisende mense vreedsaam kon betoog sonder sigbare polisiëring of die dreigement van waterkanonne, polisiehonde, knuppels en sambokke. As teenprestasie moes die organiseerders egter hul kant bring en verantwoordelikheid aanvaar vir die vreedsame verloop van die optog.

Dit was die begin van 'n brugbouaksie tussen mense wat mekaar nie geken het nie en uiters skepties teenoor mekaar gestaan het. Dit het ook die grondslag gelê vir wat nou in die Grondwet staan, naamlik dat die staat nie by vreedsame betogings waarby geen wapens betrokke is, sal inmeng nie.

Hierna het die een gebeurtenis na die ander mekaar met 'n dolle vaart opgevolg totdat die ou vyande mekaar van aangesig tot aangesig in grondwetlike onderhandelings ontmoet het.

Met grondwetlike onderhandelings stewig op koers, het die Afrikaner-weerstandsbeweging, onder leiding van Eugène Terre'Blanche, uitgesluit en verbitterd gevoel. Hulle wou aan die wêreld demonstreer dat groot getalle Afrikaners se stemme nie tydens die onderhandelings gehoor is nie.

Toe hulle deur die omheinings van die Wêreldhandelsentrum bars waar die onderhandelings plaasvind en mense in groot getalle die sentrum bestorm, het paniek ontstaan.

Van die deelnemers het die nader stormende skare angsbevange deur die vensters van die Wêreldhandelsentrum dopgehou en gillend gevra: "Waar is die polisie? Hoekom stuit hulle nie die betogers deur op hulle te skiet soos in die townships gedoen word nie?"

Onderhandelaars wat met Terre'Blanche gesimpatiseer het, het op die dun linie polisiebeamptes geskreeu: "Moenie skiet nie, dit is óns mense!"

Oomblikke later het 'n AWB-pantserwa deur die glasdeure van die Wêreldhandelsentrum gebars. 'n Handjiewol polisiebeamptes het met gespande wapens in die gange stelling ingeneem om die onderhandelaars te beskerm nadat die meeste van hulle in kantore ingeboender is.

Die gewapende AWB-voorbokke het by die roltrappe op gehardloop in die rigting van die onderhandelaars om nugter weet wat te doen. Alles het op daardie oomblik daarop gedui dat 'n bloedige tragedie sou plaasvind, maar toe tree een van die ongekroonde helde van dáárdie dag na vore en aanvaar verantwoordelikheid ver bo sy jare en onderoffisiersrang.

Die AWB-voorbok het rangtekens op sy skouer gedra. Die jong sersant praat eerbiedig maar dringend: "Kolonel, gaan ons mekaar skiet of gaan ons praat? Ek wil môre gaan rugby kyk."

Die "kolonel" het in antwoord op die opregte vraag van die jong man geaarsel. Dít het die geleentheid geskep vir gesprekvoering. Dít was ook die keerpunt in die AWB se ongenooide besoek aan die onderhandelaars in die Wêreldhandelsentrum. Alles het daarna met groter nugterheid verloop – die ongenooide gaste het hul punt gemaak en vreedsaam onttrek. Die onderhandelings is hervat asof die besoek nooit plaasgevind het nie.

Die gewapende en ongedissiplineerde aard van daardie protesoptog sal nie vandag se grondwetlike toetse, naamlik om vreedsaam en ongewapen te betoog, deurstaan nie.

SHAKESPEARE

*All the world's a stage, and all the men and women merely players.*²

Nie baie mense sou die verandering in rolle kon voorsien wat die nuwe Suid-Afrika sou meebring nie.

Die aktivis Trevor Manuel, met sy kenmerkende swart pet en T-hemp of rolkraagtrui, was in die voorste gestoeltes wanneer protesnotas aan die regering van die dag oorhandig is of die massas vir protes voorberei is. Hy het op sy gemak gelyk – soos die spreekwoordelike vis in die water. Jare later lyk dieselfde Manuel as Minister van Finansies, in deftige snyerspakke en spoggerige dasse, aanvanklik effe styf en ongemaklik wanneer hy deur voormalige medestryders gekoggel word oor die karige salarisse wat die regering aan staatsamptenare betaal. Die kunsies wat sy rol as staatsman vereis, bemeester hy egter gou en dikwels gesel hy lui amptenare wat nie na verwagting presteer nie.

Hierdie transformasie van aktivis na staatsman kry die meeste mense op die oog af maklik reg.

Deftig geklee in akademiese en kerklike togas het Jakes Gerwel, Franklynn Sonn, Desmond Tutu, Frank Chikane en Allan Boesak menige protesoptog gelei. Deesdae speel hulle rolle in die staatsadministrasie, sakewêreld en burgerlike samelewing asof hulle dit hul lewe lank doen.

Toe Marinus Wiechers, voormalige hoogleraar in regsgeleerdheid en latere rektor van Unisa, sy eerbiedwaardige akademiese drag verruil vir informele protesklere om saam met lede van die vakbond Solidariteit, die sanger Steve Hofmeyr en ikone van Bloubul-rugby teen die naamsverandering van Pretoria te protesteer, het hulle 'n stelling gemaak. Die reg tot vreedsame protes moet benut word as 'n middel om aan die openbare debat deel te neem. Dit is 'n manier om verskillende belangegroepes oor partypolitieke verdelings heen saam te snoer om 'n argument tuis te bring.

2 William Shakespeare, *As you like it*, Act II, scene 7.

Hierdie vorm van debatvoering is vir baie mense vreemd. Wanneer nuwelinge saam met ou geoefendes toi-toi, lyk hulle styf en ongemaklik, maar geensins onwillig om die nuwe ritme aan te leer nie.

DIE INHOUD VAN DIE REG³

Om te protesteer, vergadering te hou of 'n betooglinie op te stel (*to picket*), is grondwetlik beskermde uitdrukkingsvorme. Dit is maniere om swak politieke verteenwoordiging te bowe te kom en die mag van die meerderheid te stuit. Dit bied die geleentheid om die lig op 'n spesifieke saak te werp en die regering se aandag daarop te vestig.

Die kern van hierdie reg is dat dit vreedsaam en sonder wapens moet geskied.

In Suid-Afrika is kulturele wapens steeds 'n omstrede onderwerp. Kulturele wapens wat tydens 'n kulturele geleentheid gedra word, is aanvaarbaar. Indien wapens egter tydens 'n politieke vergadering of protesbyeenkoms gedra word, lyk dit twyfelagtig.

In Duitsland word so 'n hoë premie op vreedsame, ongewapende protes geplaas dat selfs die polisie verbied word om spesiale helms en skilde te dra wanneer hulle toesig hou oor betogings, aangesien dit tot onnodige uittarting van die betogers mag lei.

STAKING⁴

Die reg te om te staak is ten nouste vervleg met die reg tot protes en vryheid van spraak.

Die stakingsreg word deesdae as 'n universele reg bestempel en word in die meeste grondwette vervat. Dit strek veel verder as kollektiewe bedinging in die werksplek wanneer werknemers hul spiere teen die werk-gewer bult.

3 Devenish GE, *A Commentary on the South African Bill of Rights*, Butterworths (1999) (hierna Devenish) 222; De Waal J, Currie C en Erasmus G, *The Bill of Rights Handbook*, Juta (2001) 333.

4 Devenish, 318.

Stakings kan ook sosio-ekonomiese oogmerke hê. Sulke optrede mag egter nie ligsinnig, kleingeestig of heethoofdig van aard wees of teen die belange van die gemeenskap indruis nie.

Die werkgewer se teenpool vir staking is ontslag wat deur arbeidswetgewing gereël word.

SLOT

Geoefende toi-toiers kla dikwels by die Kommissie dat die polisie, soos in die ou dae, onnodig hardhandig teenoor hulle optree tydens betogings. Dit laat hulle met 'n wrang smaak in die mond.

Die polisie kla weer oor die uittartende, vernielsugtige en selfs gewelddadige aard van die betogings wat hulle met sagte hande moet hanteer.

Elke saak moet volgens meriete gehanteer word, want die kultuur van vreedsame protes is nog lank nie vaardig in Suid-Afrika nie. Daar is nog te veel woede in ons samelewing wat nie maklik betoel word nie.

Die vernielsugtige en bandelose aard van sommige betogings dui daarop dat baie betogers nie verstaan dat die reg tot protes grense het nie – dit beteken geensins 'n reg om jou wil op ander af te dwing nie; slegs dat jy jou reg tot protes opeis om jou standpunt hoorbaar te maak en so aan die debat deel te neem.

Dit beteken ook geensins dat jy die reg het om ander wat aan die debat wil deelneem, daardie reg te ontnem. Dit is 'n aantasting van die ander persoon se reg tot vryheid van spraak, wat op sy beurt beteken dat jy soms na uitsprake moet luister waarmee jy nie saamstem nie. Die doodskreeu van verteenwoordigers van die Wêreldbank tydens die onlangse Grondberaad is 'n sprekende voorbeeld van hierdie onverdraagsaamheid.

Polisie en betogers het 'n lang pad om te stap alvorens die kuns van vreedsame betoging as 'n vorm van debat bemeester word, want dit is duidelik dat beide partye hulle aan onbehoorlike optrede skuldig maak.

POLITIEKE REGTE¹



Wie sou kon dink dat 'n skamele 10 jaar na die eerste demokratiese verkiesing een van die voorste oorsese kampvegters teen apartheid geskok sou wees omdat jongmense in Suid-Afrika nie lus het om te stem nie!

“Weet hulle dan nie hoe ons geveg het vir hulle demokrasie nie? Vergeet hulle só gou of het hulle nooit geleer om die reg om te stem te koester nie?” vra die voormalige Sweedse aktivis my tydens 'n menseregtebyeenkoms in Europa.

Die lang toue waarin mense in April 1994 so eerbiedig en geduldig hul beurt afgewag het om te kan stem, lê amper in die vergetelheid. Nuwe frustrasies het opgebou wat plek-plek ongeduldig oorneem, want die kruisie by die stembus het nie die gewenste resultate opgelewer nie. Die een sê: “My taal word nie beskerm nie.” Die ander sê: “Daar is geen verbetering in die behuisingsnood of die standaard van ons kinders se onderwys nie.”

Tydens 'n besoek aan die platteland gesels 'n bejaarde tannie vroegdag voor die hotel waar ek tuisgaan met my. “Ek ken jou, Meneer.”

“Dit is moontlik, want ek kom dikwels in hierdie kontrei.”

“Nee, Meneer, dit is nie waarvan ek praat nie. Jy was een van die mense wat dag in en dag uit by Kempton Park gesit en praat het. Ons het dit met groot belangstelling dopgehou.”

“Wat het julle gedink gaan gebeur?”

“Ons het aand vir aand gebed en gehoop dat daar iets goeds van sou kom.”

“Het daar toe iets goeds van gekom?”

“Ja, Meneer. Alles is nog nie reg nie, maar ons eie mense kan darem nou namens ons praat.”

Dit is wat deelnemende demokrasie beteken – jy kry nie alles wat jy wil hê nie, maar jy kry verteenwoordigers wat jou voorspraak is en oor jou belange moet waak.

1 Artikel 19.

Die magsvergrype deur so baie politici en staatsamptenare en die hande in die geldlaaie laat baie haweloses en jongmense skepties teenoor die politiek en dít wat politieke leiers in ons demokrasie mag en kan verrig. Geldmaak word op baie vlakke die hoogste prioriteit en die waardes waarvan idealiste in grondwette droom, word opsy geskuif.

’n Ervare akademikus in die ekonomie vertel hoe klasgee aan sy universiteit die afgelope dekades verander het. Die uitkoms van die lesing moet in geldmaak kan realiseer, anders was die lesing nutteloos.

Die materialistiese drang en die invloed wat dit uitoefen, is egter nie tot Suid-Afrika beperk nie.

Tydens ’n menseregtekonferensie in China waar die konferensiegangers met Confucius se wysshede bestook is, vra ek die jongmense uit oor al daardie wysshede en die feit dat daar om elke hoek en draai ’n McDonalds-kitskoseetplek is. “Daar is ’n plek vir Confucius, maar anders as vir ons voorsate, het geldmaak nou vir ons ook belangrik geword. Jy kan enige plek in China ’n McDonalds oopmaak en jy sal goeie geld maak, ten spyte van die anti-Amerikaanse houdings.”

Die Herstigde Nasionale Party (HNP) se plakkaatoproepe na 1994 aan blanke kiesers – “Stem reg, bly weg” – het niks vir enigiemand beteken nie. So sal dit ook wees met materialisties gedrewe jongmense wat die stembus ignoreer. Hierdie apatiese lugleegtes word altyd gevul, maar nie noodwendig deur eerbare idealiste nie. Dit help nie om dikmond op die politieke kantlyn te staan en kla nie. Daar is geleenthede om deel te neem en jou te laat geld ter beskerming van jou eie belange.

Gereelde verkiesings en die reg om politieke partye te stig en politieke oogmerke te bevorder, is die hartslag van enige demokrasie.²

Een van die waardes waarop die Grondwet berus en wat met ’n meerderheid van 75% in die Nasionale Vergadering beskerm word, is algemene stemreg vir volwassenes met ’n nasionale gemeenskaplike kieserslys en ’n veelpartystelsel van demokratiese regering.³

2 Artikel 19.

3 Artikel 1 en 74.

KIESAFDELING TEENoor PROPORSIONELE VERTEENWOORDIGING

Kiesafdelingspolitiek, waarin die kandidate in eie naam vir kiesers se ondersteuning tydens die verkiesing vra en dan tussen verkiesings sigbaar met die kiesers kontak hou, behoort nou tot Suid-Afrika se verlede. Die verslagvergaderings in die stadsaal ná elke parlamentsitting waartydens ondersteuners en opponente mekaar aanvat, is iets wat die nuwe geslag politici glad nie ken nie.

President Mbeki se *imbizo*-byeenkomste⁴ en ander byeenkomste waaraan partyleiers deelneem, is die naaste wat 'n mens hieraan vind.

Die Nasionale Vergadering, provinsiale wetgewers en plaaslike owerhede betrek honderde politici. Hulle is uiters passief wat kiesafdelingswerk onder die kiesers betref. Diegene uit verskillende politieke partye wat wel bedrywig is, vang altyd die oog en beïndruk met hul toewyding.

Suid-Afrika, met talle ongeletterde en werklose mense wat nie toegang tot gedrukte media of TV het nie en meestal op die “draadloos” aangewese is vir nuus, verdien groter aandag van verkose politici. Dit is geen wonder nie dat mense weer met klippe gooi omdat hulle nie weet wat aangaan nie, of dat Mbeki die politici en burokrate oor swak dienslewering aan die mense roskam nie.

Tydens 'n besoek aan Duitsland verduidelik 'n kommentator dat die afwesigheid van parlamentslede in hul Raadsaal altyd 'n barometer is van die stand van demokrasie in hul land. 'n Leë Raadsaal beteken nie ledige parlamentslede nie – hulle is gewoonlik besig om met hul mense in kiesafdelings te werk, namens hul kiesers vertoë aan die owerheid te rig of afvaardigings uit hul kiesafdeling te woord te staan. Elke beskikbare geleentheid word deur die Duitse politici gebruik om in hul kiesafdelings te woeker. Toe diktators die botoon gevoer het, het die parlamentslede altyd bankvas in die Raadsaal gesit, gereed om die Voorman toe te juig en 'n indruk op die partybase te probeer maak. 'n Suksesvolle demokrasie bestaan nie net uit hosannakore wat leiers se deugde aanmekaar besing, terwyl die leiers

4 Hierdie imbizo-byeenkomste skep geleentheid vir dialoog tussen die President en die kiesers.

vergeet van die mense wat hulle na die politieke raadsale gestuur het om hulle te verteenwoordig nie.

In Amerika het ek een keer gesien hoe 'n senator manalleen op die senaatsvloer staan en 'n deeglik voorbereide toespraak afsteek – hy het behoorlik met homself gepraat. “Hoe is dit moontlik?” het ek gevra.

“Die ander senatore en hul personeel is in hul kantore aan die werk. Hulle luister na hom oor die interkomstelsel. Hulle sal hom wel antwoord gee,” kom die antwoord. Dit wys nou net dat vlytige, diensgeoriënteerde politici mense is wat veel meer as die oratorskuns bemeester het – hulle vergeet nooit van hul kiesers nie. Indien die kiesafdelingstelsel soveel voordele inhou, kan met reg gevra word waarom die proporsionele stelsel van verteenwoordiging dan aangehang word. Die grootste rede is sekerlik dat dit beter verteenwoordiging van kiesers tot gevolg het. Elke stem tel en dit bied geleentheid aan kleiner partye om verteenwoordiging in die Parlement te hê.

Toe die Nasionale Party die historiese oorwinning in 1948 behaal het, het hulle landswyd minder stemme as die Verenigde Party op hulle verenig, maar meer kiesafdelingsetels verower. Die HNP het deur die jare duisende mense gemobiliseer om vir hulle te stem. In die twee dekades waarin hulle om parlementêre mag gekompeteer het, kon hulle slegs een keer 'n setel verower. Die nuwe-effek hiervan was dat al die mense wat deur die jare vir hulle gestem het, nooit in die Parlement verteenwoordig is nie. Daar was niemand om, ten spyte van hul stem, op daardie vlak vir hulle voorspraak te maak nie.

OORLOPERY

Een van die groot propagandawapens in die dae van kiesafdelingspolitiek wanneer iemand sy mantel draai en by 'n ander party aansluit as die een wie se ondersteuning hom die setel laat verower het, was altyd die uitdaging: “Bedank jou setel en kyk of die kiesers jou in die volgende tussenverkiesing sal volg.”

Met proporsionele verteenwoordiging kan 'n mens in die middel van 'n termyn, sonder enige noemenswaardige gevolge, jou mantel draai. Die kiesers aanskou hierdie “hartsverandering” magteloos. Dit laat hulle skepties oor die integriteit van politici.

GROEPSVERTEENWOORDIGING

Groepsverteenwoordiging, hetsy op die grondslag van ras of etniese groepering, het nie staanplek in die nuwe demokratiese bedeling gekry nie. Die vooroordeel teen die nalatenskap van die driekamerparlement met sy kamers vir blankes, kleurlinge en Indiërs asook die etniese grondslag van die tuislande het argumente vir sulke verteenwoordiging tydens die grondwetlike onderhandelings telkens gestuit.

Die debat oor groepsverteenwoordiging wat voorlopig snuif getrap is, mag in die toekoms dalk weer heropen word. Dit sal gebeur wanneer die wind oor die spore van apartheid gewaai het en die debat oor groepsverteenwoordiging nie meer uitsluitlik 'n wit/swart-debat is nie.

In ons diverse samelewing is daar groepe wat met verloop van tyd dalk met nuwe aandag na sulke debatte sal luister.

DIE NUWE OMGEWING

Gereelde verkiesings is belangrik in enige stabiele demokrasie, maar deelnemende demokrasie wentel om veel meer as verkiesings. Openbare deelname aan staatsadministrasie en beleidsvorming gee verdere inhoud daaraan.

Die hulpeloosheid van mense wanneer hulle net nie weet hoe om met sekere probleme te handel nie, lei tot groot frustrasie. Die magteloosheid wanneer hulle voor die reusagtige staatsmasjien staan en nie weet aan watter deur om te klop nie, hou 'n bedreiging vir demokrasie in.

Baie sake wat op die Kommissie se tafel beland, behoort eintlik deur energieke politieke verteenwoordiging gehanteer te word. Die rede dat dit nie gebeur nie is telkens: "Ek weet nie wie my politieke verteenwoordiger is nie" of "Ek kan hom/haar nie in die hande kry nie."

Deelnemende demokrasie moet vandag nie beperk word tot klassieke vertoë aan jou parlamentslid nie. Daar is baie ander weë waarlangs jy jou saak verder kan voer, onder meer met die samewerking van simpatieke

5 Openbare Beskermer, Menseregtekommissie, Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe, Kommissie vir Geslagsgelykheid.

nieregeringsorganisasies (NRO's) of een van die sogenaamde Hoofstuk 9-liggame⁵ wat deur die Grondwet daargestel word om met die bevordering van demokrasie behulpsaam te wees.

Die volgende regte behoort meer dikwels deur die publiek gebruik te word wanneer hulle probleme ervaar met swak dienslewering deur die burokrasie: vryheid van spraak, die reg tot vergadering en protes, toegang tot inligting, en regverdige administratiewe optrede. Onthou ook dat staatsorgane 'n grondwetlike plig het om saam te werk ten einde gladde dienslewering te verseker.⁶

6 Artikel 41(1)(d).

SOSIAAL-EKONOMIESE REGTE



*ONS DURF NOOIT GEWOOND RAAK AAN ARMOEDE NIE, NET
SOOS ONS VOORSATE NOOIT GEWOOND GERAAK HET AAN
SLAWERNY EN KOLONIALISME NIE.¹*

“Welkom in Niemandland, Meneer,” groet die segsman van ’n groepie mense in die Noord-Kaap my. “Hoekom Niemandland?” vra ek. “Want niemand kom hierheen nie. Niemand stel in ons belang nie, nie eens die politici wanneer hulle verkiesings hou nie. Hier het ons soos molle in die grond gewerk; nou is ons oud en het nog steeds net mooi niks nie. So was dit nog altyd – van Jan Smuts se tyd af.”

Diep in die Oos-Kaap hoor ek iets van dieselfde storie toe die Kommissie eerstehands wou kennis maak met dienslewering by skole, hospitale en staatsdienskantore op die platteland.

Die burgemeester in sy spoggerige motor en die span van die Kommissie word deur ’n groepie tradisionele leiers op hul perde begelei na die skool waar vierduisend mense vir die vergadering opgedaag het. Ek ry saam met die trotse manne perd. Een van die tradisionele leiers en ek het, na onderhandeling met behulp van tussengangers, plekke geruil – ek ry sy perd in die perdegeleide en hy ry in die motorstoet.

Duisende mense raas uitbundig terwyl die tradisionele leiers hul sambokke windmakerig in die lug swaai. Ek kom die terrein laaste, op ’n maer, wit perd met die naam Terre’Blanche, ingery. So stilletjies het ek gewonder wat Eugène sou sê indien hy van die wit perd diep in die Oos-Kaap hoor wat sy naam dra.

Die mense sit gepak onder en om die tent wat vir die vergadering opgerig is. By die skool is daar geen water of toilette nie; daar is geen sprake van elektrisiteit nie. Die skool se voedingsprogram is treurig en ongereeld – ’n stuk brood en konfyt nou en dan.

1 José Manuel Barroso, President van die Europese Kommissie.



Die formele verrigtings word afgesluit met 'n feesmaal. Die kinders moet eenkant staan en hul beurt afwag. Dit is nie 'n mooi gesig om honger kinders te sien skarrel vir kos nadat die volwassenes geëet het nie.

Te midde van hierdie see van armoede kan jy kwalik die mense se opgewondenheid oor die besoek en entoesiasme vir die lewe verstaan, want hulle het niks. 'n Eerbiedwaardige grysaard bedank my opreg vir al ons moeite. Maar ons het dan net mooi niks gedoen nie, protesteer ek skaam. "Ja, maar julle was hier en nou weet ons dat ons nie meer alleen is nie."

Weke later vertel van die personeel by die plaaslike supermark in my tuisdorp my opgewonde dat hulle my op TV gesien het toe ek saam met tradisionele leiers perdgery het. Hulle kom uit daardie omgewing. "Hoekom werk julle hier, so ver van julle tuiste af?" vra ek nuuskierig. Die antwoord is kort en bondig: "Dáár is nie werk nie."

HOE RYK IS ONS?

Kundiges vertel dikwels hoe arm die armes onder ons is. 42% is werkloos en volgens 'n verslag van die Verenigde Nasies leef 22 miljoen mense onder die broodlyn, dus van minder as R354 per maand. In die meeste lande word dit as 'n nasionale krisis bestempel wanneer werkloosheid die 10%-kerf verbysteek.

Die vraag kan seker ook omgekeer word: Hoe ryk is ons? Agt miljoen mense leef in uitspattige weelde, motorverkope skiet die hoogte in en eiendomspryse bereik ongekende hoogtes. 'n Groeiende swart elite deel in hierdie voorspoed.²

Volgens Sampie Terreblanche, deurwinterde ekonoom van Stellenbosch, deel een derde van die bevolking in die fees van vooruitgang. Die middelste derde van die Suid-Afrikaanse bevolking is kwetsbaar en die onderste derde (sowat 15 miljoen) sink weg in ellende.³

Daar is sowat 300 000 blankes onder die armste van Suid-Afrika se armes. Na skatting leef tussen 2% en 6% van die blankes op R1 000 of minder per maand per gesin.⁴

Hierdie vraagstukke word soms op 'n uiters ligsinnige en onsensitiewe manier gehanteer.

Die omroeper van 'n bekende radiostasie vra vir sy kollega of hy weet waar die bedelaars by die verkeersligte bad. Dié antwoord dat hulle seker in die naaste rivier spring. Die eerste deelnemer reageer: "Volgende keer as hulle vir geld vra, moet jy dus liever vir hulle 'n koekie seep gee."

Tydens 'n radiogeselsprogram vertel iemand dat dit nie waar is dat swartmense arm is nie: "Kyk hoeveel van hulle ry in weelderige motors op ons paaie." Iemand anders kap terug: "Dit is nou tipies van julle witmense; julle is jaloers en julle gun ons swartmense niks. Hierdie is 'n rassistiese ding. Julle weet nie hoe om ryk swartmense te hanteer nie."

Beide argumente is natuurlik bog.

Hier is baie ryk en baie arm mense in die land. Reisigers deur Afrika vertel jou dat daar baie armoede in Afrika is, maar dat die gaping tussen

2 Rapport, 28 Desember 2003; The Star, 6 May 2004.

3 Rapport, 23 Januarie 2005.

4 Rapport, 23 Januarie 2005.

ryk mense en arm mense op die vasteland nêrens so groot is soos in Suid-Afrika nie. Die enigste ander plek in die wêreld waar die gaping so groot is, is Brasilië.⁵

Die statistiek van geleerde navorsers is oorweldigend en kan 'n mens platslaan.⁶ Die ongelowige Thomasse wat hierdie koue syfers betwyfel, moet net self 'n draai in die townships maak en kyk na die talle jongmense wat werkloos is en die haglike omstandighede waarin mense moet woon.

Dr. Hastings Banda, destyds president van Malawi, het my vertel dat Suid-Afrika se swartmense die bes geklede swartmense in Afrika is. Hy het seker gesien hoe ek my in die opmerking verlek, maar toe pak hy my onmiddellik omdat ons nie vir Nelson Mandela vrylaat nie. Hy het beskuldigend aangedui dat die driekamerparlement, waarin ons kleurlinge en Indiërs polities akkommodeer, 'n belediging vir die swartmense in Suid-Afrika en ook vir die ganse Afrika is. Totdat swartmense vry is, sal hul ekonomiese voorspoed in vergelyking met die res van Afrika net mooi niks beteken nie.

Ons het destyds gedroom dat Soweto die mooiste swart stad in Afrika sou wees. Toe die skaflike behuising in Soweto aan 'n Mosambiekse diplomaat gewys is, is hy gevra wat hy van hierdie “weelde” dink in vergelyking met die armoede in sy land – een van die armstes in die wêreld. Sy antwoord was: “Die mense in my land is vry. Vryheid kan nie met netjiese *match box*-behuising onderdruk word nie. As ek moet kies, dan kies ek vryheid.”

Suid-Afrika en sy mense is vry; die behuising is steeds beter as dié in Maputo en elders in Afrika. Die arm mense in ons land vergelyk hulle nie met die armes elders in Afrika nie, maar met die rykes in Suid-Afrika. Vir die wat arm en honger is, beteken dit net mooi niks nie om te sê: “Jy moet dankbaar wees, want jy is beter daaraan toe as die armes en die honger mense elders in Afrika en die wêreld.”

Ons het dikwels te vertel dat Suid-Afrika se mense meer toegang tot elektrisiteit het en meer motors besit as enige ander plek in Afrika. Dit beteken net mooi niks. Mense kyk na die situasie in die land – wie het iets

5 Chris Landsberg, toespraak gelewer tydens die Klein Karoo Nasionale Kunstefees soos gerapporteer in *Beeld*, 28 Julie 2005.

6 *Beeld*, 6 Mei 2004.

en wie het niks. Dit is die rede waarom werkers staak – hulle kyk na die winsgrense van die maatskappy en die bonusse wat bestuurders betaal word en dring dan deur hul vakbonde op 'n verhoging aan. Basta met wat in ander maatskappye of elders in die wêreld en Afrika gebeur.

In die ou dae het ons baie meer aan wit kinders se onderwys bestee as aan swart kinders se onderwys. Om nou nog te argumenteer dat “ons swartmense” beter onderwys ontvang het as diegene in die res van Afrika, is irrelevant. Vandag word eenvoudig gekyk na waar die bevoorregte skole is en waar die skole sonder toerusting, water, elektrisiteit, toilette of sportvelde is. Daar word bepaal wie se ouers 'n bydrae kan lewer tot die uitbouing van die skool en wie s'n nie.

'n Klompie jong, werklose manne en ek soek skuiling teen die koue aan die sonkant van die gemeenskapsaaltjie en ons bespreek die vorige Saterdag se verloor-toets teen die All Blacks. Naas Botha se wysshede word dáár soos evangelie opgediep. Dit is vir my 'n vreemde ervaring om ondersteuners vir die Springbokke én die Kiwi's dáár te sien – dit is nie net Trevor Manuel wat vir die Kiwi's geskree het nie. Die lojaliteit vir die Kiwi's kom uit die jare toe dié gemeenskappe gekwets en gekneus is; dit was 'n vorm van verset, word ek vertel. Ek sluk swaar aan hierdie bitter Kiwi-pil. Maar daar is 'n goedige gespot tussen die Kiwi- en Bokondersteuners.

Die hartseer verhaal is egter dat nie een van daardie jong mans, skoolopleiding ten spyte, al ooit gewerk het nie. Daar is eenvoudig geen werksgeleenthede in die omgewing nie.

Volgens gemeenskapsleiers is die vlak van ongeletterdheid onder volwassenes in daardie kontrei so hoog as 70%. 'n Boer het die Kommissie eenkeer vertel hoe dít 'n persoon se waardigheid krenk. Hierdie hulpe-loosheid van volwassenes wie se geleerde kinders nie naby is om te help nie, en die ongeduld van uiters onverdraagsame staatsamptenare, stroop ongeletterde mense van hul selfrespek. Hul onvermoë om byvoorbeeld vorms vir ouderdomspensioen in te vul, laat hulle dikwels gestrand.

POLITICI OF REGTERS?

Aan wie wil jy jou armoedsorge toevertrou – politici of regters? Dit was die vraag wat tydens grondwetlike onderhandelings beantwoord moes word.

Moet sosiaal-ekonomiese regte in die Handves vervat word as beregbare regte, dit wil sê as regte waaroor die howe toesig hou?

Politici het 'n geneigdheid om bloot te maak of hulle tydens politieke debatte luister terwyl hulle eintlik besig is om te dink hoe hulle jou gaan antwoord. Regters – die meeste van hulle – luister na wat jy in die hof sê. Dit is vir hulle belangrik wat gesê word en meestal van mindere belang hóé 'n ding gesê word. Ten spyte van hierdie versekering dat jy 'n billike geleentheid sal kry om jou armoedesaak in die howe te stel en met groot erns aangehoor sal word, kos dit 'n fortuintjie om jou pad deur al die howe tot in die Konstitusionele Hof oop te veg. Dit is peperduur en vir die meeste mense is dit onbekostigbaar om hul armoedepleidooie op só 'n manier te stel.

Politici beheer egter die staat se finansiële koffers. Dit is uit daardie oord dat die armoedeverligting moet kom. Volgens die ou staatsregtelike leerstuk moet regters hul hande uit daardie koffers hou. Om 'n land se begroting op te stel en die prioriteite vir daardie begroting te bepaal, is die prerogatief van die regering. Die regters se uitsprake moet ook deur politici uitgevoer word. Die finale ooreenkoms lui dat politici na die armes moet omsien, maar dat die regters moet toesig hou dat hulle dit op 'n redelike manier doen.

Vir die Nasionale Party se afvaardiging wat destyds aan dié debatte deelgeneem het, was dit 'n intellektuele oefening, want niemand het die kru Suid-Afrikaanse armoede aan die bas geken nie – ons het almal stories gehoor oor hoe arm ons ouers en voorouers was, maar was verteenwoordigend van 'n geslag wie se mense dit oorkom het – baie was plaaseienaars en nie meer bywoners op plase soos hul voorsate nie. Die res was professionele mense. Ons ondersteuners was die bevoorregte groep – bang om die dinge wat hulle besit het, te verloor en nie vol afwagting oor dit wat hulle sou verwerf nie. Nie baie uit daardie groep ondersteuners het eintlik tamboer geslaan omdat ons van die juk van apartheid ontslae sou raak nie, want nie baie het eintlik swaar aan die juk gedra nie. Daar was ook verdere aspirasies om te bly regeer in die jare wat volg, daarom moes die staatskas nie onrealisties met beregbare grondwetlike regte oorlaai word nie.

Hiernaas het die ANC se afvaardiging kniediep in die armoedevraagstuk gestaan – sommiges se ouers was ongeletterd of het slegs 'n beskeie

skoolopleiding gehad en het in nederige huise gewoon. Daar was natuurlik mense wat in hoogs geleerde en welgestelde huise grootgeword het. Die beperkings – waar jy kon woon, waar en wanneer jy kon beweeg – het hulle egter gedwing om, ten spyte van hul voorspoed, oor eerstehandse kennis van die land se arm, ontwortelde en daklose mense te beskik.

ANC-ondersteuners het hul leiers nie net as politieke bevridders nie, maar ook as voorlopers in die stryd teen armoede gesien. Dit was ook die vaandel waaronder hulle sou vaar – 'n beter lewe, ook 'n beter ekonomiese lewe, vir almal.

Die verskille in benadering was diep filosofies van aard. Die een kant wou die staatsmag beperk en het sodoende die insluiting van sosiaal-ekonomiese magte teengestaan. Die ander kant wou uitgebreide staatsmagte hê en het daarom die insluiting van sosiaal-ekonomiese regte voorgestaan. Daar is ook die gevoel dat die tradisionele skeidslyne tussen die uitvoerende gesag, die Parlement en die howe onnodig vervaag sou word met die insluiting van die regte. Die ondemokraties verkose elite, die regters, sou met so 'n stap te veel mag bekom.⁷

Die argument was dat daar 'n groeiende internasionale tendens was dat menseregte nie net negatief gesien moes word nie, dit wil sê dat die staat nie met my regte mag inmeng nie; maar ook in 'n positiewe lig, dit wil sê dat ek daarop kan aanspraak maak en die staat deur die howe kan dwing om sekere dinge vir my te doen, deur byvoorbeeld aan my sosiaal-ekonomiese nood aandag te skenk.

Daar is wêreldwyd groot aanvaarding vir die gedagte dat al die menseregte, politieke en burgerlike regte asook die sosiaal-ekonomiese regte interafhanklik en van mekaar onskeibaar is.

In lande soos China en Kuba word anders geglo en heers die standpunt dat sosiaal-ekonomiese regte die botoon voer. Ander regte word tot niks gereduseer nie.

'n Kubaanse afgevaardigde verkondig hul bekende standpunt met groot oortuiging tydens 'n internasionale konferensie in China. Terwyl sy met haar voordrag besig is, stik sy en beduie met paniekerige handgebare

7 De Villiers B, in Van Wyk et al., *Rights and Constitutionalism*, Juta (1994) 599; Devenish GE, A Commentary on the South African Bill of Rights, Butterworths (1999) 358.

aan die Chinese voorsitter dat hy asseblief vir haar 'n bietjie groentee moet skink. Nadat sy van die groentee gedrink het en haar stem herwin het, gaan sy met haar voordrag voort.

Toe ek die standpunt van die interafhanklikheid en onseibaarheid van menseregte moes stel, verwys ek na dié insident. Van die Kubaanse dame se behoefte aan groentee (verteenwoordigend van sosiaal-ekonomiese regte) sou niks gekom het indien daar 'n beperking op haar vryheid van spraak (verteenwoordigend van politieke en burgerlike regte) geplaas is nie. Siedaar, die regte is onlosmaaklik vervleg, vertel ek hulle soos 'n wafferse kulkunstenaar.

Die oorwegend Chinese gehoor glimlag beleefd asof hulle vir my wil sê: “Goeie punt, maar so maklik gaan jy ons nie oorreed om van ons ou, beproefde weë afstand te doen nie. Verder is jy nie so slim soos wat jy dink nie, want jy is nie so slim soos Confucius of Mao nie.”

KOPSTAMP

Soos met so baie dinge in moderne Suid-Afrika het die wiele ook op die terrein van sosiaal-ekonomiese magte gedraai. Sosiaal-ekonomiese regte is in die Grondwet vervat en is beregbaar soos die ANC dit versoek het. Nou moet die ANC egter daarvolgens presteer. Dit is 'n gewigtige taak.

Die huidige politici, soos politici vóór hulle, hou egter nie daarvan om deur die howe tereggewys te word wanneer hul beleidsrigtings en administrasie aan die grondwetlike verwagtings te kort skiet nie. Hulle hou ook nie daarvan om deesdae deur mense wat steeds arm is as geldvrater (*fat cats*) uitgekryt te word nie.

Die Grondwet maak die deur oop vir die howe om vir die regering te sê: “Regverdig jou besluit.” Dit is nie vir die hof om te sê watter beleidsrigting of begrotingtoewysing die geskikste een sal wees nie. Die hof sal wel by magte wees om aan die regering te sê: “Regverdig jou militêre uitgawes in die lig van die toenemende hongersnood en armoede.” Die hof sal egter nie 'n spesifieke program vir die armoedevraagstuk kan voorskryf nie.⁸

Ek is lid van 'n vierpersoonsafvaardiging wat met die Premier van die Oos-Kaap, Nosimo Balindlela, samesprekings moet voer oor 'n uiters

8 Denis Davis, niegerapporteerde toespraak voor die Kommissie in 1999.

negatiewe uitspraak in die Hooggeregshof teen onbevoegde administrasie met betrekking tot die uitbetaling van welsynstoelaes in daardie provinsie.

Een van die laaste mense by die Kommissie wat ons sterkte toewens met die gesprek sê goedig: “Indien sý (die Premier) julle tee aanbied, moet julle dit nie aanvaar nie. Julle moet net besigheid praat en terugkom. My ouers woon in daardie provinsie en die dienslewering is pateties.”

Op pad na die Premier se kantoor merk die vroulike amptenaar wat ons daarheen begelei kliphard teenoor omstanders op: “Hierdie afvaardiging is vir jou *gender*-onsensitief!” Dít is in die moderne Suid-Afrika ’n doodsonde. Ons begin dus onmiddellik op die agtervoet.

’n Mens moet dit die Premier ter ere nagee dat sy nie gelukkig was met haar amptenare se prestasie nie en dat sy nie geskroom het om hulle voor ons te roskam nie.

Dieselfde gesindheid is egter nie uitgestraal toe ’n hoë politieke figuur na afloop van die eerste werklike groot geding in die Konstitusionele Hof oor sosiaal-ekonomiese regte, die sogenaamde Grootboom-saak⁹, daarna verwys het as “that stupid case” nie. Die persoon kon nie sy irritasie verberg nadat die Hof die staat gekapittel het omdat sy beleid met betrekking tot hawelose mense te kort geskiet het nie. Hierdie gaping in die beleid was onredelik, want die mense se menswaardigheid en aanspraak op gelykheid is geïgnoreer.

Die hof het die geldigheid van die Oostenburg Munisipaliteit se optrede oorweeg om ’n groep hawelose mense met hofbevel, stootskrapers en rubberkoeëls van private eiendom wat vir laekostebehuising geormerk is, te verwyder.

Die hof het beslis dat daar nie genoegsaam voorsiening gemaak is vir tydelike skuiling vir die Grootboom-plakkers van Mooitrap nie. Irene Grootboom was die leier van die mense van Mooitrap, ’n modderige oopte naby Kraaifontein wat só genoem is omdat ’n mens mooi moes trap of jy trap in die modder. Die Grootboom-plakkers het toe later op Wallacedene staanplek gekry.

Dit was ’n geskiedkundige uitspraak wat oor die hele wêreld heen weerklank gevind het. Daar word met bewondering na die tersaaklike

9 *Government of the Republic of South Africa v Grootboom* 2000 (11) BCLR 1169 (CC).

grondwetlike bepalings en die onverskrokke benadering van die Konstitusionele Hof in hierdie saak verwys.¹⁰

Die staat het 'n plig (negatief) om mense nie met uitsettings dakloos te laat nie en om vir hulle alternatiewe behuising te voorsien.

Die staat het 'n verdere plig (positief) om deur gepaste wetgewing en ander maatreëls of programme aan die behuisingsnood aandag te skenk. Daar sal beslis groot meningsverskil wees oor wat die geskikste program sou wees, maar die staat moet sy keuse aan die publiek verduidelik. Aan die hof sal die staat ook moet aantoon dat die beleid redelik is.

In die Grootboom-saak het die staat nagelaat om die mense tydelik te versorg. Elke saak sal egter op eie meriete oorweeg moet word.

Die Grootboom-plakkers by Wallacedene sukkel steeds met behuising – dit laat hulle erg gefrustreerd. Die een sê: “Ons het 'n hofsaak gewen, maar ek het steeds nie 'n huis nie. Ons was so opgewonde. Ek is al moeg om te kla. My mense verstaan nie.”

Boeke en artikels is al oor hierdie saak geskryf. Dit noop een van die inwoners van Wallacedene om na 'n sekere navorser te verwys wat gereeld daar besoek afgelê het: “Toe sy 'n boek oor ons geskryf het, het sy gereeld hierheen gekom. Nou dat haar boek klaar geskryf is, kom sy nie meer hier nie – sy het 'n boek, maar ons het nog steeds nie behoorlike behuising nie.”

Die mense is tydelik versorg, maar hulle moet nou hul beurt af wag voordat hulle behoorlike behuising kan bekom. Jy kan nie plak en dan verwag om voor in die behuisingstou te kom staan nie.

WIE BETAAL?

Die radioadvertensie van die 85-jarige man wat die paswette deurleef het, aanskou het hoe die Vryheidsmanifes in Kliptown opgestel is, die woede van die kinders in 1976 beleef het en gespaar is om 11 jaar van 'n vrye demokratiese Suid-Afrika te vier maar steeds nie 'n huis het nie, vertel dit alles. Grondwetlike woorde op papier is geduldig, maar beteken niks indien dit nie in die praktyk neerslag vind nie. Die staat sal sy sokkies moet optrek en Jan Burger sal sy hand in die sak moet steek.

10 *Rapport*, 28 Julie 2002.

Die hof het al beslis¹¹ dat daar nie van die staat verwag kan word om dienste te lewer – die verskaffing van duur mediese bystand – wanneer daar nie genoegsame finansiële bronne is om dit te doen nie. Die staat het hier suksesvol aangetoon dat hy sy verpligtings op 'n redelike manier nakom. Dit doen egter nie afbreuk aan die feit dat die staat nie kan slap lê nie, maar onmiddellik stappe binne sy vermoë moet doen om die sosiaal-ekonomiese regte progressief te realiseer.

Die hof kan nie belasting hef nie en het dus ook nie geld om te bestee nie. Die staat bly die enigste instansie wat dít kan doen. Dit is van wesenlike belang vir die voortbestaan van 'n demokratiese regstaat dat die sosiaal-ekonomiese behoeftes van mense soos die behuisingsnood en die MIV/Vigs-pandemie behoorlik aandag kry.

Die moontlikheid dat die armes teen die rykes sal opstaan indien hierdie behoeftes nie vervul word nie, is glad nie te vergesog nie. Die sporadiese uitbarstings van mense wat hulle teen swak dienslewering en korrupsie verset, is die eerste simptome hiervan.

11 *Soobramoney v Minister of Health (KwaZulu-Natal)* 1998 (1) SA 765 (CC).



*VOORTDURENDE WAAKSAAMHEID IS DIE
PRYS VAN VRYHEID.¹*

Ons was nooit 'n wettelose samelewing nie. Alles is altyd ordelik en wetties gedoen – stiptelik volgens die wet en die regulasies. Die howe het toegekyk, met hande vasgebind agter die rug, sonder die mag om in te gryp. Hul rol is deur wetgewing uitgesluit of baie verskraal.

Ons is steeds 'n ordelike, reëlgebonde samelewing. Die groot verskil is dat die reëls nou geweeg word teen die waardes en regte wat in die Grondwet vervat word. Alle reëls, ook dié wat deur die Staatspresident en die Parlement uitgevaardig word, kan deur enigeen, hoe gering ook al, in die howe uitgedaag word.

Dit is 'n positiewe ontwikkeling. 'n Land word egter nie deur die howe geregeer nie. 'n Onafhanklike regbank is 'n belangrike instrument om te verseker dat die regsreëls eerbiedig word – ook deur die owerheid – maar hulle is nie die diensleweringsagent nie.

Gebrekkige politieke kompetisie en rassevooroordele in die politieke arena veroorsaak dat die howe tans rolle moet speel wat nie altyd gewens is nie. Die armdrukkery tussen die howe en regering is kos vir die regsgeleerde, maar nie 'n goeie ding vir gesonde landsregering nie. Swak staatsadministrasie moet deur die kiesers by die stembus en politieke partye in politieke raadsale gestraf word.

Baie dinge het verander. Ook ons denke oor menseregte.

In die ou dae, onder leiding van die kerkleiers, is gesê dat menswaardigheid 'n onbybelse en onaanvaarbare verheerliking van die mens was. Nou, onder leiding van kerkleiers, sê ons: Omdat God die mens liefhet, daarom is die mens waardig en moet sy menswaardigheid gerespekteer word.

1 John Philot Curran; JM and MJ Cohen, *The Penguin Dictionary* (1960) 128.

Dit is, uit 'n menseregteperspektief beskou, die eerste gebod – dat jy 'n ander se menswaardigheid moet respekteer. Menswaardigheid kan nooit ondergeskik gestel word aan enigiets anders nie – allermens aan meerderwaardige houdings.

Dit is ook baie belangrik dat jy jou regte moet ken en dit moet verdedig – ál jou regte. Niemand anders sal dit doen nie. Ander mag jou help, maar jy moet op jou regte staan. Daar kan nie van die regering verwag word om 'n volwaardige menseregtekultuur alleen en sonder ondersteuning in die land te vestig nie, want regeringsamptenare is dikwels self ook menseregteskendens. Gewone mense moet waak oor die menseregtebedeling, want menseregte-instrumente moet hulle teen die optrede van die owerheid beskerm.

Menseregte is nie staties nie en ontwikkel voortdurend.

Die waardes en die regte is met mekaar vervleg; die een beïnvloed en versterk die ander. Dit is wat sulke debatte so lewendig maak. Om die regte met mekaar te balanseer, is 'n grootse uitdaging. Die howe, die regsprofessie én gewone burgers moet voortdurend hierby betrokke wees.

Woorde het betekenis, maar menseregte moet inhoud kry. Daar moet dus oor menseregte gepraat word, en hulle moet geweeg en in harmonie met mekaar gebring word – MY REGTE ÉN JOU REGTE.

EPILOOG



KEN AFRIKANE EN SUID-AFRIKANERS MEKAAR?

Een van die laaste Suid-Afrikaners met wie ek 'n gesprek voer voor my vertrek na Ghana in 2004 vra: “Baklei hulle daar?” Een van die eerste Ghanese met wie ek gesprek voer, vra: “Besit almal in Suid-Afrika vuurwapens?”

“Nee, maar hoekom vra jy?” “Want ons sien hier op die TV dat selfs die taxibestuurders vuurwapens dra en soms op mekaar skiet.”

Dit het my laat besef hoe swak ons as Afrikane mekaar ken.

In die land van Kwame Nkrumah, voorste vegter teen kolonialisme en leier van 'n eenpartystaat; van Jerry Rawlings, militêre diktator wat sy land later na demokrasie gelei het; en van die huidige President John Kufuor, wat in 2000 vir die eerste keer in die land se geskiedenis die regerende party by die stembus verslaan het, kon ek nie help om aan President Paul Kruger se geveleelde woorde toe hy die stryd teen kolonialisme gevoer het, te dink nie: “Afrika sal vry wees!”

Hierdie sirkelpad kon hy nooit voorsien het nie, ook nie dat die Afrikanerrevolusionêr Bram Fischer uit sý woorde inspirasie sou put vir sy stryd teen die apartheidsregering nie.

In Accra, by die Universiteit van Ghana, stel my vriend, prof. Kofi Kumado, vir wie ek die eerste keer in Belfast ontmoet het, my voor as 'n ware seun van Afrika. Die eerbetoen gee my onverwagte sooibrand, want net voor my vertrek was ek deel van 'n komitee wat namens die Noordwes-Universiteit die jaarlikse billike-indiensnemingsvorms moes voltooi – daarop word ek nie as 'n Afrikaan gedefinieer nie. Op die vorm is daar slegs ruimte vir die reeds genoemde vier kategorieë, naamlik Afrikaan, Indiër, kleurling en wit.

Miskien moet 'n mens onthou dat Albert Nothnagel, voormalige parlements lid, al 20 jaar gelede vertel het dat Afrikaners die wit kinders van swart Afrika is. Ook hy het dit in 'n ander konteks geopper en kon nie die

presiese omvang daarvan voorsien het nie, nog minder dat dit só in Ghana waar sou word.

'n Dag voor my vertrek na Ghana het ek die onthulling van die standbeeld van Khosi Mogale – voorvader van die Tswanas – voor die stadsaal van Krugersdorp bygewoon. Die stadsaal is 'n stille getuie van menige veldslag tussen die wit politieke partye van destyds. In dieselfde kontrei het die Britse koningshuis en Oom Paul diep spore getrap. Nou staan Mogale prominent heel voor.

Die name Magaliesburg en Magaliesberge het ek destyds as gegewe aanvaar en het nooit besef dat Magalies die verwringing van Mogale was nie. Op skool en in die jare daarna het ek na baie stories geluister van Oom Paul se besoeke aan Krugersdorp, asook van die Britse koningshuis se besoek. Dit feit dat niemand my iets vertel het van Khosi Mogale nie, beteken nie dat hy nie bestaan het nie.

In Accra het ek oor die Mogale-funksie nagedink en besef dat Afrika op ons voorstoep en nie buite ons landsgrense is soos ons ons graag verbeeld nie.

By die Mogale-seremonie sê een van die gassprekers glimlaggend: “Ons is almal Afrikane, wit en swart. Julle witmense dink julle is Europeërs; julle is egter Afrikane, want die wieg van die mensdom is in Mogalestad – ons kom almal hiervandaan.”

Ons almal sleep bagasie saam. My gasvrou by die Menseregtekommissie in Ghana is Anna Bossman. Haar voorsate, Willem Bosman, het onder Engelse invloed William Bossman geword. Sy en ek lag oor ons Hollandse voorsate – ek vertel haar van die baie verhale van Herman Charles Bosman. So het die Hollanders interessante brûe tussen Suid-Afrika en Ghana gebou wat nie tot ons regserfenis, die Romeins-Hollandse Reg, beperk is nie.

Suid-Afrika se waarheids-en-versoeningsprosesse het ook in Accra weerklank gevind. 'n Kommissie vir Nasionale Versoening is aangestel om die verlede oop te krap en ondersoek in te stel na menseregtevergrepe in die “ongrondwetlike tydperke” in die land se geskiedenis. Om in die ou parlamentsgebou op dieselfde plek te staan waar Nkrumah en die militêre leiers die septer geswaai het en waar die Kommissie vir Versoening jare later getuie van aangehoor het van die slagoffers van daardie diktature, het my asem weggeslaan. Die betoog dat die verlede met rus gelaat moet

word, is reeds in Suid-Afrika en Ghana verkeerd bewys en sál ook in ander plekke verkeerd bewys word. Mense wil weet wat gebeur het en slagoffers wil hul stories vertel.

'n Afrikaner se Europese voorkoms en herkoms is nie onbelangrik nie, maar dat sy vaste adres in Afrika, spesifiek Suid-Afrika is, is geen struikelblok nie; dit is trouens 'n aanbeveling elders in Afrika. In Suid-Afrika sal dit egter nog 'n rukkie duur voordat daardie billike-indiensnemingsvorm wat my so irriteer, gewysig word.

DIE GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, 1996

HOOFTUK 2 HANDVES VAN REGTE (AA 7-39)

7 Regte

- (1) Hierdie Handves van Regte is 'n hoeksteen van die demokrasie in Suid-Afrika. Dit verskans die regte van alle mense in ons land en bevestig die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid.
- (2) Die Staat moet die regte in die Handves van Regte eerbiedig, beskerm, bevorder en verwesenlik.
- (3) Die regte in die Handves van Regte is onderworpe aan die beperkings in artikel 36 of elders in die Handves vervat of genoem.

8 Toepassing

- (1) Die Handves van Regte is van toepassing op die totale reg en bind die wetgewende, die uitvoerende en die regsprekende gesag en alle staatsorgane.
- (2) 'n Bepaling van die Handves van Regte bind 'n natuurlike of 'n regspersoon indien, en in die mate waarin, dit toepasbaar is met inagneming van die aard van die reg en die aard van enige plig deur die reg opgelê.
- (3) By die toepassing van 'n bepaling van die Handves van Regte op 'n natuurlike of regspersoon ingevolge subartikel (2) –
 - (a) moet 'n hof, ten einde gevolg te gee aan 'n reg in die Handves, die gemene reg toepas, of indien nodig ontwikkel, in die mate waarin wetgewing nie aan daardie reg gevolg gee nie; en
 - (b) kan 'n hof reëls van die gemene reg ontwikkel om die reg te beperk, mits die beperking in ooreenstemming met artikel 36(1) is.
- (4) 'n Regspersoon is geregtig op die regte in die Handves van Regte

in die mate waarin die aard van die regte en die aard van daardie regspersoon dit vereis.

9 Gelykheid

- (1) Elkeen is gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg.
- (2) Gelykheid sluit die volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede in. Ten einde die bereiking van gelykheid te bevorder, kan wetgewende en ander maatreëls getref word wat ontwerp is vir die beskerming of ontwikkeling van persone, of kategorieë persone, wat deur onbillike diskriminasie benadeel is.
- (3) Die staat mag nie regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand diskrimineer op een of meer gronde nie, met inbegrip van ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte.
- (4) Geen persoon mag regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand op een of meer gronde ingevolge subartikel (3) diskrimineer nie. Nasionale wetgewing moet verorden word om onbillike diskriminasie te voorkom of te belet.
- (5) Diskriminasie op een of meer van die gronde in subartikel (3) vermeld, is onbillik, tensy daar vasgestel word dat die diskriminasie billik is.

10 Menswaardigheid

Elkeen het ingebore waardigheid en die reg dat daardie waardigheid gerespekteer en beskerm word.

11 Lewe

Elkeen het die reg op lewe.

12 Vryheid en sekerheid van die persoon

- (1) Elkeen het die reg op vryheid en sekerheid van die persoon, waarby inbegrepe is die reg om –
 - (a) nie arbitrêr of sonder gegronde rede vryheid ontnem te word nie;
 - (b) nie sonder verhoor aangehou te word nie;
 - (c) vry te wees van alle vorme van geweld van hetsy openbare, hetsy private oorsprong;
 - (d) op geen wyse gemartel te word nie; en

- (e) nie op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf te word nie.
- (2) Elkeen het die reg op liggaamlike en psigiese integriteit, waarby inbegrepe is die reg –
 - (a) om besluite oor voortplanting te neem;
 - (b) op sekerheid van en beheer oor die eie liggaam; en
 - (c) om nie sonder hul ingeligte toestemming aan mediese of wetenskaplike eksperimente onderwerp te word nie.

13 Slawerny, knegskap en dwangarbeid

Niemand mag aan slawerny, knegskap of dwangarbeid onderwerp word nie.

14 Privaatheid

Elkeen het die reg op privaatheid, waarby inbegrepe is die reg dat –

- (a) hul persoon of woning nie deursoek word nie;
- (b) hul eiendom nie deursoek word nie;
- (c) daar nie op hul besittings beslag gelê word nie; of
- (d) daar nie op die privaatheid van hul kommunikasies inbreuk gemaak word nie.

15 Vryheid van godsdien, oortuiging en mening

- (1) Elkeen het die reg op vryheid van gewete, godsdien, denke, oortuiging en mening.
- (2) Godsdiensoefening kan by staats- of staatsondersteunde instellings geskied, mits –
 - (a) daardie oefening reëls nakom wat deur die tersaaklike openbare gesag gemaak is;
 - (b) dit op billike grondslag geskied; en
 - (c) bywoning daarvan vry en vrywillig is.
- (3) (a) Hierdie artikel belet nie wetgewing wat erkenning verleen aan –
 - (i) huwelike wat aangegaan is kragtens enige tradisie, of 'n stelsel van godsdien-, persone- of familiereg nie; of
 - (ii) stelsels van persone- en familiereg kragtens enige tradisie, of wat nagevolg word deur persone wat 'n besondere godsdien aanhang nie.
- (b) Erkenning ingevolge paragraaf (a) moet met hierdie artikel en die ander bepalings van die Grondwet bestaanbaar wees.

16 Vryheid van uitdrukking

- (1) Elkeen het die reg op vryheid van uitdrukking, waarby inbegrepe is –
 - (a) die vryheid van die pers en ander media;
 - (b) die vryheid om inligting of idees te ontvang of oor te dra;
 - (c) die vryheid van artistieke kreatiwiteit; en
 - (d) akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing.
- (2) Die reg in subartikel (1) omvat nie –
 - (a) propaganda vir oorlog nie;
 - (b) die aanstigting van dreigende geweld nie; of
 - (c) die verkondiging van haat wat op ras, etnisiteit, geslagtelikheid of godsdiens gebaseer is en wat aanhitsing om leed te veroorsaak, uitmaak nie.

17 Vergadering, betoging, linievorming en petisie

Elkeen het die reg om vreedsaam en ongewapen te vergader, te betoog, 'n betooglinie te vorm en petisies voor te lê.

18 Vryheid van assosiasie

Elkeen het die reg op vryheid van assosiasie.

19 Politieke regte

- (1) Dit staan elke burger vry om politieke keuses te doen, waarby inbegrepe is die reg om –
 - (a) 'n politieke party te stig;
 - (b) deel te neem aan die bedrywighede van, of lede te werf vir, 'n politieke party; en
 - (c) hulle vir 'n politieke party of saak te beywer.
- (2) Elke burger het die reg op vrye, regverdige en gereelde verkiesings vir enige wetgewende liggaam wat ingevolge die Grondwet ingestel is.
- (3) Elke volwasse burger het die reg om –
 - (a) te stem in verkiesings vir enige wetgewende liggaam wat ingevolge die Grondwet ingestel is, en om dit in die geheim te doen; en
 - (b) 'n kandidaat vir 'n openbare amp te wees en, indien verkies, die amp te beklee.

20 Burgerskap

Geen burger mag burgerskap ontnem word nie.

21 Vryheid van beweging en verblyf

- (1) Elkeen het die reg op vryheid van beweging.

- (2) Elkeen het die reg om die Republiek te verlaat.
- (3) Elke burger het die reg om die Republiek binne te kom, daarin aan te bly, en op enige plek daarin verblyf te neem.
- (4) Elke burger het die reg op 'n paspoort.

22 Vryheid van bedryf, beroep en profesie

Elke burger het die reg om vrylik 'n bedryf, beroep of profesie te kies. Die beoefening van 'n bedryf, beroep of profesie kan deur die reg gereguleer word.

23 Arbeidsverhoudinge

- (1) Elkeen het die reg op billike arbeidspraktyke.
- (2) Elke werker het die reg om –
 - (a) 'n vakbond te stig en daarby aan te sluit;
 - (b) aan die bedrywighede en programme van 'n vakbond deel te neem; en
 - (c) te staak.
- (3) Elke werkgewer het die reg om –
 - (a) 'n werkgewersorganisasie te stig en daarby aan te sluit; en
 - (b) aan die bedrywighede en programme van 'n werkgewersorganisasie deel te neem.
- (4) Elke vakbond en elke werkgewersorganisasie het die reg om –
 - (a) sy eie administrasie, programme en bedrywighede te bepaal;
 - (b) te organiseer; en
 - (c) 'n federasie te stig en daarby aan te sluit.
- (5) Elke vakbond, werkgewersorganisasie en werkgewer het die reg om aan kollektiewe bedinging mee te doen. Nasionale wetgewing kan verorden word om kollektiewe bedinging te reguleer. In die mate waarin die wetgewing 'n reg in hierdie Hoofstuk beperk, moet die beperking aan artikel 36(1) voldoen.
- (6) Nasionale wetgewing kan erkenning verleen aan vakbondsekerheidsreëlings wat in kollektiewe ooreenkomste vervat is. In die mate waarin die wetgewing 'n reg in hierdie Hoofstuk beperk, moet die beperking aan artikel 36(1) voldoen.

24 Omgewing

Elkeen het die reg –

- (a) op 'n omgewing wat nie skadelik vir hul gesondheid of welsyn is nie; en
- (b) op die beskerming van die omgewing, ter wille van huidige

en toekomstige geslagte, deur redelike wetgewende en ander maatreëls wat –

- (i) besoedeling en ekologiese agteruitgang voorkom;
- (ii) bewaring bevorder; en
- (iii) die ekologies volhoubare ontwikkeling en aanwending van natuurlike hulpbronne verseker terwyl dit regverdigbare ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling bevorder.

25 Eiendom

- (1) Niemand mag eiendom ontnem word nie, behalwe ingevolge 'n algemeen geldende regsvoorskrif, en geen regsvoorskrif mag arbitrêre ontneming van eiendom veroorloof nie.
- (2) Eiendom mag slegs ingevolge 'n algemeen geldende regsvoorskrif onteien word –
 - (a) vir 'n openbare doel of in die openbare belang; en
 - (b) onderworpe aan vergoeding waarvan die bedrag en die tyd en wyse van betaling óf deur diegene wat geraak word, aanvaar is, óf deur 'n hof bepaal, óf goedgekeur is.
- (3) Die bedrag van die vergoeding en die tyd en wyse van betaling moet regverdig en billik wees, en moet 'n billike ewewig toon tussen die openbare belang en die belange van diegene wat geraak word, met inagneming van alle tersaaklike omstandighede, met inbegrip van –
 - (a) die huidige gebruik van die eiendom;
 - (b) die geskiedenis van die verkryging en gebruik van die eiendom;
 - (c) die markwaarde van die eiendom;
 - (d) die omvang van regstreekse belegging en subsidie deur die staat ten opsigte van die verkryging en voordelige kapitale verbetering van die eiendom; en
 - (e) die doel van die onteiening.
- (4) By die toepassing van hierdie artikel –
 - (a) beteken die openbare belang ook die nasie se verbintenis tot grondhervorming, en tot hervormings om billike toegang tot al Suid-Afrika se natuurlike hulpbronne te bewerkstellig; en
 - (b) is eiendom nie tot grond beperk nie.

- (5) Die staat moet redelike wetgewende en ander maatreëls tref om, binne sy beskikbare middele, toestande te skep wat burgers in staat stel om op 'n billike grondslag toegang tot grond te verkry.
- (6) 'n Persoon of gemeenskap wie se besitreg van grond regsonseker is as gevolg van wette of praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, is geregtig, in die mate wat deur 'n Parlements wet bepaal word, op óf besitreg wat regseker is, óf gelykwaardige vergoeding.
- (7) 'n Persoon of gemeenskap wat na 19 Junie 1913 die besit van eiendom ontnem is as gevolg van wette of praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, is geregtig, in die mate wat deur 'n Parlements wet bepaal word, op óf teruggawe van daardie eiendom, óf billike vergoeding.
- (8) Geen bepaling van hierdie artikel verhinder die staat om wetgewende en ander maatreëls te tref om grond-, water- en verbandhoudende hervorming te bewerkstellig ten einde die gevolge van rassediskriminasie van die verlede reg te stel nie, op voorwaarde dat enige afwyking van die bepalings van hierdie artikel in ooreenstemming met die bepalings van artikel 36(1) is.
- (9) Die Parlement moet die wetgewing genoem in subartikel (6) aanneem.

26 Behuising

- (1) Elkeen het die reg op toegang tot geskikte behuising.
- (2) Die staat moet redelike wetgewende en ander maatreëls tref om binne sy beskikbare middele hierdie reg in toenemende mate te verwesenlik.
- (3) Sonder 'n hofbevel wat na oorweging van al die tersaaklike omstandighede toegestaan is, mag niemand uit hul woning gesit word en mag niemand se woning gesloop word nie. Geen wetgewing mag arbitrêre uitsettings veroorloof nie.

27 Gesondheidsorg, voedsel, water en maatskaplike sekerheid

- (1) Elkeen het die reg op toegang tot –
 - (a) gesondheidsorgdienste, met inbegrip van reprodúktiewe gesondheidsorg;
 - (b) voldoende voedsel en water; en
 - (c) maatskaplike sekerheid, met inbegrip van gepaste maatskaplike bystand indien hulle nie in staat is om hulself en hul afhanklikes te onderhou nie.

- (2) Die staat moet redelike wetgewende en ander maatreëls tref om binne sy beskikbare middele elk van hierdie regte in toenemende mate te verwesenlik.
- (3) Niemand mag mediese noodbehandeling geweier word nie.

28 Kinders

- (1) Elke kind het die reg –
 - (a) op 'n naam en nasionaliteit vanaf geboorte;
 - (b) op gesinsorg of ouerlike sorg, of op gepaste alternatiewe sorg wanneer die kind uit die gesinsomgewing weggeneem word;
 - (c) op basiese voeding, skuiling, basiese gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste;
 - (d) om teen mishandeling, verwaarloosing, misbruik of vernedering beskerm te word;
 - (e) om teen uitbuitende arbeidspraktyke beskerm te word;
 - (f) om nie verplig of toegelaat te word om werk te verrig of dienste te lewer nie wat –
 - (i) onvanpas is vir 'n persoon van daardie kind se ouderdom; of
 - (ii) 'n risiko vir die kind se welsyn, opvoeding, liggaamlike of geestelike gesondheid of geestelike, morele of sosiale ontwikkeling inhou;
 - (g) om nie aangehou te word nie, behalwe as laaste uitweg in watter geval, benewens die regte wat 'n kind kragtens artikels 12 en 35 geniet, die kind slegs vir die kortste gepaste tydperk aangehou mag word, en die reg het om –
 - (i) afsonderlik van aangehoudenenes bo die ouderdom van 18 jaar aangehou te word; en
 - (ii) op 'n wyse behandel te word, en in omstandighede aangehou te word, wat met die kind se ouderdom rekening hou;
 - (h) om, in siviele verrigtinge wat die kind raak, deur die staat op staatskoste van 'n regspraktisyn voorsien te word indien dit andersins tot wesenlike onreg sou lei; en
 - (i) om nie regstreeks in gewapende stryd gebruik te word nie, en om in tye van gewapende stryd beskerm te word.
- (2) 'n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak.

- (3) In hierdie artikel beteken “kind” iemand onder die ouderdom van 18 jaar.

29 Onderwys

- (1) Elkeen het die reg –
- (a) op basiese onderwys, met inbegrip van basiese onderwys vir volwassenes; en
 - (b) op verdere onderwys, wat die staat, deur middel van redelike maatreëls, in toenemende mate beskikbaar en toeganklik moet maak.
- (2) Elkeen het die reg om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Ten einde doeltreffende toegang tot en verwesenliking van hierdie reg te verseker, moet die staat alle redelike alternatiewe in die onderwys, met inbegrip van enkelmediuminstellings oorweeg met inagneming van –
- (a) billikheid;
 - (b) doenlikheid; en
 - (c) die behoefte om die gevolge van wette en praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, reg te stel.
- (3) Elkeen het die reg om op eie koste onafhanklike onderwysinstellings tot stand te bring en in stand te hou wat –
- (a) nie op grond van ras diskrimineer nie;
 - (b) by die staat geregistreer is; en
 - (c) standarde handhaaf wat nie minderwaardig is vergeleke met standarde by vergelykbare openbare onderwysinstellings nie.
- (4) Subartikel (3) sluit nie staatsubsidies aan onafhanklike onderwysinstellings uit nie.

30 Taal en kultuur

Elkeen het die reg om die taal van eie keuse te gebruik en om aan die kulturele lewe van eie keuse deel te neem, maar niemand wat hierdie regte uitoefen, mag dit doen op 'n wyse wat met enige bepaling van die Handves van Regte onbestaanbaar is nie.

31 Kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe

- (1) Persone wat aan 'n kultuur-, godsdiens- of taalgemeenskap behoort, mag nie die reg ontsê word om, saam met ander lede van daardie gemeenskap –

- (a) hul kultuur te geniet, hul godsdienst te beoefen en hul taal te gebruik nie; en
 - (b) kultuur-, godsdienst- en taalverenigings en ander organe van die burgerlike gemeenskap te vorm, in stand te hou en daarby aan te sluit nie.
- (2) Die regte in subartikel (1) mag nie uitgeoefen word op 'n wyse wat met enige bepaling van die Handves van Regte onbestaanbaar is nie.

32 Toegang tot inligting

- (1) Elkeen het die reg op toegang tot –
- (a) enige inligting wat deur die staat gehou word; en
 - (b) enige inligting wat deur 'n ander persoon gehou word en wat vir die uitoefening of beskerming van enige regte benodig word.
- (2) Nasionale wetgewing moet verorden word om aan hierdie reg gevolg te gee, en kan voorsiening maak vir redelike maatreëls om die administratiewe en finansiële las op die staat te verlig.

33 Regverdige administratiewe optrede

- (1) Elkeen het die reg op administratiewe optrede wat regmatig, redelik en prosedureel billik is.
- (2) Elkeen wie se regte nadelig geraak is deur administratiewe optrede het die reg op die verskaffing van skriftelike redes.
- (3) Nasionale wetgewing moet verorden word om aan hierdie regte gevolg te gee, en moet –
- (a) voorsiening maak vir die hersiening van administratiewe optrede deur 'n hof of, waar dit gepas is, 'n onafhanklike en onpartydige tribunaal;
 - (b) die staat verplig om aan die regte in subartikels (1) en (2) gevolg te gee; en
 - (c) 'n doeltreffende administrasie bevorder.

34 Toegang tot hofe

Elkeen het die reg dat 'n geskil wat deur die toepassing van die reg besleg kan word, in 'n billike openbare verhoor beslis word voor 'n hof, of waar dit gepas is, 'n ander onafhanklike en onpartydige tribunaal of forum.

35 Gearreesteerde, aangehoue en beskuldigde persone

- (1) Elkeen wat weens 'n beweerde oortreding gearreesteer word, het die reg om –

- (a) te swyg;
 - (b) onverwyld verwittig te word –
 - (i) van die reg om te swyg; en
 - (ii) van die gevolge indien daar nie geswyg word nie;
 - (c) nie verplig te word om 'n bekentenis of erkenning te doen wat as getuienis teen daardie persoon gebruik sou kon word nie;
 - (d) so gou as wat redelikerwys moontlik is, voor 'n hof gebring te word, maar nie later nie as –
 - (i) 48 uur na die arrestasie; of
 - (ii) die einde van die eerste hofdag na die verstryking van die 48 uur, as die 48 uur buite gewone hofure, of op 'n dag wat nie 'n gewone hofdag is nie, verstryk;
 - (e) by die eerste verskyning in 'n hof na die arrestasie, aangekla te word of verwittig te word van die rede vir die voortsetting van die aanhouding, of vrygelaat te word; en
 - (f) behoudens redelike voorwaardes, uit aanhouding vrygelaat te word indien die belang van geregtigheid dit toelaat.
- (2) Elkeen wat aangehou word, met inbegrip van elke gevonniste gevangene, het die reg –
- (a) om onverwyld van die rede vir die aanhouding verwittig te word;
 - (b) op 'n regspraktisyn van eie keuse en om met daardie regspraktisyn te konsulteer, en om onverwyld van hierdie reg verwittig te word;
 - (c) om deur die staat op staatskoste van 'n regspraktisyn voorsien te word indien dit andersins tot wesenlike onreg sou lei, en om onverwyld van hierdie reg verwittig te word;
 - (d) om die regmatigheid van die aanhouding persoonlik voor 'n hof te betwis, en vrygelaat te word indien die aanhouding onregmatig is;
 - (e) op omstandighede van aanhouding wat met menswaardigheid rekening hou, met inbegrip van, minstens, oefening en die voorsiening, op staatskoste, van toereikende akkommodasie, voeding, leesstof en mediese behandeling; en
 - (f) om in verbinding te tree met, en besoek te word deur, daardie persoon se –

- (i) gade of lewensmaat;
 - (ii) naasbestaandes;
 - (iii) godsdiensraadgewer van eie keuse; en
 - (iv) mediese praktisyn van eie keuse.
- (3) Elke beskuldigde persoon het die reg op 'n billike verhoor, waarby inbegrepe is die reg –
- (a) om van die aanklag verwittig te word in voldoende besonderhede om daarop te antwoord;
 - (b) om genoeg tyd en geriewe te hê om 'n verweer voor te berei;
 - (c) op 'n openbare verhoor voor 'n gewone hof;
 - (d) op 'n verhoor wat sonder onredelike vertraging begin en afgehandel word;
 - (e) om by die verhoor teenwoordig te wees;
 - (f) op 'n regspraktisyn van eie keuse en om deur daardie regspraktisyn verteenwoordig te word, en om onverwyld van hierdie reg verwittig te word;
 - (g) om deur die staat op staatskoste van 'n regspraktisyn voorsien te word indien dit andersins tot wesentliche onreg sou lei, en om onverwyld van hierdie reg verwittig te word;
 - (h) om onskuldig geag te word, te swyg, en nie gedurende die verrigtinge te getuig nie;
 - (i) om getuienis aan te voer en te betwis;
 - (j) om nie verplig te word om self-inkriminerende getuienis af te lê nie;
 - (k) om verhoor te word in 'n taal wat die beskuldigde persoon verstaan of, indien dit nie doenlik is nie, dat die verrigtinge in daardie taal getolk word;
 - (l) om nie skuldig bevind te word weens 'n handeling of versuim wat ten tyde van die handeling of versuim ingevolge óf die nasionale reg, óf die volkereg nie 'n oortreding was nie;
 - (m) om nie verhoor te word weens 'n oortreding ten opsigte van 'n handeling of versuim ten opsigte waarvan daardie persoon voorheen vrygespreek of skuldig bevind is nie;
 - (n) op die voordeel van die ligste van die voorgeskrewe strawwe indien die straf wat vir die oortreding voorgeskryf word,

verander is tussen die tydstip waarop die oortreding gepleeg is en die tydstip van vonnis; en

- (o) op appèl na, of hersiening deur, 'n hoër hof.
- (4) Wanneer hierdie artikel vereis dat inligting aan 'n persoon verstrekkend word, moet die inligting verstrekkend word in 'n taal wat die persoon verstaan.
- (5) Getuienis wat verkry is op 'n wyse wat enige reg in die Handves van Regte skend, moet uitgesluit word indien toelating van daardie getuienis die verhoor onbillik sou maak of andersins vir die regspleging nadelig sou wees.

36 Beperking van regte

- (1) Die regte in die Handves van Regte kan slegs kragtens 'n algemeen geldende regsvoorskrif beperk word in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, met inagneming van alle tersaaklike faktore, met inbegrip van –
 - (a) die aard van die reg;
 - (b) die belangrikheid van die doel van die beperking;
 - (c) die aard en omvang van die beperking;
 - (d) die verband tussen die beperking en die doel daarvan; en
 - (e) 'n minder beperkende wyse om die doel te bereik.
- (2) Behalwe soos in subartikel (1) of in enige ander bepaling van die Grondwet bepaal, mag geen regsvoorskrif enige reg wat in die Handves van Regte verskans is, beperk nie.

37 Noodtoestande

- (1) 'n Noodtoestand mag slegs ingevolge 'n Parlements wet verklaar word en slegs wanneer –
 - (a) die voortbestaan van die nasie deur oorlog, 'n inval, algemene oproer, wanorde, 'n natuurramp of 'n ander openbare noodgeval bedreig word; en
 - (b) die verklaring nodig is om die vrede en orde te herstel.
- (2) 'n Verklaring van 'n noodtoestand, en enige wetgewing verorden of ander stappe gedoen na aanleiding van daardie verklaring, kan van krag wees slegs –
 - (a) vooruitwerkend; en
 - (b) vir hoogstens 21 dae vanaf die datum van die verklaring, tensy die Nasionale Vergadering besluit om die verklaring

te verleng. Die Vergadering kan 'n verklaring van 'n noodtoestand vir hoogstens drie maande op 'n keer verleng. Die eerste verlenging van die noodtoestand moet geskied by wyse van 'n besluit wat aangeneem word met 'n ondersteunende stem van 'n meerderheid van die lede van die Vergadering. Enige daaropvolgende verlenging moet geskied by wyse van 'n besluit wat aangeneem word met 'n ondersteunende stem van minstens 60 persent van die lede van die Vergadering. 'n Besluit ingevolge hierdie paragraaf kan slegs na 'n openbare debat in die Vergadering aangeneem word.

- (3) Enige bevoegde hof kan beslis oor die geldigheid van –
 - (a) 'n verklaring van 'n noodtoestand;
 - (b) enige verlenging van 'n verklaring van 'n noodtoestand; of
 - (c) enige wetgewing verorden, of ander stappe gedoen, na aanleiding van 'n verklaring van 'n noodtoestand.
- (4) Enige wetgewing wat na aanleiding van 'n verklaring van 'n noodtoestand verorden word, mag die Handves van Regte aantasslegs in die mate waarin –
 - (a) die aantasting streng deur die noodtoestand vereis word;
 - (b) die wetgewing –
 - (i) bestaanbaar is met die Republiek se verpligtinge kragtens die volkereg wat op noodtoestande betrekking het;
 - (ii) so gou as wat na die verordening daarvan redelikerwys moontlik is, in die nasionale Staatskoerant gepubliseer word.
- (5) Geen Parlements wet wat 'n verklaring van 'n noodtoestand magtig, en geen wetgewing wat verorden is of ander stappe wat gedoen is na aanleiding van 'n verklaring, verleen toestemming vir of magtig –
 - (a) die vrywaring van die staat, of enige persoon, ten opsigte van enige onregmatige handeling nie;
 - (b) enige aantasting van hierdie artikel nie; of
 - (c) enige aantasting van 'n artikel genoem in kolom 1 van die Tabel van Nie-aantassbare Regte, in die mate teenoor daardie artikel in kolom 3 van die Tabel aangedui nie.

Tabel van Nie-aantasbare Regte

1	2	3
Artikel-nommer	Opskrif van artikel	Mate waarin die reg nie aantasbaar is nie
9	Gelykheid	Met betrekking tot onbillike diskriminasie uitsluitlik op grond van ras, kleur, etniese of sosiale herkoms, geslag, godsdiens of taal
10	Menswaardigheid	Geheel en al
11	Lewe	Geheel en al
12	Vryheid en sekerheid van die persoon	Met betrekking tot subartikels (1)(d) en (e) en (2)(c)
13	Slawerny, knegskap en dwangarbeid	Met betrekking tot slawerny en knegskap
28	Kinders	Met betrekking tot:
– subartikel (1)(d) en (e); – die regte in subparagrafe (i) en (ii) van subartikel (1)(g); en – subartikel (1)(i) ten opsigte van kinders van 15 jaar en jonger		
35	Gearreesteerde, aangehoue en beskuldigde persone	Met betrekking tot:
– subartikels (1)(a), (b) en (c) en (2)(d); – die regte in paragrafe (a) tot (o) van subartikel (3), uitgesonderd paragraaf (d); – subartikel (4); en – subartikel (5) ten opsigte van die uitsluiting van getuienis indien toelating van daardie getuienis die verhoor onbillik sou maak		

- (6) Wanneer iemand sonder verhoor aangehou word na aanleiding van 'n aantasting van regte voortspruitend uit 'n verklaring van 'n noodtoestand, moet die volgende voorwaardes nagekom word:
- (a) Daar moet so gou as wat redelikerwys moontlik is met 'n volwasse gesinslid of vriend van die aangehoudene in

aanraking gekom word, en daardie gesinslid of vriend moet verwittig word dat die persoon aangehou word.

- (b) 'n Kennisgewing moet binne vyf dae nadat die persoon in aanhouding geneem is in die nasionale Staatskoerant gepubliseer word met vermelding van die aangehoudene se naam en plek van aanhouding en die noodmaatreël waarkragtens daardie persoon aangehou word.
 - (c) Die aangehoudene moet toegelaat word om 'n mediese praktisyn te kies en te eniger redelike tyd deur daardie mediese praktisyn besoek te word.
 - (d) Die aangehoudene moet toegelaat word om 'n regsverteenvoordiger te kies en te eniger redelike tyd deur daardie regsverteenvoordiger besoek te word.
 - (e) 'n Hof moet die aanhouding so gou as wat redelikerwys moontlik is, maar nie later nie as 10 dae na die datum waarop die persoon in aanhouding geneem is, hersien, en die hof moet die aangehoudene vrylaat tensy dit noodsaaklik is om die aanhouding voort te sit ten einde die vrede en orde te herstel.
 - (f) 'n Aangehoudene wat nie ingevolge 'n hersiening kragtens paragraaf (e) of ingevolge 'n hersiening kragtens hierdie paragraaf vrygelaat word nie, kan te eniger tyd na verstryking van 10 dae na die vorige hersiening by 'n hof aansoek doen om 'n verdere hersiening van die aanhouding, en die hof moet die aangehoudene vrylaat tensy dit steeds noodsaaklik is om die aanhouding voort te sit ten einde die vrede en orde te herstel.
 - (g) Die aangehoudene moet toegelaat word om persoonlik te verskyn voor enige hof wat die aanhouding oorweeg, om by daardie verrigtinge deur 'n regspraktisyn verteenwoordig te word, en om verhoë teen voortgesette aanhouding te rig.
 - (h) Die staat moet skriftelike redes om die voortgesette aanhouding van die aangehoudene te regverdig aan die hof voorlê, en moet minstens twee dae voordat die hof die aanhouding hersien, 'n afskrif van daardie redes aan die aangehoudene verskaf.
- (7) Indien 'n hof 'n aangehoudene vrylaat, mag daardie persoon nie

weer op dieselfde gronde aangehou word nie tensy die staat voor die heraanhouding goeie redes daarvoor voor 'n hof aantoon.

- (8) Subartikels (6) en (7) is nie van toepassing op persone wat nie Suid-Afrikaanse burgers is nie en wat na aanleiding van 'n internasionale gewapende stryd aangehou word. In plaas daarvan moet die staat voldoen aan die standaard wat die Republiek bind kragtens die internasionale humanitêre reg wat op die aanhouding van sodanige persone betrekking het.

38 Afdwinging van regte

Iemand in hierdie artikel genoem, het die reg om 'n bevoegde hof te nader en aan te voer dat daar op 'n reg in die Handves van Regte inbreuk gemaak is of dat so 'n inbreukmaking dreig, en die hof kan gepaste regshulp verleen, met inbegrip van 'n verklaring van regte. Die persone wat 'n hof kan nader, is –

- (a) iemand wat in eie belang optree;
- (b) iemand wat optree namens iemand anders wat nie in eie naam kan optree nie;
- (c) iemand wat as 'n lid van, of in die belang van, 'n groep of klas persone optree;
- (d) iemand wat in die openbare belang optree; en
- (e) 'n vereniging wat in die belang van sy lede optree.

39 Uitleg van Handves van Regte

- (1) By die uitleg van die Handves van Regte –
 - (a) moet 'n hof, tribunaal of forum die waardes wat 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid ten grondslag lê, bevorder;
 - (b) moet 'n hof, tribunaal of forum die volkereg in ag neem; en
 - (c) kan 'n hof, tribunaal of forum buitelandse reg in ag neem.
- (2) By die uitleg van enige wetgewing, en by die ontwikkeling van die gemene reg of gewoontereg, moet elke hof, tribunaal of forum die gees, strekking en oogmerke van die Handves van Regte bevorder.
- (3) Die Handves van Regte ontken nie die bestaan van ander regte of vryhede wat deur die gemene reg, gewoontereg of wetgewing erken of verleen word nie, in die mate waarin daardie regte of vryhede met die Handves bestaanbaar is.